

# **Evaluering van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole**

**N van der Merwe**

**12923028**

Proefskrif voorgelê vir die graad

***Philosophiae Doctor***

in

**Bewegingsonderwys**

aan die Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

**Promotor:** Prof EJ Spamer

**Hulppromotor:** Prof JH de Ridder

Mei 2011

Opgedra aan my vader & moeder

**MNR. N.J.S. (BOYTJIE) VAN DER MERWE**

**&**

**MEV. S.S. (SANNIE) VAN DER MERWE**

en my broer

**TONIE MULLER**

---

## **ERKENNINGS/BEDANKINGS**

---

Ek wil met die suksesvolle voltooiing van hierdie studie erkenning en dank gee aan die volgende persone sonder wie se raad, hulp en ondersteuning hierdie studie nie moontlik sou wees nie:

- My Hemelse Vader deur wie ek tot alles in staat is.
- Professor E.J. Spamer, Direkteur van die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, wat as my promotor opgetree het.
- Professor J.H. de Ridder, Direkteur van die Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, wat as my hulppromotor opgetree het.
- Professor J.L.deK Monteith, tans afgetree en gewese Direkteur van die Navorsingsfokusarea, Onderrigleerorganisasies, van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, vir die hulp met die voltooiing van die Etiekaansoek.
- Doktor Suria Ellis, Hoof van Statistiese Konsultasiediens, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, wat die statistiese ontleding gedoen het.
- Doktor Dorita du Toit van die Vakgroep Bewegingskunde, Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, vir haar hulp, raad en leiding tydens die aanbied van die werkswinkels.
- Doktor Aubrey Golightly van die Skool vir Kurrikulum Studies, Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, wat as kritiese leser opgetree het en vir sy volgehoue ondersteuning.
- Doktor Pieter Warnich van die Skool vir Kurrikulum Studies, Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, vir die gebruik van sy (aangepaste) vraelyste.
- Doktor Anna-Mart Bonthuys, Onafhanklike Vertaler en Taalversorger van Pretoria, vir die taalversorging. (Registrasienommer SA Vertalersinstituut: 1001848)

- Mevrou Anneke Coetzee van die Ferdinand Postma Biblioteek, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, vir die tegniese versorging van die Bibliografie.
- Mevrou Susan van Biljon van Graphikos, NWU-Ontwerpersateljee, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, vir die tegniese versorging van die proefskrif.
- My familie, in besonder my susters Tertia en Veronica asook my dogters Hestine en Suzahn saam met hul moeder Erna, vir hul volgehoue ondersteuning en motivering.

---

# OPSOMMING

---

## Evaluering van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole

**Sleutelwoorde:** Physical Education, Life Orientation, implementation problems, teacher training, disadvantaged and advantaged communities, Berlynse Agenda

Die literatuur toon duidelik dat daar die afgelope twintig jaar 'n sterk afname in die status en stand van Liggaamlike Opvoeding as skoolvak in talle lande regoor die wêreld was. Die bekommernis oor die afname in die teenwoordigheid en aanbieding van Liggaamlike Opvoeding in skoolkurrikulums dwarsoor die wêreld het aanleiding gegee tot die "International Council of Sport Science and Physical Education" (ICSSPE) se ondersoek na die stand en status van Liggaamlike Opvoeding in 167 lande en state. Hardman (2005) bevestig dat talle regerings hulself wetlik verbind het tot die voorsiening van Liggaamlike Opvoeding aan kinders en jongmense, maar dat verskeie faktore verhoed dat hierdie verbintenis realiseer. Een van die belangrikste uitkomstes van hierdie wêreldwye ondersoek is die Wêreldberaad oor Liggaamlike Opvoeding wat ICSSPE in 1999 in Berlyn georganiseer het. Meer as 250 afgevaardigdes van regerings, inter-regeringsorganisasies, nie-regeringsorganisasies (NGO's) en akademiese instellings van 80 lande van regoor die wêreld, Suid-Afrika ingesluit, het hierdie beraad bygewoon. Hierdie beraad is aangebied onder internasionale toesig en beskerming van die "United Nations Educational, Scientific, and Cultural Organization" (UNESCO) asook die "International Olympic Committee" (IOC) en met mede-borgskap van die "World Health Organization" (WHO). Die sogenaamde Berlynse Agenda of "Call for Action" wat tydens die Wêreldberaad opgestel is, is drie weke later in Uruguay aan die "Ministers and Senior Officials responsible for Physical Education and Sport" (MINEPS III) voorgelê vir aanvaarding en ondersteuning. Met die aanvaarding van die "Call for Action" het MINEPS III onderneem om kwaliteit Liggaamlike Opvoeding as basiese reg van alle kinders en jongmense in hul onderskeie lande in te stel en te ondersteun.

Navorsingsdoelstelling 1 van hierdie studie is: Die evaluering van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding as vak in Suid-Afrikaanse skole, en Navorsingsdoelstelling 2 is: Die ontleed van die verdere implementering van Liggaamlike Opvoeding as vak in Suid-Afrikaanse skole volgens die Berlynse Agenda.

Liggaamlike Opvoeding in Suid Afrika het as afsonderlike skoolvak verdwyn na 1994. Met die instelling van Kurrikulum 2005, is die vak ingesluit as een van die uitkomst van die Leerarea Lewensoriëntering en stelselmatig vanaf die Grondslagfase, regdeur tot in die VOO-fase geïmplementeer.

Vanaf begin 2008 is Liggaamlike Opvoeding 'n verpligte uitkoms van Lewensoriëntering vanaf Graad R tot Graad 12, met minimum EEN gespesifiseerde Liggaamlike Opvoeding-periode per week, per graad op elke skoolrooster in Suid-Afrika. Sedert die DoE-geïnisieerde landwye opleiding van 277 Lewensoriëntering-vakadviseurs in Liggaamlike Opvoeding in 2008, wat deur die NWU (Potchefstroomkampus) gekoördineer is, blyk daar egter groot probleme te wees met die implementering van Liggaamlike Opvoeding as uitkoms van Lewensoriëntering.

'n Kwantitatiewe navorsingsontwerp wat uit ses fases bestaan het, ondersteun deur 'n beperkte kwalitatiewe dataset, is met hierdie studie gevolg.

Liggaamlike Opvoeding beleef nie 'n baie hoë stand en status in Suid-Afrika nie. Onvoldoende onderwysersopleiding (bykans 50% van Liggaamlike Opvoeding-personeel het geen opleiding nie), apparaat, fasiliteite en ondersteuning vir die implementering van die vak vererger die probleem. Indien die regering en Nasionale Onderwysdepartement die Berlynse Verklaring of "Call for Action" gestand wil doen, sal die aanbevelings van hierdie navorsing rakende opleiding, apparaat, fasiliteite, ondersteuning en kurrikulum-veranderinge dringend en ernstig in oorweging gebring moet word.

Internasionaal is die vak onder druk, maar talle lande soos Australië, Engeland en die VSA maak groot erns met die vak. Suid-Afrika behoort spoedig dieselfde weg as hierdie lande te volg om erns te maak met die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding. As demokratiese land is kwaliteit Liggaamlike Opvoeding die regering, Nasionale sowel as Provinsiale Onderwysdepartemente, skoolbeheerliggame, skoolbestuurspanne, onderwysers en ouers se plig en verantwoordelikheid teenoor alle kinders en jongmense. 'n Gebrek aan kwaliteit Liggaamlike Opvoeding kan lei tot 'n onfikse, oorgewig en nie-mededingende sportpopulasie van kinders en jongmense in Suid-Afrika. So 'n ongewenste situasie kan ernstige nadelige gevolge inhou vir die gesondheidstoestand, ekonomiese ontwikkeling asook nasionale en internasionale sportprestasies van 'n opkomende, ontwikkelende land soos Suid-Afrika.

---

## **SUMMARY**

---

### **Evaluation of the re-implementation of Physical Education in South African schools**

**Keywords:** Physical Education, Life Orientation, implementation problems, teacher training, disadvantaged and advantaged communities, Berlin Agenda

According to the literature the status of Physical Education as school subject has declined considerably worldwide in many schools over the past twenty years. The concern about this decline in the presence and presentation of Physical Education in school curriculums across the world, initiated the “International Council of Sport Science and Physical Education’s” (ICSSPE) investigation into the status of Physical Education in 167 countries and states. Hardman (2005) confirms that numerous governments legally committed themselves to offer Physical Education to children and young people, but due to several factors, this promise has not materialised. The most important outcome of this worldwide investigation is the World Summit on Physical Education in Berlin in 1999, organised by ICSSPE. More than 250 representatives of governments, inter-government organisations, non-governmental organisations (NGOs) and academic institutions of 80 countries from across the world, including South Africa, attended this summit. This summit was presented under the international supervision and protection of the “United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization” (UNESCO) as well as the “International Olympic Committee” (IOC), with the co-sponsorship of the “World Health Organization” (WHO). Three weeks later, the Berlin Agenda or “Call for Action”, compiled at the World Summit, was presented for acceptance and support to “Ministers and Senior Officials responsible for Physical Education and Sport” (MINEPS III) in Uruguay. With the acceptance of this “Call for Action” MINEPS III committed themselves to present and support quality Physical Education as a basic right of all children and young people in their different countries.

Research Aim 1 of this study is: The evaluation of the re-implementation of Physical Education as subject in South African schools, and Research Aim 2 is: The analysis of the further implementation of Physical Education as subject in South African schools according to the Berlin Agenda.

In 1994 Physical Education disappeared as a separate school subject in South Africa. With the implementation of Curriculum 2005 the subject was included as one of the outcomes of the Learning Area Life Orientation, and was systematically implemented from the Foundation Phase through to the FET Phase.

Since the beginning of 2008 Physical Education has been a compulsory outcome of Life Orientation from Grade R up to Grade 12, with minimum ONE specified Physical Education period per week, per grade on every school timetable in South Africa. However, since the DoE-initiated countrywide training of 277 Life Orientation subject advisors in Physical Education in 2008, co-ordinated by the NWU (Potchefstroom Campus), there seem to be major problems with the implementation of Physical Education as outcome of Life Orientation.

A quantitative research design, which included six phases and was supported by a limited qualitative set of data, was used in this research.

Physical Education does not experience a very high status in South Africa. Insufficient teacher training (almost 50% of Physical Education staff have had no training), apparatus, facilities and support for the implementation of the subject increase the problem. If the government and National Department of Education wishes to honour the Berlin Declaration or “Call for Action”, it will have to speedily and seriously consider the recommendations in this research concerning training, apparatus, facilities, support as well as changes to the curriculum.

Internationally the subject is under pressure, but countries such as Australia, England and the USA are serious about the subject. South Africa should speedily follow the same route as these countries and become serious about the re-implementation of Physical Education. As a democratic country, quality Physical Education for children and young people is the obligation and responsibility of the government, National as well as Provincial Departments of Education, school governing bodies, school management teams, teachers and parents. A lack of quality Physical Education can result in an unfit, overweight and uncompetitive sport population of children and young people in South Africa. Such an undesirable situation can cause negative a health-status, economic development as well as poor national and international sport results for an upcoming, developing country such as South Africa.



---

# INHOUDSOPGAWE

---

ERKENNINGS/BEDANKINGS.....	ii	
OPSOMMING .....	iv	
SUMMARY .....	vi	
INHOUDSOPGAWE.....	viii	
LYS VAN TABELLE .....	xiv	
<b><u>HOOFSTUK 1:</u></b>	<b>INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE</b>	
	<b>STUDIE .....</b>	<b>1</b>
1.1	Inleiding .....	1
1.1.1	Ontwikkelde lande .....	3
1.1.2	Ontwikkelende lande .....	5
1.1.3	Afrika-lande .....	7
1.1.4	Suid-Afrika .....	9
2.	<b>Navorsingsdoelstellings .....</b>	<b>11</b>
3.	<b>Metode van ondersoek.....</b>	<b>11</b>
3.1	Die literatuurstudie.....	11
3.2	Empiriese ondersoek.....	11
4.	<b>Meetinstrumente .....</b>	<b>14</b>
4.1	Prosedures .....	14
5.	<b>Statistiese tegnieke .....</b>	<b>14</b>
6.	<b>Etiese aspekte.....</b>	<b>15</b>
7.	<b>Bydrae van die studie.....</b>	<b>15</b>
<b><u>HOOFSTUK 2:</u></b>	<b>LITERATUUROORSIG.....</b>	<b>16</b>

2.1	Inleiding .....	16
2.2	Historiese agtergrond van Liggaamlike Opvoeding .....	17
2.3	Waarde van Liggaamlike Opvoeding vir kinders en jongmense .....	20
2.4	Hedendaagse internasionale stand van Liggaamlike Opvoeding .....	24
2.5	Hedendaagse stand van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika .....	28
2.6	Bedryf van Liggaamlike Opvoeding in skole in enkele ontwikkelde lande .....	30
2.6.1	Verenigde State van Amerika .....	30
2.6.2	Engeland .....	40
2.6.3	Australië .....	47
2.7	Bedryf van Liggaamlike Opvoeding in skole in enkele ontwikkelende lande .....	54
2.7.1	China .....	54
2.7.2	Suid-Korea.....	62
2.7.3	Brasilië.....	69
2.8	Bedryf van Liggaamlike Opvoeding in skole in enkele Afrika-lande .....	76
2.8.1	Ghana.....	77
2.8.2	Nigerië .....	83
2.8.2	Tunisië.....	89
2.9	Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika .....	94
2.9.1	Historiese Agtergrond van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika .....	94
2.9.2	Bedryf van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika.....	99
2.10	Samevatting.....	111
<b>HOOFSTUK 3:</b>	<b>UITDAGINGS VAN LIGGAAMLIGE OPVOEDING IN SKOLE.....</b>	<b>114</b>
3.1	Inleiding .....	114
3.2	Uitdagings.....	115
3.3	Versoek aan MINEPS III .....	119

3.4	Rasionaal vir Kwaliteit Liggaamlike Opvoeding.....	120
3.5	Navorsingsbevindinge .....	121
3.6	Kwaliteit Liggaamlike Opvoeding .....	124
3.7	Ondersteunende Verklarings .....	126
3.8	Samevatting.....	130
<b><u>HOOFSTUK 4:</u></b>	<b>EMPIRIESE ONDERSOEK EN METODOLOGIE .....</b>	<b>132</b>
4.1	Inleiding .....	132
4.2	FASE 1: Wetgewing en beleid ten opsigte van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding .....	133
4.3	FASE 2: Opleiding van Fasiliteerders .....	135
4.4	FASE 3: Opleiding van vakadviseurs.....	136
4.5	FASE 4: Opvolg-vraelys aan vakadviseurs .....	141
4.6	FASE 5: Opleiding van GOS-onderwysers.....	141
4.7	FASE 6: Onderhoude en fokusgroep-onderhoude met onderwysers .....	142
4.8	Metodologie .....	142
4.8.1	Prosedures .....	142
4.8.2	Statistiese tegnieke.....	143
4.8.3	Etiese aspekte .....	144
<b><u>HOOFSTUK 5:</u></b>	<b>RESULTATE EN BESPREKING .....</b>	<b>145</b>
5.1	Inleiding .....	145
5.2	Resultate van Fase 1: Wetgewing en beleid ten opsigte van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole .....	147
5.3	Resultate van Fase 2: Dosente verantwoordelik vir die fasilitering van die opleiding van die 277 vakadviseurs .....	149
5.3.1	Kwalitatiewe data ten opsigte van dosente verantwoordelik vir die fasilitering van die opleiding van die 277 vakadviseurs.....	162

5.4	Resultate van Fase 3: Mening van 277 vakadviseurs wat deelgeneem het aan die weeklange werkswinkel.....	164
5.4.1	Kwalitatiewe data ten opsigte van die Aanvanklike vraelys aan 277 vakadviseurs wat die werksinkels bygewoon het .....	188
5.5	Resultate van Fase 4: Opvolg-vraelys aan 172 vakadviseurs wat deelgeneem het aan die weeklange werkswinkel .....	190
5.5.1	Betekenisvolle verskille tussen die Aanvanklike vraelys en die Opvolg-vraelys aan vakadviseurs.....	208
5.5.2	Kwalitatiewe data ten opsigte van die Opvolg-vraelys aan vakadviseurs wat die werksinkels bygewoon het.....	211
5.6	Resultate van Fase 5: Gevorderde Onderwysertifikaat Bewegingsonderwys-studente van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus .....	214
5.6.1	Betekenisvolle verskille tussen die Aanvanklike vraelys aan die Vakadviseurs en die vraelys aan die GOS Bewegingsonderwys-studente .....	236
5.6.2	Kwalitatiewe data ten opsigte van die vraelys aan GOS-Bewegingsonderwys-studente .....	238
5.7	Resultate van Fase 6: Kwalitatiewe data verkry uit die Individuele en Fokusgroep-onderhoude met GOS Lewensoriëntering- asook Bewegingsopvoeding-studente.....	241
5.8	Samevatting.....	246
<b><u>HOOFSTUK 6:</u></b>	<b>SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS ....</b>	<b>249</b>
6.1	Inleiding .....	249
6.2	Samevatting van literatuur .....	249
6.2.1	Historiese ontwikkeling van Liggaamlike Opvoeding .....	250
6.2.2	Die waarde van Liggaamlike Opvoeding .....	250
6.2.3	Bedryf van Liggaamlike Opvoeding in enkele ontwikkelde lande, enkele ontwikkelende lande, asook enkele Afrika-lande .....	253
6.2.4	Bedryf van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika voor 1994.....	257

6.2.5	Bedryf van hedendaagse Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika .....	257
6.2.6	Berlynse Verklaring.....	259
6.2.7	Samevatting.....	261
6.3	Gevolgtrekkings.....	261
6.3.1	Navorsingsdoelstelling 1 .....	262
6.3.2	Navorsingsdoelstelling 2 .....	269
6.4	Aanbevelings .....	277
6.4.1	Aanbeveling 1 .....	278
6.4.2	Aanbeveling 2.....	278
6.4.3	Aanbeveling 3.....	279
6.4.4	Aanbeveling 4.....	279
6.4.5	Aanbeveling 5.....	280
6.4.6	Aanbeveling 6.....	280
6.4.7	Aanbeveling 7.....	281
6.5	Aanbevelings vir verdere navorsing .....	282
<b>Bibliografie</b>	.....	<b>284</b>
<b>ADDENDUM A:</b>	<b>Toestemming en vraelyste [Ingesluit op CD].....</b>	<b>299</b>
<b>ADDENDUM B:</b>	<b>Werkswinkel – dagprogram &amp; fasiliteerder-handleiding [Ingesluit op CD].....</b>	<b>300</b>
<b>ADDENDUM C:</b>	<b>Individuele en Fokusgroep-Onderhoude (Transkripsies) [Ingesluit op CD].....</b>	<b>301</b>
<b>ADDENDUM D:</b>	<b>Individuele en fokusgroep-onderhoude (Opnames) [Ingesluit op CD].....</b>	<b>302</b>
<b>ADDENDUM E:</b>	<b>Etiekcertifikaat .....</b>	<b>303</b>
<b>ADDENDUM F:</b>	<b>Verklaring – Statistiese Konsultasiedienste .....</b>	<b>304</b>
<b>ADDENDUM G:</b>	<b>Verklaring – Taalversorger.....</b>	<b>305</b>

<b>ADDENDUM H:</b>	<b>Verklaring – Tegnieeversorging - Bibliografie.....</b>	<b>306</b>
<b>ADDENDUM I :</b>	<b>Ingeligte toestemming – Fokusgroeponderhoude .....</b>	<b>307</b>
<b>ADDENDUM J :</b>	<b>Ingeligte Toestemming – Individuele-onderhoude .....</b>	<b>316</b>
<b>ADDENDUM K :</b>	<b>Ingeligte toestemming – Prof EJ Spamer: Direkteur SVO.....</b>	<b>325</b>

---

## LYS VAN TABELLE

---

Tabel 2.1 :	Kontaktyd per week toegedeel aan Lewensoriëntering in die verskillende grade.....	103
Tabel 2.2 :	Voorgestelde tydstoedeling vir onderrig en assessering van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms binne Lewensoriëntering in die verskillende grade.....	103
Tabel 2.3 :	Aantal assesseringstake in die verskillende grade .....	104
Tabel 2.4 :	Aantal Assesseringstake vir Grade 10 - 12 .....	106
Tabel 2.5 :	Puntetoekenning vir die Liggaamlike Opvoedingstaak per kwartaal in Graad 10-12.....	107
Tabel 2.6 :	Graderingskodes vir Vaardigheidsvlakke .....	108
Tabel 4.1:	Verspreiding van vakadviseurs per provinsie .....	137
Tabel 4.2:	Tyd en plek vir aanbied van werkswinkels .....	138
Tabel 5.1:	Geslag van dosente (n = 11).....	150
Tabel 5.2:	Ouderdomverspreiding van dosente (n = 11).....	150
Tabel 5.3:	Geografiese verspreiding van dosente (n = 11) .....	151
Tabel 5.4:	Onderrig-ervaring van dosente in Ligg Opv (n = 11) .....	151
Tabel 5.5:	Hoogste akademiese kwalifikasie van dosente in Ligg Opv (n = 11).....	152
Tabel 5.6:	Aantal leerders in Ligg Opv-klasse in streek (n = 11) .....	152
Tabel 5.7:	Oorsig oor verskillende bewegings-fases binne Ligg Opv (n = 11).....	153
Tabel 5.8:	Teoretiese agtergrond oor Ligg Opv (n = 11) .....	154

Tabel 5.9:	Apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv (n = 11) .....	154
Tabel 5.10:	Organisasie en Administrasie van Ligg Opv (n = 11) .....	155
Tabel 5.11:	Veiligheidsaspekte binne Ligg Opv (n = 11).....	156
Tabel 5.12:	Teorie van sport en spele binne Ligg Opv (n = 11) .....	156
Tabel 5.13:	Praktiese opleiding in sport en spele binne Ligg Opv (n = 11).....	157
Tabel 5.14:	Teorie van rekreasie-aktiwiteite binne Ligg Opv (n = 11) .....	158
Tabel 5.15:	Opvoedkundige dans binne Ligg Opv (n = 11).....	158
Tabel 5.16:	Opvoedkundige gimnastiek binne Ligg Opv (n = 11).....	159
Tabel 5.17:	Fisieke fiksheid binne Ligg Opv (n = 11) .....	160
Tabel 5.18:	Assessering binne Ligg Opv (n = 11) .....	160
Tabel 5.19:	Beplanning vir Ligg Opv (n = 11).....	161
Tabel 5.20:	Lesaanbieding binne Ligg Opv (n = 11) .....	161
Tabel 5.21:	Geslag van vakadviseurs (n = 172).....	164
Tabel 5.22:	Ouderdomsverspreiding van vakadviseurs (n = 172) .....	165
Tabel 5.23:	Geografiese verspreiding van vakadviseurs (n = 172) .....	165
Tabel 5.24:	Onderrig-ervaring van vakadviseurs in Ligg Opv (n = 172) .....	166
Tabel 5.25:	Hoogste akademiese kwalifikasie van vakadviseurs in Ligg Opv (n = 172).....	167
Tabel 5.26:	Aantal leerders in Ligg Opv-klasse in streek (n = 172) .....	167
Tabel 5.27:	Beskikbaarheid van Nasionale Kurrikulumdokumente aan alle onderwysers in streek (n = 172).....	168
Tabel 5.28:	Nasionale Kurrikulumdokumente is maklik verstaanbaar (n = 172).....	168



Tabel 5.29:	Nasionale Kurrikulumdokumente bevat duidelike instruksies vir implementering (n = 172).....	169
Tabel 5.30:	Enige opleiding ontvang in Ligg Opv vanaf 2005 - 2007 (n = 172).....	169
Tabel 5.31:	Vorige opleiding in Ligg Opv het die vakadviseurs beter toegerus (n = 172) .....	170
Tabel 5.32:	Stel belang in verdere opleiding in Ligg Opv (n = 172).....	170
Tabel 5.33:	Ligg Opv is 'n nuwe konsep (n = 172) .....	171
Tabel 5.34:	Ligg Opv se doel is massa-deelname eerder as fisieke fiksheid (n = 172).....	171
Tabel 5.35:	Die belangrikste uitkomst van Ligg Opv is deelname en vaardigheidsontwikkeling (n = 172).....	172
Tabel 5.36:	Die keuse van leeruitkomst in Ligg Opv is te beperk (n = 172).....	172
Tabel 5.37:	Die keuse van aktiwiteite in Ligg Opv is te wyd en oop (n = 172) ...	173
Tabel 5.38:	Assesering-standaarde in Ligg Opv is te wyd en oop (n = 172)....	173
Tabel 5.39:	Beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv (n = 172).....	174
Tabel 5.40:	Onvoldoende opgeleide Ligg Opv-personeel (n = 172).....	174
Tabel 5.41:	Onvoldoende ondersteuning vir die implementering van Ligg Opv binne Lewensoriëntering (n = 172) .....	175
Tabel 5.42:	Getal leerders in Ligg Opv-klasse (n = 172).....	176
Tabel 5.43:	Asseseringsverslae aan leerders (n = 172) .....	176
Tabel 5.44:	Ontwikkeling en opdateer van leerders se vorderingsverslae (n = 172).....	177
Tabel 5.45:	Voorsien ouers van asseseringsverslae (n = 172).....	178

Tabel 5.46:	Oorsig oor verskillende bewegings-fases binne Ligg Opv (n = 172) .....	179
Tabel 5.47:	Teoretiese agtergrond oor Ligg Opv (n = 172) .....	179
Tabel 5.48:	Apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv (n = 172) .....	180
Tabel 5.49:	Organisasie en Administrasie van Ligg Opv (n = 172) .....	181
Tabel 5.50:	Veiligheidsaspekte binne Ligg Opv (n = 172) .....	181
Tabel 5.51:	Teorie van sport en spele binne Ligg Opv (n = 172) .....	182
Tabel 5.52:	Praktiese opleiding in sport en spele binne Ligg Opv (n = 172).....	183
Tabel 5.53:	Teorie van rekreasie-aktiwiteite binne Ligg Opv (n = 172) .....	183
Tabel 5.54:	Opvoedkundige dans binne Ligg Opv (n = 172) .....	184
Tabel 5.55:	Opvoedkundige gimnastiek binne Ligg Opv (n = 172) .....	184
Tabel 5.56:	Fisieke fiksheid binne Ligg Opv (n = 172) .....	185
Tabel 5.57:	Assessering binne Ligg Opv (n = 172) .....	186
Tabel 5.58:	Beplanning vir Ligg Opv (n = 172).....	186
Tabel 5.59:	Lesaanbieding binne Ligg Opv (n = 172) .....	187
Tabel 5.60:	Geslag van vakadviseurs (n = 49).....	190
Tabel 5.61:	Ouderdomsverspreiding van vakadviseurs (n = 49) .....	191
Tabel 5.62:	Geografiese verspreiding van vakadviseurs (n = 49) .....	192
Tabel 5.63:	Onderrigervaring van vakadviseurs in Ligg Opv (n = 49) .....	192
Tabel 5.64:	Hoogste akademiese kwalifikasie van vakadviseurs in Ligg Opv (n = 49).....	193
Tabel 5.65:	Grootste getal leerders in Ligg Opv-klasse in streek (n = 49).....	194
Tabel 5.66:	Beskikbaarheid van Nasionale Kurrikulumdokumente aan alle onderwysers in streek (n = 49).....	194

Tabel 5.67:	Nasionale Kurrikulumdokumente word gebruik (n = 49).....	195
Tabel 5.68:	Enige opleiding ontvang in Ligg Opv vanaf 2008 – 2010 (n = 49) ..	195
Tabel 5.69:	Die opleiding in Ligg Opv het die vakadviseurs beter toegerus (n = 49).....	196
Tabel 5.70:	Stel belang in verdere opleiding in Ligg Opv (n = 49).....	197
Tabel 5.71:	Die keuse van leeruitkomste in Ligg Opv is te beperk (n = 49).....	197
Tabel 5.72:	Die keuse van aktiwiteite in Ligg Opv is te wyd en oop (n = 49).....	198
Tabel 5.73:	Assessering-standaarde in Ligg Opv is te wyd en oop (n = 49).....	198
Tabel 5.74:	Beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv (n = 49)....	199
Tabel 5.75:	Onvoldoende opgeleide Ligg Opv-personeel (n = 49).....	199
Tabel 5.76:	Onvoldoende ondersteuning vir die implementering van Ligg Opv binne Lewensoriëntering (n = 49) .....	200
Tabel 5.77:	Getal leerders in Ligg Opv-klasse (n = 49).....	200
Tabel 5.78:	Teoretiese agtergrond oor Ligg Opv (n = 49) .....	201
Tabel 5.79:	Apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv (n = 49) .....	202
Tabel 5.80:	Organisasie en Administrasie van Ligg Opv (n = 49) .....	202
Tabel 5.81:	Veiligheidsaspekte binne Ligg Opv (n = 49).....	203
Tabel 5.82:	Teorie van sport en spele binne Ligg Opv (n = 49) .....	203
Tabel 5.83:	Praktiese opleiding in sport en spele binne Ligg Opv (n = 49).....	204
Tabel 5.84:	Teorie van rekreasie-aktiwiteite binne Ligg Opv (n = 49) .....	204
Tabel 5.85:	Opvoedkundige dans binne Ligg Opv (n = 49).....	205
Tabel 5.86:	Opvoedkundige gimnastiek binne Ligg Opv (n = 49).....	205
Tabel 5.87:	Fisieke fiksheid binne Ligg Opv (n = 49) .....	206
Tabel 5.88:	Assessering binne Ligg Opv (n = 49) .....	207

Tabel 5.89:	Beplanning vir Ligg Opv (n = 49).....	207
Tabel 5.90:	Lesaanbieding binne Ligg Opv (n = 49) .....	208
Tabel 5.91:	Betekenisvolle verskille (d-waardes) tussen die Aanvanklike vraelys en die Opvolg-vraelys aan Vakadviseurs .....	209
Tabel 5.92:	Geslag van GOS-studente (n = 18).....	215
Tabel 5.93:	Ouderdomsverspreiding van GOS-studente (n = 18) .....	216
Tabel 5.94:	Geografiese verspreiding van GOS-studente (n = 18) .....	216
Tabel 5.95:	Onderrig-ervaring van GOS-studente in Ligg Opv (n = 18) .....	217
Tabel 5.96:	Hoogste akademiese kwalifikasie van GOS-studente in Ligg Opv (n = 18).....	218
Tabel 5.97:	Aantal leerders in Ligg Opv-klasse in streek (n = 18) .....	219
Tabel 5.98:	Beskikbaarheid van Nasionale Kurrikulumdokumente aan GOS-studente as onderwysers (n = 18).....	219
Tabel 5.99:	Nasionale Kurrikulumdokumente word gebruik (n = 18).....	220
Tabel 5.100:	Enige opleiding ontvang in Ligg Opv vanaf 2008 – 2010 (n = 18) ..	220
Tabel 5.101:	Die opleiding in Ligg Opv het die GOS-studente beter toegerus (n = 18).....	221
Tabel 5.102:	Stel belang in verdere opleiding in Ligg Opv (n = 18).....	222
Tabel 5.103:	Die keuse van leeruitkomste in Ligg Opv is te beperk (n = 18).....	222
Tabel 5.104:	Die keuse van aktiwiteite in Ligg Opv is te wyd en oop (n = 18).....	223
Tabel 5.105:	Assessering-standaarde in Ligg Opv is te wyd en oop (n = 18).....	224
Tabel 5.106:	Beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv (n = 18)....	224
Tabel 5.107:	Onvoldoende opgeleide Ligg Opv-personeel (n = 18) .....	225
Tabel 5.108:	Onvoldoende ondersteuning vir die implementering van Ligg Opv binne Lewensoriëntering (n = 18) .....	226

Tabel 5.109:	Getal leerders in Ligg Opv-klasse (n = 18).....	226
Tabel 5.110:	Afrigting as deel van Ligg Opv (n = 18).....	227
Tabel 5.111:	Apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv (n = 18) .....	228
Tabel 5.112:	Organisasie en Administrasie van Ligg Opv (n = 18) .....	228
Tabel 5.113:	Veiligheidsaspekte binne Ligg Opv (n = 18).....	229
Tabel 5.114:	Teorie van sport en spele binne Ligg Opv (n = 18) .....	230
Tabel 5.115:	Praktiese opleiding in sport en spele binne Ligg Opv (n = 18).....	230
Tabel 5.116:	Teorie van rekreasie-aktiwiteite binne Ligg Opv (n = 18) .....	231
Tabel 5.117:	Opvoedkundige dans binne Ligg Opv (n = 18).....	232
Tabel 5.118:	Opvoedkundige gimnastiek binne Ligg Opv (n = 18).....	232
Tabel 5.119:	Fisieke fiksheid binne Ligg Opv (n = 18) .....	233
Tabel 5.120:	Assesering binne Ligg Opv (n = 18) .....	234
Tabel 5.121:	Beplanning vir Ligg Opv (n = 18).....	234
Tabel 5.122:	Lesaanbieding binne Ligg Opv (n = 18) .....	235
Tabel 5.123:	Betekenisvolle verskille (d-waardes) tussen die Aanvanklike vraelys aan die Vakadviseurs en die vraelys aan die GOS Bewegingsonderwys-studente .....	236
Tabel 6.1:	Vereistes vir kwaliteit Liggaamlike Opvoeding .....	276

# INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE STUDIE

---

## 1.1 Inleiding

Gedurende die laaste twintig jaar was daar ooreenstemmende neigings van afname en selfs die uiteindelijke verdwyning in die aanbieding asook die status van Liggaamlike Opvoeding in skole regoor die wêreld (Hardman, 2001; Kloppers, 2001; Morgan & Bourke, 2005).

Volgens Brandl-Bredenbeck (2005) het Liggaamlike Opvoeding 'n tweeledige taak of rol. Eerstens moet dit lewenslange deelname aan sport bevorder, wat elke individu se lewenskwaliteit verbeter deur middel van verbeterde motoriese ontwikkeling en tweedens die bevordering van 'n gesonder lewenstyl. Volgens Brundl-Bredenbeck (2005) is Liggaamlike Opvoeding tweedens ook veronderstel om 'n beduidende positiewe invloed op die individu se psigo-sosiale ontwikkeling te hê. Die Verenigde State van Amerika het reeds in 1995 sterk aandag gegee aan Liggaamlike Opvoedings-programme, omdat die owerhede bekommerd was oor die gesondheid asook die obesiteitsprobleem onder Amerikaanse kinders en jongmense (NASPE, 2004; Johnson, 2006; De Ridder, 2010). Obesiteit is 'n ernstige gesondheidsprobleem wat hartaanvalle, beroerte, diabetes en selfs kolon- en borskanker kan veroorsaak (Van Deventer, 2004). Die probleem is so ernstig dat die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) in 2000 obesiteit as 'n wêreldwye epidemie verklaar het (Hills, 2001; Kidd, 2001; De Klerk, 2002; Engel, 2002; Kidd, 2003; Power, 2003). Die VSA is die land met die hoogste persentasie in die voorkoms van obesiteit en Europa toon soortgelyke obesiteitsyfers as Amerika (Van Deventer, 2004). Obesiteit word beskou as 'n rykmansiekte met 'n hoë voorkoms in veral ontwikkelde lande, maar die siekte versprei ook vinnig na ontwikkelende lande (Gleick, 1999; Nash, 2003; Power 2003). Volgens Van Deventer (2004) is obesiteit nie net beperk tot volwassenes nie, alhoewel dit moeiliker meetbaar is by kinders. Volgens skatting is 50% van Amerikaanse kinders se oefenvlakke te laag om gesondheid te bevorder en is 40% van die kinders obees (De Klerk, 2002).

Gleick (1999) en Van Deventer (2004) toon aan dat een uit elke tien kinders in Brittanje oorgewig is. Volgens Du Toit (2009) verskil die data aangaande die voorkoms van

oorgewig en obesiteit aansienlik tussen verskillende studies in Suid-Afrika. Armstrong *et al.* (2006) rapporteer oorgewig- en obesiteitsyfers van 17,2% - 22,8%, wat verkry is uit nasionaal verteenwoordigende navorsingstudies onder kinders en jongmense in Suid-Afrika. Van Deventer (2004) wys daarop dat moderne tegnologiese ontwikkeling soos televisie, rekenarspeletjies, Internet asook onvoldoende veilige buitenspeelplekke onaktiwiteit onder jong kinders aanhelp. Hierdie sedentêre lewenstyl verhoog gesondheidsrisiko's en plaas druk op die koste van gesondheidsorg asook die algemene ekonomie (Darlison, 2001; Hills, 2001; Feingold, 2002; Hardman, 2002). Bo en behalwe die geweldige koste-faktor is obesiteit jaarliks verantwoordelik vir 300 000 sterftes in die VSA (Van Deventer, 2004; De Ridder, 2010). Om fisieke onaktiwiteit net te ignoreer kan enorme langtermyn- ekonomiese gevolge vir enige land hê omdat 'n bevolking wat deur siekte soos obesiteit geteister word, volgens Van Deventer (2004), normaalweg minder produktief is. Liggaamlike Opvoeding kan hierdie gesondheidsprobleme help verminder omdat fisieke aktiwiteit kardiovaskulêre siektes teenwerk asook obesiteit help voorkom (Gallahue & Cleland Donnely, 2003; NASPE, 2004; Johnson, 2006).

Navorsingstudies wat op Liggaamlike Opvoeding fokus, wat in 35 lande wêreldwyd gedoen is en saamgevat is in die werk van Pühse en Gerber (2005), het 'n hele aantal soortgelyke faktore geïdentifiseer wat bygedra het tot hierdie afname in die aanbieding van Liggaamlike Opvoeding as skoolvak. Hierdie faktore sluit onder andere in: 'n oorvol kurrikulum, minder tyd wat toegedeel word aan die vak, 'n algemeen waarneembare laer status van die vak Liggaamlike Opvoeding, asook onvoldoende finansiële en materiële bronne. Hardman (2006) rapporteer soortgelyke faktore rondom die verlaagde status van Liggaamlike Opvoeding in Europese skole. Tinning (2004) asook Morgan en Bourke (2005) beklemtoon weer die vernietigende invloed van swak opgeleide en selfs onopgeleide personeel in die aanbieding van Liggaamlike Opvoeding as skoolvak.

Om 'n sinvolle evaluering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole te kan doen en verbande te kan lê tussen Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika en Liggaamlike Opvoeding in ander lande, is daar in die literatuurstudie indringend gekyk na die toestand en status van Liggaamlike Opvoeding in skole van enkele ontwikkelde lande sowel as enkele ontwikkelende lande, wat ook enkele Afrika-lande insluit. Hierdie ontleding is spesifiek gevolg aangesien dit 'n fundamentele basis van die literatuurstudie uitmaak om die navorser in staat te stel om 'n volledige evaluering van die proses in Suid-Afrika te kan doen. Die kriteria wat gevolg is in die keuse van die spesifieke lande is onder andere die status en waarde wat geheg word aan Liggaamlike Opvoeding in hierdie opvoedkundig outonome lande, asook hul onlangse sukses op die terrein van wêreldsport (Pühse & Gerber, 2005).

Uit die literatuur blyk dit dat die meerderheid navorsers die status en stand van Liggaamlike Opvoeding in skole regoor die wêreld vanuit 'n interpretevistiese benadering ondersoek en interpreteer (Pühse & Gerber, 2005). Hierdie navorsers maak hoofsaaklik van kwalitatiewe navorsing gebruik. Hierdie studie poog om Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole uit 'n sosiaal-konstruktivistiese benadering te ondersoek en te interpreteer, met die oog op die evaluering van asook die daarstel van aanbevelings vir die herimplementeringsproses van Liggaamlike Opvoeding as vak in Suid-Afrikaanse skole. Golightly (2005) wys daarop dat sosiaal-konstruktivisme 'n belangrike hoeksteen vorm van die uitkomsgebaseerde onderwysbenadering wat tans nog in Suid-Afrika gevolg word. Aangesien hierdie navorsing evalueringnavorsing is, is 'n kwantitatiewe navorsingsmodel met 'n sterk positivistiese grondslag wat goed ondersteun is deur 'n beperkte kwalitatiewe datastel, gevolg (Babbie & Mouton, 2001; Cresswell & Plano Clark, 2007).

Vervolgens word daar kortliks gekyk na die status en stand van Liggaamlike Opvoeding in enkele ontwikkelde lande, naamlik die Verenigde State van Amerika, Engeland en Australië. 'n Volledige bespreking geskied in Hoofstuk 2.

## **1.1.1 Ontwikkelde lande**

### **1.1.1.1 Verenigde State van Amerika**

Die Verenigde State van Amerika (VSA) is soos Engeland en Australië, enkele van die ontwikkelde lande waar Liggaamlike Opvoeding tans hoë status en aansien geniet. Na 'n aanvanklike historiese patroon van afname in status en aanbieding van Liggaamlike Opvoeding in hierdie lande gedurende die tagtigerjare, het daar radikale veranderinge plaasgevind wat bygedra het tot uiteindelijke vernuwing en 'n verhoging van die status van die vak op skool en op tersiêre vlak (Du Toit *et al.*, 2007).

In die laat tagtiger- en begin-negentigerjare was daar 'n duidelike agteruitgang van Liggaamlike Opvoedings-programme in die VSA toe vereistes vir die aanbied van die vak aansienlik verlaag is. In verskeie Amerikaanse state is minder tyd vir die aanbied van Liggaamlike Opvoeding toegeken en onderwysers was swak opgelei (Pate & Hohn, 1994; Langford & Carter, 2003). Terselfdertyd was daar 'n beduidende afname in gemeenskapsondersteuning vir skoolgebaseerde Liggaamlike Opvoeding in die VSA (Pate & Hohn, 1994; Langford & Carter, 2003).

Siedentop (1987) asook Pate en Hohn (1994) se sieninge van 'n bedreigde vak met 'n onseker toekoms het in die laat negentigs nie net in die VSA voorgekom nie, maar het 'n



wêreldwye tendens vir Liggaamlike Opvoeding geword. In 1999 het die “International Council for Sport Science and Physical Education” (ICSSPE) ’n wêreldwye oudit geloods oor die toestand en status van Liggaamlike Opvoeding (Van Deventer, 2004). Hierdie proses het ’n hoogtepunt bereik met die Berlynse Wêreldberaad oor Liggaamlike Opvoeding in 1999, wat onder toesig van en met finansiële ondersteuning van die “United Nations Scientific and Cultural Organisation” (UNESCO), die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) asook die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) geskied het (Van Deventer, 2004). Tydens hierdie beraad is die “Berlynse Agenda” en “Oproep tot Aksie” deur ministers en senior beamptes verantwoordelik vir Onderwys en Sport uit meer as 80 lande wat verteenwoordigend was van alle streke van die wêreld, onder andere ook die VSA, aanvaar (ICSSPE, 1999).

Reeds in 1995 het die bekommernis oor gesondheid in die Verenigde State van Amerika aanleiding gegee tot die verandering in Liggaamlike Opvoedings-programme, wat duidelik na vore gekom het met die publikasie van die “National Standards for Physical Education” (NASPE, 2004). Hierdie dokument bevat inhoudstandaarde asook assesseringsriglyne vir Liggaamlike Opvoeding (NASPE, 2004). Sedertdien is hierdie dokument deur onderwysers, skole, distrikte en state as riglyn gebruik vir die ontwikkeling van kurrikula asook die aanbieding van en assessering in Liggaamlike Opvoeding (NASPE, 2004). Ten spyte van hierdie positiewe stap, beklemtoon verskeie nasionale verslae ’n dringende behoefte aan verhoging van fisieke aktiwiteit en Liggaamlike Opvoeding in Amerikaanse skole (Gallahue & Cleland Donnely, 2003; NASPE, 2004; Johnson, 2006). Volgens die 2006-verslag, “Shape of the Nation” is 70% van die Amerikaanse state se Liggaamlike Opvoedings-vereistes onvoldoende om die obesiteitsprobleem onder Amerikaanse jongmense aan te spreek (Johnson, 2006).

### **1.1.1.2 Engeland**

Ten spyte van Siedentop (1987) asook Pate en Hohn (1994) se siening oor Liggaamlike Opvoeding, asook die gesondheidsrisiko’s en koste-implikasies en die impak wat Liggaamlike Opvoeding op hierdie aspekte kan hê, is Liggaamlike Opvoeding in verskeie lande en om verskeie redes erg verwaarloos en moes drastiese stappe gedoen word om hierdie ongewenste situasie te verander (Du Toit *et al.*, 2007; Van Deventer, 2004). Volgens Whelan (1999) was die situasie in Engeland geensins anders nie. As gevolg van tydsdruk op die kurrikulum en verhoogde akademiese standaarde is die wetlike verpligting om Liggaamlike Opvoeding op laerskole aan te bied, in die laat negentigs tydelik opgehef (Fisher, 2005). Liggaamlike Opvoeding is later, in 2001, weer heringestel en volgens Fisher (2005) is die huidige hoë status van Liggaamlike Opvoeding in Engeland te danke

aan regerings-inisiatiewe om deelname in sport oor die algemeen te bevorder, asook aan die bevordering van hoër standaarde in sport op internasionale vlak (Du Toit *et al.*, 2007).

### **1.1.1.3 Australië**

'n Ander ontwikkelde land waar Liggaamlike Opvoeding as skoolvak hoë status geniet, is Australië. 'n Ernstige afname in Liggaamlike Opvoeding in skole in Australië in die laat tagtigerjare het gelei tot 'n Senaatsondersoek op regeringsvlak na die aard, omvang en voorsiening van Liggaamlike Opvoeding en sport in Australiese skole (Penney & Kirk, 1996). Ten spyte van die breë basis van ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding uit die gemeenskap, het bogenoemde ondersoek probleme uitgewys soos 'n ontoereikende onderwys-begroting, 'n oorvol kurrikulum asook onvoldoende tyd wat spandeer word om aandag te gee aan die stelselmatige verswakking van vaardighede en fiksheid onder Australiese skoolleerders (Penney & Kirk, 1996; Tinning, 2004). Pogings om die situasie te verbeter het gelei tot die nuwe nasionale kurrikulum in Australië wat bestaan uit agt sleutel-leerareas ("Key Learning Areas" – KLA) (Du Toit *et al.*, 2007). Hierdie KLA's vorm die basis vir die aanleer van vaardighede, kennis asook die onderrigproses in die Australiese Skoolkurrikulum. (Curriculum Corporation, 1994; Penney & Kirk, 1996). Liggaamlike Opvoeding is gesetel in die KLA "Health and Physical Education" en deel dus die toegewysde kurrikulumtyd met Gesondheidsopvoeding (Curriculum Corporation, 1994). Liggaamlike Opvoeding het 'n relatief hoë status in Australië omdat dit bydra tot gesondheidsonderrig op skool, help met sport-ontwikkeling, en omdat die vak op senior skoolvlak geëksamineer word (Olds *et al.*, 2003; Tinning, 2004).

Die status van Liggaamlike Opvoeding is dus besonder hoog in die drie ontwikkelde lande bespreek in die vorige paragrawe. Vervolgens sal daar kortliks gefokus word op die status en stand van Liggaamlike Opvoeding in enkele ontwikkelende lande, naamlik China, Suid-Korea en Brasilië. 'n Volledige bespreking geskied in Hoofstuk 2.

## **1.1.2 Ontwikkelende lande**

### **1.1.2.1 China**

'n Ontwikkelende land waar Liggaamlike Opvoeding reeds eeue lank in verskillende vorme aangebied is, is China. Volgens Kang (2000) het Liggaamlike Opvoeding in China van 'n militaristiese tipe gimnastiek gevorder tot 'n sportgerigte model soortgelyk aan dié van die VSA en Europa. Liggaamlike Opvoeding in China sluit gimnastiek, baan- en veldatletiek, balspele en swem in (Kang, 2000). Lei en Jichun (2005) toon aan dat Liggaamlike

Opvoeding 'n onontbeerlike deel van skoolopvoeding geword het met die ontwikkeling van die moderne Chinese gemeenskap. Mense se gesondheid is bedreig deur moderne lewenstyle wat daartoe gelei het dat die Chinese regering in 1999 "Health First" ingestel het, en die daaropvolgende jaar Liggaamlike Opvoeding herbenoem het na "Sport and Health" (Pühse & Gerber, 2005:176). Skoolgebaseerde Liggaamlike Opvoeding in China is wetlik verplig op alle vlakke en word in geheel deur die sentrale regering bestuur. Ten spyte hiervan het Liggaamlike Opvoeding 'n relatief lae status in China, en word dit maklik deur skole gekanselleer en vervang met Letterkunde en Wiskunde in die kurrikulum (Pühse & Gerber, 2005:176).

Volgens Lei en Jichun (2005) is daar 'n noemenswaardige verskil tussen opvoedkundige doelstellings en implementering in Liggaamlike Opvoeding in China. Redes hiervoor sluit in onvoldoende apparaat, beperkte fasiliteite, swak belangstelling by skole, asook te min of swak opgeleide onderwysers. Nog 'n rede is dat ouers eerder graag wil sien dat hul kinders professioneel vaardig en welgestel word, en daarom ondersteun hulle eerder akademiese vakke en sien neer op Liggaamlike Opvoeding (Ma, 2002). Deelname aan sport en fisieke aktiwiteit word egter nie totaal agterweë gelaat nie, as daar gekyk word na China se prestasies by die 2007 Olimpiese Spele.

### **1.1.2.2 Suid-Korea**

Suid-Korea is nog 'n ontwikkelende land waar Liggaamlike Opvoeding in 'n krisis verkeer as gevolg van die lae status van die vak (Kang & You, 2003). Liggaamlike Opvoeding is verpligtend in Suid-Koreaanse skole vanaf Graad 1 tot Graad 10 en is 'n keusevak in Graad 11 en 12 (Pühse & Gerber, 2005:574). Daar heers toenemende kommer onder 'n groot deel van die Suid-Koreaanse gemeenskap oor Liggaamlike Opvoeding, omdat daar voorstelle gemaak word dat dit in alle grade 'n keusevak moet wees en die aantal Liggaamlike Opvoeding-periodes verminder moet word. Volgens Kang en You (2003) is dit as gevolg van 'n algemene gebrek aan erkenning van die belangrikheid van Liggaamlike Opvoeding, ten spyte van die feit dat al hoe meer mense in Suid-Korea om gesondheidsredes aan fisieke aktiwiteit deelneem.

### **1.1.2.3 Brasilië**

Volgens Costa en Tubino (2005) is Liggaamlike Opvoeding in Brasilië, nog 'n ontwikkelende land, reeds in die vroeë jare van die twintigste eeu sterk deur Sweedse, Duitse en Franse militêre style beïnvloed. Liggaamlike Opvoeding is tans 'n verpligte skoolvak in alle fases van die kurrikulum. Die strewe om medaljes te verower by die

Olimpiese Spele en Wêreldkampioenskappe het 'n groot klem op Liggaamlike Opvoeding en sport in Brasilië geplaas (Pühse & Gerber, 2005:134). Die toegang en deeglike bestudering van internasionale manifeste en verklarings oor Liggaamlike Opvoeding in die wêreld, het 'n duidelike, gedetailleerde pad uitgestippel vir Liggaamlike Opvoeding in Brasilië (Costa & Tubino, 2005). Liggaamlike Opvoeding het 'n sterk wetenskaplike rigting ingeslaan met 'n hele aantal navorsings-, Meesters- asook Doktorale programme. Die toekoms en status van Liggaamlike Opvoeding in skole is baie rooskleurig in Brasilië as gevolg van hierdie wetenskaplike benadering, asook die feit dat die vak baie nou gekoppel word aan sportprestasies en Gesondheidsopvoeding (Pühse & Gerber, 2005:147). Hierdie verhoogde status van Liggaamlike Opvoeding kan moontlik die rede wees waarom Brasilië so goed presteer in die internasionale sportarena, veral in sokker.

Liggaamlike Opvoeding word redelik sterk ondersteun in twee van die drie ontwikkelende lande wat in die gedeelte hierbo bespreek word, veral omdat daar 'n hoë premie geplaas word op Liggaamlike Opvoeding se verbintenis met sport asook die invloed daarvan op gesondheid. Ten spyte van die feit dat baie mense in Suid-Korea deelneem aan fisieke aktiwiteit, beleef Liggaamlike Opvoeding egter 'n redelik lae status in hierdie land. In die gedeelte wat volg, word daar gefokus op die status en stand van Liggaamlike Opvoeding in drie Afrika-lande, naamlik Ghana, Nigerië en Tunisië. 'n Volledige bespreking van hierdie drie lande geskied in Hoofstuk 2.

### **1.1.3 Afrika-lande**

#### **1.1.3.1 Ghana**

Ghana is een van die Afrika-lande waar Liggaamlike Opvoeding 'n integrale deel van die algemene skoolkurrikulum uitmaak. Volgens Baba *et al.* (1993), soos aangehaal in Pühse en Gerber (2005), word Liggaamlike Opvoeding as deel van die algemene kurrikulum in Ghana deur onderwyswetgewing ingesluit in al die skoolfases. Daar is 'n klemverskil wat aanbieding en assessering aanbetref in die verskillende fases, maar die sogenaamde "sestienpunt-beleid" het karakter-ontwikkeling en die organisasie van sport en spele as deel van Liggaamlike Opvoeding in Ghana beklemtoon. Georganiseerde sport en spele het formeel deel van die skoolkurrikulum geword en skole het sportfasiliteite gekry, wat die posisie van Liggaamlike Opvoeding aansienlik versterk het. Baie meer aandag is aan die onderrig van Liggaamlike Opvoeding asook sport en spele in skole gegee, wat tot gevolg gehad het dat interskole sportkompetisies baie gewild geword het (Ammah & Kwaw, 2005).

Ten spyte van hierdie positiewe verandering ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding en sport in Ghana, moet daar nog baie gedoen word om die vak regtig effektief aan te bied. Ammah en Kwaw (2005) lig egter ook uit dat Liggaamlike Opvoeding-onderrig in Ghana ernstige probleme ervaar. Daar is 'n ernstige tekort aan apparaat en fasiliteite asook aan gekwalifiseerde Liggaamlike Opvoeding-onderwysers by sekere skole. Skole word beperk tot 'n sekere kwota onderwysers, wat meebring dat hulle eerder akademiese personeel as Liggaamlike Opvoeding-onderwysers aanstel. 'n Verdere probleem is die wanopvatting oor Liggaamlike Opvoeding onder die publiek. In die sekondêre fase word 'n sterk klem geplaas op akademiese vakke, en aangesien Liggaamlike Opvoeding nie geëksamineer word nie, beleef die vak 'n baie lae status onder studente en akademici (Pühse & Gerber, 2005:315). Enkele faktore wat Liggaamlike Opvoeding nog aan die gang hou, is die verbintenis met Gesondheids- en Higiëne-opvoeding asook die algemene bekommernis oor die swak prestasies van nasionale sportspanne (Ammah & Kwaw, 2005).

### **1.1.3.2 Nigerië**

Salokun (2005) wys daarop dat daar op 'n baie beperkte skaal 'n positiewe gesindheid teenoor Liggaamlike Opvoeding in Nigerië voorkom. Liggaamlike Opvoeding se status in Nigerië is in 1981 tot 'n hoogtepunt gevoer toe die vak in die skoolkurrikulum ingesluit is as 'n eksamenvak vir die Wes-Afrika Skoolsertifikaat (Pühse & Gerber, 2005:499). Hierdie stap was veronderstel om die status van Liggaamlike Opvoeding in Nigerië te verhoog, maar ten spyte hiervan word die vak in skole ernstig geteister deur probleme soos onvoldoende fondse, fasiliteite en apparaat, te min Liggaamlike Opvoeding-onderwysers asook 'n swak gesindheid onder onderwysers teenoor die vak. Salokun (2005) toon aan dat Liggaamlike Opvoeding in Nigerië op fisieke en motoriese fiksheid fokus, met die oog op die ontwikkeling van sportvaardighede en fiksheid met 'n gesonde skool- en gemeenskapslewe as einddoel. In Nigerië is Liggaamlike Opvoeding en Gesondheidsopvoeding twee kante van dieselfde munt. Die prentjie is darem nie net negatief nie. Die fokus op gesondheid, fiksheid en sport in Liggaamlike Opvoeding in Nigerië speel tog 'n belangrike rol in die land se suksesse op die sportveld, veral in sokker, atletiek en basketbal (Pühse & Gerber, 2005:506).

### **1.1.3.3 Tunisië**

In Tunisië word die vak "Sport and Physical Education" (SPE) genoem (Zouabi, 2005). Die inhoud fokus egter baie meer op sportaktiwiteite as op fisieke ontwikkeling en ervarings. Direk ná lang skoolvakansies word daar in Liggaamlike Opvoeding gefokus op die herstel van fiksheid, waarna daar op spesifieke sportvaardighede gekonsentreer word. In skole

waar die skoolhoof entoesiasties is oor sport, het Liggaamlike Opvoeding 'n hoë status en kry die vak al die nodige ondersteuning. By ander skole is die teenoorgestelde waar en sukkel SPE-onderwysers om die vak behoorlik aan te bied as gevolg van 'n ontoereikende infrastruktuur en 'n gebrek aan toerusting (Pühse & Gerber, 2005:680). 'n Ander uitdaging wat Liggaamlike Opvoeding in Tunisië ervaar is dat sommige Liggaamlike Opvoeding-onderwysers 'n baie swak gesindheid teenoor die vak openbaar en verskonings soek om dit nie aan te bied nie of die leerders bloot in die klaskamers laat speel. Zouabi (2005) is van mening dat, indien daar nie in Tunisië aandag gegee word aan 'n beter infrastruktuur, apparaat en programme vir Liggaamlike Opvoeding nie, sal die toewyding en entoesiasme teenoor die vak negatief bly.

Die status van Liggaamlike Opvoeding in die Afrika-lande word erg geknou as gevolg van die gebrek aan fasiliteite en apparaat, maar die vak kry nogtans ondersteuning as gevolg van die internasionale sportprestasies van die onderskeie lande, asook Liggaamlike Opvoeding se verbintenis met Gesondheidsopvoeding. In die volgende gedeelte word Liggaamlike Opvoeding as leeruitkoms van die vak Lewensoriëntering in Suid-Afrikaanse skole bespreek, omdat dit die kernfokus van die navorsing is, naamlik die herinstelling van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole.

#### **1.1.4 Suid-Afrika**

Siedentop (1987) en Pate en Hohn (1994) se siening dat Liggaamlike Opvoeding 'n bedreigde vak met 'n onseker toekoms is, kom duidelik na vore in bogenoemde oorsig van Liggaamlike Opvoeding in die onderskeie lande. In Suid-Afrika het hierdie siening ook 'n realiteit geword toe dié vak in die vroeë negentigs uit die skoolkurrikulum verdwyn het en slegs in 'n eksklusiewe aantal skole aangebied is (Lion-Cachet, 1997). Voor hierdie tydperk was Liggaamlike Opvoeding 'n verpligte nie-eksamen-skoolvak vir alle grade in die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum. Volgens Van Deventer (2004) kan die lae institusionele prioriteit ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika toegeskryf word aan veral drie redes, naamlik die gebrek aan beskikbaarheid van gekwalifiseerde Liggaamlike Opvoeding-onderwysers, die oneweredige verspreiding van en die gebrekkige fasiliteite en toerusting, asook die nie-eksamenstatus van die vak. Tesame met die politieke verandering in Suid-Afrika is 'n Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) in 1994 ter tafel gebring, wat die onderwys in 'n nuwe uitkomsgebaseerde rigting moes lei (Du Toit *et al.*, 2007). As gevolg van druk uit verskeie oorde, onder andere die Gesondheidssektor, is Liggaamlike Opvoeding gedeeltelik heringestel in die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum as deel van die multidimensionele leerarea Lewensoriëntering (DoE, 2003). Soos Van

Deventer (2004) egter aandui, is daar heelwat faktore wat meewerk dat die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering in baie skole glad nie en in ander skole gebrekkig asook onvoldoende aangebied word. Indien die Suid-Afrikaanse owerhede ernstig oor die gesondheid van die bevolking en oor die verbetering van die swak prestasies van sekere van ons nasionale spanne is, sal daar dringend aandag gegee moet word aan die uitdagings rondom die aanbied van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole. 'n Volledige bespreking van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika word in Hoofstuk 2 gedoen.

Uit hierdie kort literatuuroorsig blyk duidelik dat dit uiters noodsaaklik is dat daar in Suid-Afrika indringend gekyk word na die aanbieding van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering in Suid-Afrikaanse skole. Aspekte wat direk beïnvloed kan word deur die aanbied van Liggaamlike Opvoeding in skole is onder andere die obesiteitsprobleme van die bevolking, die produktiwiteit van die land, asook die ekonomie, algemene gesondheid, gesondheidskoste en sportprestasies op internasionale vlak. Die navorsing in hierdie studie fokus op die evaluering van die herimplementeringsproses van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole. Liggaamlike Opvoeding het in die laat jare negentig as aparte vak uit Suid-Afrikaanse skole verdwyn. Die vak is later as deel van die Leerarea Lewensoriëntering teruggebring en is vanaf Januarie 2008 verpligtend in alle skole vanaf Graad 1 tot Graad 12 (DoE, 2008). Gedurende Januarie en Februarie 2008 is, op versoek van die Nasionale Onderwysdepartement, 277 Lewensoriëntering-vakadviseurs in al nege provinsies, tydens 'n vyfdag werkswinkel, opgelei in die Liggaamlike Opvoeding uitkoms van Lewensoriëntering. Die vakgroep Bewegingskunde van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus was verantwoordelik vir die koördinerings van die opleiding van die vakadviseurs, in samewerking met die ander universiteite. Hierdie studie oor die evaluering van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole het voortgespruit vanuit bogenoemde werkswinkel.

Die status en stand van Liggaamlike Opvoeding in al die bogenoemde ontwikkelde, ontwikkelende en Afrika-lande sowel as in Suid-Afrika word in Hoofstuk 2 volledig bespreek.

## **2. NAVORSINGSDOELSTELLINGS**

Die doel van hierdie navorsingstudie is eerstens die evaluering van die huidige proses rakende die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding as vak in Suid-Afrikaanse skole.

As tweede doelstelling sal die verdere implementering van Liggaamlike Opvoeding as vak in Suid-Afrikaanse skole volgens die Berlynse Agenda (ICSSPE, 1999) ontleed word. Dit word gedoen om eerstens moontlike aanpassings voor te stel ten opsigte van die samestelling van die huidige kurrikulum, en tweedens aanbevelings daar te stel vir die herimplementeringsproses van Liggaamlike Opvoeding as vak in Suid-Afrikaanse skole.

## **3. METODE VAN ONDERSOEK**

### **3.1 Die literatuurstudie**

Relevante literatuur is gevind deur 'n internetsoektog van internasionale tydskrif-databasisse, byvoorbeeld Google Scholar, ISI Web of Science, ISI Web of Knowledge en Ebscohost-Eric. Die internetsoektog is geloods met behulp van soekenjins soos byvoorbeeld [www.yahoo.com](http://www.yahoo.com)., [www.sciencedirect.com](http://www.sciencedirect.com)., [www.google.com](http://www.google.com). Die volgende trefwoorde is in die literatuursoektog gebruik: "Physical Education, Life Orientation, implementation problems, teacher training, disadvantaged and advantaged communities".

### **3.2 Empiriese ondersoek**

Hierdie navorsing het uit ses fases bestaan, waar 'n hoofsaaklik kwantitatiewe navorsingsontwerp sterk ondersteun is deur 'n beperkte kwalitatiewe ontwerp. Kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe data-insameling is gedoen. Volgens Cresswell en Plano Clark (2007) en Van Vuuren (2008), is die doel van die soort navorsingsontwerp om 'n betroubare en geldige datastel in te samel en hang die keuse van die tipe ontwerp baie nou saam met die navorsingsdoelstellings. Op grond hiervan is besluit op 'n kwantitatiewe navorsingsontwerp, sterk ondersteun deur 'n beperkte kwalitatiewe datastel vir hierdie navorsing.



Die ses fases sluit die volgende in en word in Hoofstuk 2 volledig bespreek:

**Fase 1:** 'n Bespreking van die beleidsbesluite en wetgewing deur die Suid-Afrikaanse regering en Nasionale Onderwysdepartement om Liggaamlike Opvoeding na 1995 weer gedeeltelik in skole te herimplementeer, asook die volledige terugbring van Liggaamlike Opvoeding as skoolvak in 2008.

**Fase 2:** Hierdie fase sluit die gekose groep dosente van die Universiteit Stellenbosch, die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Universiteit van KwaZulu-Natal en die Universiteit van Johannesburg in, wat die fasilitering van die opleiding van die 277 vakadviseurs in Fase 3 in al nege provinsies behartig het (N = 11). Hierdie spesifieke universiteite is oorspronklik genader op grond van hul strategiese ligging met die doel om al nege provinsies te kan dek met die opleiding, asook die feit dat al die betrokke universiteite óf Sportwetenskap óf Bewegingsonderwys in hul kurrikulum insluit. Die gekose groep dosente van bogenoemde universiteite is tydens 'n een-dag-werkswinkel in Potchefstroom opgelei vir die aanbieding en fasilitering van die werkswinkels wat in die onderskeie provinsies vir die 277 vakadviseurs aangebied is. Die een-dag-werkswinkel vir hierdie gekose groep dosente is aangebied deur dosente van die Noordwes-Universiteit, wat ook verantwoordelik was vir die koördinerings van die werkswinkels in al nege provinsies. Die gekose groep dosente het direk ná die aanbied van die werkswinkels in die onderskeie provinsies 'n vraelys voltooi oor die opleiding, aanbieding en assessering van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering.

**Fase 3:** Die gekose groep Lewensoriëntering-vakadviseurs in al nege provinsies (N = 277) is in hierdie fase ingesluit. Die 277 deelnemers het tydens 'n weeklange werkswinkel teoretiese en praktiese opleiding ontvang in die beplanning, aanbieding en assessering van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering vanaf Graad 1 tot Graad 12. Die vakgroep Bewegingskunde van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, het vier ander Hoër Onderwysinrigtings, Universiteit Stellenbosch, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Universiteit van KwaZulu-Natal en die Universiteit van Johannesburg gekoördineer in die aanbied van hierdie werkswinkels. Die werkswinkels is aangebied in al nege provinsies. Universiteit Stellenbosch was verantwoordelik vir die aanbied van die werkswinkel in die Wes-Kaap, naamlik in Stellenbosch. Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit was verantwoordelik vir die aanbied van die werkswinkel in Port Elizabeth in die Oos-Kaap. Die Universiteit van KwaZulu-Natal het die werkswinkel in Durban in KwaZulu-Natal aangebied, en die Universiteit van Johannesburg was verantwoordelik vir die aanbied van werkswinkels in Johannesburg (Gauteng), Middelburg (Mpumalanga) en Polokwane

(Limpopo). Die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus was verantwoordelik vir die aanbied van die werksinkels in Potchefstroom (Noordwes), Bloemfontein (Vrystaat) en Kimberley (Noord-Kaap). Die Nasionale Onderwysdepartement het leerarea-bestuurders uitgestuur na alle werksinkels in al nege provinsies om die fasilitering en opleiding van die vakadviseurs te monitor. Die 277 deelnemers het na afloop van die werksinkels oor die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering vanaf Graad 1 tot Graad 12 'n vraelys voltooi oor die opleiding, aanbieding en assessering van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering.

**Fase 4:** Die 277 deelnemers het na 'n tweejaar-implementeringstydperk van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering 'n opvolg-vraelys voltooi oor die opleiding, aanbieding en assessering van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering.

**Fase 5:** Alle Gevorderde Onderwysertifikaat Bewegingsonderwys-studente van die Noordwes-Universiteit se Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding (SVO), Potchefstroomkampus (N = 30), is in hierdie fase betrek. Die studente is afstandsonderwys-studente en is versprei regoor Suid-Afrika. Hierdie groep deelnemers het na voltooiing van hul studies 'n vraelys voltooi oor die opleiding, aanbieding en assessering van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering as skoolvak.

**Fase 6:** Om die kwalitatiewe data, dit is die oop vrae in vraelyste, aan te vul, is individuele onderhoude en fokusgroep-onderhoude met 'n geselekteerde groep (N = 8) Gevorderde Onderwysertifikaat Lewensoriëntering-Bewegingsonderwys-studente van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus gevoer (Babbie & Mouton, 2001). Hierdie studente is nie dieselfde studente wat in Fase 5 as deelnemers gebruik is nie. 'n Gerieflikheidsteekproef is gebruik om 'n verteenwoordigende groep deelnemers te verseker vir die individuele en die fokusgroep-onderhoude. Die individuele sowel as die fokusgroep-onderhoude is gevoer met semi-gestruktureerde vrae aangaande die voorafkennis van die kurrikulum, vorige opleiding in Liggaamlike Opvoeding, asook die invloed van opleiding. Die onderhoude is op 'n digitale stemopnemer vasgelê, getranskribeer, geïnterpreteer en gekwantifiseer ter ondersteuning van die kwantitatiewe datastel. Hierdie vyf fases word in meer besonderhede in Hoofstuk 5 bespreek.

## **4. MEETINSTRUMENTE**

### **4.1 Prosedures**

'n Aangepaste vraelys, wat gebaseer is op 'n vraelys van Warnich (2008) wat reeds goedgekeur en vir betroubaarheid en geldigheid getoets is, is gebruik. Hierdie vraelys (Addendum A) is 'n evalueringsvraelys en sluit vrae in wat handel oor opleiding, evaluering, assessering asook beskikbaarheid en gebruik van nasionale kurrikulumdokumente. Die vraelys is deur kundiges geëvalueer wat enkele veranderinge voorgestel het, en dié is aangebring. Die vraelys het geslote vrae (kwantitatiewe data) sowel as oop vrae (kwalitatiewe data) ingesluit. Om die kwalitatiewe data aan te vul is semi-gestruktureerde goedgekeurde vrae gebruik vir die individuele asook die fokusgroep-onderhoude.

Die dosente van die onderskeie universiteite in Fase 2 is na afloop van die weeklange opleiding met 'n vraelys geassesseer. Alle vakadviseurs in Fase 3 is direk na die afhandeling van die weeklange werkwinkel met 'n vraelys geassesseer. Na minstens twee jaar van die implementering van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering as skoolvak is al die deelnemers weer geassesseer met 'n opvolgvraelys. Alle Gevorderde Onderwysertifikaat Bewegingsonderwys-studente in Fase 4 is na die voltooiing van hul studies met 'n vraelys geassesseer ten opsigte van die opleiding, aanbidding en assessering van hierdie uitkoms van Lewensoriëntering. Individuele sowel as fokusgroep-onderhoude is met 'n geselekteerde groep Gevorderde Onderwysertifikaat Bewegingsonderwys- sowel as Lewensoriëntering-onderwysstudente van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, in Fase 6 gevoer.

## **5. STATISTIESE TEGNIEKE**

Beskrywende sowel as inferensiële statistiek, gemiddeldes, standaardafwykings, frekwensietabelle en d-waardes is bereken met die *Statistica for Windows* (7.0) rekenaarprogram (Statsoft, 1997). Vergelyking tussen die verskillende groepe deelnemers in die verskillende fases is met behulp van effekgroottes bepaal om prakties betekenisvolheid van effek te bepaal. Die Statistiese konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, het die statistiese dataverwerking van die vraelyste hanteer.

## **6. ETIESE ASPEKTE**

Toestemming is by die Nasionale Onderwysdepartement, wat verantwoordelik is vir die bestuur en ondersteuning van die vakadviseurs, asook by die Direkteur van die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding (SVO), Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-kampus, wat verantwoordelik is vir die oplei van die Gevorderde Onderwysertifikaat Lewensoriëntering- en Bewegingsonderwys-studente, verkry vir die navorsing. 'n Etiekvorm rakende hierdie navorsing is vir goedkeuring aan die Etiekkomitee van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe voorgelê vir goedkeuring. Ingeligte toestemming is ook van alle deelnemers verkry (Addendum A).

## **7. BYDRAE VAN DIE STUDIE**

Die navorsingstudie kan die belangrikheid van die korrekte en relevante opleiding van Lewensoriëntering-vakadviseurs asook onderwysers in die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering bevestig en bevorder. Die studie behoort dus 'n belangrike bydrae te lewer tot die kennis en vaardighede van Lewensoriëntering-vakadviseurs asook onderwysers in die hantering en aanbied van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering as skoolvak. Die studie sal aanbevelings ten opsigte van die aanbieding asook die samestelling van die kurrikulum daarstel vir die verbeterde aanbieding en implementering van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering in Suid-Afrikaanse skole.

## LITERATUUROORSIG

---

### 2.1 Inleiding

In die literatuuroorsig wat volg, word 'n kort historiese oorsig gegee van Liggaamlike Opvoeding in skole in enkele ontwikkelde lande, naamlik die Verenigde State van Amerika, Engeland en Australië, enkele ontwikkelende lande, naamlik China, Suid-Korea en Brasilië, asook enkele Afrika-lande, naamlik Ghana, Nigerië en Tunisië. China se ekonomie word gereken as 'n ontwikkelde ekonomie maar in totaliteit word China gereken as 'n ontwikkelende land (Getis, Getis, Fellman, Getis & Kaplan, 2008:223). 'n Kort historiese oorsig van Liggaamlike Opvoeding vanaf die vyftigerjare tot 2009 word gedoen om vas te stel hoe die stand en status van die vak oor hierdie afgelope 50 jaar verander het. Daar word eerstens gekyk na die hedendaagse stand en status van Liggaamlike Opvoeding in skole internasionaal, asook die hedendaagse stand en status van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole. Tweedens word daar gekyk na die waarde van Liggaamlike Opvoeding vir kinders, jongmense en ook latere volwassenes soos beskryf uit die literatuur. Aandag word veral gegee aan waarde-aspekte soos fiksheid, gesondheid, motoriese ontwikkeling, sosiale ontwikkeling en identifisering van talent. Hierdie literatuuroorsig poog ook om vas te stel wat die holistiese impak van hierdie verskillende waarde-aspekte van Liggaamlike Opvoeding op die psigo-fisiese totaliteit van kinders en volwassenes is. Laastens sal daar gekyk word na literatuur rakende die status en stand van Liggaamlike Opvoeding in die reeds vermeldde ontwikkelde lande, naamlik die Verenigde State van Amerika, Engeland en Australië, asook die reeds genoemde ontwikkelende lande, naamlik China, Suid-Korea en Brasilië, en dan na enkele reeds aangetoonde Afrika-lande, naamlik Ghana, Nigerië en Tunisië. Hierdie groep ontwikkelde, ontwikkelende en Afrika-lande is spesifiek gekies op grond van die stand en status wat Liggaamlike Opvoeding in elkeen daarvan beleef, asook weens elkeen van hierdie lande se internasionale sportprestasies en suksesse oor die afgelope dekade. Daar word afsonderlik afgesluit met Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering in Suid-Afrika, aangesien die evaluering van die herimplementering van die vak in Suid-Afrika die kern van hierdie navorsing vorm.

## 2.2 Historiese agtergrond van Liggaamlike Opvoeding

Hierdie studie handel oor die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika. Voordat dit egter aan die beurt kom, is dit nodig om kortliks te kyk na die historiese ontwikkeling van Liggaamlike Opvoeding wêreldwyd.

### 1750 - 1850

Die werklike historiese agtergrond van Liggaamlike Opvoeding wêreldwyd wat fokus op die aanleer van fisieke vaardighede, kan beslis nie losgemaak word van die Griekse invloed van fisieke prestasie en vaardighede met die oog op 'n gebalanseerde lewe nie (Pangrazi, 2002). Die sogenaamde “vader” van moderne Liggaamlike Opvoeding soos dit vandag in die wêreld voorkom, is Friedrich Ludwig Jahn (1778–1852) (Van der Merwe, 1999:280), wat die eerste gimnastiekskool in Duitsland gevestig het omdat hy oortuig was dat lande met gevestigde norme en standaarde vir fisieke aktiwiteit en vaardighede, wêreldleiers op talle gebiede is. Jahn het die eerste “Turnplatz” (letterlik: gimnastiekplek) opelug-gimnasium in Berlyn gevestig en sy “Turnverein” (gimnastiekvereniging) het baie vinnig na ander lande versprei (Postma, 1972:15).

Rondom dieselfde tyd as Jahn se instelling van gimnastiekskole in Duitsland, het Per Henrik Ling (1776-1839) in samewerking met die Sweedse regering gimnastiek ingestel om fisieke kondisionering onder kinders en jongmense te bevorder (Dixon *et al.*, 1957; De Klerk, 1978;). Ander Europese lande het hierdie voorbeeld gevolg, en met die ontwikkeling van georganiseerde sport het openbare skole wêreldwyd spesifieke kurrikulums vir Liggaamlike Opvoeding ontwikkel. Prominente rolspelers in die ontwikkeling van gimnastiek en Liggaamlike Opvoeding was Frantz Nachteggall (1777-1847), GuthsMuths (1759-1839) en Niels Bukh (1880-1950) in Denemarke. In Oostenryk was Adalbert Slama, Karl Gaulhoffer (1885-1941) en Margareta Streicher (1891-1961) die baanbrekers in die vestiging van gimnastiek en Liggaamlike Opvoeding (Postma, 1972:31; De Klerk, 1978). Lank voor Liggaamlike Opvoeding 'n prioriteit in skole geword het, is gimnasiums opgerig in Amerika en Europa wat deur volwassenes sowel as kinders en jongmense benut is. Tydens die Meiji-periode (1868-1912) in Japan, toe daar sterk gemoderniseer is (Mitsuru, 2007), is daar 'n groot verskeidenheid uitheemse sportsoorte gevestig wat 'n sterk wenkultuur gevestig het in die fisieke voorbereiding van kinders en jongmense in hul voorbereiding vir militêre diensplig.

## 1850 - 1950

GuthsMuths (1759-1839) se gimnastiek is deur Jahn (1778-1852) regoor Duitsland uitgebrei, en heelwat breër blootstelling is daaraan gegee. Ling het die Sweedse gimnastiek volgens sy eie idees asook GuthsMuths se idees ingevoer, en was sterk ingestel op houdingsoefeninge om liggaamshouding te bevorder. Die Sweedse stelsel het oorgespoel na Denemarke en ook ander lande, byvoorbeeld Suid-Afrika (Willemse, 1969), waar Bukh (1880-1950) dit beoefen het en op lenigheidsoefeninge, vaardigheidsoefeninge asook spierversterkende oefeninge gekonsentreer het. Bukh het ná die 1912 Olimpiese Spele met sy span gimnaste sy sogenaamde “primêre gimnastiek” bevorder deur vertonings in Noord- en Suid-Amerika, Japan, Suid-Afrika en ander Europese lande te lewer. Gimnastiek en Liggaamlike Opvoeding in Oostenryk is deur Ling se Sweedse gimnastiek beïnvloed, is verder uitgebrei deur Slama, Gaulhofer (1885-1941) en Streicher (1891-1961) en het ook in lande soos Switserland, Engeland en Nederland posgevat. Hierdie Oostenrykse gimnastiek het die eerste opvoedkundig-wetenskaplike stelsel in Liggaamlike Opvoeding geword (De Klerk, 1978).

Hierdie baanbrekerswerk op die terrein van Liggaamlike Opvoeding het tot gevolg gehad dat die vak ingestel is in skoolkurrikulums regoor die wêreld, nadat John Dewey en sy kollegas drastiese onderwyservorming voorgestel het (Neill, 2005).

## 1950 - 2009

Die basiese doelwitte en uitkomst van Liggaamlike Opvoeding verskil oor die laaste 50 jaar drasties van mekaar in verskillende lande, in 'n poging om te voldoen aan die vereistes van die spesifieke plek en tyd waar dit aangebied word. Sekere lande, byvoorbeeld die Verenigde State van Amerika, Engeland en Suid-Korea (Pühse & Gerber, 2005), fokus meer op fisieke fiksheid en gesondheid; ander lande, byvoorbeeld Australië, Brasilië en Ghana, plaas weer 'n sterk klem op sportprestasies, terwyl daar by ander, byvoorbeeld Tunisië en Suid-Afrika, baie aandag gegee word aan sosiale vaardighede. Hedendaagse Liggaamlike Opvoeding-kurrikulums poog om kinders en jongmense toe te rus met kennis, vaardighede en waardes om 'n gesonde lewenstyl te probeer handhaaf (Anon, 2009b).

In Amerika gebruik sekere Amerikaanse skole byvoorbeeld Liggaamlike Opvoeding as 'n teenvoeter vir die obesiteitsprobleem in die land. Programme sluit onder andere in fisieke fiksheid, ontwikkeling van motoriese vaardighede, asook kennis en begrip van reëls, konsepte en strategieë om kinders en jongmense te leer om tydens kompetisies as 'n span saam te werk (NASPE, 2004).

Soos reeds aangedui, verskil die doelwitte en uitkomst van Liggaamlike Opvoeding in verskillende lande juis omdat elke land unieke omstandighede en behoeftes het wat aangespreek moet word. Juis om hierdie rede verskil Liggaamlike Opvoeding-kurrikulums in verskillende lande van mekaar, maar omdat daar in die oorgrote meerderheid van lande op fisieke fiksheid, en gesondheid en sport gekonsentreer word, sluit die Liggaamlike Opvoeding-kurrikulums in hierdie lande kategorieë in soos wateraktiwiteite, kondisioneringsaktiwiteite, 'n groot verskeidenheid span- en individuele sportsoorte, asook rekreasie-aktiwiteite (Anderson, 1989). Liggaamlike Opvoeding het dus van die destydse tradisionele militaristiese tipe gimnastiek-aktiwiteite verander na 'n spesialisarea met meerdoelige tipe uitkomst rakende fisieke fiksheid, gesondheid en sport.

Die kwaliteit van Liggaamlike Opvoeding wat in die verskillende lande aangebied word, word direk bepaal deur die beskikbaarheid van fondse, personeel, fasiliteite, apparaat en toerusting. Liggaamlike Opvoeding verskil van ander akademiese vakke in die sin dat die grootste gedeelte van die inhoud van die vak praktiese deelname vereis (Anderson, 1989). Daar is ook baie meer navorsing gedoen in Liggaamlike Opvoeding gedurende die afgelope 20 tot 30 jaar om programme van gehalte daar te stel vir die verbetering van die fisieke fiksheid, gesondheid en sportprestasies van kinders en jongmense.

Volgens Jensen en Overman (2003) is daar die laaste 20 tot 25 jaar redelik groot meningverskille tussen 'n groot aantal lande oor die aanbod van Liggaamlike Opvoeding. Een van die uitkomst van Liggaamlike Opvoeding is om kinders en jongmense se vermoë te verbeter tydens spanwerk en sportdeelname, maar die vak bly primêr verantwoordelik vir die ontwikkeling en instandhouding van fisieke fiksheid. Die argument is dus dat kinders en jongmense wat minder talentvolle sportmanne en vroue is en nie so baie hou van oefen nie, maklik 'n gevoel kan ontwikkel dat hulle nie goed genoeg is nie, verwerping ervaar, en sodoende nie aan Liggaamlike Opvoeding-periodes wil deelneem nie. Assesseringspraktyke in Liggaamlike Opvoeding is dus van uiterste belang, en alle leerders – goeie sowel as swakker presteerders in fisieke aktiwiteit en sport – moet gelyke geleenthede kry om aanvaarbare graderings tydens assessering in Liggaamlike Opvoeding te verwerf (Jensen & Overman, 2003). Deelname behoort dus baie meer waarde te dra as prestasie.

Assessering in Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika maak tans gebruik van 'n stelsel waar die deelname aan Liggaamlike Opvoeding-periodes 'n aansienlike groter gewig dra as die werklike prestasies wat kinders in die spesifieke aktiwiteite behaal (DoE, 2008).

Liggaamlike Opvoeding het in verskeie lande 'n bloeitydperk beleef gedurende die vyftiger tot sewentigerjare, maar as gevolg van veranderende lewensomstandighede en die fokus



op professionele kwalifikasies en welvaart het Liggaamlike Opvoeding die laaste tien tot 15 jaar 'n laer status begin ervaar teenoor ander, meer akademiese vakke soos Wiskunde en Wetenskap. Gevolglik is minder tyd aan die vak afgestaan, en moes Liggaamlike Opvoeding in verskeie lande sterk meeding om fondse en sy regmatige plek in die skoolkurrikulum. Met die klemverskuiwing na gesondheid en lewenslange deelname aan sport en fisieke aktiwiteit in die huidige samelewing, het Liggaamlike Opvoeding weer opnuut 'n fokuspunt in skoolkurrikulums in verskeie lande in die wêreld geword, en lê daar 'n plig op alle betrokkenes by die vak om seker te maak dat daar aan alle verwagtings en standaarde voldoen word om die vak se voortbestaan en verbetering in die toekoms te verseker (Van der Merwe, 1999; Tinning, 2004; Feingold & Holland-Fiorentino, 2005; Fisher, 2005; Lei & Jichun, 2005).

Uit die historiese verloop wat in die vorige paragrawe beskryf is, blyk dit duidelik dat die waarde van Liggaamlike Opvoeding op skool vir kinders en jongmense onontbeerlik is. Gevolglik word daar nou kortliks gekyk na die waarde van Liggaamlike Opvoeding vir kinders en jongmense.

## **2.3 Waarde van Liggaamlike Opvoeding vir kinders en jongmense**

Willmore *et al.* (2008) beskou die 1990's as uiters belangrik, aangesien dit gedurende hierdie tydperk is dat die mediese beroep amptelik erkenning gegee het aan die feit dat fisieke aktiwiteit absoluut noodsaaklik is vir liggaamlike gesondheid. In 1992 het die Amerikaanse Hartstigting verklaar dat fisieke onaktiwiteit een van die hooforsake van kardiovaskulêre siektetoestande is, gelykstaande aan faktore soos rook, hoë vlakke van kolesterol en hoë bloeddruk (Willmore & Costill, 2004:606). Gedurende die daaropvolgende jare het verskeie Amerikaanse Gesondheids-organisasies die belangrikheid van fisieke aktiwiteit as voorkoming vir kardiovaskulêre en kroniese siektetoestande beklemtoon. Willmore en Costill (2004:230) toon ook aan dat fisieke aktiwiteit en oefening nie net voorkomend kan wees vir siektetoestande nie, maar dat dit met groot sukses vir rehabilitasiedoeleindes aangewend kan word vir siektetoestande soos kanker, diabetes en obesiteit, asook ná hartoorplantings en ná heup- en knieervangings. Hierdie siening word sterk ondersteun deur die Berlynse Agenda asook die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO), wat pertinent daarop wys dat Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit gesondheid by jongmense en kinders bevorder. Die Amerikaanse Geneesheer-Generaal se verslag in 1996 het egter skokkende syfers bekend gemaak wat duidelik aangetoon het dat die meerderheid volwassenes asook

jongmense in Amerika se aktiwiteitsvlakke te laag is om enigsins hul gesondheid te bevorder. Inisiatiewe is begin om fisieke aktiwiteit en oefening onder die totale bevolking, maar spesifiek onder kinders en jongmense in skole, te bevorder (Willmore & Costill, 2004:607). Hierdie inisiatiewe, wat reeds in 1989 onder leiding van President George W Bush begin is met 'n nasionale Onderwysberaad, sou lei tot die publiserings van "Moving into the Future: National Standards for Physical Education: A Guide to Content and Assessment" (NASPE, 2004) in die Verenigde State van Amerika in 1995. Dit was 'n voortsetting van die "Goals 2000; Educate America Act" wat in Maart 1994 aanvaar is en onderwysstandaarde ingeskryf het in die Amerikaanse Federale Wet (NASPE, 2004:1). Afdeling twee van hierdie Wet verwys na Onderwysstandaarde, en die Nasionale Onderwysstandaarde-Verbeteringsraad (NESIC) is gestig met die opdrag om sertifiseringskriteria saam te stel om te verseker dat alle Onderwysstandaarde in Amerika internasionaal vergelykbaar is, dat die standaard net die beste kennis oor onderrig en leer insluit, en ook alle rolspelers se insette insluit tydens die opstelling van hierdie standaard (NASPE, 2004:1). Hierdie Onderwysstandaarde vorm vandag die hoeksteen van die Amerikaanse onderwysstelsel. In Liggaamlike Opvoeding is daar daadwerklike pogings aangewend om assesseringsinstrumente te ontwikkel om by die assesseringstandaarde aan te pas, en uiteindelik is die tweede weergawe van "Moving into the Future: National Standards for Physical Education" in 2004 vrygestel. Hierdie weergawe van NASPE het geen assesseringstegnieke ingesluit nie; dit bevat voorbeelde van prestasie-uitkomst wat voorbeelde insluit van progressiewe gedrag van kinders wat die uitkomst bereik (NASPE, 2004:1).

Kinders en jongmense is minder blootgestel as volwassenes aan al bogenoemde siektetoestande, alhoewel hulle beslis nie daarteen gevrywaar is nie. Volgens Pate en Hohn (1994) en Strydom (1990) is die belangrikste bydrae wat fisieke aktiwiteit dus op kinders kan hê, die positiewe invloed op hul lewenslange oefenpatrone. In die lang termyn sal hierdie lewenslange oefenpatrone baie beslis kinders en jongmense se gesondheid as volwassenes bevoordeel. Juis om hierdie rede word daar gepoog om massa-deelname aan Liggaamlike Opvoeding te bevorder deur dit verpligtend te maak vir alle leerders. Die duidelikste gesondheidsvoordeel van 'n fikse en aktiewe leefstyl is die verminderde risiko om verskeie kroniese siektes te ontwikkel (Du Toit, 2004). Kinders en jongmense is oor die algemeen ook minder geneig om kroniese siektes te ontwikkel. Volgens Du Toit. (2004), is die grootste bekommernis vir kinders en jongmense ongewenste swangerskap, dwelmmisbruik, fisieke en seksuele aanranding en angsversteurings. Die meeste sterftes in hierdie ouderdomsgroepe is as gevolg van geweld en ongelukke. Fisieke fiksheid en aktiwiteit sal heel waarskynlik nie 'n direkte invloed uitoefen op bogenoemde probleme nie,

maar indirek kan die betrokkenheid by fisieke aktiwiteit die kinders en jongmense positief besig hou, wat minder tyd laat om aan bogenoemde gevare blootgestel te word.

Hoekom is fisieke aktiwiteit dan belangrik vir kinders en jongmense?

- Sekere mediese probleme, soos insulien-afhanklike asook nie-insulien afhanklike diabetes en obesiteit met hul verwante komplikasies, kan verlig word deur gepaste oefening. (Pate & Hohn, 1997; Strydom, 1990)
- Fisieke aktiwiteit bevorder die groeifunksie in die liggaam. Alhoewel daar onduidelikheid is oor hoeveel oefening nodig is, word daar beslis geglo dat oefening nodig is vir groei. (Pate & Hohn, 1997; Strydom, 1990)
- Positiewe vryetydsbesteding deur te oefen en aan fisieke aktiwiteit deel te neem, laat minder tyd vir kinders en jongmense om betrokke te raak by ongewenste praktyke soos dwelmmisbruik en geweld. (Pate & Hohn, 1997; Strydom, 1990)
- Die belangrikste bydrae wat fisieke aktiwiteit by kinders en jongmense tot gevolg kan hê, is 'n positiewe invloed op hul lewenslange oefenpatrone (Pate & Hohn, 1997; Strydom, 1990).

Daar is egter geen waarborg dat fisieke aktiwiteit lewenslange oefengewoontes by latere volwassenes vestig nie. Daar word tog baie beslis geglo dat goeie oefengewoontes by kinders en jongmense oorgedra word na goeie oefengewoontes in hul volwasse jare. Dit is dus van die uiterste belang dat kinders en jongmense die fisieke aktiwiteite waaraan hulle blootgestel word, sal geniet, en dat hierdie fisieke aktiwiteite aan sekere standarde sal voldoen.

Liggaamlike Opvoeding is baie beslis een van die belangrikste instrumente in die proses om alle kinders en jongmense aan oefening en fisieke aktiwiteit bloot te stel. 'n Wye verskeidenheid fisieke aktiwiteite en oefening word in Liggaamlike Opvoeding aangebied om alle kinders en jongmense se belangstellings te akkommodeer. Aktiwiteite sluit in sport en spele, fisieke fiksheid, rekreasie-aktiwiteite, onder andere water-aktiwiteite, opvoedkundige gimnastiek, opvoedkundige en ritmiese dans, fietsry, "staptogte", "white water rafting", "oriëntering" en nog vele meer (DoE, 2008). Daar word dus alles moontlik gedoen om letterlik alle kinders en jongmense by Liggaamlike Opvoeding te betrek met die aanbod van hierdie wye verskeidenheid aktiwiteite. Indien die vak deur goed opgeleide, entoesiastiese onderwysers aangebied word, kan alle kinders en jongmense, ook die sogenaamde lomp of oorgewig kinders, deelneem aan Liggaamlike Opvoeding. Sodoende

kan kinders en jongmense 'n liefde kweek vir oefening en fisieke aktiwiteit, lewenslange oefenpatrone vestig in aktiwiteite waarvan elkeen hou, en sodoende hul gesondheid bevorder. Indien die onderwysers egter nie goed opgelei en entoesiasies is nie, kan dit die teenoorgestelde uitwerking tot gevolg hê: die onaktiewe of sedentêre kinders en jongmense kan 'n verdere afsku aan oefening en fisieke aktiwiteit ontwikkel en ontwikkel in onaktiewe volwassenes met nadelige gesondheidsrisiko's. Die ingryping van Nasionale regerings en Onderwysdepartemente regoor die wêreld is dus uiters noodsaaklik om toe te sien dat Liggaamlike Opvoeding wel in alle skole aangebied word, die opleiding van onderwysers aan spesifieke minimum vereiste voldoen, en dat daar voldoende apparaat en toerusting beskikbaar is om Liggaamlike Opvoeding te voorsien wat aan spesifieke minimum standarde voldoen. Al hierdie punte is vervat in die Berlynse Agenda (DoE, 2000) en is aanvaar deur die ministers en senior amptenare verantwoordelik vir Liggaamlike Opvoeding en Sport van die meer as 80 lande wat deelgeneem het aan die MINEPS III Wêreldberaad oor Liggaamlike Opvoeding en Sport, wat in 1999 in Punta del Este, Brasilië, gehou is.

Gallahue en Cleland Donnely (2003) brei breedvoerig uit oor die gesondheidsvoordele van oefening en fisieke aktiwiteit tydens Liggaamlike Opvoeding en sport vir kinders, jongmense en volwassenes. Fisieke aktiwiteit en oefening met gewigte versterk en bevorder beengroei. Die omtrek van bene in die liggaam vergroot as gevolg van oefening en beendigtheid verhoog as gevolg van vermeerdering van mineraalneerslae, wat weer die beenstruktuur oor die algemeen versterk. Spiermassa word verhoog en spierkrag word vermeerder as gevolg van fisieke aktiwiteit en oefening (Willmore *et al.*, 2008:385-386). Fisieke aktiwiteit en oefening waaraan kinders en jongmense deelneem tydens Liggaamlike Opvoeding en sport verbeter die senuweestelsel, kardiovaskulêre, respiratoriese asook metaboliese funksie in die menslike liggaam. Motoriese vermoëns en sportprestasie word baie beslis positief beïnvloed deur fisieke aktiwiteit en oefening. Meer vetverbranding vind in die liggaam plaas tydens fisieke aktiwiteit en oefening, wat tesame met 'n gesonde dieet 'n goeie teenvoeter is vir die obesiteitsprobleem wat onder kinders en jongmense in verskeie lande van die wêreld, byvoorbeeld die VSA, Engeland en Suid-Afrika, voorkom. McArdle *et al.* (2003:698) stel dit onomwonde dat Liggaamlike Opvoeding as gevolg van al hierdie gesondheidsvoordele reeds van laerskool af op 'n daaglikse basis vir alle kinders en jongmense aangebied moet word – 'n standpunt wat baie nou aansluit by UNESCO se verklaring dat Liggaamlike Opvoeding die basiese reg van elke kind en jongmens is.

Spamer (2008) wys daarop dat een van die primêre waardes van Liggaamlike Opvoeding op skool die vroeë talent-identifisering van potensiële top-presteerders is, en dat skole 'n

uiters belangrike rol speel in talent-identifisering van goeie sportmanne en -vroue omdat die kwaliteit van basiese motoriese vaardighede by kinders en jongmense in 'n groot mate gekoppel kan word aan die kwaliteit van Liggaamlike Opvoeding wat by 'n skool aangebied word. In 'n gesprek met 'n Skool-Gebaseerde Onderwysstudent van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, by 'n Laerskool in Kimberley is hierdie punt sterk ondersteun (Boonzaaier, 2009). Twee jaar gelede is daar spesifiek in die Liggaamlike Opvoeding-periodes begin met basiese bal-hanteringsvaardighede by die kinders omdat dit kommerwekkend verswak het. Volgens die student is daar 'n merkbare verbetering in bal-hanteringsvaardighede onder veral die rugby- en netbalspelers by die spesifieke laerskool (Boonzaaier, 2009). Van Rossum en Gagné (2006) stel dit onomwonde dat Liggaamlike Opvoeding in skole gemik daarop is om die kinders en jongmense se gesondheid te bevorder en dus nie uitsluitlik vir talent-identifisering gebruik kan word nie. Spamer (2008) beskryf die Australiese Sportkommissie se Talent-identifiseringsprogram waar skole uitgenooi word om die Talent-identifiseringstoetse te gebruik en dan die toetsresultate in te stuur na die Sportkommissie se Talent-identifiseringseenheid. Hierdie Talent-identifiseringstoese word regdeur Australië deur Liggaamlike Opvoeding-onderwysers behartig (Spamer, 2008:12). Australië se sportsukses op talle sportterreine is wêreldwyd wel bekend aan 'n ieder en 'n elk in die wêreld-sportgemeenskap. Opsommend blyk dit dat fisieke aktiwiteit en oefening, wat die kern uitmaak van Liggaamlike Opvoeding en sport, uiters belangrike waardes soos gesondheidsvoordele, ontwikkeling van motoriese vermoëns, talent-identifisering en ontwikkeling van sportvaardighede vir kinders en jongmense inhou.

'n Kort oorsig oor die hedendaagse internasionale stand van Liggaamlike Opvoeding volg in die volgende gedeelte. Om 'n sinvolle evaluering van die status en stand van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika te kan doen, is dit noodsaaklik om kennis te neem van die vak se status en stand op internasionale vlak.

## **2.4 Hedendaagse internasionale stand van Liggaamlike Opvoeding**

Adolf Ogi (2005), spesiale raadgewer oor sport aan die voormalige Sekretaris-Generaal van die VVO, Kofi Anan, stel dit baie duidelik dat dit 'n fundamentele reg is van elke individu en in besonder elke kind en jongmens om te mag speel en aan sport te mag deelneem. Hierdie standpunt is 'n voortsetting van die Internasionale Handves vir Liggaamlike Opvoeding en Sport van die Verenigde Nasies se Onderwys- en Kultuur-organisasie (UNESCO), asook die oproep tot aksie ten opsigte van Liggaamlike

Opvoeding en Sport deur regerings en ministeries verantwoordelik vir opvoeding en sport tydens die Wêreldberaad vir Liggaamlike Opvoeding in Berlyn in 1999, waar die Berlynse Agenda opgestel en aanvaar is. Die Berlynse Agenda spel dit duidelik uit dat skole vir elke kind en jongmens die geleentheid kan en moet bied om meer as een keer per week aan gestruktureerde Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit van matige tot hoë vlakke van intensiteit deel te neem (ICSSPE, 1999; DoE, 2000). Ogi (2005:8) toon verder aan dat Liggaamlike Opvoeding by uitstek die belangrikste instrument is om 'n sportkultuur binne gemeenskappe te vestig en sodoende die reg tot sport, spele en rekreasie vir elke individu te waarborg. Hierdie reg tot spele impliseer volgens Ogi (2005:8) ook die reg om deur 'n kundige, gekwalifiseerde Liggaamlike Opvoeder onderrig te word sowel as die reg tot kwaliteit Liggaamlike Opvoeding. Liggaamlike Opvoeding in skole is wêreldwyd 'n prioriteit wat 'n uiters belangrike bydrae lewer tot oefening en fisieke aktiwiteit vir alle leerders (Ogi, 2005:8). Die vak word egter nie oral in die wêreld met die nodige erns hanteer nie – vandaar die bekommernis van UNESCO oor die stand van Liggaamlike Opvoeding in skole wêreldwyd (DoE, 2008). As gevolg van hierdie wydverspreide bekommernis oor Liggaamlike Opvoeding het die “International Council of Sport Science and Physical Education” (ICSSPE) 'n wêreldwye ondersoek geloods na die toestand en status van Liggaamlike Opvoeding (Hardman, 2005:12). Ken Hardman en Joe Marshall (2000) het gevind dat daar goeie praktyk ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding in talle lande voorkom, veral waar die regerings hulleself deur middel van wetgewing verbind het tot die vak, maar dat in baie ander lande groot tekortkominge soos 'n gebrek aan finansies, fasiliteite asook materiële en menslike hulpbronne in die vak voorkom. Ogi (Hardman, 2005:8) is dus realisties in sy siening dat Liggaamlike Opvoeding wêreldwyd voortdurend agteruitgaan in die formele onderwyssektor. Talle kinders en jongmense het nie die geleentheid om te kan speel nie of word nie toegelaat om te kan speel nie omdat daar nie voldoende fasiliteite beskikbaar is nie. Dit is dus van kardinale belang dat Liggaamlike Opvoeding en sport in formele sowel as informele onderwys versterk en beskerm moet word om vir kinders en jongmense die geleentheid te gee om te kan deelneem en tot hulle volle fisieke potensiaal te kan ontwikkel.

Volgens Ogi (Pühse & Gerber, 2005:8) moet Liggaamlike Opvoeding wêreldwyd baie sterk wetenskaplike ondersteuning kry om sy regmatige plek in die skoolkurrikulum te kan inneem en behou. Ogi verwys in sy voorwoord in “International Comparison of Physical Education” van Pühse en Gerber (2005) dat Liggaamlike Opvoeders van oor die hele wêreld deel moet wees van hierdie proses van vergelykende Liggaamlike Opvoeding. Sodoende kan daar 'n internasionale taal vir Liggaamlike Opvoeding geskep word waarmee al die nuutste tendense en neigings in die vak met mekaar gedeel kan word, en

ook hoe die krisis wat in verskillende wêreldlande in die vak ondervind word, hanteer kan word. Die Verenigde Nasies (VN) en in besonder UNESCO moedig navorsers in Liggaamlike Opvoeding aan om wêreldwye begrip vir die noodsaaklikheid van Liggaamlike Opvoeding toe te lig en te verbeter. Liggaamlike Opvoeding en Sport is van die belangrikste instrumente in die lewens van kinders en jongmense in die proses van volwasse-wording (Pühse & Gerber, 2005).

Gudrun Doll-Tepper, president van die “International Council of Sport Science and Physical Education” (ICSSPE), en Koïchiro Matsuura, Direkteur-Generaal van UNESCO, ondersteun hierdie argumente van Ogi ten volle (Pühse & Gerber, 2005:9-11). ICSSPE is reeds sedert die jare sewentig, tydens die eerste Internasionale Konferensie van Ministers en Senior Amptenare verantwoordelik vir Liggaamlike Opvoeding en Sport (MINEPS I), gehou in April 1976 in Parys, bekommerd oor die afname in die teenwoordigheid van Liggaamlike Opvoeding in skole (Pühse & Gerber, 2005). MINEPS II is 12 jaar later in November 1988 in Moskou gehou, met soortgelyke sentimente as tydens MINEPS I. Vandaar die verskillende wêreldwye inisiatiewe om Liggaamlike Opvoeding te versterk en hierdie afname-tendens te probeer teenwerk. Enkele van hierdie inisiatiewe sluit onder andere in die Wêreldberaad van Liggaamlike Opvoeding in November 1999 in Berlyn, Duitsland (Berlynse Agenda) – hierdie aspek word later breedvoerig bespreek; die MINEPS III konferensie in Punta del Este in Desember 1999; die UNESCO rondetafel gesprek in Parys in Januarie 2003; die VN se taakspan vir Sport vir Ontwikkeling en Vrede; die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) se wêreldwye Strategie oor Dieet, Fisieke Aktiwiteit en Gesondheid; die rol van Liggaamlike Opvoeding en Sport in Onderwys-navorsingsprojek (SpinEd); die MINEPS IV konferensie in Athene in Desember 2004; asook die VN se Internasionale Jaar vir Sport en Liggaamlike Opvoeding in 2005 (Pühse & Gerber, 2005:11). Op 7 Julie 2009 is hierdie inisiatiewe om Liggaamlike Opvoeding wêreldwyd in skole uit te bou en te versterk tydens ICSSPE se konferensie in Brisbane, Australië voortgesit. (Pühse & Gerber, 2005:11)

Doll-Tepper (2005) wys daarop dat huidige navorsing toon dat daar baie min verandering is ten opsigte van die stand van Liggaamlike Opvoeding in minder ontwikkelde asook ontwikkelende lande, en gemengde welslae in ontwikkelde lande voorkom. Soos aangedui in die kort literatuuroorsig in Hoofstuk 1 en soos verder in hierdie hoofstuk bespreek, is daar beslis voorbeelde van goeie praktyk rakende Liggaamlike Opvoeding in skole in sekere lande, en veral in lande wat erns maak met hul prestasies in wêreldsport. Die verantwoordelikheid om toe te sien dat Liggaamlike Opvoeding sy noodsaaklike, regmatige plek in 'n land se skoolkurrikulum beklee, berus uitsluitlik op regeringsvlak en op die vlak van die Departement van Nasionale Onderwys. Dit is dié Departement wat

verantwoordelik is vir die saamstel van skoolkurrikulums, maar terselfdertyd ook verantwoordelik is vir die gesondheid en sportprestasies van die spesifieke land. Volgens die Wêreldforum vir Fisieke Aktiwiteit en Sport wat in 1995 in Québec gehou is (ICSSPE, 1999), word kinders en jongmense wat aangemoedig word om aan fisieke aktiwiteit deel te neem, bevoordeel in die sin dat hulle goeie gesondheidsgewoontes aanleer en gevaarlike gewoontes soos rook en dwelmmisbruik afleer. Die verbetering van hul selfbeeld asook positiewe tydsbenutting deur middel van fisieke aktiwiteit kan selfs klaskamerprestasies verbeter (ICSSPE, 1999). Navorsing wat in 2007 gedoen is om die effek van 'n grootspierontwikkelingsprogram op die motoriese vaardighede en selfbeeld van direk geaffekteerde MIV/VIGS-leerders te bepaal, het getoon dat fisieke aktiwiteit wel 'n verbetering op die selfbeeld van hierdie spesifieke groep kinders gehad het (Van der Merwe, 2007). Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) stel die volgende uitkomstevir Liggaamlike Opvoeding in skole (ICSSPE, 1999:125):

- 1) Dit vorm die grondslag vir 'n lewenslange aktiewe leefstyl;
- 2) Dit ontwikkel en bevorder die gesondheid van kinders en jongmense;
- 3) Dit verskaf genot, vermaak asook goeie sosiale interaksie; en
- 4) Dit help voorkom en verminder toekomstige gesondheidsprobleme.

Die oorgrote meerderheid skole in baie lande kan nie hierdie uitkomstebereik nie as gevolg van onvoldoende tyd in die kurrikulum asook onvoldoende menslike en materiële hulpbronne vir Liggaamlike Opvoeding (ICSSPE, 1999:125). Die vernaamste rede hiervoor is die traak-my-nieagtige houding teenoor die absolute noodsaaklikheid van Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit vir kinders en jongmense. Hierdie ingesteldheid van beleidmakers, onderwysers, professionele persone, ouers asook ander bekommerde groepe kan volgens ICSSPE (1999) toegeskryf word aan 'n gebrek aan kennis oor die belangrikheid van Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit asook die voordele daarvan vir jongmense en kinders.

Hardman (2005) stem hiermee saam en ondersteun Doll-Tepper (2005) ten opsigte van die stand en status van Liggaamlike Opvoeding wêreldwyd (Pühse & Gerber, 2005:12-18). Hy verduidelik breedvoerig die wêreldwye ondersoek oor die stand en status van Liggaamlike Opvoeding en gee terugvoering oor Liggaamlike Opvoeding vanaf die VSA, regoor Europa, die Midde- en Verre Ooste, Australië en Nieu-Seeland asook Afrika-lande. Hardman verwys ook na die verandering in die status van die vak in Suid-Afrika tot deel



van die leerarea Lewensoriëntering (Hardman, 2005:15). Hierdie aspek word aan die einde van hierdie hoofstuk in besonderhede bespreek.

Samevattend is dit dus duidelik dat daar wel goeie praktyke in Liggaamlike Opvoeding in sekere lande soos byvoorbeeld Engeland en Australië (Hardman, 2005) voorkom, maar dat die vak oor die algemeen swaarkry en selfs agteruitgaan as gevolg van 'n gebrek aan finansies vir fasiliteite en toerusting en ook omdat vakke soos Wiskunde en Wetenskap as belangriker beskou word en voorkeur kry in die skoolkurrikulum.

In die volgende gedeelte word baie kortliks gekyk na die hedendaagse stand en status van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika. Hierdie is net 'n kort aansluiting by die res van die wêreld. Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika word later in hierdie hoofstuk meer volledig bespreek.

## **2.5 Hedendaagse stand van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika**

Die geskiedenis van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika is van die vroegste tye af sterk deur die blankes oorheers. Slegs 'n beperkte aantal Kleurling-, Indiër- en Swart skole het Liggaamlike Opvoeding as vak aangebied. In die middel dertigerjare is Liggaamlike Opvoeding as 'n verpligte vak in sekondêre skole in Suid-Afrika ingestel, en die vak sou oor die volgende 50 jaar sterk ontwikkel, maar grootliks in Blanke onderwys (Van der Merwe, 1999:289).

Liggaamlike Opvoeding in skole in Suid-Afrika ondervind soortgelyke probleme as in die res van die wêreld: swak opgeleide onderwysers, lae status van die vak, nie 'n eksamenvak nie, gebrek aan fasiliteite en geen apparate (Pühse & Gerber, 2005; DoE, 2008). Ander faktore wat 'n baie belangrike invloed op Liggaamlike Opvoeding in skole in die Suid-Afrikaanse konteks gehad het, is die veranderde politieke landskap. Die Apartheidsera van voor 1994 het meegebring dat Liggaamlike Opvoeding net in sekere bevoordeelde skole aangebied is (Van der Merwe, 1999). Die Demokratiese bedeling van ná 1994 het Liggaamlike Opvoeding gevestig as een van die uitkomstes van die leerarea Lewensoriëntering, wat uiteindelik in 2008 in alle grade geïmplementeer is met die gepaardgaande uitdagings wat aangeraak is in die eerste paar reëls van hierdie paragraaf (DoE, 2000; Hardman, 2005; DoE, 2008).

Die skoolkurrikulum in Liggaamlike Opvoeding het verskeie veranderinge ondergaan die afgelope paar jaar, met 'n herdefiniëring van die doel asook verskillende maniere om die

program-uitkomst te bereik (Du Toit, 2004). In die Suid-Afrikaanse-konteks is dit uiters noodsaaklik dat hierdie program-uitkomst so saamgestel word dat dit bereikbaar sal wees vir die diverse spektrum van skole en skoolgemeenskappe in die Suid-Afrikaanseskole-landskap. Talle van hierdie skole het geen opgeleide personeel nie, geen fasiliteite, geen apparate nie, en in heelwat van die Suid-Afrikaanse skole is daar 'n kultuur van geen buite- of ko-kurrikulêre aktiwiteite wat kan bydra tot fisieke aktiwiteit en oefening by leerders nie. Later in hierdie hoofstuk word daar in meer diepte na die geskiedenis, bedryf, stand en status van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika gekyk.

Die volgende gedeelte handel oor die bedryf van Liggaamlike Opvoeding in enkele ontwikkelde lande, naamlik die Verenigde State van Amerika (VSA), Engeland en Australië. Hierdie drie ontwikkelde lande is gekies op grond van die status en stand van Liggaamlike Opvoeding in hul onderskeie skoolkurrikulums asook hul onlangse goeie prestasies in die internasionale sport-arena. In die VSA het bekommernis oor gesondheid aanleiding gegee tot nasionale hervorming van Liggaamlike Opvoedings-programme, wat in 1995 aanleiding gegee het tot die vasstelling van die "National Standards for Physical Education" (NASPE). Hierdie standaard word tot op hede nog gebruik as riglyn vir die vasstelling van kurrikulums, en vir die aanbieding sowel as assessering van Liggaamlike Opvoeding in alle state in die VSA (NASPE, 2004; Du Toit *et al.*, 2007). In Engeland is Liggaamlike Opvoeding in 1992 weer heringestel as deel van die skoolkurrikulum as regeringsinisiatief om deelname aan sport te verhoog asook om hoër standaarde in sportdeelname op internasionale vlak te bevorder (Fisher, 2005; Du Toit *et al.*, 2007). Na die instelling van 'n nuwe nasionale kurrikulum in 1992 in Australië, die sogenaamde agt "Key Learning Areas" (KLA), met Liggaamlike Opvoeding as deel van KLA "Health and Physical Education", is daar baie sterk gefokus op die bydrae van Liggaamlike Opvoeding in gesondheidsbevordering asook die bydrae tot sportontwikkeling op skoolvlak (Curriculum Corporation, 1994; Penney & Kirk, 1996; Tinning, 2004;; Du Toit *et al.*, 2007).

Om 'n sinvolle evaluering van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole te kan doen is dit belangrik om te kyk na die status en stand van die vak in ander lande om sodoende 'n vergelyking te kan tref tussen Suid-Afrika en hierdie verskillende lande.

## **2.6 Bedryf van Liggaamlike Opvoeding in skole in enkele ontwikkelde lande**

### **2.6.1 Verenigde State van Amerika**

Die status van Liggaamlike Opvoeding in die Verenigde State van Amerika (VSA) word bespreek; verder word daar ook gekyk na onderrigtyd vir die vak, befondsing vir fasiliteite, toerusting en opleiding, assessering, uitkomst en inhoude, algemene ondersteuning, asook die toekoms van die vak. Hierdie spesifieke sewe sub-hoofde sal deurgaans in die bespreking van die VSA, Engeland en Australië behandel word.

#### **Status van Liggaamlike Opvoeding**

Die status van Liggaamlike Opvoeding in die VSA het die afgelope vyf jaar aansienlik verhoog en het sterk ondersteuning van veral die politici ontvang. Navorsing ondersteun fisieke aktiwiteit onder kinders en volwassenes baie sterk in 'n poging om die koste van gesondheidsorg in die VSA te verlaag (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005:700). Navorsingsresultate het bewys dat matige aktiwiteitsvlakke 'n merkbare positiewe invloed op kroniese hartvatsiektes, kolon- en borskanker, osteoporose, diabetes, obesiteit, stres en depressie het (Sallis & McKenzie, 1991; U.S. Department of Health & Human Services, 1991; Raitakan *et al.*, 1994; Blair *et al.*, 1996; Centre for Disease Control, 2000). Ander navorsers het ook die verband tussen fiksheid en verbeterde kognitiewe en akademiese prestasies bevestig (Shephard & Lavelle, 1994; Sallis & McKenzie, 1999).

Ondanks die feit dat die Amerikaanse publiek bewus is van hierdie voordele van fisieke aktiwiteit asook die oproep ter ondersteuning van die fisieke aktiwiteit onder kinders en jongmense vanuit mediese geleedere, is dit tog vreemd dat as gevolg van politieke druk die onderrigtyd vir Liggaamlike Opvoeding in sekere state verminder is. In die openbare oog is dit nie 'n uitgemaakte saak dat Liggaamlike Opvoeding die vak is waar fisieke aktiwiteit plaasvind wat kinders en jongmense se gesondheid bevoordeel nie. Die publiek glo intendeel dat Liggaamlike Opvoeding eerder 'n plek is waar sportvaardighede verbeter word vir die talentvolle sportmanne en -vroue, en dat dit juis nie hierdie uitgesoekte groep atlete is wat worstel met obesiteit en ander siektetoestande nie (Centre for Disease Control, 2000).

Die instelling van die nuwe prestasie-standaarde in die Onderwys onder die Bush-administrasie waarna vroeër in hierdie hoofstuk verwys is, veroorsaak ook dat daar baie

klem geplaas word op prestasies in akademiese vakke – wat nog meer druk op Liggaamlike Opvoeding plaas.

Om die klem te plaas op die proses van *deelname* aan Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit eerder as op *prestasie* daarin, is 'n uiters sensitiewe aangeleentheid en 'n deeglik beplande model moet gevolg word wat 'n positiewe gesindheid teenoor hierdie twee aspekte onder alle kinders en jongmense sal bevorder, en nie net die talentvolle sportpresteerders tot deelname sal inspireer nie. Dit is dus uiters belangrik dat die leerders in die eerste plek Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit moet geniet, dat daar goedbeplande programme in plek moet wees wat sover moontlik alle deelnemers se voorkeure en behoeftes probeer akkommodeer. Dit maak sin dat die Liggaamlike Opvoedings-programme gekoppel word aan lewensvaardighede; sodoende kan massa-deelname bewerkstellig word wanneer alle leerders besef wat die voordele van Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit vir hulle inhou. Bo en behalwe die gesondheidsvoordele wat Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit vir die leerders inhou, beleef hulle ook sosiale interaksie op 'n ander vlak – en dit is nie gekoppel aan vaardigheidsvlakke, geslag of etnisiteit nie. Alle leerders kan dus betrek word, nie net die talentvolle sportmanne en -vroue nie, en daar word so 'n wye verskeidenheid aktiwiteite ingesluit in Liggaamlike Opvoeding dat daar heel moontlik 'n aktiwiteit is wat die belangstelling van ieder en elk sal kan prikkel. Volgens die WGO (ICSSPE, 1999), Pate en Hohn (1994) en Strydom (1990) is die belangrikste bydrae van Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit om lewenslange oefenpatrone by kinders en jongmense te vestig.

## **Onderrigtyd**

Volgens Feingold en Holland-Fiorentino (2005:700) kom die druk in die VSA om die onderrigtyd van Liggaamlike Opvoeding te verminder vanuit die misverstand wat die publiek het van wat in die Liggaamlike Opvoeding-klasse gebeur. Grootliks as gevolg van onkundigheid (ICSSPE, 1999) is die breë publiek nie daarvan oortuig dat die Liggaamlike Opvoeding-periodes die plek is waar fisieke aktiwiteit aangebied word wat die gesondheid van kinders en jongmense bevoordeel nie. Die oorgrote meerderheid van die publiek bly glo dat Liggaamlike Opvoeding 'n program is waar sportvaardighede ontwikkel word vir die talentvolle sportmanne en -vroue, en dit is immers nie onder hierdie groep waar die obesiteitsprobleem voorkom nie (Centre for Disease Control, 2000). Die Amerikaanse publiek is oor die algemeen ongelukkig met alle onderwys (Pühse & Gerber, 2005). Om hierdie ontevredenheid van die publiek uit die weg te probeer ruim het die verskillende Amerikaanse state se Onderwysdepartemente hulleself verbind om skole meer verantwoordbaar te maak vir die prestasies van die leerders in alle skoolvakke. Die

sogenaamde “education accountability mandate” (Cibulka & Derlin, 1996) het sy beslag gekry in die ontwikkeling en instelling van gestandaardiseerde toetse vir alle akademiese vakke. In sommige state is hierdie toetsuitslae in plaaslike koerante gepubliseer om vir die publiek aan te dui presies hoe suksesvol elke spesifieke skool is in vakke soos Wiskunde, Wetenskap, tale ens. Hierdie openbaarmaking van leerders se prestasies het byna ’n historiese reaksie by skole tot gevolg gehad, en in ’n poging om leerders se prestasies in die sogenaamde belangrike vakke te verbeter, is daar meer onderrigtyd aan hierdie belangrike vakke toegeken en onderrigtyd is weggeneem by die minder belangrike vakke soos Liggaamlike Opvoeding (Wilkins *et al.*, 2003). Indien Liggaamlike Opvoeding by ’n spesifieke skool nie hoog aangeslaan word nie, sal daar beslis onderrigtyd by die vak weggeneem word, wat toelaatbaar is omdat tydstoedeling aan spesifieke vakke in elke skooldistrik onder die beheer van die plaaslike administrasie is.

Omdat onderwys in die VSA deur die verskillende state beheer word, bepaal elke staat sy eie vereistes, standarde asook leerderuitkomst. Oor die algemeen is onderrigtyd vir Liggaamlike Opvoeding tussen 60 en 150 minute per week (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005:703). Net die staat Illinois het onderrigtyd vir Liggaamlike Opvoeding op ’n daaglikse basis ingeruim (Pühse & Gerber, 2005). Meer as die helfte van die Amerikaanse state vereis verpligte Liggaamlike Opvoeding vanaf die Grondslagfase tot in Graad 12 (K-12), en dat Liggaamlike Opvoeding in die middel- en hoërskooljare deur ’n gekwalifiseerde Liggaamlike Opvoeding-onderwyser aangebied word (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005:703). Klasonderwysers is verantwoordelik vir Liggaamlike Opvoeding tydens die elementêre skooljare. Hierdie model kom veral in die stedelike gebiede soos New York City, Chicago, Los Angeles en San Francisco voor. Die res van die Amerikaanse state vereis gekwalifiseerde Liggaamlike Opvoeding-onderwysers vir alle fases. By verskeie geleenthede in verskillende Amerikaanse state is direkte pogings geloods om die onderrigtyd vir Liggaamlike Opvoeding te verminder as gevolg van die druk op prestasie in die onderwys. Gelukkig is die pogings elke keer deur die Liggaamlike Opvoeding-onderwysers, ondersteun deur professionele organisasies, afgeweer, maar die algemene gevoel is dat daar tog onderrigtyd vir Liggaamlike Opvoeding verlore geraak het oor die afgelope tien jaar.

## **Befondsing**

Net soos onderrigtyd vir Liggaamlike Opvoeding onder druk geplaas word, net so word die finansiering en befondsing van Liggaamlike Opvoeding onder voortdurende druk geplaas (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005:703). In ’n poging om Onderwysfinansiering te verbeter en te verseker dat kwaliteit onderwys aan leerders gebied word, word die

befondsing van sekere vakke soos Liggaamlike Opvoeding onder druk geplaas (Pühse & Gerber, 2005). Politici, ouers en skooladministrateurs onthou baie vinnig negatiewe ervarings wat hulle as kinders en jongmense tydens Liggaamlike Opvoeding-periodes beleef het, en hulle aanvaar net eenvoudig dat die huidige Liggaamlike Opvoeding-programme nog steeds dieselfde verouderde programme is. Indien hulle enigsins vermoed kinders geniet nie Liggaamlike Opvoeding-periodes nie, word die befondsing vir Liggaamlike Opvoeding eenvoudig verminder (Pühse & Gerber, 2005). Daar is egter sterk ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding van die “American Heart Association” asook die “Center for Disease Control” om lewenstylkwessies aan te spreek. Hierdie ondersteuning het bygedra tot ’n befondsing van \$50 miljoen vanaf die Amerikaanse regering aan skooldistrikte om onderrigprogramme in te stel wat gerig is op lewensvraagstukke soos gesondheid (Centre for Disease Control, 2000). Uiters belangrike lesse wat hieruit geleer moet word in alle lande van die wêreld is dat kinders en jongmense Liggaamlike Opvoeding moet geniet, en dat fisieke aktiwiteit nooit as ’n strafmaatreël gebruik moet word nie (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005:703).

### **Assessering**

Assessering bly een van die groot uitdagings in Liggaamlike Opvoeding in die VSA. Die versoeking om standaard-fiksheidstoetse en tradisionele sportvaardigheidstoetse as die enigste norme vir assessering te bly gebruik, is groot. Dit is uiters maklik om hierdie toetse te administreer en die kwantitatiewe syferwaardes wat in persentasies uitgedruk kan word, is baie duidelik en maklik verstaanbaar vir almal. Dit is baie meer ingewikkeld om gesindhede oor fisieke aktiwiteit, samewerking, verantwoordelikheid, kennis van die liggaam, oefening en voeding te assesseer. ’n Portefeulje wat handel oor ’n persoonlike fiksheids- en voedingsplan wat by verskillende omstandighede, toestande en ouderdom aangepas kan word, word hiervoor aangewend (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005:705).

Om in die nuwe veranderde Liggaamlike Opvoeding-model sosiale en persoonlike lewensvaardighede te assesseer is nie so maklik en eenvoudig nie. Liggaamlike Opvoeding-onderwysers het in hierdie verband die voortou geneem en rubrieke opgestel wat duidelike riglyne en kriteria insluit om gedrag wat spanwerk, samewerking, verantwoordelikheid, leierskap, probleemoplossing en kulturele bewustheid insluit, te assesseer (Hellison, 1995). Heelwat Liggaamlike Opvoeding-onderwysers het egter geen maatreëls in plek om verantwoordbaarheid oor hul assessering in hul vak te kan demonstreer nie. Hierdie onderwysers baseer hul graderings van leerders op moeilik verdedigbare assesserings-aspekte soos klasbywoning en korrekte kleredrag. Deelname aan die aktiwiteit eerder as klasbywoning is heel moontlik ’n baie meer verantwoordbare

kriterium. Soos vroeër reeds aangetoon, wil die Amerikaanse publiek meer verantwoordbaarheid in die onderwys in alle vakke sien (Pühse & Gerber, 2005), ook in Liggaamlike Opvoeding; daarom is enige Liggaamlike Opvoedings-programme wat nie verantwoordbare assesseringspraktyke insluit nie, 'n groot bedreiging vir die status van die vak, maar ook vir die vak oor die algemeen.

Die tradisionele A–F-graderingstelsel word gebruik vir die gradering van akademiese vakke in die VSA (Lund & Kirk, 2002). In die oorgrote meerderheid van skole in die VSA word Liggaamlike Opvoeding slegs met 'n slaag/druip gegradeer. Juis om hierdie rede word daar baie sterk onder akademiese personeel asook onder die leerders gevoel dat Liggaamlike Opvoeding-periodes nie ernstig opgeneem word nie. Die gebrek aan toewyding waarmee baie van die leerders aan die Liggaamlike Opvoeding-klasse deelneem, is dan ook 'n bewys van die erns wat hul daaraan heg. In skole waar die A–F-graderings vir Liggaamlike Opvoeding toegeken word, speel klasbywoning en kleredrag weer 'n rol in die assessering, wat weereens die standpunt ondersteun dat Liggaamlike Opvoeding nie ernstig opgeneem hoef te word nie. In die enkele skole waar Liggaamlike Opvoeding-assessering met goedbeplande, verantwoordbare rubrieke ondersteun word, beleef die vak beslis 'n beter status, maar nie dieselfde status as akademiese vakke soos Wiskunde en Wetenskap nie. Universiteite oorweeg net die akademiese vakke se punte vir toelating en nie dié van Liggaamlike Opvoeding nie, wat baie beslis daartoe bydra dat die publiek Liggaamlike Opvoedingsprogramme minder ondersteun.

Heelwat Liggaamlike Opvoeding-onderwysers het hul stemme laat opgaan vir 'n enkele punt en gradering vir Liggaamlike Opvoeding, soortgelyk aan dié vir vakke soos Wiskunde en Wetenskap. Dit word sterk teengestaan deur 'n groot groep professionele Liggaamlike Opvoeders wat vrees dat slegs 'n enkele fiksheids- of vaardigheids-assesseringspunt vir hierdie assessering gebruik sal word. Hierdie groep voel sterk dat die nuwe rigting wat Liggaamlike Opvoeding ingeslaan het, ondermyn sal word, en dat hierdie nuwe model se voordele wat kinders en jongmense baie sterk ondersteun om lewenslange oefenpatrone te ontwikkel, sosiale en lewensvaardighede aan te leer en bemeester, verlore kan gaan indien daar op net een assesseringsaspek gekonsentreer sou word (Lund & Kirk, 2002).

Assesseringstrategieë en tegnieke, verslaglewering en gradering in Liggaamlike Opvoeding speel dus 'n uiters belangrike rol in die status van die vak en die erns waarmee daarna gekyk word. Die status van die vak en die erns waarmee dit hanteer word, het weer 'n direkte invloed op die ondersteuning wat die vak van die publiek kry, die befondsing vanaf die administrasie asook die tydstoekening binne die skoolkurrikulum.

## **Uitkomst en inhoude**

Liggaamlike Opvoedings-programme in die VSA beleef ook 'n oorgangtydperk. Daar word wegbeweeg van die primêre doelstelling wat fokus op verbetering van sportvaardighede en fiksheid na 'n fokus op die ontwikkeling van lewensvaardighede, wat onder andere 'n persoonlike aktiwiteitsplan insluit (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005:701). Hierdie verandering in fokus lei tot geweldige spanning tussen kollegas en professionele organisasies soos byvoorbeeld die "President's Council for Fitness" en die "American Alliance for Health, Physical Education, Recreation en Dance (AAHPERD). AAHPERD se doelstelling is om kinders en jongmense wat lief is vir fisieke aktiwiteit, deur Liggaamlike Opvoeding te ontwikkel, sodat hulle lewenslank fisiek aktief sal leef as gevolg hiervan (AAHPERD, 1998). Hierdie standpunt strook met die standpunte van die WGO, Pate en Hohn (1994) en Strydom (1990), waarna vroeër in hierdie hoofstuk verwys is.

Die meerderheid ouers en administrateurs ondersteun die idee dat kinders meer omtrent hul liggame en die waarde van fisieke aktiwiteit moet leer. Voorts wil hulle ook hê dat hul kinders se sosiale vaardighede ontwikkel moet word, maar hulle verseg om te aanvaar dat die aanleer van sport- en spele-vaardighede belangrik genoeg is om ingesluit te word in die skoolprogram (Pühse & Gerber, 2005). Die uitdaging is dus nie net om die algemene publiek te oortuig van die belangrikheid van Liggaamlike Opvoeding nie, maar ook om die Liggaamlike Opvoeding-onderwysers te oortuig dat Liggaamlike Opvoeding baie meer behels as die produk van fisieke fiksheid en sportvaardighede (AAHPERD, 1998).

Hierdie klemverskuiwing in die model en uitkomst van Liggaamlike Opvoeding in die VSA vanaf die tradisionele sportvaardighedsmodel na 'n model wat fokus op die proses van betrokke wees in en deelname aan fisieke aktiwiteit, is al vir die afgelope tien jaar aan die gang. Die klem word geplaas op die motivering om 'n aktiewe lewenstyl te volg deur kinders en jongmense te leer wat die effek en voordele van Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit vir hul liggame inhou, eerder as om net daarop te konsentreer om hulle fisiek fiks te kry. Leerders word geassesseer op kriteria wat konsentreer op die hoeveelheid fisieke aktiwiteit wat hulle buite skoolverband beoefen, eerder as op fiksheidstoets-uitslae. Die "Cooper Institute for Aerobics Research" het selfs 'n sagtewareprogram ontwikkel wat studente aanmoedig om data in te lees oor hul aktiwiteitsvlakke van 30-minuutsessies op 'n daaglikse basis. Die program voorsien elke individu wat dit gebruik van 'n gedrukte verslag oor sy of haar persoonlike vordering en aktiwiteitsvlakke (Anon, 2009a).

Om die nuwe veranderde Liggaamlike Opvoeding-model in die VSA stewig te vestig en verder uit te bou, is dit uiters belangrik dat die uitkomst en inhoud so aangepas word dat



hierdie ideaal verwesenlik kan word. Die primêre doelwit is om leerders aan die wydste moontlike keuse van sport en spele bekend te stel, met die hoop dat 'n hele aantal kinders en jongmense buite skoolverband aan een of meer van hierdie sportaktiwiteite sal deelneem en sodoende 'n fisiek aktiewe lewenstyl te volg. Baie skole het as gevolg hiervan aktiwiteite in hul Liggaamlike Opvoedings-programme bygevoeg by die bestaande tradisionele aktiwiteite, wat nou gekoppel word aan lewenslange aktiwiteite – aktiwiteite soos gholf, tennis, swem, selfverdediging, aërobiese oefening, karate ens. (Pühse & Gerber, 2005). Om die aard en omvang van die verskillende sportsoorte te verstaan vervul leerders op 'n rotasiegrondslag verskillende rolle tydens deelname aan die verskillende sportsoorte, rolle soos organiseerder, skeidsregter, bestuurder en tellinghouer.

Programme soos “Project Adventure”, hindernisbaan met toue, asook die “Teaching Games for Understanding” (TGFU) word by baie skole aangebied om kinders en jongmense te help met selfvertroue, samewerkingsvaardighede en spanwerk. AAHPERD (1998) het 'n nasionale program genaamd “Physical Best” ingestel om kinders en jongmense op 'n wetenskaplike, konsep-gebaseerde, opvoedkundige manier deur middel van sport en spele meer te leer oor hul liggame, fisieke fiksheid en voeding. Interdissiplinêre samewerking met vakke soos Kuns, tale en Wetenskap is aangewend in hierdie AAHPERD-program om hindernisbane wat soos die kardiovaskulêre stelsel lyk, saam te stel. 'n Omgewingsfiksheid-staproete met gedigte en kunswerke oor die natuurlike fauna en flora langs die roete is ook opgestel, of 'n landlooproete waar meer geleer word oor die verskillende kulture.

Buite-skoolse aktiwiteitsprogramme soos perdry en ysskaats word veral vir hoërskoolleerders aangebied om 'n nog groter verskeidenheid aktiwiteite daar te stel om leerders die geleentheid te bied om fisiek aktief te kan wees. Ko-kurrikulêre aktiwiteite word ook by skole aangebied om die leerders wat ernstig is om verder betrokke te raak en beter prestasies te lewer, die geleentheid te bied om iets meer te kan doen as net die fisieke aktiwiteit tydens die Liggaamlike Opvoeding-periode (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005:710).

Nog 'n fokusarea in hierdie nuwe model van Liggaamlike Opvoeding in die VSA is die ontwikkeling van lewensvaardighede. Voorheen is geglo dat deur slegs aan spele deel te neem, kinders en jongmense lewensvaardighede soos samewerking, probleemoplossing en respek vir andere aanleer, maar dit is egter nie die norm nie (Pühse & Gerber, 2005). Die Liggaamlike Opvoeding-onderwysers en afrigters sien nou die speelveld as 'n laboratorium van die lewe en leer die kinders en jongmense vooraf hoe hierdie vaardighede ontwikkel kan word deur aan spele deel te neem (AAHPERD, 1998). Die ou

tradisionele standpunt van bloot net speel en leer het die vraag laat ontstaan waarom gekwalifiseerde Liggaamlike Opvoeding-onderwysers en afrigters dan nodig is, indien lewensvaardighede so maklik self aangeleer kan word. Hierdie vraag is egter weerlê met die nuwe model-benadering van die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser en afrigter wat kinders en jongmense vooraf moet leer hoe om hierdie vaardighede tydens spele te ontwikkel; intendeel, dit beklemtoon die noodsaaklikheid van goed opgeleide Liggaamlike Opvoeding-onderwysers en afrigters wat verantwoordelik is vir die aanbied van Liggaamlike Opvoeding in alle skole.

'n Hooffokus van hierdie nuwe rigting in die Liggaamlike Opvoedingsprogramme in die VSA is dus hoe om kinders en jongmense die beste vir die lewe voor te berei deur middel van Liggaamlike Opvoeding. Kinders en jongmense word aangemoedig om voorbereid te wees vir die aanslae van die volwasse lewe deur voldoende kennis te ontwikkel van persoonlike fiksheid en voeding. Die ontwikkeling van sosiale en persoonlike lewensvaardighede soos samewerking, respek vir alle mense, geslagte, kulture, 'n positiewe werksetiek, regverdigheid en omgee vir ander mense word baie sterk beklemtoon (Hellison, 1995). Al is baie van die professionele opvoeders in die VSA daarvan oortuig dat bogenoemde sosiale en persoonlike vaardighede doelstellings van algemene opvoeding in alle klasse moet wees, glo die professionele Liggaamlike Opvoeders dat hierdie vaardighede die beste aangeleer kan word in Liggaamlike Opvoeding, met die gimnasium as sogenaamde laboratorium van die lewe (Pühse & Gerber, 2005).

Die rasionaal agter hierdie uitkomste en inhoude is om situasies te skep wat werklike lewensomstandighede verteenwoordig sodat die leerders blootstelling kry en kan oefen hoe om op te tree en te reageer in soortgelyke werklike lewensomstandighede as volwassenes. Seuns en dogters neem saam aan Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit deel om geslagsgelykheid te bevorder, behalwe in enkele gevalle soos stoei en voetbal, waar aparte deelname vereis word.

## **Ondersteuning**

Die algemene klimaat ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding in die VSA is, ten spyte van sekere knelpunte rondom onderrigtyd, befondsing, assessering en uitkomste, baie positief as gevolg van die publisiteit wat verleen is aan probleme met obesiteit onder kinders en jongmense, asook die gepaardgaande behoefte aan meer fisieke aktiwiteit (Van Deventer, 2004; Du Toit, 2009). Daar is baie sterk ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding en AAHPERD is besig met doelgerigte pogings om regeringsamptenare van wetenskaplike navorsingdata oor die voordele van fisieke aktiwiteit onder kinders en jongmense te

voorsien om sodoende Liggaamlike Opvoedingsprogramme dwarsoor Amerika te bevorder. Ekonomiese impakstudies wat gedoen is, ondersteun ook Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit baie sterk op grond van die gesondheids-voordele wat fisieke aktiwiteit vir alle Amerikaners inhou en die besparings wat dit kan meebring in kostes vir gesondheidsorg (Van Deventer, 2004).

Hierdie oorfloed positiewe publisiteit in die media ten gunste van innoverende programme, soos Liggaamlike Opvoeding, wat fokus op leefstylvraagstukke, dra geweldig by tot die ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding van instansies soos die "American Heart Association" asook die "Center for Disease Control". Die Amerikaanse regering het in 2000 meer as \$50 miljoen bewillig vir programme soos Liggaamlike Opvoeding wat onderrigprogramme aangepas het om te fokus op lewenstyl-vraagstukke (Centre for Disease Control, 2000).

Daar is gedurende hierdie tydperk van die veranderde Liggaamlike Opvoeding-model aansienlik meer navorsing gedoen in die VSA wat Liggaamlike Opvoeding ondersteun om fisieke sowel as geestelike siektetoestande te voorkom (McMahon, 1990; Blair *et al.*, 1996; Steptoe & Butler, 1996). Navorsing is ook gedoen om die stelling dat positiewe ervarings in Liggaamlike Opvoeding in die grondslagfase fisieke aktiwiteitsvlakke onder volwassenes verhoog, te ondersteun (Sallis & McKenzie 1999; Marshall *et al.*, 2009). Bo en behalwe die gesondheidsvoordele wat Liggaamlike Opvoeding vir kinders en jongmense inhou, kan fisieke aktiwiteit 'n definitiewe rol speel in die aanleer van lewensvaardighede asook 'n teenvoeter wees vir sosiale euwels wat onder kinders en jongmense posvat as gevolg van die swak sosio-ekonomiese toestande onder 'n groot deel van die Amerikaanse publiek Marshall *et al.*, 2009. Die egskeidingsyfer in Amerika het die hoogte ingeskiet, wat tot gevolg het dat meer enkelouers moet werk om die pot aan die kook te hou, en dit veroorsaak dat kinders meer vrye tyd op hul eie moet deurbring en in ongewenste praktyke verval soos TV kyk en rekenaarspeletjies speel, wat baie keer aanleiding gee tot wanpraktyke soos pornografie, dwelmmisbruik en geweld (Feingold, 2002). 'n Goeie teenvoeter vir hierdie onproduktiewe vryetydsbesteding is deelname aan fisieke aktiwiteit en sport wat kan help om kinders en jongmense te beskerm teen hierdie uiters gevaarlike wanpraktyke (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005:710).

Ander inisiatiewe om die verskuiwing in die Liggaamlike Opvoeding-model te ondersteun is om kinders en jongmense aan te moedig om persoonlike fiksheids- en voedingsplanne op te stel, eerder as om net op 'n lukrake manier te oefen en probeer fiks word. Al hierdie pogings konsentreer daarop om kinders en jongmense te oortuig om 'n hoë waarde te heg

aan en lief te raak vir fisieke aktiwiteit, wat hopelik sal voortduur tot in hul volwasse lewens (AAHPERD, 1998).

## **Die toekoms**

Hopelik sal die status van Liggaamlike Opvoeding in die VSA in die toekoms nog verder verbeter, spesifiek in die volgende vyf areas (AAHPERD, 1998):

- Eerstens interdisiplinêre opvoedkundige aktiwiteite in noue samewerking met ander akademiese vakke, byvoorbeeld opvoedkundige fiksheids-uitstappies of gemeenskaps-gesondheidsprogramme;
- Tweedens wetenskaplik gebaseerde opvoedkundige fiksheidsprogramme;
- Derdens 'n bekendstelling aan 'n wye verskeidenheid aktiwiteite wat gekoppel word aan volwasse leefstyle;
- Vierdens die instelling van aktiwiteite wat spesifiek ontwerp is vir die verbetering van lewensvaardighede, byvoorbeeld Projek Avonture of Buitemuurse Avontuurprogramme; en
- Vyfdens die instelling van Liggaamlike Opvoedings-programme vir jeugsport-afrigters om betrokkenheid in die plaaslike gemeenskappe te bevorder.

Die veranderde model in Liggaamlike Opvoeding in die VSA konsentreer baie sterk op gesondheid asook lewensvaardighede, en sluit baie nou aan by Gesondheidsopvoeding wat 'n verpligte vak op hoërskool is maar nog nie verplig is in die laerskool nie. Die toekoms en verhoogde status van Liggaamlike Opvoeding in die VSA lê dus heel waarskynlik ten nouste saam met die vak Gesondheidsopvoeding, wat groot aftrek kry onder die Amerikaanse publiek maar ook kan bydra om die obesiteitsprobleem onder kinders en jongmense in die VSA te probeer oplos (Van Deventer, 2004; Du Toit, 2009).

Liggaamlike Opvoeding in die VSA is in die proses om 'n kernvak te word wat sentraal staan in die opvoeding en lewens van kinders en jongmense deur hulle toe te rus met kennis oor gesondheid, fisieke aktiwiteit sowel as lewensvaardighede. Dit is die verantwoordelikheid van Hoër Onderwysinstellings om toekomstige Liggaamlike Opvoeding-onderwysers toe te rus met die nodige kennis, vaardighede asook opvoedkundige grondslae om hierdie nuwe perspektiewe in Liggaamlike Opvoeding in die VSA effektief te implementeer en uit te bou (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005:714).

## 2.6.2 Engeland

### Status van Liggaamlike Opvoeding

Die huidige status en profiel van Liggaamlike Opvoeding in Engeland is oor die algemeen redelik hoog. Liggaamlike Opvoeding was nog altyd een van die kernvakke en is daarom 'n verpligte vak in die skoolkurrikulum. Omtrent alle hoërskole het Liggaamlike Opvoeding-vakspesialiste wat die vak aanbied en die skole is oor die algemeen baie goed toegerus om die vak aan te bied (Fisher, 2005:242). Liggaamlike Opvoeding se status word aansienlik verhoog indien die spesifieke skool se sportspanne goed presteer. Alle skole is wetlik verplig om hul sportuitslae te publiseer vir die breë publiek en ander belanghebbendes ter insae. Politici, insluitende die Eerste Minister en Sportbeheerliggame, stel intens belang in wat in skole aangaan ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding en skolesport (Fisher, 2005:242). Hierdie belangstelling en hoër status is 'n groot verbetering teenoor wat vroeër die situasie was en bevorder pogings om algemene deelname aan sport te ontwikkel. Pogings om hoër standaarde in sport daar te stel en groter sukses op internasionale vlak te behaal, dra ook by tot die status van Liggaamlike Opvoeding in Engeland. As gevolg van hierdie pogings tot beter prestasie op internasionale vlak het die Engelse regering in 2000 meer as £450 miljoen (DCMS, 2000) bestee om kwaliteit Liggaamlike Opvoeding in skole te vestig. Meer as 400 skole is geormerk as "Specialist Sports Colleges" wat elkeen weer op sy beurt 4 tot 8 ander hoër- of laerskole sal ondersteun om goeie praktyk en sportgeleenthede vir kinders en jongmense daar te stel (Pühse & Gerber, 2005).

Volgens die "Office for Standards in Education" (OFSTED) is daar 'n groot variasie in die kwaliteit van Liggaamlike Opvoeding-onderrig in skole; sommige skole het skitterende Liggaamlike Opvoeding-onderrig en ander skole het weer drastiese verbetering op hierdie terrein nodig. Die Liggaamlike Opvoeding-onderrig in Engeland beleef 'n baie hoër status in skole asook in die gemeenskap, grootliks as gevolg van die feit dat Liggaamlike Opvoeding en Dans 'n eksamenvak is (OFSTED, 2003). Nogtans word Liggaamlike Opvoeding heel dikwels minder belangrik beskou as akademiese vakke soos Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie.

Skoolsport-koördineerders in skole is van 600 tot meer as 3000 vermeerder, volgens die regeringsverslag "A Sporting Future for All" (DCMS, 2000). Hierdie koördineerders word gedeeltelik vrygestel van onderrigpligte, met die opdrag om afrigting, naskoolse kompetisies asook interskool-kompetisies in skoolsport te organiseer. Hierdie poging om die kwaliteit asook kwantiteit van afrigting in Engeland te verbeter, word versterk deur

ongeveer 3000 gemeenskap-sportafrigters wat met meer as £28 miljoen ondersteun word deur die “Department of Culture, Media and Sport (DCMS). Die algemene status en toestand van Liggaamlike Opvoeding in Engeland is dus goed, alhoewel daar ernstige professionele debatte gevoer word oor hoe die vak sy opvoedkundige status kan en moet behou, ten spyte van die groot beleggings wat in die vak gemaak is met die uitsluitlike doel om sport in skole te ontwikkel. In Engeland word die verhouding tussen Liggaamlike Opvoeding en skoolsport as ’n baie belangrike aspek van onderrig en leer gesien, maar terselfdertyd wek hierdie sportgedrewe Liggaamlike Opvoedings-programme groot kommer oor die impak wat sulke sportgedrewe programme op die algemene Liggaamlike Opvoedingsprogramme, wat op alle leerders gemik is, sal hê (DfES & DCMS, 2003). In 2008 het die Britse regering die “Physical Education and Sport Strategy for Young People” (PESSYP) ingestel ter verbetering van die kwaliteit sowel as die kwantiteit van Liggaamlike Opvoeding en Sport vir kinders en jongmense vanaf ouderdomme vyf tot 19 (Freeman, 2009).

Sekere praktyke soos vereis in die Engelse Nasionale Kurrikulum skep groot uitdagings vir Liggaamlike Opvoeding-onderwysers. OFSTED-inspeksies vereis lang verslae en hope dokumentasie, wat ’n redelike groot uitdaging is vir alle onderwysers. Hierdie geweldige administratiewe las tesame met die bevoordeling van die sogenaamd belangrike vakke, byvoorbeeld Wiskunde, Wetenskap, Tegnologie en tale, asook die spesifieke toekenning van tyd vir verbetering van kinders en jongmense se lees- en skryfvaardighede, plaas geweldige druk op Liggaamlike Opvoeding, en skole sukkel dus om die vereiste twee ure Liggaamlike Opvoeding aan te bied (Fisher, 2005:243).

## **Onderrigtyd**

Die amptelike riglyn vir onderrigtyd in Liggaamlike Opvoeding in skole in Engeland is twee ure se fisieke aktiwiteit per week, wat ook ander buitemuurse aktiwiteite kan insluit. Die Walliese regering het egter besluit dat daar twee ure per week kurrikulumtyd net vir Liggaamlike Opvoeding moet wees, wat die vak se status en aansien aansienlik verhoog (Fisher, 2005:242) het. Hierdie twee ure onderrigtyd vir Liggaamlike Opvoeding is ’n afname in tyd van vroeër jare toe ongeveer 10% van kurrikulumtyd aan Liggaamlike Opvoeding toegeken is. Tog is hierdie amptelike riglyn vir onderrigtyd beslis ’n stabiliserende faktor, aangesien daar ook heelwat stemme opgegaan het vir die vermindering van onderrigtyd in vakke soos Liggaamlike Opvoeding tot voordeel van kernvakke soos Wiskunde, Wetenskap en Engels. Die “Office for Standards in Education” (OFSTED) toon aan dat, al is hierdie twee ure onderrigtyd vir Liggaamlike Opvoeding in

skole bloot net 'n riglyn, dit algemeen aanvaar word dat hierdie riglyn nagekom moet word (OFSTED, 2003).

## **Befondsing**

Die huidige hoë profiel en befondsing van Liggaamlike Opvoeding in Engeland is te danke aan inisiatiewe om die breë deelname aan sport te bevorder (Pühse & Gerber, 2005). Daar is van die hoogste regeringsvlak tot op algemene publieke vlak 'n groot belangstelling in wat op skool in Liggaamlike Opvoeding en skoolsport gebeur. Ernstige pogings word aangewend vanaf regeringsvlak om hoër standaarde asook suksesvolle prestasies op internasionale gebied te bevorder. Daarom het die Engelse regering redelik onlangs soveel as £450 miljoen bestee om kwaliteit Liggaamlike Opvoeding in skole te ontwikkel (Fisher, 2005:230). Soos vroeër aangetoon, is daar ongeveer 400 skole ontwikkel as spesialis-sportkolleges wat weer sogenaamde families van tussen vier en agt ander hoër- of laerskole sal bystaan en help om kwaliteit sportgeleenthede vir leerders aan te bied.

Met hierdie fondse is die getalle van skoolsportorganiseerders merkwaardig vermeerder vanaf 600 tot meer as 3000 (DCMS, 2000). Voorts is daar ook ongeveer 3000 laerskool- en spesialeskool-tutors vir sport aangestel, wat soortgelyk aan die sportorganiseerders, 'n ligter onderrigklas dra sodat hulle meer en beter sportgeleenthede vir die leerders kan organiseer en daarstel. Met die oog op die verbetering asook vermeerdering van afrigtingsgeleenthede in skole is daar ook meer as 3000 gemeenskapsafrigters aangestel om met hierdie afrigtingstaak in skole te help. Die Departement van Kultuur, Media en Sport (DCMS) het meer as £28 miljoen vir meer as 20 sportsoorte in hierdie skema belê. Elke jaar word daar skoolsportdae asook talentkompetisies by laerskole gehou, wat 'n geweldige impak op skoolsport in die algemeen het. Professionele Liggaamlike Opvoeders het hierdie befondsing verwelkom en aangetoon dat dit lankal reeds gedoen moes gewees het.

Liggaamlike Opvoeding in Engeland het dus die afgelope paar jaar baie goeie finansiële ekonomiese ondersteuning gekry – alles in 'n poging om die kwaliteit van skoolsport te verhoog en bevorder in 'n poging om deelname en sukses in sport op internasionale vlak te verbeter. Hierdie pogings kan sekerlik as redelik suksesvol beskou word as in ag geneem word dat die Engelse rugbyspan in 2004 die Wêreldrugby-kampioene was en ook hoe suksesvol die Britse atlete presteer het by die 2008 Olimpiese Spele. 'n Groot bekommernis by Liggaamlike Opvoeding-kenners en vakspecialiste is egter die impak wat hierdie sportprestasie-gerigte Liggaamlike Opvoeding in skole op die aanbod van algemene Liggaamlike Opvoeding kan hê. Kinders en jongmense behoort tog aan

Liggaamlike Opvoeding te kan deelneem ten einde goeie lewenslange oefengewoontes aan te leer om sodoende hul gesondheid te bevoordeel (Pühse & Gerber, 2005).

## **Assessering**

In Engeland is skole elkeen afsonderlik verantwoordelik vir die evaluering van al die vakke wat hulle binne hul kurrikulum aanbied (Fisher, 2005:230). Skole en vakgroepe gebruik evalueringstegnieke in die verskillende vakke wat spesifiek by elke skool se omstandighede pas. Hierdie evaluering en assessering by skole word egter gedoen binne die nasionale inspeksieskema van skole, wat onder toesig van OFSTED plaasvind. Die handleiding vir skoolinspeksie sluit 'n evalueringsskema in vir die evaluering van skooldoeltreffendheid en leierskap asook spesifieke afdelings wat handel oor onderrig en die kurrikulum (OFSTED, 2003).

Tydens die assessering van leerlinge se vordering in Liggaamlike Opvoeding word daar gekyk na die bemeestering van kennis, begrip en vaardighede, soos vereis in die "Attainment Target" vir Liggaamlike Opvoeding in 'n spesifieke "Key Stage" – soos die verskillende fases in Engeland genoem word. Hierdie "Attainment Target" sluit agt vlakke van bemeestering in, elkeen met 'n duidelike beskrywing van wat op die spesifieke vlak bereik moet word. Die verskillende vlakke neem toe in moeilikheidsgraad en die onderwysers moet oordeel watter beskrywing en vlak van bemeestering die beste by elke individuele kind en jongmens pas. Hierdie manier van assessering kom spesifiek voor in "Key Stages" 1 – 3. In "Key Stage" 4, hoërskoolvlak, verander die assessering van al die vakke, insluitende Liggaamlike Opvoeding, en word daar gebruik gemaak van die "General Certificate of Secondary Education" (GCSE) se nasionale standaard (DfEE & QCA, 1999).

Hierdie "Attainment Target" word aangewend om ouers en kinders in te lig oor watter vlak van bemeestering in die kennis, begrip en vaardighede in Liggaamlike Opvoeding bereik is, asook om kinders en jongmense te help om vir hulself teikendoelwitte ten opsigte van fiksheid en gesondheid met die oog op die toekoms te stel. Die assessering word dus nie direk as 'n gradering gebruik nie en is daarom baie moeilik vergelykbaar met punte vir ander vakke. Liggaamlike Opvoeding word in die GCSE egter as deel van die hoofstroom-eksamenstelsel beskou en het in beginsel presies dieselfde waarde as ander eksamenvakke, maar in die praktyk word vakke soos Wiskunde en Wetenskap tog as belangriker beskou (Fisher, 2005:238).

Liggaamlike Opvoeding in Engeland word dus formeel geassesseer, wat baie beslis die status van die vak verhoog, maar as gevolg van die geweldige klem op sport in



Liggaamlike Opvoeding asook die groter waarde aan die sogenaamd belangriker vakke soos Wiskunde en Wetenskap, trek die vak hier ook soos in ander lande aan die kortste end.

### **Uitkomst en inhoude**

Die bestaande ideale en belangrikste leeruitkomst vir Liggaamlike Opvoeding in Engeland is gesetel in die uitkomst, doelwitte en waardes van die Nasionale Kurrikulum. Hierdie uitkomst beklemtoon die oortuiging dat onderwys die basis moet vorm vir die geestelike, morele, sosiale, kulturele, fisieke asook verstandelike ontwikkeling van kinders en jongmense om die gesondheid en welstand van elke individu te verseker (OFSTED, 2003).

Die Nasionale Onderwyskurrikulum beklemtoon ook gelyke geleenthede vir almal, asook die behoefte aan 'n gesonde, demokratiese gemeenskap met 'n produktiewe ekonomie en volhoubare ontwikkeling. Daar word groot klem geplaas op die waarde van onderwys wat die gemeenskap kan help voorberei vir al die uitdagings in 'n snel veranderende tegnologiese wêreld. Hoofdoelwit nommer 2 van die Nasionale Onderwyskurrikulum in Engeland fokus onder andere op die bevordering van kinders en jongmense se fisieke ontwikkeling as deel van hul voorbereiding vir geleenthede, verantwoordelikhede en lewenservarings (Pühse & Gerber, 2005).

Die Nasionale Onderwyskurrikulum vir Liggaamlike Opvoeding spesifiseer wat kinders en jongmense moet leer in al vier sogenaamde "Key stages". Kennis, vaardighede en begrip van onder andere veiligheid en gesondheid sluit van die aspekte in waarin kinders en jongmense vordering moet toon in ten opsigte van (DfEE & QCA, 1999):

- die verwerwing en ontwikkeling van vaardighede
- die keuse en toepassing van vaardighede, taktiek en samestelling van idees
- die evaluering en verbetering van prestasie
- kennis en begrip van fiksheid en gesondheid.

Die "Central Council for Physical Recreation", 2002 het enkele kernwaardes soos byvoorbeeld die ontwikkeling van fisieke geletterdheid en selfvertroue van beweging, bevordering van 'n gesonde lewenstyl, risikobestuur asook die rol van Liggaamlike Opvoeding in die verbetering van akademiese standaarde, as prioriteite uitgelig. Liggaamlike Opvoeding kry besliste erkenning as vak om te help verseker dat bogenoemde vier kruiskurrikulêre temas bereik word (DfEE & QCA, 1999). In Spele en

Atletiek is daar goeie geleentheid vir data-insameling wat inligtings- en kommunikasietegnologie kan help bevorder. Liggaamlike Opvoeding kan 'n groot bydrae maak tot die bevordering van regverdigheid en sosiale bewustheid en geleentheid skep vir die ontwikkeling van sosiale verantwoordelikheid en sodoende bydra tot goeie burgerskap (Fisher, 2005:238)..

Alhoewel Liggaamlike Opvoeding in Engeland sterk fokus op sportprestasies, word daar beslis aandag gegee aan kruiskurrikulêre uitkomst met die oog op die voorbereiding van kinders en jongmense vir die eise wat die lewe aan hulle sal stel as volwasse landsburgers. Aandag word ook gegee aan die kennis, vaardighede en begrip van fisieke aktiwiteit en 'n gesonde lewenswyse.

### **Ondersteuning**

Ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding in Brittanje is oor die algemeen baie goed. Sportbeheerliggame, politici en selfs die Eerste Minister toon groot belangstelling in wat in die vak binne skole gebeur. Hierdie positiewe belangstelling en ondersteuning is 'n groot verbetering op 'n paar jaar gelede toe die druk op kurrikulumtyd veroorsaak het dat wetgewing vir die aanbod van Liggaamlike Opvoeding in laerskole tydelik opgehef is, wat in effek beteken het dat die vereistes vir die aanbod van die Nasionale Kurrikulum vir Liggaamlike Opvoeding weggeneem is (Fisher, 2005:230).

Die groter ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding vloei ook voort uit die pogings om algemene deelname aan sport te verhoog, maar om terselfdertyd hoër standaarde in sport te bevorder met die oog op beter prestasie op internasionale vlak (Pühse & Gerber, 2005). Hierdie verhoogde ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding op die gebied van sportbevordering het meegebring dat die regering reuse bedrae geld bestee het ter ondersteuning van die aanbod van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding in skole. Die geld is aangewend vir die vestiging van "Specialist Sport Colleges", die drastiese uitbreiding in die aanstelling van skoolsport-koördineerders en -afrigters (DCMS, 2000).

Die meeste skole in Engeland bied kwaliteit buitekurrikulêre aktiwiteitsprogramme aan (Fisher, 2005:238). Hierdie buitekurrikulêre programme vorm die basis vir skoolsportspanne en kompetisiesport. Daar het egter 'n behoefte ontstaan om hierdie programme nog verder uit te brei om 'n breër deelnamebasis te verseker. Een van die doelstellings van Liggaamlike Opvoeding is juis om massa-deelname aan te moedig en te verbeter. Om hierdie vergrote deelname te akkommodeer is meer en beter fasiliteite nodig. Die Nasionale Lotery in Engeland dra by tot die vermeerdering asook verbetering van sport- en Liggaamlike Opvoeding-fasiliteite in die Engelse skole (Pühse & Gerber, 2005).

Liggaamlike Opvoeding in Engeland geniet dus groot steun oor 'n wye front, veral op sportgebied, wat groot finansiële ondersteuning verseker. Die bevordering van gesondheid asook 'n aktiewe lewenswyse deur Liggaamlike Opvoeding word al 'n geruime tyd baie sterk beklemtoon. Kundiges verskil daaroor of hierdie fokus in algemene Liggaamlike Opvoeding aangespreek moet word en of daar spesifieke leereenhede oor gesondheid in die Liggaamlike Opvoeding-kurrikulum ingesluit moet word. Tans sluit die Liggaamlike Opvoeding-kurrikulum wel leereenhede in wat handel oor die bevordering van positiewe gesindhede van kinders en jongmense teenoor aktiewe, gesonde lewenstyle, asook hul deelname aan fisieke aktiwiteit. Kennis en begrip oor fiksheid en gesondheid is een van die vier hoofterreine van kennis, vaardighede en begrip in die Nasionale Kurrikulum in Engeland (CCPR, 2002).

Heelwat skole in Engeland bied addisionele programme aan om kinders en jongmense aan te moedig om 'n meer aktiewe lewenstyl te volg en die waarde van 'n gesonde lewenswyse te begryp. Geslagsgelykheid tussen seuns en dogters word ook sterk ondersteun in Engeland. Liggaamlike Opvoeding in Engeland kry voorts ook sterk ondersteuning om burgerskap-opvoeding te bevorder met die aanspreek van morele, sosiale en kulturele kwessies, soos byvoorbeeld die gebruik van verbode middels in sport (DfES, 1999).

### **Die toekoms**

Die goeie ondersteuning en befondsing van Liggaamlike Opvoeding in Engeland skep gunstige omstandighede vir die vak en kan in die toekoms uitstekende sportgeleenthede bied aan 5- tot 16-jarige kinders en jongmense. Die "Physical Education, School Sport and Club Links Strategy" (DfES & DCMS, 2003), verbeter en versterk die bande tussen skole en sportklubs, wat daartoe bydra dat spesifieke sisteme en strategieë in plek geplaas word met die oog op talent-identifisering. Sportsoorte soos sokker, krieket, rugby en tennis is besig om studiemateriaal te ontwikkel wat 'n goeie bewusmaking is van wat Liggaamlike Opvoeding werklik insluit. In die toekoms behoort daar ook 'n baie nouer samewerking tussen Liggaamlike Opvoeding-onderwysers van hoër- en laerskole te wees in die aanbied van die vak, met die oog op die holistiese onderrig van die kind en jongmens.

Nuwe ontwikkeling ten opsigte van navorsing en opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers is ook aan die orde van die dag in Engeland. Hierdie professionele loopbaanontwikkeling vir Liggaamlike Opvoeding-onderwysers sal beslis 'n positiewe invloed hê op die status van die vak (Fisher, 2005:238).

Tans is daar nog te veel kinders en jongmense wat nie voldoende aktief en produktief deelneem aan Liggaamlike Opvoeding tydens hul totale skoolloopbaan nie. Waarnemers is van mening dat hierdie toestand slegs sal verbeter wanneer Liggaamlike Opvoeding alle leerders sal betrek en nie net op sport fokus nie, maar meer konsentreer op Laventure (2002) se sogenaamde “Education for Life”. Hierdie “Education for Life” beteken ‘n groter fokus op lewensvaardighede en kennis teenoor die tradisionele fokus op span- en kompetisiesporte (Pühse & Gerber, 2005).

Ten spyte van die hoë status, goeie ondersteuning asook befondsing van Liggaamlike Opvoeding in Engeland, sal dit dwaas wees om te glo dat alles net rooskleurig is met die vak. Alhoewel Liggaamlike Opvoeding ‘n verpligte vak is, is daar nie volgens wetgewing ‘n spesifieke tydstoekenning vir die vak nie. Liggaamlike Opvoeding in Engeland het ‘n uitstekende toekoms indien daar gekonsentreer word op die kern- opvoedkundige waardes van ‘n gesonde en aktiewe lewenstyl vir kinders en jongmense (Fisher, 2005:248).

### **2.6.3 Australië**

#### **Status van Liggaamlike Opvoeding**

Liggaamlike Opvoeding geniet ‘n hoë status en aansien in Australië, ten spyte van die feit dat ‘n hele aantal kinders en jongmense nie hierdie positiewe siening oor die vak deel nie (Tinning *et al.*, 2001). In Australië is daar ‘n nasionale obsessie met sport, wat ‘n groot invloed uitoefen op die breë publiek se siening van die vak Liggaamlike Opvoeding. Al word die klem in die “Key Learning Area” (KLA) “Health and Physical Education” (HPE) in Australië op die bevordering van gesondheid geplaas, en nie op kompeterende sport nie, voel baie mense insluitende die onderwysers van die ander KLA’s dat Liggaamlike Opvoeding nog gelykstaande is aan sport (Rickard, 1988).

Voor 1990 het Liggaamlike Opvoeding in Australië nie ‘n amptelike nasionale kurrikulum gehad nie. In 1989 het die Federale regering in ooreenkoms met die ministers van onderwys in die verskillende state ‘n nasionale raamwerk vir kurrikulums in die agt “Key Learning Areas” (KLA’s) ontwikkel, waarvan “Health and Physical Education” (HPE) een is (Tinning, 2004:53). Openbare skole in Australië het selfbesturende sake-eenhede geword wat met ander openbare en privaat skole moet meeding vir leerders. Voorts is die skole ook verantwoordbaar teenoor elke skool se raad van trustees, eerstens ten opsigte van die skool se finansies en tweedens ten opsigte van die bereiking van spesifieke sleutel-

opvoedkundige uitkomst, ook in die KLA “Health and Physical Education” (Pühse & Gerber, 2005).

“Health and Physical Education” in Australië word ook gesien as een van die belangrikste instrumente om die obesiteitsprobleem onder kinders en jongmense te beveg. Saam met die hoë prioriteit wat op sport geplaas word, is hierdie belangrike rol van Liggaamlike Opvoeding om obesiteit aan te spreek ’n waarborg vir die voortgesette insluiting van Liggaamlike Opvoeding in die skoolkurrikulum (Gard & Wright, 2001). Intendeel, Liggaamlike Opvoeding in Australië het ’n uiters belangrike vak geword, al is daar van die ander sogenaamd belangriker skoolvakke soos Wiskunde, Wetenskap en tale wat hul stemme dik maak vir hoër status binne die skoolkurrikulum.

Die Senaatsondersoek na die aard en omvang van Liggaamlike Opvoeding en sport in Australiese skole in 1992, het aangedui dat daar groot bekommernis is oor die feit dat die vak nou gesetel is binne die “KLA” “Health and Physical Education”. Die ondersoek het aangetoon dat Liggaamlike Opvoeding in Australië besig is om sy identiteit en karakter te verloor teenoor sport aan die een kant en teenoor gesondheid aan die ander kant (Tinning *et al.*, 2001).

## **Onderrigtyd**

Alhoewel die Senaatsondersoek bykans eenparige ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding kon identifiseer, is daar ook gevind dat die tydstoedeling en die bronne beskikbaar vir die aanbied van die vak, geleidelik verminder. Onderrigtyd vir die aanbied van Liggaamlike Opvoeding is ’n probleem aangesien “Health and Physical Education” (HPE) nou in dieselfde tyd aangebied moet word, wat voorheen net vir Liggaamlike Opvoeding aangewend is. HPE gedurende skooljare 7 tot 10 bevat tipies 2 tot 3 periodes van 45 tot 50 minute per week vir Liggaamlike Opvoeding (QSCC, 1999). Tydstoekenning vir skoolsport het ’n verdere invloed op die onderrigtyd vir Liggaamlike Opvoeding, aangesien die vak nog steeds baie nou met skoolsportprogramme verbind word, en sekere onderwysers HPE-periodes gebruik vir sport-oefensessies of selfs vir proewe om spankeuses te kan doen. Baie min gimnastiek word aangebied omdat dit nie deel van die Australiese agtergrond is nie en ook omdat Liggaamlike Opvoeding-onderwysers onvoldoende opleiding daarvoor het (Swan, 1997).

Die opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers is ook direk geraak deur die instelling van die HPE-KLA, aangesien hierdie onderwysers nou geleer moet word hoe om die twee fokusse van sport en gesondheid in dieselfde periode en tydstoedeling effektief

aan te bied. Geen wonder dat HPE-periodes in Australië nog grootliks die tradisionele Liggaamlike Opvoeding wat meer op sport fokus, reflekteer nie (Tinning, 2004:60).

## **Befondsing**

Die ondersteuning van Liggaamlike Opvoeding in Australiese staatskole is 'n duur proses. Volgens Tinning *et al.* (2001), beloop die koste verbonde aan onderwysersalarisse meer as \$A650 miljoen per jaar. Wanneer die hoë koste verbonde aan die onderhoud van die infrastruktuur soos gimnasiums, sportvelde en toerusting om Liggaamlike Opvoeding te ondersteun hierby gevoeg word, dan blyk dit duidelik dat astronomiese bedrae spandeer word om Liggaamlike Opvoeding in Australië op 'n hoë vlak te kan aanbied. Liggaamlike Opvoeding in Australië kan tot 'n sekere mate as 'n "heilige koei" beskryf word, omdat stygende koste verbonde aan die aanbied van die vak asook die druk op kurrikulumtyd nie die vak se status enigsins in gedrang bring nie, op grond van die belangrikheid van sport en gesondheid (Rickard, 1988).

Menslike hulpbronne het groot skade gely toe die sentrale kurrikulumkantore in die Australiese state ontbind is en vakadviseurs en ander vakspesialiste uitgeplaas is in verskillende streke, waar hulle nader aan die probleme op die grond kon funksioneer. Dit het meegebring dat spesialisvakke soos Liggaamlike Opvoeding, Kuns en Musiek geen kurrikulumondersteuning van een sentrale departementele ondersteuningspunt af ontvang nie (Pühse & Gerber, 2005). Skole ontvang nou 'n monetêre toekenning wat hulle self moet aanwend vir professionele personeelontwikkeling in al agt die KLA's. Liggaamlike Opvoeding kompeteer nou saam met die ander KLA's vir 'n regmatige deel van die geld vir professionele ontwikkeling van die Liggaamlike Opvoeding-onderwysers in 'n steeds toenemende oorvol kurrikulum. Die onlangse voorkeerprioriteit wat gegee is aan Inligtingstegnologie in Australië, het druk geplaas op die kompetisie tussen die ander KLA's vir hul regmatige aandeel van fondse in die beperkte onderwysbegroting (Tinning *et al.*, 2001).

Spesiale geldelike toekennings vanaf die Federale regering is van tyd tot tyd beskikbaar vir kurrikulumprojekte en onderwyser-ontwikkeling binne die HPE-KLA, maar as gevolg van 'n krimpende onderwysbegroting trek Liggaamlike Opvoeding net so swaar soos die ander sewe KLA's. Liggaamlike Opvoeding en sport in Australië se hoë status en aansien onder 'n sportmal publiek verseker egter dat die vak meer as sy regmatige plek in die skoolkurrikulum handhaaf (Pühse & Gerber, 2005).

## **Assessering**

In die Australiese uitkomsgebaseerde model van onderrig kan spesifieke uitkomst as maatstaf gebruik word om skole en onderwysers se bereiking van hierdie spesifieke uitkomst in die agt KLA's te beoordeel. Hierdie metode van verantwoordbaarheid skep egter groot probleme in KLA's soos Wiskunde en Engels. Dit is ook baie moeilik om in HPE die onderwysers eksplisiet verantwoordbaar te hou vir die bereiking van die spesifieke uitkomst. Daar is dus geen in-diepte kontrole oor die bereiking van die spesifieke uitkomst tussen die junior en middel-skoolvlak in HPE nie, wat daartoe lei dat dit wat gestel word in die uitkomst van HPE verlore raak, teenoor dit wat regtig verwag word dat kinders en jongmense moet bereik in die spesifieke KLA (QSCC, 1999).

In sekere skole in Australië word daar gefokus op 'n mate van verantwoordbaarheid in HPE, wat slegs gebaseer word op die toets van kinders en jongmense se fiksheidsvlakke. Hierdie fiksheidstoetse word moontlik gedoen in die hoop dat kennis oor persoonlike fiksheidsvlakke kinders en jongmense sal aanspoor om harder te werk aan hul fiksheidsvlakke met die oog op die verbetering van hul gesondheid (Tinning, 2004:59). Hierdie poging tot verantwoordbaarheid is baie beslis nie suksesvol nie, aangesien die meerderheid kinders en jongmense dit ervaar as tydmors en vervelig, en dit die aanmoediging van deelname ontmoedig (Pühse & Gerber, 2005).

As deel van die uitkomsgebaseerde model word daar nie 'n enkel punt vir leerderprestasie in Liggaamlike Opvoeding toegeken nie. Liggaamlike Opvoeding-onderwysers moet dikwels verslag doen oor kinders en jongmense se deelname, gedrag, gesindheid en Liggaamlike Opvoeding-kleredrag. Die kennis en vaardighede wat verwerf word in HPE word gerapporteer aan die hand van 'n baie beperkte reeks uitkomst, wat die belangrikheid van assessering in Liggaamlike Opvoeding in vergelyking met die ander sewe KLA's baie sterk bevraagteken (MacDonald & Brooker, 1997).

Streng verantwoordbaarheid en verwagtinge word egter vereis in Liggaamlike Opvoeding in skooljare 11 en 12, waar die vak 'n eksamenvak is. Die algemene assessering en rapportering van Liggaamlike Opvoeding as skoolvak in Australië dra dus nie veel by tot die status van die vak nie (MacDonald & Brooker, 1997).

## **Uitkomst en inhoud**

Die nasionale kurrikulum, insluitend die KLA "Health and Physical Education", is uitkomstgerig en die uitkomst beskryf in 'n progressiewe formaat die kennis en

vaardighede waaroor kinders en jongmense behoort te beskik namate hulle vorder in die spesifieke KLA (Curriculum Corporation, 1994).

Die inhoud van die nuwe raamwerk is uitgereik as 'n Verklaring en ook 'n Profiel vir HPE in Australië. Die Verklaring is riglyne oor die hoofkomponente of inhoud van wat aangebied moet word in Liggaamlike Opvoeding in skole in Australië. Die Profiel verduidelik die leeruitkomste op agt vlakke, wat kinders en jongmense moet bereik in Liggaamlike Opvoeding. Ingesluit by hierdie Profiel is 'n raamwerk of rubriek met die oog op rekordering en rapportering van vordering ten opsigte van die uitkomste vir HPE van kinders en jongmense (Curriculum Corporation, 1994).

Die Profiel vir HPE in Australië is ingedeel in sewe groepe of stringe leeruitkomste, maar 'n hele aantal van die state het hul eie sillabusse ontwikkel met minder groepe leeruitkomste. 'n Voorbeeld hiervan is die staat Queensland wat 'n HPE-sillabus saamgestel het met drie spesifieke groepe leeruitkomste vir Liggaamlike Opvoeding in skooljare 1 tot 10 (Curriculum Corporation, 1994☺)

- Gesondheidsbevordering vir individue en gemeenskappe
- Ontwikkeling van konsepte en vaardighede vir fisieke aktiwiteit
- Bevordering van persoonlike ontwikkeling.

Die leeruitkomste saamgevat in die Profiel vir HPE is nie alles haalbaar in praktiese Liggaamlike Opvoeding nie. Die KLA "Health and Physical Education" is veronderstel om te konsentreer op persoonlike besluite en gedrag asook gemeenskapstrukture en aksies ter bevordering van gesondheid en fisieke aktiwiteit. Die "National Statement on Health and Physical Education" (*Australian Education Council, 1994*) toon baie duidelik aan dat HPE verantwoordelik is vir 'n wye verskeidenheid vakinhoud, byvoorbeeld groei en ontwikkeling, fundamentele bewegingspatrone, koördinasie, fiksheid, fisieke aktiwiteit, gesonde effektiewe verhoudings, eie identiteit, veiligheid, uitdagings en risiko, voeding asook die multi-dimensionaliteit van gesondheid, die huis en die skool (*Australian Educational Council, 1994:2-3*).

Die Queensland Sillabus byvoorbeeld, soos talle ander state in Australië, lys 'n groot verskeidenheid spesifieke uitkomste onder hulle groepe uitkomste wat kinders en jongmense in HPE moet probeer bereik. Liggaamlike Opvoeding-onderwysers moet kinders en jongmense help ontwikkel in al drie groepe spesifieke uitkomste en nie net in die konsepte en vaardighede van fisieke aktiwiteit nie. Die amptelike kurrikulum identifiseer dus ook 'n hele aantal spesifieke uitkomste ter bevordering van gesondheid op alle vlakke



asook die verbetering van persoonlike ontwikkeling. Hierdie uitkoms realiseer egter nie in die praktyk nie en talle onderwysers konsentreer nog steeds hoofsaaklik op konsepte en vaardighede van fisieke aktiwiteit, wat meebring dat sosiale ontwikkeling, regverdigheid en eerlikheid in sport, wat ook as belangrik geag word, nie veel aandag kry nie (QSCC, 1999).

HPE en die ander sewe KLA's poog om 'n direkte bydrae te lewer tot die ontwikkeling van sogenaamde lewenslange leerders as deel van die ontwikkeling van Australië as 'n sogenaamde "clever country" (Kenway *et al.*, 1995). 'n Lewenslange leerder word beskryf as onder andere (Queensland School Curriculum Council, 1999:2):

- 'n ingeligte persoon met goeie begrip
- 'n komplekse denker
- 'n kreatiewe persoon
- 'n aktiewe navorser
- 'n effektiewe kommunikeerder
- 'n deelnemer aan 'n onafhanklike wêreld
- 'n selfgerigte reflektiewe persoon.

Dit is geen wonder dat Liggaamlike Opvoeding-onderwysers 'n uitdaging beleef om die gestelde uitkomste te bereik nie, en eerder net konsentreer op die tradisionele Liggaamlike Opvoeding en sport nie. Dit is bykans onmoontlik om aan al hierdie uitkomste aandag te gee in presies dieselfde periode wat voorheen gebruik is net vir Liggaamlike Opvoeding.

## **Ondersteuning**

Liggaamlike Opvoeding in Australië word baie positief ondersteun deur die regering asook deur die publiek, en die vak geniet 'n redelik hoë status (Pühse & Gerber, 2005). Australië is 'n sportmal land en kompeteer uitstekend op internasionale sportgebied, en juis daarom kry Liggaamlike Opvoeding baie sterk ondersteuning vanuit 'n baie breë spektrum van die Australiese gemeenskap (Rickard, 1988). 'n Ander baie belangrike rede vir die goeie ondersteuning en hoë status van Liggaamlike Opvoeding in Australië is omdat HPE gesien word as 'n uiters doeltreffende instrument in die stryd teen obesiteit (Gard & Wright, 2001).

Die Australiese regering en publiek ondersteun Liggaamlike Opvoeding in skole op grond van die land se sportmanie en -prestasies, en belê jaarliks miljoene Australiese dollar in die bevordering van Liggaamlike Opvoeding in skole (Tinning, 2004:60). Die feit dat HPE 'n uiters belangrike instrument is in die stryd teen die obesiteitsprobleem in Australië, verleen

verder baie status aan die vak in die oë van die regering asook die breë publiek (Tinning, 2004:60). Dit maak dus geensins saak hoe groot die koste is verbonde aan die ondersteuning van Liggaamlike Opvoeding in Australië nie of hoe groot die druk op kurrikulumtyd in die nasionale sillabus is nie, Liggaamlike Opvoeding sal altyd sterk ondersteuning kry vanuit baie oorde en altyd 'n prominente deel uitmaak van die Australiese skoolkurrikulum.

Met die nuwe fokus van Liggaamlike Opvoeding in die KLA "Health and Physical Education, het Liggaamlike Opvoeding 'n nog belangriker rol gekry binne die Australiese skoolkurrikulum, aangesien die vak nou ook verantwoordelik is vir gesondheid en persoonlike ontwikkeling (Australian Education Council, 1994:2-3).

### **Die toekoms**

Ten spyte van die hoë aansien en ondersteuning wat Liggaamlike Opvoeding in Australië ervaar, lê daar baie harde werk voor om te verseker dat die nuwe fokus in HPE goed geïmplementeer en gevestig word. Om 'n kurrikulum suksesvol te verander behels nie net die skryf van nuwe kurrikulumdokumente en sillabusse nie; onderwysers en skole moet hul bestaande praktyke in Liggaamlike Opvoeding verander en aanpas by die nuwe uitkomstes van HPE – iets waarmee daar steeds kwaai gesukkel word in Liggaamlike opvoeding in Australië (Pühse & Gerber, 2005).

Glover en McDonald (1997) wys daarop dat multidissiplinêre opleidingsprogramme nodig is om gespesialiseerde Liggaamlike Opvoeding-onderwysers op te lei om te voldoen aan die vereistes om die nuwe HPE suksesvol aan te bied. Tans vind daar redelik gefragmenteerde opleiding plaas, wat die Liggaamlike Opvoeding-onderwysers beslis nie voldoende bemagtig om hulle taak suksesvol uit te voer nie en wat ook 'n faktor is waarom daar in baie skole weer terugbeweeg word na die ou tradisionele aanbiedingsmetode van Liggaamlike Opvoeding, wat fokus op fisieke fiksheidsvaardighede (Kirk *et al.*, 1997). Die onderwysers self sal ook moet wegbeweeg van hul vorige fisieke fiksheid-kultuur na dié van "Health and Physical Education teachers" wat kan fokus op die nuwe leeruitkomstes van die HPE "KLA" (Kirk, 1999).

Bogenoemde faktore is belangrik vir die suksesvolle transformering van die ou tradisionele Liggaamlike Opvoeding na die nuwe "KLA", "Health and Physical Education. Nogtans het Liggaamlike Opvoeding in Australië 'n belangrike status en ondersteuning, wat behou sal word bloot as gevolg van die belangrike en prominente rol wat sport op alle vlakke van die Australiese samelewing beklee (Rickard, 1988).

Ten spyte van uitdagings ten opsigte van voldoende tydstoedeling en 'n gebrek aan fondse vir Liggaamlike Opvoeding, kry die vak sterk ondersteuning in ontwikkelde lande, as die drie lande wat hier bespreek is, naamlik die VSA, Engeland en Australië, as norm gebruik word. Liggaamlike Opvoeding het 'n redelik hoë status en aansien in hierdie lande omdat die vak 'n belangrike rol speel in die algemene gesondheidsbevordering van kinders en jongmense, 'n teenvoeter is vir obesiteit asook die bevordering van sport in hierdie onderskeie lande. Sosiale vaardighede word ook ontwikkel en kinders en jongmense word aangemoedig om lewenslange oefenpatrone te ontwikkel.

Die volgende gedeelte handel oor die bedryf van Liggaamlike Opvoeding in enkele ontwikkelende lande, naamlik China, Suid-Korea en Brasilië. Hierdie drie ontwikkelende lande is weereens gekies op grond van hul onlangse goeie prestasies in die internasionale sport-arena.

## **2.7 Bedryf van Liggaamlike Opvoeding in skole in enkele ontwikkelende lande**

Soos reeds genoem, word Liggaamlike Opvoeding in China, Suid-Korea en Brasilië ondersoek op grond van hul uitstekende internasionale sportprestasies die afgelope tien jaar, asook die stand en status van Liggaamlike Opvoeding in hierdie lande se skoolkurrikulum. In China is daar in Liggaamlike Opvoeding sedert 1999 sterk gefokus op gesondheid sowel as sport met die klem op fisieke, verstandelike en sosiale welstand en vermoëns (Li, 2002; Kang, 2000). Alhoewel die mense van Suid-Korea oortuig is dat fisieke aktiwiteit gesondheidsvoordele inhou, word Liggaamlike Opvoeding as ontspanning en 'n stresverligter vir toegewyde leerders gesien (Kang, 2003; You, 2003; You, 2001). Na Brasilië se oorwinning in die 1970 wêreldbeker-sokkertoernooi, het daar 'n baie sterk klem begin val op 'n meer biologiese benadering tot Liggaamlike Opvoeding, sport, asook fisieke fiksheid en meting (Raven *et al.*, 1976; Costa & Tubino, 2005; Anon, 2009a). Hierdie inligting is noodsaaklik om die stand en status van Liggaamlike Opvoeding in die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum te evalueer.

### **2.7.1 China**

#### **Status van Liggaamlike Opvoeding**

Liggaamlike Opvoeding in China kan nagespoor word tot so ver terug as 2000 voor Christus. Die instelling van gimnastiek in skole in 1903 word beskou as die amptelike

vestiging van moderne Liggaamlike Opvoeding in China (Kang, 2000). Onder 'n sterk Japannese militêre invloed was Liggaamlike Opvoeding in China op daardie stadium dan ook 'n militaristiese vorm van gimnastiek en drill.

Volgens Kang (2000) het Liggaamlike Opvoeding in China die Verenigde State van Amerika en Europa se sportbenadering begin volg as fisieke aktiwiteit met gimnastiek, baan- en veldatletiek, balspele en swem as deel van die kurrikulum.

In die moderne Chinese gemeenskap het Liggaamlike Opvoeding 'n onontbeerlike deel van die skoolkurrikulum geword as 'n belangrike komponent in die bevordering van mense se totale ontwikkeling. Mense se gesondheid is al meer bedreig deur moderne, sedentêre lewenstyle, en daarom het die Chinese regering in 1999 "Health First" as riglyn vir skole ingestel. In 2000 is Liggaamlike Opvoeding verander na "Sports and Health" (Li, 2002). Die doel is om kinders en jongmense se fisieke en geestelike gesondheid te verbeter en daarom het die fokus van Liggaamlike Opvoeding verskuif, van die strewe na fisieke ontwikkeling en sportvaardighede na fisieke en verstandelike welstand asook sosiale vermoëns.

As gevolg van hierdie fokus op gesondheid en welstand het Liggaamlike Opvoeding in China 'n redelik hoë status. Liggaamlike Opvoeding in skole ressorteer volledig onder die sentrale regering en is 'n wetlik verpligte vak op alle vlakke. Ander skoolvakke in die kurrikulum het egter 'n duidelik hoër status as Liggaamlike Opvoeding, wat baie maklik afgestel word vir vakke soos Letterkunde en Wiskunde in die plek daarvan. Navorsing oor die Chinese skoolkurrikulum toon aan dat meer as die helfte van die vakrigtings in China wel volgens die nasionale voorgeskrewe riglyne aangebied word – heelwat beter as die gemiddelde Asiatiese syfer van ongeveer een derde van alle vakke wat voldoen aan die voorgeskrewe riglyne (Lei & Jichun, 2005:176). Hierdie laer status van Liggaamlike Opvoeding is dus nie ooreenkomstig die onontbeerlike posisie wat die Nasionale Regering aan die vak toegeken het nie.

Daar is 'n duidelike gaping in die opvoedkundige doelstellings en die implementering van Liggaamlike Opvoeding in China, en dit is as gevolg van die onvoldoende apparaat en fasiliteite, 'n gebrek aan belangstelling in die vak by sekere skole asook te min en swak opgeleide onderwysers (Lei & Jichun, 2005:176). 'n Verdere rede vir hierdie gaping is omdat ouers in China eerder graag hul kinders professioneel beter gekwalifiseer wil sien – 'n strewe wat gepaard gaan met voorspoed en rykdom. As gevolg van hierdie standpunt kry die akademiese vakke groter ondersteuning en word daar amper neergesien op Liggaamlike Opvoeding (Ma, 2002).

Verdere faktore wat die aanbod van Liggaamlike Opvoeding in skole in China bemoeilik en die status van die vak negatief beïnvloed, is onder andere baie groot klasse, 'n tekort aan spesifieke leerinhoudes of die onvermoë van die onderwysers om leerinhoudes te implementeer, asook onduidelike standaarde vir kontroledoeleindes. Die instelling van die "Health First"-riglyn vir onderwys het beslis die geregverdigde, wettige posisie van Liggaamlike Opvoeding in China geweldig versterk, maar weens genoemde redes beleef die vak 'n duidelike verskuiwing ten opsigte van status van belangrikheid (Chinese National Education Ministry, 2001).

## **Onderrigtyd**

Volgens eenvormige nasionale wetgewing in China is dit verpligtend dat alle kinders en jongmense in skole in China minstens twee Liggaamlike Opvoeding-periodes per week moet ontvang. In 2001 het die Chinese regering bepaal dat alle kinders in Graad 1 tot 2 vier periodes Liggaamlike Opvoeding per week moet ontvang, kinders en jongmense in Graad 3 tot 9 drie periodes per week, en alle ander kinders en jongmense in Graad 10 en hoër twee periodes per week (Lei & Jichun, 2005:178).

Navorsing wat deur Lei en Jichun (2005) onderneem is nadat die veranderde vereistes vir Liggaamlike Opvoeding in skole in China ingestel is, dui daarop dat bykans 90% van laerskole in sekere streke meer tyd en periodes aan Liggaamlike Opvoeding vir kinders en jongmense toegeken het. Sommige skole in die middel-skoolfase het ook meer tyd toegeken aan Liggaamlike Opvoeding, maar ongelukkig het die meerderheid van skole in hierdie fase minder tyd aan die vak toegeken (Lei & Jichun, 2005:178). 'n Moontlike rede vir hierdie vermindering van onderrigtyd vir Liggaamlike Opvoeding is die groot druk wat die hoërskole en universiteite se toelatingseksamens op kinders en jongmense plaas om beter te presteer in akademiese vakke (Pühse & Gerber, 2005).

## **Befondsing**

Soos reeds genoem, veroorsaak die gebrek aan fasiliteite en apparaat dat daar 'n aansienlike verskil is tussen dit wat as doelwitte gestel word vir Liggaamlike Opvoeding in China en dit wat werklik bereik word. Verdere probleme is dat die klasse te groot is vir die effektiewe aanbieding van die vak en dat daar 'n tekort is aan goed opgeleide en gekwalifiseerde onderwysers. Liggaamlike Opvoeding in skole in China word dus nie bo ander skoolvakke bevoordeel met befondsing nie (Ma, 2002).

Een aspek waar Liggaamlike Opvoeding in China wel voordeel trek uit befondsing is met die oplei van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers. Hierdie onderwysers werk direk met

die “Health First”-riglyn wat deur die Chinese regering daargestel is vir onderwys. Liggaamlike Opvoeding-onderwysers is verantwoordelik vir “Sports and Health”, daarom word daar intensief aandag gegee aan die vaardighede van hierdie onderwysers om kinders en jongmense bewus te maak van maar ook so goed as moontlik te bemagtig ten opsigte van gesondheid asook sportvaardighede en fisieke fiksheid (Ma, 2002). Vroeër jare het Liggaamlike Opvoeding-onderwysers in China basiese kennis oor fisieke fiksheid nie as belangrik beskou nie, en net gekonsentreer op die aktiwiteit en oefeninge. Met die nuwe fokus op gesondheid het die klem verskuif na lewenslange fisieke aktiwiteit en sport, en daarom word daar ook heelwat aandag gegee aan die teorie en praktyk van sport, higiëne en gesondheid (Yao, 2004). Om behoorlik aan al hierdie fasette aandag te gee word daar meer aandag, tyd en geld bestee aan die opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers in China (Pühse & Gerber, 2005).

Die hoë premie wat op sport en sportdeelname in China geplaas word, hou ook ’n voordeel in vir Liggaamlike Opvoeding en die befondsing daarvan. Groot bedrae geld word belê in die oprig en onderhoud van sportfasiliteite in China in hul strewe om internasionaal kompetend te wees, soos duidelik geblyk het in die sukses wat China behaal het by die Olimpiese spele in 2007. Liggaamlike Opvoeding-onderwysers maak gebruik van hierdie fasiliteite in die aanbied van balspele, gimnastiek, swem en atletiek tydens Liggaamlike Opvoeding-periodes. Alle skole moet sorg dat kinders en jongmense minstens een uur buitekurrikulêre sport elke middag van die week kan beoefen. Hierdie buitekurrikulêre sport word aangebied in verskillende vorme van oefeninge, kompetisies en sportdae. Geskikte fasiliteite en apparaat is nodig vir die aanbied van hierdie aktiwiteite. Liggaamlike Opvoeding word direk bevoordeel deur die befondsing van hierdie fasiliteite (Yang, 2000).

Met die verbetering van lewenstandaarde in China is daar ’n toenemende belangstelling in rekreasie- en massa-sporte, wat ook baie gewild is onder kinders en jongmense. Hierdie sogenaamde “nuwe” sporte, byvoorbeeld rolskaats, aërobiese oefening, touspring en klim-aktiwiteite word bygevoeg tot Liggaamlike Opvoeding, en dra by tot befondsing en die skepping van nuwe fasiliteite (Yao, 2004.)

## **Assessering**

Assessering in Liggaamlike Opvoeding in China behels twee komponente: eerstens die evaluering van die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser, en tweedens die assessering van kinders en jongmense se bereiking van die uitkomst in Liggaamlike Opvoeding. Onderwyser-evaluering kyk spesifiek na vier uitkomst (Lei & Jichun, 2005:179):

- Onderwysers moet kinders en jongmense se leeromstandighede ken asook die uitkomstvlakke wat hulle behoort te bereik – nie net hulle fisieke toestand en sportvaardighede nie, maar ook die verstaan van hul gedrag gedurende leeraktiwiteite; en dat alle leerders nie dieselfde vlak of standaard kan bereik nie, maar daar ook ruimte is vir persoonlike prestasies;
- Onderwysers moet in staat wees om tekortkominge wat voorkom tydens aanbiedings te identifiseer en kinders en jongmense help om die redes daarvoor te ontleed; vind gesamentlik antwoorde vir die tekortkominge in vermoëns, gedrag, gesindheid en kommunikasie;
- Onderwysers moet geleentheid skep vir kinders en jongmense om hul vermoëns en karaktereienskappe ten toon te stel; moedig kinders en jongmense aan om vinnige individuele vordering te probeer maak; om deur behoorlike klas-evaluering geluk en sukses te ervaar en daardeur selfvertroue te ontwikkel;
- Onderwysers moet kinders en jongmense se vermoë tot self-identifisering en selfonderrig ontwikkel; hierdeur kry hulle 'n duideliker beeld van hul eie fisieke vermoëns, gesindheid, gedrag en kommunikasiestyl.

Onderwyser-evaluering kyk ook na die professionele kwaliteite van die onderwysers, onder andere na die onderrigwaardes en -vermoëns asook navorsingsvaardighede. Onderwyser-evaluering probeer ook vasstel wat die onderwyser se invloed op kinders en jongmense is tydens die onderrigproses (Yao, 2004).

Die evaluering van hierdie kwaliteite is daarop gemik om beter geleentheid vir kinders en jongmense in Liggaamlike Opvoeding daar te stel, asook die professionele verbetering van die onderwysers self.

Studente-evaluering sluit ook vier uitkomst in wat kinders en jongmense moet probeer bereik (Lei & Jichun, 2005:180):

- Fisieke vermoë sluit die vyf basiese komponente van fisiesheid in: kardiorespiratoriese uithouvermoë, soepelheid, spierkrag en -uithouvermoë asook liggaamsamestelling;
- Kennis en vaardighede as basis vir die begrip en verstaan van die belangrikheid van sport vir die gesondheid van individue en die gemeenskap;

- Gesindheid ten opsigte van leeraktiwiteite in Liggaamlike Opvoeding-klasse deur middel van deelname en betrokkenheid;
- Gees van samewerking en gemoedstoestand in die toepassing van sport in die beïnvloed van gemoedstoestand, begrip en respek vir onderwysers en klasmaats.

Die evaluering en assessering van kinders en jongmense in Liggaamlike Opvoeding in China kyk nie bloot na resultate nie, maar ook na die leerproses en die verstaan en gebruik van kennis teenoor die blote memorisering van 'n klomp feite (Yao, 2004). Portuur- en self-evaluering en -assessering word sterk aangemoedig in assessering in Liggaamlike Opvoeding in China (Yao, 2004).

Liggaamlike Opvoeding-assessering is ten volle ingesluit in die graderingstelsel in China. Kinders en jongmense met swak punte vir Liggaamlike Opvoeding kom nie in aanmerking vir toppresterder-posisies in skole in China nie (Yao, 2004). Ten spyte van die feit dat ouers en onderwysers wat akademiese vakke aanbied, Liggaamlike Opvoeding as 'n minderwaardige vak beskou, is daar tans eksamens ingestel vir Liggaamlike Opvoeding vir die bevordering na senior hoërskool. Liggaamlike Opvoeding in China is dus gelykwaardig in status aan ander akademiese vakke wat betref kredietwaardigheid as toelatingsvak vir senior hoërskool (Yao, 2004).

Hierdie beleid is gemik op die bevordering van die waarde van sport en Liggaamlike Opvoeding in Chinese skole, gesinne en die gemeenskap, asook die bevordering van 'n positiewe gesindheid teenoor fisieke aktiwiteit en sport onder kinders en jongmense. Om te verhinder dat die hoërskool eksamen in Liggaamlike Opvoeding in China beperkings plaas op dit wat getoets word, is dit noodsaaklik dat die eksamineringinhoud en -metodes aangepas word om kinders en jongmense se belangstelling in vryetyds- fisieke aktiwiteit te bevorder (Pühse & Gerber, 2005).

Die assesseringspraktyke in Liggaamlike Opvoeding in China kan 'n belangrike rol speel in die assessering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole. Gepaste assessering kan bydra tot die bevordering van die status en aansien van die vak in Suid-Afrika in die algemeen.

## **Uitkomstes en inhoud**

Liggaamlike Opvoeding in skole in China fokus op vier uitkomstes (Lei & Jichun, 2005:178):

- “Health First” fokus op gesondheidsbewustheid en beter oefengewoontes;



- Sportbelangstelling fokus op lewenslange aktiewe sportdeelname;
- Leerderbehoefte fokus op kreatiwiteit en leervermoëns;
- Leerderverskille en vereistes fokus op die bevoordeling van elkeen.

Die Chinese regering lê sterk klem op die verbetering van kinders en jongmense se fisieke fiksheid en gesondheid. Nasionale riglyne vir Liggaamlike Opvoeding in China beklemtoon die feit dat die verbetering van fisieke fiksheid van kinders en jongmense die basiese doelwit of uitkoms van die vak is. Volgens Yang (2000) is die verbetering van kinders en jongmense se fisieke fiksheid en voorkoms die belangrikste meetinstrument vir die vordering en prestasie in Chinese skole in Liggaamlike Opvoeding. Die veranderende lewensomstandighede in die Chinese gemeenskap dra baie by tot die verandering in mense se persepsies oor lewenstyl en gedrag. Talle Chinese raak betrokke by lewenslange deelname aan sport en fisieke aktiwiteit, en Liggaamlike Opvoeding en skoolsport speel 'n uiters belangrike rol in die vestiging van kennis, vaardighede, sportbelangstelling en 'n gesonde lewenswyse (Li, 2002).

Die 2001-kurrikulum in China het wegbeweeg van 'n enkel doelwit van gesondheids verbetering in Liggaamlike Opvoeding na 'n meer komplekse doelwit van gesondheid, lewenslange sportontwikkeling asook sosiale ontwikkeling van kinders en jongmense. Die kurrikulum fokus op die positiewe ontwikkeling van kinders en jongmense op vyf terreine (Ji, 2001):

- die verbetering van fisieke vermoëns;
- die verbetering van sportbelangstelling;
- die verbetering van psigologiese eienskappe soos kommunikasie en samewerking;
- die verbetering van verantwoordelike teenoor eie en gemeenskapsgesondheid;
- die verbetering van goeie sportmanskap.

Die klem in die Liggaamlike Opvoeding-Kurrikulum in China val dus baie sterk op die ontwikkeling van kinders en jongmense en nie noodwendig op prestasie nie.

## Ondersteuning

Ten spyte van die feit dat baie ouers en ook onderwysers wat verantwoordelik is vir akademiese vakke, neersien op Liggaamlike Opvoeding in China omdat hulle kinders en jongmense eerder beter akademies en professioneel wil kwalifiseer, word Liggaamlike Opvoeding goed ondersteun van regeringskant af. Die instelling van die “Health First”-riglyn vir onderwys in China asook die belangrikheid van sport en sportprestasies op internasionale vlak, het die status en stand van Liggaamlike Opvoeding in China aansienlik versterk (Li, 2002).

In die laaste tien jaar is daar aansienlike vordering gemaak in Liggaamlike Opvoeding in China as gevolg van positiewe veranderings in die kurrikulum. 'n Goeie bestuurstelsel asook wetlike ondersteuning is nou in plek vir Liggaamlike Opvoeding in die Chinese skoolkurrikulum. Daar is heelwat meer goed gekwalifiseerde Liggaamlike Opvoeding-onderwysers wat die vak aanbied, en die doel en funksie van die vak kom duidelik na vore. Werklike aktiewe sportgeleenthede is nou aan die orde van die dag en kinders en jongmense word fisiek al hoe beter toegerus (Chinese National Education Ministry, 2001).

Al word Liggaamlike Opvoeding in China goed ondersteun en toon die vak goeie vooruitgang oor die laaste paar jaar, is daar nogtans probleem-areas waaraan aandag gegee moet word (Lei & Jichun, 2005:187). Liggaamlike Opvoeding kry nie die nodige erkenning as skoolvak in China nie en beleef 'n laer status as ander skooleksamenvakke. Daar is nog steeds 'n tekort aan goed gekwalifiseerde Liggaamlike Opvoeding-onderwysers en onvoldoende vakinhoud, swak aanbiedingsmetodes en onwetenskaplike assesseringskriteria, wat teenproduktief is vir die algemene ondersteuning van Liggaamlike Opvoeding in China (Lei & Jichun, 2005:187).

## Die toekoms

In die toekoms sal Liggaamlike Opvoeding in China baie sterk klem moet plaas op gesondheid, lewenslange deelname aan sport asook karakterontwikkeling by kinders en jongmense. Kinders en jongmense sal geleer moet word om beheer uit te oefen oor hulle persoonlike eetgewoontes en 'n meer aktiewe lewensstyl te volg. Liggaamlike Opvoeding-onderwysers sal kinders en jongmense moet leer dat hulle beter lewenskwaliteit kan handhaaf deur volhoudend en lewenslank aan fisieke aktiwiteit en sport deel te neem. Verder moet hulle leer om ander mense te respekteer as deel van hul persoonlike ontwikkeling, hul betrokkenheid by sport asook hul spesifieke sportbelangstelling. Hierdie aspekte kan 'n groot bydrae maak in die positiewe gesindheid en entoesiasme waarmee

kinders en jongmense aan Liggaamlike Opvoedings-programme sal deelneem (Zhao, 2002).

Yang (2000) beklemtoon ses belangrike areas waaraan aandag gegee moet word in die toekoms en wat 'n groot verskil kan maak aan die status en stand van Liggaamlike Opvoeding in China:

- Meer publisiteit vir die werk wat in Liggaamlike Opvoeding gedoen word;
- Liggaamlike Opvoeding vir almal;
- Goed gekwalifiseerde Liggaamlike Opvoeding-onderwysers;
- Volgehoue vernuwing en verbetering in Liggaamlike Opvoeding;
- Ondersteun Liggaamlike Opvoeding met 'n verskeidenheid kwaliteit buitekurrikulêre aktiwiteite; en
- Verbeterde begroting vir 'n meer doeltreffende befondsing van Liggaamlike Opvoeding en fasiliteite.

Indien hierdie ses areas van belang in Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika aangespreek word, behoort dit beslis 'n reuse verskil aan die status en stand van die vak in ons land te maak.

## **2.7.2 Suid-Korea**

### **Status van Liggaamlike Opvoeding**

Daar is 'n algemene bekommernis oor Liggaamlike Opvoeding in Suid-Korea; die gevoel is dat die vak 'n krisis beleef omdat die belangrikheid van die vak nie erken word nie (Pühse & Gerber, 2005). Ten spyte van die feit dat groot getalle mense aan fisieke aktiwiteit deelneem vir gesondheidsvoordele, is daar 'n gevoel dat Liggaamlike Opvoeding 'n keusevak moet wees en minder periodes moet kry (Kang & You, 2005:574).

Die status van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Korea is aansienlik laer as die sogenaamd belangrike eksamenvakke soos Wiskunde, Wetenskap en Engels. Die meerderheid onderwysers, administrateurs, ouers en selfs kinders en jongmense glo die vak is slegs noodsaaklik vir ontspanning en stresverligting vir kinders en jongmense, wat baie toegewyd leer vir die ander belangriker vakke (Kang, 2003; You, 2003; You, 2001). Die belangrikheid en rol van Liggaamlike Opvoeding in die skoolkurrikulum word ernstig bevraagteken deur die Suid-Koreaanse gemeenskap. Omdat Liggaamlike Opvoeding-

punte geen rol speel in akademiese toelating tot kolleges en universiteite nie, beskou ouers en kinders dit as 'n onbelangrike vak met baie min akademiese waarde. Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika sukkel met 'n sorgelyke uitdaging, aangesien die punte van Lewensoriëntering, waarvan Liggaamlike Opvoeding een van die uitkomstes is, nie in berekening gebring word vir M-tellings vir universiteitstoelating nie (DoE, 2008).

As gevolg van die nuwe vyfdag-werksweek in Suid-Korea word die aantal periodes vir alle skoolvakke verminder, ook vir Liggaamlike Opvoeding, en probeer die regering die groot aantal verpligte skoolvakke verminder (Kang & You, 2005:574). Liggaamlike Opvoeding is moontlik een van die vakke wat 'n keusevak gaan word, en daar word ook gepoog om die dans-, gesondheid- en veiligheidsaspekte van Liggaamlike Opvoeding te skei (You, 2002). Die gebrek aan fasiliteite en apparaat en die uiterste klimaatsomstandighede gedurende al vier seisoene in Suid-Korea is 'n belangrike faktor in die versekering van die aanbod van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding (You, 2002). Voorstelle om die assesseringspraktyke in Liggaamlike Opvoeding aan te pas van 'n vyfpunt-gradering (Uitstekend/Goed/Gemiddeld/Swak/Onvoldoende) na 'n tweepunt-gradering van slegs Slaag/Druip, beteken dat geen punte aan assessering toegeken sal word nie – wat 'n groot agteruitgang in die vak kan beteken (Kang & You, 2005:575). Hierdie negatiewe status van en gesindheid teenoor Liggaamlike Opvoeding in Suid-Korea het 'n breë invloed op verskeie gebiede, byvoorbeeld op die voorsiening van fasiliteite, die kurrikulum, onderrig en assessering asook die werksomstandighede van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers.

Hierdie laer status van Liggaamlike Opvoeding blyk ook duidelik uit die ongelykheid tussen werkslading en vergoeding van onderwysers (Kang & You, 2005:575). Alhoewel Liggaamlike Opvoeding-onderwysers presies dieselfde salaris as hul kollegas verdien, word hulle verplig om talle bykomstige verantwoordelikhede na te kom, byvoorbeeld die organisering en aanbod van binnemuurse sportprogramme, sport-afrigting asook geestelike voorbereiding van kinders en jongmense vir sportwedstryde (Kang & You, 2005:581).

Ouers, onderwysers, administrateurs asook kinders en jongmense is dit eens dat fisieke aktiwiteit en sport bydra tot die bevordering van fisieke fiksheid en gesondheid, maar volgens You (2001), glo net ongeveer 50% van hoërskoolleerlinge dat die vak enigsins belangrik is. Omdat ander vakke soos Wiskunde en Wetenskap 'n hoër status het en sterk beklemtoon word in Suid-Korea, word daar minder onderrigtyd aan Liggaamlike Opvoeding toegeken en is daar 'n duidelike gebrek aan erkenning van die belangrikheid van die vak (Kang, 2003; You, 2002).

Hierdie gebrek aan status dra by tot die ongewenste opvoedkundige omstandighede waarin Liggaamlike Opvoeding in Suid-Korea homself bevind, naamlik onvoldoende en te klein speelterreine en sportvelde, geen gimnasiums asook geen toerusting nie. Liggaamlike Opvoeding word kwaai afgeskeep in Suid-Koreaanse skole en die algemene persepsie is dat die vak geen inhoudelike leer materiaal bevat nie, maar bloot 'n ekstra geleentheid is om sport te beoefen (Yoo & Kim, 2005). Heel dikwels word Liggaamlike Opvoeding-periodes gebruik om huiswerk te doen of om te leer vir die ander belangriker eksamenvakke soos Wiskunde, Wetenskap en Engels.

Die opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers in Suid-Korea word in 'n ernstige lig beskou, maar tog word hulle nie as 'ware' onderwysers beskou nie, eerder as toesighouers oor sport en spele (You, 2003). Liggaamlike Opvoeding-onderwysers moet groot klasse van meer as 40 kinders en jongmense per klas hanteer, wat saam met hulle addisionele werkslading as afrigter baie min tyd tot hul beskikking laat om voor te berei vir klasse in 'n poging om hul onderrig te verbeter. Die dubbele rol as onderwyser en afrigter wat Liggaamlike Onderwysers in Suid-Korea moet vervul, beteken dat hierdie onderwyser tussen 30 en 60 dae per jaar uitstendig kan wees – sonder enige vorm van aansporing of ander voordele (You, 2003).

## **Onderrigtyd**

Hoewel die breë gemeenskap die standpunt ondersteun dat fisieke aktiwiteit en sport fisieke fiksheid en gesondheid bevorder, is onderrigtyd van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Korea stelselmatig oor 'n tydperk van ongeveer 40 jaar drasties verminder vanaf die eerste nasionale kurrikulum in 1954 tot en met die sesde nasionale kurrikulum in 1997. In 1997 is die sewende "Korean National Curriculum of Physical Education" (KNCPE) aanvaar, wat die "top-down" administratiewe struktuur en ook die gebrek aan opeenvolging van inhoude binne die kurrikulum aangespreek het (Yoo & Kim, 2005).

Kinders en jongmense in Graad 7 en 8 in Suid-Korea het drie verpligte Liggaamlike Opvoeding-periodes van 45 minute elk per week, wat verprei is oor die volle akademiese jaar. In Graad 9 en 10 is die tyd aansienlik verminder tot slegs twee periodes van 50 minute elk per week, versprei oor die volle akademiese jaar. In Graad 11 en 12 is Liggaamlike Opvoeding streng gesproke 'n keusevak. Kinders en jongmense in Grade 11 en 12 in Suid-Korea kan kies tussen Musiek, Kuns en Liggaamlike Opvoeding. Hierdie keuse berus dan ook baie meer by spesifieke skole eerder as by individuele kinders en jongmense. Kinders en jongmense in Graad 11 en 12 wat Liggaamlike Opvoeding as vak

kies doen dan die vak net vir twee 50-minuutperiodes vir die helfte van die akademiese skooljaar (Ministry of Education, 1997).

Die onderrigtyd wat by Liggaamlike Opvoeding weggeneem is, word aangewend vir die ander sogenaamd belangrike eksamenvakke soos Wiskunde, Wetenskap en tale (Kang & You, 2005:575). Die laer status wat Liggaamlike Opvoeding in Suid-Korea beleef, bring mee dat onderwys-owerhede en die publiek die vak as minder belangrik beskou, en gevolglik is daar weinig of geen teenstand teen hierdie proses van vermindering in onderrigtyd wat oor die afgelope 40 jaar op Liggaamlike Opvoeding toegepas word nie. Daar heers groot vrese dat die volgende nuwe nasionale kurrikulum die onderrigtyd van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Korea moontlik nog verder gaan verminder (Pühse & Gerber, 2005).

## **Befondsing**

Kwaliteit Liggaamlike Opvoeding-fasiliteite is 'n probleem in Suid-Korea as gevolg van die algemene negatiewe gesindheid teenoor asook die lae status van die vak onder die breë gemeenskap. Daar is tog talle organisasies en instansies in Suid-Korea wat saamwerk teen hierdie sogenaamde sosiale aanslag om die aantal periodes sowel as tydstoekenning vir Liggaamlike Opvoeding in skole te verminder. Sekere Departemente van Onderwys wend selfs pogings aan om die begroting vir Liggaamlike Opvoeding te verhoog, sodat bestaande sport- en Liggaamlike Opvoeding-fasiliteite by skole herstel en beter onderhou kan word (Kang & You, 2005:575).

Die lae status van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Korea het 'n duidelike impak op die befondsing van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers. Daar word van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers verwag om hul normale akademiese las te dra, maar verder moet hulle ook die buitekurrikulêre program van die skool organiseer en beheer, asook optree as sportafrigters, maar hulle ontvang geen addisionele vergoeding as hul akademiese kollegas wat slegs verantwoordelik is vir die aanbod van hul spesifieke akademiese dissipline (Pühse & Gerber, 2005).

Ten spyte van die laer befondsing en swakker fasiliteite wat Liggaamlike Opvoeding in Suid-Korea ervaar, is daar 'n duidelike toename onder die publiek van mense wat aan fisieke aktiwiteit deelneem met die oog op gesondheidsvoordele. Daar is ook 'n lewendige belangstelling in sport in Suid-Korea, veral atletiek. You (2002) wys daarop dat dit telkens gebeur dat kinders en jongmense nie die beskikbare fasiliteite by skole mag gebruik tydens Liggaamlike Opvoeding-periodes nie, omdat die fasiliteite dan benut word vir atletiek-oefensessies van die spesifieke skool se amptelike atletiekspan.

## **Assessering**

Liggaamlike Opvoeding-Assesseringspunte in Suid-Korea lyk op die oog af heel normaal en in lyn met die punte wat aan ander vakke toegeken word, maar dit is nie die geval nie. Kinders en jongmense verwerf net beter punte in Liggaamlike Opvoeding, Musiek en Kuns in sekere Suid-Koreaanse skole, al woon hulle soms nie eens die Liggaamlike Opvoeding-klasse by nie (Kang & You, 2005:581).

Volgens gesprekke met ouers en onderwysers steek 'n soortgelyke probleem in Suid-Afrikaanse skole sy kop uit: heel moontlik omdat onderwysers swak of selfs glad nie opgelei is om die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering aan te bied nie, word daar bloot assesseringspunte vir kinders en jongmense ingeskryf al is daar geen werklike assessering gedoen nie.

Liggaamlike Opvoeding-assesseringspunte dra verskillende gewigte in verskillende skoolfasies in Suid-Korea. Hierdie assesseringspunte dra meer gewig in die middel-skoolfase en beïnvloed algehele prestasie aansienlik. Indien kinders en jongmense toelating tot top-hoërskole wil kry, moet hulle dus ook goeie punte in Liggaamlike Opvoeding behaal (Yoo & Kim, 2005). Kinders en jongmense wat swak presteer in Liggaamlike Opvoeding, sukkel dus nogal om toelating tot hierdie top-skole te verkry.

Die Liggaamlike Opvoeding-assesseringspunte in die hoërskole in Suid-Korea dra egter glad nie dieselfde gewig nie, omdat slegs enkele universiteite hierdie assesseringspunt in aanmerking neem vir toelating. Ons beleef 'n soortgelyke situasie in Suid-Afrika. Kinders en jongmense in Suid-Korea wat belangstel om na top-universiteite te gaan, neem dus baie halfhartig deel aan Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit omdat hulle geen nut daarin sien nie, en spandeer eerder hul krag en energie aan die ander sogenaamd belangriker vakke soos Wiskunde, Wetenskap en tale (Pühse & Gerber, 2005).

## **Uitkomstes en inhoudes**

In Suid-Korea word daar in die laerskool baie sterk klem gelê op kinders en jongmense se belangstelling in en deelname aan fisieke aktiwiteit (Ministry of Education, 1997). Hierdie fokus word voortgesit in die middel-skoolfase en daar word gepoog om aan alle kinders en jongmense die geleentheid te bied om deel te neem aan 'n groot verskeidenheid sportaktiwiteite, uitvoering van aktiwiteite met meer gevorderde vaardighede, asook die bevordering van fiksheid en gesondheid (Ministry of Education, 1997).

Kinders en jongmense ontwikkel 'n beter begrip van fisieke aktiwiteit deur die aanleer en toepassing van teoretiese kennis aangaande fisieke aktiwiteit. Hierdie deelname aan en

beter verstaan van fisieke aktiwiteit as deel van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Korea verbeter selfvertroue en ontwikkel 'n sosiaal aanvaarbare karakter onder kinders en jongmense (Pühse & Gerber, 2005).

Die Liggaamlike Opvoeding in Graad 10 in Suid-Korea is die laaste en finale fase van verpligte Liggaamlike Opvoeding. Gedurende hierdie fase word dit wat in die middel-skoolfase aangeleer is, versterk en verdiep; daar word nou gefokus op meer gespesialiseerde sportaktiwiteite asook die vestiging van sosiaal aanvaarbare sedes en norme. 'n Groter verskeidenheid aktiwiteite word nou aangebied en kinders en jongmense word voorberei vir Liggaamlike Opvoeding as keusevak in Graad 11 en Graad 12 (Kang & You, 2005:578).

Aangesien Liggaamlike Opvoeding in Suid-Korea veronderstel is om aandag aan die ontwikkeling van individuele kinders en jongmense se bewegingsbehoefte en -kennis te gee, onderskryf die onderwysdepartement die volgende spesifieke uitkomst (Ministry of Education, 1997):

- Die ontwikkeling van motoriese vaardighede en fiksheid, en die bevordering van fisieke en geestelike gesondheid deur middel van deelname aan 'n verskeidenheid van fisieke aktiwiteite;
- Die verwerwing asook toepassing van 'n breë spektrum van kennis oor oefening en gesondheid;
- Die aanleer van sosiaal aanvaarbare gesindhede asook kultureel gedrewe norme en waardes.

## **Ondersteuning**

Hoewel Liggaamlike Opvoeding in Suid-Korea nie 'n baie hoë status beleef nie, die vak minder belangrik beskou word as vakke soos Wiskunde, Wetenskap en tale, en die vak nie bydra tot toelating aan universiteite nie, is daar nogtans sterk ondersteuning vir die vak. Liggaamlike Opvoeding is nog steeds 'n verpligte skoolvak van Graad 1 tot Graad 10, en daarna 'n keusevak in Graad 11 en Graad 12 (Kang & You, 2005:574).

Heelwat organisasies werk gedetermineerd saam om te verhoed dat die aantal Liggaamlike Opvoeding-periodes in die Agtste Nasionale Kurrikulum verminder word, en beywer hulle daarvoor dat die vak ook verpligtend gemaak sal word in Grade 11 en 12. Daar word gepoog om 'n beter begroting vir Liggaamlike Opvoeding te bewerkstellig om fasiliteite en apparate te verbeter, en Liggaamlike Opvoeding-onderwysers beter op te lei en te ondersteun (Yoo & Kim, 2005). Ernstige pogings word aangewend om Liggaamlike



Opvoeding sy eie unieke identiteit te laat ontwikkel, los van ander vakke, al is daar soveel raakvlakke tussen Liggaamlike Opvoeding en ander vakke soos Wetenskap, Voeding, Gesondheid asook Dans en Kuns.

Daar is groot bekommernis in Suid-Korea dat kinders en jongmense se onaktiwiteit meewerk tot gesondheidsprobleme (Kang & You, 2005:574). Verskeie faktore soos verstedeliking en tegnologiese ontwikkeling speel 'n groot rol in hierdie onaktiwiteit van die Suid-Koreaanse jeug, en volgens Kang en You (2003:21) sal hierdie probleem net verder vererger indien kinders en jongmense nie die geleentheid in skole kry om hul fisieke en geestelike gesondheid tydens Liggaamlike Opvoeding-periodes te versterk nie. Gesondheidsopvoeding is deel van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Korea vanaf Graad 1 tot Graad 10, en speel 'n nog belangriker rol in Graad 11 en 12. Elke hoërskool beskik oor die dienste van 'n gekwalifiseerde verpleegster wat tydens Liggaamlike Opvoeding-periodes saam met die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser spesifieke gesondheidskwessies soos gesonde voeding, seksopvoeding en 'n gesonde lewenstyl behandel.

Met die groot belangstelling en deelname aan sport asook al hoe meer mense wat aan fisieke aktiwiteit deelneem om hul gesondheid te bevorder, kry Liggaamlike Opvoeding indirek geweldige steun in Suid-Korea.

## **Die toekoms**

Liggaamlike Opvoeding in Suid-Korea sal moet verander van die ou tradisionele programme na meer moderne programme en onderwysmetodes om die status van die vak te verhoog. Nuwighede in die Liggaamlike Opvoedings-programme soos oefening vir gesondheid en die aanleer van 'n gesonde lewenstyl veroorsaak 'n opgewondenheid onder kinders en jongmense en motiveer hulle om binne en buite skoolverband deel te neem aan fisieke aktiwiteite. Liggaamlike Opvoeding-onderwysers moet dus seker maak dat kinders en jongmense die Liggaamlike Opvoeding-klasse geniet en kennis en vaardighede aanleer wat hul op verskeie gebiede, veral ten opsigte van hul gesondheid, kan bevoordeel indien hulle wil verseker dat die vak se aansien styg (Yoo & Kim, 2005).

Volgens (You, 2002) moet kinders en jongmense nuwe soorte sport en spele kan aanleer omdat hulle die ou tradisionele sportsoorte en spele te goed ken en as vervelig ervaar. Liggaamlike Opvoedings-programme moet uitdagende opvoedkundige en leergeleenthede skep sodat kinders en jongmense kan eksperimenteer met nuwe kennis en waardes. Deur hierdie eksperimentering met nuwe kennis en waardes ontwikkel hierdie kinders en

jongmense selfvertroue, wat bydra tot die vervulling van 'n groot aantal kognitiewe, affektiewe asook fisieke behoeftes (Kang & You, 2003).

Liggaamlike Opvoeding in Suid-Korea sal ernstig aandag moet gee aan differensiasie om alle kinders en jongmense se behoeftes aan te spreek. Daar kan nie net aandag gegee word aan sport en fisieke aktiwiteit nie; kinders en jongmense beskik oor verskillende vaardighede, motiveringsvlakke en kom ook uit verskillende kulturele agtergronde, en indien dit nie aangespreek en bevredig word nie, gaan die vak ongewild bly en 'n lae status bly handhaaf. Ongelukkig kry Liggaamlike Opvoeding-onderwysers nie baie steun van die onderwysdepartemente op hierdie gebied nie en probeer hierdie onderwysers die uitdaging op hul eie manier aanspreek (You, 2002).

Liggaamlike Opvoeding-onderwysers is daarvoor verantwoordelik om die vak genotvol en leersaam aan te bied, maar die oorgrote meerderheid hoërskole beskik oor swak fasiliteite en onvoldoende apparaat, en hierdie onderwysers moet kreatiewe maniere aanwend om aan hierdie uitkoms te voldoen. Hierdie uitdaging word ook in die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering in die Suid-Afrikaanse kurrikulum ervaar.

Volgens (You, 2002) is dit noodsaaklik dat die Suid-Koreaanse akademiese gemeenskap sal saamwerk om deur middel van navorsing en ondersteuning oplossings te bewerkstellig vir hierdie uitdagings van genotvolle en uitdagende klasse, differensiasie asook beter apparaat en fasiliteite, om die status van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Korea te verbeter.

### **2.7.3 Brasilië**

#### **Status van Liggaamlike Opvoeding**

Liggaamlike Opvoeding in Brasilië is gedurende die vroeë twintigste eeu sterk deur die Franse militêre tipe fisieke aktiwiteit oorheers (Postma, 1972:15). Sweedse apparaat-gimnastiek en Duitse gimnastiek ("Turnen") (Postma, 1972:15) het ook 'n invloed op Brasiliaanse Liggaamlike Opvoeding uitgeoefen in hierdie tyd. Na die Tweede Wêreldoorlog is daar wegbeweeg van hierdie sogenaamde outydse invloede en was Liggaamlike Opvoeding baie meer blootgestel aan en ontvanklik vir idees en invloede van regoor die wêreld. Liggaamlike Opvoeding op skool is gedurende hierdie tyd oorheers deur die instelling van sport in skole wat voortgevloei het uit die doelwit om te kan kompeteer met die top-lande in die wêreld en medaljes te kan wen by die Olimpiese Spele en Wêreldkampioenskapsbyeenkomste (Costa & Tubino, 2005:134). Professionele

Liggaamlike Opvoeders in Brasilië het hierdie doelwit sterk ondersteun vanuit onder andere die “International Charter of Physical Education and Sports (UNESCO, 1978).

Fisieke fiksheid en sport vir die hele gemeenskap het ook 'n prioriteit geword, en nadat die Brasiliaanse sokker-afrigter in 1970 die Cooper fiksheidsmetode as afrigtingstrategie gebruik het, het Brasilië die sokker-wêreldbeker gewen (Anon, 2009a). Sedertdien staan enige hardloop- of draf-oefeninge in Brasilië bekend as “coopering” (Anon, 2009a; Raven *et al.*, 1976). Hierdie besondere prestasie het 'n enorme positiewe invloed op Liggaamlike Opvoeding, sport en fisieke fiksheid in Brasilië gehad. Die Brasiliaanse regering het Liggaamlike Opvoeding verpligtend gemaak in alle skoolfasies en sport is as uiters belangrik beskou en slegs vanuit 'n prestasie-oogpunt beoordeel. Wetenskaplike navorsing het nou 'n belangrike rol begin speel en daar is ernstig aandag gegee aan die verbetering van die kwalifikasies van Liggaamlike Opvoeders. 'n Biologiese benadering asook die beginsel van meting was prominent aan die orde van die dag in Liggaamlike Opvoeding in Brasilië (Costa & Tubino, 2005:143).

In 1988 het die Brasiliaanse regering 'n wet uitgevaardig wat voorkeur aan opvoedkundige sport verleen het vir die gebruik van openbare sportfasiliteite (Brazilian Constitution, 1998). Die belangrikheid van sport en Liggaamlike Opvoeding is verder versterk toe daar onder leiding van Manoel Tubino, die sekretaris van Liggaamlike Opvoeding en Sport in Brasilië, 'n klemverskuiwing bewerkstellig is vanaf slegs prestasie na die mede-fokus op sosiale en persoonlike opvoedkundige beginsels van Liggaamlike Opvoeding en sport. Hierdie waardes en beginsels vir Liggaamlike Opvoeding en Sport is vasgelê in twee wette, naamlik die “Zico Law” en die “Pelé Law” (Castro, 2002).

Ten spyte van talle debatte wat aan die gang is oor die sportfokus in Liggaamlike Opvoeding in Brasilië en ook die feit dat die vak nie so gewild is onder kinders en jongmense nie, beleef die vak 'n redelik hoë status en word dit bevoordeel deur hierdie positiewe gesindheid en omgewing. Liggaamlike Opvoeding is verpligtend, toonaangewende media plaas 'n groot klem op sport, die vak kan help om 'n gesonde voorkoms te bevorder, en daar is 'n baie nou verbintenis tussen die vak en gesondheid (Costa & Tubino, 2005:143). Liggaamlike Opvoeding-onderwysers in Brasilië se aansien en status het drasties verhoog en hulle word ten volle gelykwaardig behandel ten opsigte van vergoeding en professionele status as hul kollegas in ander sogenaamd belangriker vakrigtings. Hierdie onderwysers het hul eie professionele vereniging, CONFEF (Federal Council of Physical Education Professionals) in Brasilië gekry, en hulle word oor die algemeen baie positief aanvaar deur die breë gemeenskap, insluitende ouers, kinders en jongmense, kollegas asook politici (Costa & Tubino, 2005:143; Bothelho *et al.*, 2009).

## **Onderrigtyd**

Liggaamlike Opvoeding in Brasilië speel 'n belangrike rol in die fisieke en vaardigheidsontwikkeling van kinders en jongmense en berei hulle voor vir 'n lewenslange gesonde leefstyl (Costa & Tubino, 2005:143). Volgens die "Brazilian Curricular Parameters", (1998) is die sogenaamde Skoolbywette die alfa en omega waarvolgens elke spesifieke skoolkurrikulum saamgestel word, en kan volgens hierdie wette meer of minder kurrikulumtyd, wat kontaktyd insluit, aan 'n spesifieke kurrikulumkomponent volgens prioriteit toegestaan word.

Die "Guidelines for National Education", (1996) in Brasilië het outonome status aan Liggaamlike Opvoeding as kurrikulumkomponent toegeken, en beskou die vak as uiters belangrik om kinders en jongmense deeglik te onderrig binne die kultuur van fisieke aktiwiteit en beweging. Liggaamlike Opvoeding is, soos reeds aangedui, 'n verpligte skoolvak in alle fases in Brasilië en moet minstens drie keer per week in alle grade aangebied word. As gevolg van moeilike ekonomiese omstandighede is dit 'n uitdaging vir skole om altyd goed gekwalifiseerde of geskikte Liggaamlike Opvoeding-onderwysers aan te stel en sodoende die ontwikkeling van die vak te verseker. In hierdie gevalle waar die beskikbaarheid van geskikte personeel 'n probleem is, gebeur dit dikwels dat Liggaamlike Opvoeding nie 'n prioriteit is nie en word die vereiste drie geleenthede per week nie benut nie; hierdie kontaktyd word dan aan ander sogenaamd belangriker vakke soos Wiskunde en Wetenskap afgestaan (Costa & Tubino, 2005:143).

As gevolg van die positiewe gesindheid en redelike hoë status van Liggaamlike Opvoeding in Brasilië is daar nie 'n onmiddellike gevaar dat onderrigtyd vir die vak verminder sal word nie.

## **Befondsing**

Alhoewel Liggaamlike Opvoeding 'n verpligte skoolvak in Brasilië is, ervaar die vak 'n gebrek aan fondse en finansiering (Costa & Tubino, 2005:143). Soos reeds aangetoon, skep hierdie gebrek aan finansies 'n probleem in sekere streke met die aanstelling van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers met die regte kwalifikasies, en dit benadeel die kwaliteit en onderrigtyd van die vak. Openbare sowel as privaat skole in Brasilië het 'n ernstige tekort aan fasiliteite en apparaat vir Liggaamlike Opvoeding en sport (Costa & Tubino, 2005:137). Hierdie skole sluit dikwels ooreenkomste met sportklubs vir die gebruik van hulle fasiliteite en apparaat, wat veroorsaak dat daar minder kontaktyd gedurende skoolure aan Liggaamlike Opvoeding toegeken word (Costa & Tubino, 2005:137).

In teenstelling met die probleem van genoeg fondse vir die aanstelling van gekwalifiseerde Liggaamlike Opvoeding-onderwysers in sekere streke, is dit baie positief dat volgens onlangse wetgewing in Brasilië daar wel fondse beskikbaar gestel is om 'n professionele vereniging vir Liggaamlike Opvoeding-onderwysers, die "Federal Council for Physical Education Professionals" (CONFEP), te stig, en dat hierdie onderwysers tans wat vergoeding aanbetref op presies dieselfde vlak vergoed word as wat hul kollegas in die ander vakrigtings vergoed word (Brazilian Constitution, 1988). Die probleem met die gebrek aan fasiliteite en apparaat word ook aangespreek in die Brasiliaanse grondwet wat in 1988 aanvaar is, en wat fondse beskikbaar gestel het vir die prioriteit-oprigting van fasiliteite en die aankoop van apparaat vir opvoedkundige sport. Daar is reeds verwys na die hewige debat wat aan die gang is oor die kwessie van opvoedkundige sport en slegs prestasie, teenoor prestasie en die gelyktydige aanleer van sosiale en persoonlike opvoedkundige kwaliteit.

Nieteenstaande die feit dat daar 'n algemene gebrek aan fondse en finansiering vir die vak Liggaamlike Opvoeding in Brasilië is, toon bogenoemde feite dat daar tog soms fondse beskikbaar gestel word ter bevordering van die vak.

## **Assessering**

Liggaamlike Opvoeding in Brasilië maak gebruik van deurlopende assessering wat tydens die derde en vierde kwartaal van die jaar gedoen word (Costa & Tubino, 2005:143). Die "Brazilian Curricular Parameters" stel ook spesifieke riglyne voor wat tydens hierdie evaluering in aanmerking geneem moet word, soos byvoorbeeld die kind of jongmens se ouderdom, ontwikkelingsvlak, vlak van selfstandigheid, asook sy of haar onderskeidingsvermoë. 'n Breë spektrum assesseringsinhoude en -doelwitte moet gevolg word en daar moet ook van veelvuldige assesserings- en evaluerings-instrumente en -metodes gebruik gemaak word (De Castro, 1999).

Kern-assesseringspunte sluit in (Costa & Tubino, 2005:140):

- Die bemeestering van fisieke bewegings, individueel asook in groepe, waardigheid, wedersydse respek, spanwerk, asook aanpassings wat gedoen word om almal te betrek;
- Die beklemtoning van die waarde van 'n kultuur van beweging en fisieke aktiwiteit asook die erkenning dat fisieke aktiwiteit en ontspanning 'n behoefte en basiese reg van elke individu is;
- Die begrip van die verband tussen 'n kwaliteit lewenstyl en goeie gesondheid.

Die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser doen die assessering deur waarneming, en geen toetsings of statistiese berekenings word gedoen nie. 'n Assesseringspunt word wel aangeteken wat gebruik word om aan te toon of die kind of jongmens ten volle, gedeeltelik of geensins die gestelde uitkoms bereik het nie. Bo en behalwe die assessering en evaluering van motoriese vaardighede word daar in Liggaamlike Opvoeding in Brasilië ook vakkennis, sosiale vaardighede asook opvoedkundige beginsels geassesseer. Indien die skool se assesseringsplan voorsiening maak daarvoor, kan kinders en jongmense wat Liggaamlike Opvoeding as vak nie slaag nie, krediete opbou vir die gedeeltes van die vak waar hulle wel die vereiste uitkoms bereik het (Costa & Tubino, 2005:140).

### **Uitkomste en inhoude**

Volgens die Sekretariaat vir Basiese Onderwys in Brasilië (1998) fokus die inhoud van Liggaamlike Opvoeding, uit die aard van die fisieke aktiwiteit en beweging, op die komplekse samestelling van die menslike liggaam, maar ook op hoe hierdie beweging uit 'n kultuur-historiese perspektief sosiaal uitgeleef kan word. Hierdie inhoude word progressief in die verskillende grade ontwikkel en word saamgestel baie nou verwant aan spesifieke kennis en inhoud van die omgewing, karaktereenskappe, groeipatrone en ontwikkelingsvlakke van kinders en jongmense wat deel uitmaak van die Brasiliaanse gemeenskap. Liggaamlike Opvoeding in Brasiliaanse skole ontwikkel binne hierdie spesifieke fokus, soos uiteengesit deur die Sekretariaat vir Basiese Onderwys 1998, lewensvaardighede soos etiese kwessies, gesondheid, kulturele verskeidenheid, omgewingskwessies, seksuele oriëntasie, arbeids- en verbruikerskwessies.

Hierdie inhoud vir Liggaamlike Opvoeding in Brasilië word in drie verwante eenhede of kategorieë gegroepeer, naamlik (Costa & Tubino, 2005:141):

- Sport en spele asook praktiese stoei en gimnastiek;
- Ritmiese en uitdrukkingsaktiwiteite; en
- Kennis van die menslike liggaam.

In al drie hierdie eenhede of kategorieë word daar aandag gegee aan inhoud, toepassing asook norme, waardes en gesindhede.

Die Brasiliaanse Sekretariaat vir Basiese Onderwys (1998) stel hierdie anatomiese, fisiologiese, biochemiese en biomeganiese kennis van die menslike liggaam, wat as lewende organisme pyn, plesier, vreugde asook vrees in die wisselwerking met sy

kulturele en fisiese omgewing ervaar, as assesseringsriglyne vir die fisieke aktiwiteitsprogram.

Die eenheid wat handel oor sport en spele is praktiese ervarings wat tradisioneel in Brasilië baie hoog aangeslaan word (Costa & Tubino, 2005:142). Die ritmiese en uitdrukkingsaktiwiteite sluit 'n groot verskeidenheid dansaktiwiteite, sangopvoerings en mimiek in, waarvan daar talle voorbeelde in Brasilië voorkom soos die bekende samba en *rap*. Hierdie bewegings-aktiwiteite is almal kulturele uitdrukkingsvorme met enorme potensiaal as leerinhoud, en lewer 'n geweldige bydrae tot die ontwikkeling van die gesindheid van kinders en jongmense (Costa & Tubino, 2005:142).

Die uitkoms vir Liggaamlike Opvoeding in Brasilië tot op ouderdom ses is die ontwikkeling van sosiale interaksie met die fisiese omgewing deur verskillende dansaktiwiteite, spelletjies en opvoerings gekoppel aan die kinders se manier van stap, eet, huppel en gooi. Die uitkoms vir Grade 1 tot 4 is verbetering van liggaamsbewustheid in verhouding tot die omgewing deur middel van span- en rekreasie-aktiwiteite. Vir grade 5 tot 8 fokus die uitkoms van Liggaamlike Opvoeding op die ontwikkeling van kritiese denke teenoor die waarde van fisieke aktiwiteit, deur aandag te gee aan etiese kwessies, gesondheid, omgewing, seksuele oriëntasie, kulturele verskeidenheid, asook arbeids- en verbruikerskwessies volgens die Sekretariaat vir Basiese Onderwys, (1998).

## Ondersteuning

Liggaamlike Opvoeding in Brasilië word in die huidige positiewe klimaat wat die vak beleef, goed ondersteun deur 'n groot deel van die gemeenskap, insluitende ouers en politici (Costa & Tubino, 2005:142). Liggaamlike Opvoeding-onderwysers se aansien het aansienlik verbeter en hulle word op bykans alle vlakke gelykwaardig met hul eweknie-kollegas in ander vakrigtings behandel. Liggaamlike Opvoeding is wetlik verpligtend in Brasilië en die vak word baie sterk ondersteun as deel van Gesondheidsopvoeding. Liggaamlike Opvoeding vir gesondheid konsentreer veral op vier spesifieke areas (Costa & Tubino, 2005:142):

- Die "Federal Council of Physical Education" het in 2002 'n resoluëie uitgevaardig wat dit duidelik uitspel dat professionele Liggaamlike Opvoeding-onderwysers se kerntaak opvoeding en gesondheid behels, wat gemik is op fisieke fiksheid en welstand van die gemeenskap met die oog op beter lewenskwaliteit;

- Die Sao Paulo Gesondheidsdepartement se inisiatief van “Move Sao Paulo”, wat mense aanmoedig om hul gesondheid te bevorder deur daaglik vir 30 minute lank te stap, is baie sterk ondersteun en het baie vinnig landwyd uitgebrei as “Move Brazil”. ’n Soortgelyke program, “Move the World” is deur die “International Council for Sport Science and Physical Education” (ICSSPE) en die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO) geloods.
- In groter stedelike gebiede is daar heelwat gimnasiums, wat die publiek bewus maak van oefening vir gesondheid asook die belangrikheid van ’n goeie fisieke voorkoms. Programme by hierdie gimnasiums word deur professionele Liggaamlike Opvoeders aangebied;
- Liggaamlike Opvoeding kry sterk ondersteuning as daar gekyk word hoe talle mense in openbare parke, strande, en soortgelyke plekke draf, fietsry en stap met die oog op fiksheid en gesondheid. ’n Soortgelyke verskynsel word in Suid-Afrika bespeur, veral tydens die somermaande.

Nog ’n terrein waar Liggaamlike Opvoeding in Brasilië sterk ondersteuning kry, is die klem wat geplaas word op die aanleer van sosiale vaardighede (Costa & Tubino, 2005:142). ’n Hewige debat het gewoed oor die kwessie van prestasiesport en opvoedkundige sport vir almal, waar kinders en jongmense asook volwassenes die geleentheid kry om sosiale vaardighede soos spanwerk, regverdigheid, sportmanskap, respek, eerlikheid, leierskap en vele meer te ontwikkel. Die “National Curricular Parameters”, (1998) toon aan dat wanneer kinders en jongmense aan fisieke aktiwiteit en Liggaamlike Opvoeding deelneem, hulle die geleentheid kry om al bogenoemde vaardighede aan te leer en te ontwikkel.

## **Die toekoms**

Die toekoms van Liggaamlike Opvoeding in Brasilië lyk tans baie rooskleurig (Costa & Tubino, 2005:142). Die vak beskik oor goed gekwalifiseerde professionele Liggaamlike Opvoeders en ontwikkelingsprogramme in die vorm van nagraadse kursusse, spesialiseringkursusse asook voortgesette opleidingsgeleenthede wat goed op dreef is. Liggaamlike Opvoeding as wetenskap vorder goed in die aanbod van Meestersgrade asook Doktorale programme; tegnologiese vordering vind plaas in die industrieë; infrastruktuur verbeter teen ’n vinnige tempo deur die vestiging van sportdepartemente binne munisipaliteite; wetgewing is in plek ter bevordering van Liggaamlike Opvoeding; en etiese aspekte word deur die “Federal Council of Physical Education” (CONFED) aangespreek.



Met sulke gunstige omstandighede in Brasilië is Liggaamlike Opvoeding binne skoolverband totaal in die hande van die opvoedkundige proses en kan die daarstel en handhaaf van 'n effektiewe fisieke aktiwiteits- en Liggaamlike Opvoedings-program, net 'n puik toekoms vir die vak verseker. Daar moet veral gekonsentreer word op meer en beter interdisiplinêre skakeling, sterker gefokus word op sosiale en gemeenskapswaardes asook sterker klem op 'n aktiewe lewenstyl geplaas word. Om dit te kan bereik moet die Brasiliaanse state meer uniforme beleidsrigtings aanvaar ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding, gesondheid, asook sport en ontspanning, en moet daar sterker ondersteuning wees vir navorsingsprogramme in Liggaamlike Opvoeding (Costa & Tubino, 2005:147).

Alhoewel Liggaamlike Opvoeding redelike groot uitdagings ten opsigte van onderrigtyd en befondsing in ontwikkelende lande ervaar, as gekyk word na die vak in China, Suid-Korea en Brasilië, is daar nogtans redelik goeie ondersteuning vir die vak in hierdie lande omdat dit kinders en jongmense se gesondheid kan bevoordeel. Liggaamlike Opvoeding kry veral sterk ondersteuning in China en Brasilië omdat daar groot klem geplaas word op sport en internasionale kompetisie.

Die volgende gedeelte handel oor die bedryf van Liggaamlike Opvoeding in enkele Afrika-lande, naamlik Ghana, Nigerië en Tunisië. Hierdie drie Afrika-lande is uit die aard van die saak ook gekies op grond van hul onlangse goeie prestasies in die internasionale sport-arena.

## **2.8 Bedryf van Liggaamlike Opvoeding in skole in enkele Afrika-lande**

Liggaamlike Opvoeding word in die volgende Afrika-lande, naamlik Ghana, Nigerië en Tunisië, ondersoek op grond van hul goeie internasionale sportprestasies die afgelope paar jaar en ook die stand en status van die Liggaamlike Opvoeding in hierdie lande. Ghana ondersteun UNESCO se standpunt dat kinders toegang moet hê tot Liggaamlike Opvoeding en sport, asook die feit dat die vak groot fiksheids- en gesondheidswaarde inhou vir kinders en jongmense (UNESCO, 1978; Ammah & Kwaw, 2005). Liggaamlike Opvoeding in Nigerië lê sterk klem op die totale ontwikkeling van kinders deur die skep van geleenthede vir fisieke aktiwiteit, beweging asook sosiale en morele ontwikkeling (Salokun, 2005). In Tunisië word Liggaamlike Opvoeding beskou as 'n integrale deel van die breë skoolkurrikulum en as deel van onderwys en kultuur (Zouabi, 2005).

## 2.8.1 Ghana

### Status van Liggaamlike Opvoeding

Liggaamlike Opvoeding in Ghana maak 'n uiters belangrike deel uit van die skoolkurrikulum. Die Ghanese regering onderskryf die UNESCO-manifes wat handel oor Liggaamlike Opvoeding, wat onder andere aantoon dat elke kind en jongmens 'n basiese reg het tot Liggaamlike Opvoeding, fisieke aktiwiteit en sport, wat onontbeerlik is vir die volle ontwikkeling elke mens se persoonlikheid (UNESCO, 1978). Die oorgrote meerderheid van die Ghanese publiek besef wat die fiksheids- en gesondheidswaarde van Liggaamlike Opvoeding is, maar talle mense verwar Liggaamlike Opvoeding met sport (UNESCO, 1978). Hierdie persepsie is nie ongegrond nie, aangesien daar oor die volle duur van die akademiese jaar sportkompetisies op verskillende vlakke en vir verskeie sportsoorte gereël word. Die gees van ten-alle-koste-wen wat by hierdie sportfeeste heers, veroorsaak dat Liggaamlike Opvoeding-onderwysers elite atlete afrig in die Liggaamlike Opvoeding-periodes in plaas daarvan dat hulle Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteite aanbied wat alle kinders en jongmense kan bevoordeel (Ammah & Kwaw, 2005:320).

Die bevolking van Ghana is groot sportliefhebbers en sokker is die nommer-een sport in die land. As gevolg van hierdie groot aanhang van sport het Liggaamlike Opvoeding en sport 'n hoë status in Ghana omdat die mense deeglik daarvan bewus is dat deelname aan Liggaamlike Opvoeding en sport nie net alle kinders en jongmense se gesondheid kan bevoordeel nie, maar ook sportmanne en -vroue ontwikkel wat die land op internasionale vlak kan verteenwoordig (Ammah & Kwaw, 2005:320). Daar word nie groot akademiese waarde aan Liggaamlike Opvoeding geheg nie, alhoewel heelwat kinders en jongmense baie toegeneë is tot die vak omdat hulle goed presteer tydens interne assesserings in Liggaamlike Opvoeding. Die hoë aansien en status wat die vak in Ghana beleef, is nie 'n waarborg dat alles net maanskyn en rose is nie; intendeel. Liggaamlike Opvoeding ervaar groot uitdagings, onder andere met die opleiding van onderwysers, en dan ook met skoolhoofde en personeel wat die Liggaamlike Opvoeding-periodes vir ander skoolaktiwiteite gebruik en die werksomgewing van die Liggaamlike Opvoeding-onderwysers onaangenaam maak (Placek, 1993). Laasgenoemde aspek oor die misbruik van Liggaamlike Opvoeding-periodes deur senior personeel bring soortgelyke herinneringe by die navorser na vore uit die bykans 17 jaar wat hy die vak in Suid-Afrikaanse skole aangebied het.

'n Groot aantal professionele Liggaamlike Opvoeders het met 'n ernstige bewusmakingsveldtog onder die algemene publiek in die media in Ghana begin om almal opnuut bewus te maak van die voordele van Liggaamlike Opvoeding – nie net vir kinders en jongmense nie, maar ook vir volwassenes. Hierdie veldtog het 'n groot hupstoot gekry met die instelling van wetgewing wat Liggaamlike Opvoedings-programme en grade aan hoër onderwysinstellings heringestel het (Ammah & Kwaw, 2005:320; Agbeko, 2007). Die feit van die saak is egter dat Liggaamlike Opvoeding in Ghana op die oomblik 'n baie hoë aansien en status beleef.

## **Onderrigtyd**

Daar is spesifieke tydstoekening en periodes in al die verskillende grade vir Liggaamlike Opvoeding in Ghana – alles as deel van die poging om te sorg dat die vak sy regmatige plek binne die skoolkurrikulum inneem en handhaaf. Vir Graad 1 tot Graad 3 is daar vier 35-minuutperiodes per week toegeken, en Grade 4 tot 6 het drie 35-minuutperiodes per week. In die junior sekondêre fase, Graad 7 tot Graad 9, is daar twee 35-minuutperiodes vir die vak, en die senior sekondêre fase, Grade 10 tot 12, het twee 40-minuutperiodes per week vir Liggaamlike Opvoeding (DoE, 2005).

Hierdie periodes is in baie gevalle net tydgleuwe op die rooster. Aangesien daar nie 'n duidelike regeringsbeleid hieroor is nie, bepaal die plaaslike omgewing en behoeftes van elke skool hoeveel periodes aan Liggaamlike Opvoeding toegeken word. Hierdie toedrag van sake het al telkemale daartoe bygedra dat pogings aangewend is om die aantal periodes vir Liggaamlike Opvoeding in die skoolkurrikulum te verminder. Heelwat skole benut nie die Liggaamlike Opvoeding-periodes nie of wend die periodes vir ander skoolaktiwiteite aan, en by die skole waar die periodes wel gebruik word vir die vak gebeur dit heel dikwels dat die gesindheid is om kinders en jongmense bloot besig te hou. Placek (1993) verwys daarna as “busy, happy and good”. Dit is 'n uiters ongewenste situasie om Liggaamlike Opvoeding as sogenaamde “free-play”-periodes te bedryf. Die bestaande program met spesifieke uitkomstes en vaardighede wat bereik moet word, is veronderstel om in die skole aangebied te word. Ongelukkig is daar 'n hele aantal skole in Ghana wat om verskeie redes omtrent geen Liggaamlike Opvoeding aanbied nie.

## **Befondsing**

Soos reeds aangetoon, is Liggaamlike Opvoeding 'n integrale deel in alle skoolfasies van die skoolkurrikulum in Ghana. Die vak is by verskeie geleenthede deur wetgewing as deel van die skoolkurrikulum ingestel, waaronder die sogenaamde sestien-puntplan, wat die belangrikheid van karakterontwikkeling asook die organisasie van sport en spele as deel

van Liggaamlike Opvoeding beklemtoon het. Die regering het bepaal dat sport en spele deel van die skoolkurrikulum moet wees en dat sportfasiliteite aan alle skole voorsien moes word. Liggaamlike Opvoeding en georganiseerde sport in skole is geweldig hierdeur versterk, wat weer aanleiding gegee het tot die interskool-sportkompetisies op alle vlakke (Baba *et al.*, 1993).

Die politieke geskiedenis in Ghana het egter 'n negatiewe invloed op Liggaamlike Opvoeding, omdat verskeie regerings van die dag as gevolg van 'n gebrek aan fondse die vak net eenvoudig op die agtergrond geskuif en verwaarloos het (Ammah & Kwaw, 2005:320). Die befondsing vir Liggaamlike Opvoeding is dus onvoldoende, en die vak word verder benadeel deur die amper onbekostigbare hoë pryse van apparaat en fasiliteite. As gevolg van 'n tekort aan fondse is daar dus onvoldoende apparaat en fasiliteite vir effektiewe onderrig in Liggaamlike Opvoeding in Ghana. Kinders en jongmense word verplig om sportgelde te betaal, maar hierdie klein bydrae het nie 'n groot impak op die dringende tekort aan die broodnodige maar baie duur apparaat en fasiliteite nie. Die kleiner skole trek veral baie swaar en onderwysers probeer die probleem hanteer deur die improvisering van veral apparaat, maar ook fasiliteite (Addo-Adeku *et al.*, 2003). Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika sukkel met soortgelyke probleme ten opsigte van 'n tekort aan apparaat en fasiliteite, en daar word aandag gegee aan improvisering van veral apparaat en toerusting.

Daar is wel fondse beskikbaar vir die oplei van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers, en die Hoër Onderwysinstellings bied ook Liggaamlike Opvoeding-kursusse en -programme aan, maar om vir hulself beter geleenthede te skep om poste te kry, neem hierdie vakonderwysers ook ander vakke wat hulle in die skool kan aanbied (Ammah & Kwaw, 2005:320). Hierdie onderwysers is dikwels nie baie effektief in die aanbied van Liggaamlike Opvoeding nie, as gevolg van hul gebrek aan belangstelling in die vak. Nog 'n probleem wat die befondsing van Liggaamlike Opvoeding negatief beïnvloed, is onderwyswetgewing wat skole toelaat om net 'n sekere aantal onderwysers te mag aanstel, bekend as die kwota-stelsel. Dit veroorsaak dat skoolhoofde eerder onderwysers aanstel wat meer as een vak kan aanbied, eerder as om 'n spesialis-Liggaamlike Opvoeding-onderwyser aan te stel (Agbeko, 2007).

Ten spyte van die gebrek aan befondsing beleef Liggaamlike Opvoeding-onderwysers dieselfde status as hul eweknie-kollegas in die ander sogenaamd belangriker vakke soos Wiskunde en Wetenskap, en verdien hulle ook dieselfde salaris (Ammah & Kwaw, 2005:320). Omdat die Ghanese bevolking sulke groot sportaanhangers is en die land

graag goed wil presteer in die internasionale sport-arena, sal Liggaamlike Opvoeding en sport altyd befondsing kry met die oog op prestasie, al is dit nie voldoende fondse nie.

## **Assessering**

Evaluerings- en assesseringspraktyke binne die skoolkurrikulum in Ghana is slegs aanbevelings, en daar word nie baie streng vereistes gestel of die gestelde uitkomstebereik word al dan nie. Omdat die assesseringsprogram nie definitiewe riglyne stel vir evaluerings nie, gebruik individuele onderwysers baie verskillende assesseringspraktyke en -vorme in hul onderrig van die vak. Die verantwoordelikheid om toe te sien dat Liggaamlike Opvoeding in Ghana effektief onderrig word, berus by distriks-, streeks- en nasionale vakinspekteurs, maar ongelukkig veroorsaak logistieke probleme soos 'n gebrek aan vervoer dat hierdie inspekteurs nie baie gereeld by die skole uitkom nie. Daarom doen baie van hierdie swak opgeleide Liggaamlike Opvoeding-onderwysers baie swak of selfs geen voorbereiding of lesbeplanning nie (Ammah & Kwaw, 2005:318). Soortgelyke probleme van Leerareabestuurders wat skole nie kan besoek nie as gevolg van 'n gebrek aan fondse steek sy kop uit in die Suid-Afrikaanse onderwysopset.

Ten spyte van die hoë status en belangrikheid van Liggaamlike Opvoeding in Ghana word die assesseringspunt wat aan die vak toegeken word nie as baie belangrik geag nie (Ammah & Kwaw, 2005:318). Die rede hiervoor is dat Liggaamlike Opvoeding nie ekstern geëksamineer word nie en die punt wat aan die vak toegeken word nie tel vir universiteitstoelatingsdoeleindes nie. Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering verkeer in 'n soortgelyke situasie in Suid-Afrika. Een van die uitkomstevan Liggaamlike Opvoeding in laerskole in Ghana is massa-deelname eerder as 'n fokus op kompetisiesport, waar slegs enkele individue gekies en afgerig word om hulle skole op sportkompetisies te verteenwoordig (Ammah & Kwaw, 2005:322).

Daar word groot waarde geheg aan assesseringspunte, veral gedurende Basiese Onderwys, omdat hierdie punte die basis vorm vir toelating tot senior sekondêre skole. Gedurende Basiese Onderwys in Ghana word deurlopende assessering deur onderwysers en skoolhoofde gedoen, wat saamgestel is uit 40% interne en 60% eksterne assessering, behartig deur die "West African Examination Council" (WAEC) Ongelukkig is Liggaamlike Opvoeding nie deel van die vakke wat deel uitmaak van die 60% eksterne assessering deur die WAEC nie, en tel assesseringspunte van ander sogenaamd belangriker vakke soos Wiskunde en Wetenskap baie meer tydens hierdie eksterne evaluering (Keteku, 1999). Bo en behalwe vaardigheidstoetse gebruik heelwat Liggaamlike Opvoeding-onderwysers ook assesseringspunte vir klasbywoning, kleredrag, gesindheid en poging tot

deelname. Liggaamlike Opvoeding-assesseringspunte word dus as minderwaardig beskou teenoor ander belangriker vakke, en boonop ken swak opgeleide Liggaamlike Opvoeding-onderwysers hoë punte toe wat veroorsaak dat kinders en jongmense die vak as nikswerd beskou (Ammah & Kwaw, 2005:318). Onderwysers betrokke by Basiese Onderwys in Ghana spesialiseer nie in een spesifieke vak nie, wat veroorsaak dat reeds swak opgeleide nie-spesialis Liggaamlike Opvoeding-onderwysers baie moeilik kwaliteit assessering in hierdie spesialisarea kan toepas.

## **Uitkomst en inhoude**

Die algemene oorkoepelende doel en uitkoms van Liggaamlike Opvoeding in Ghana is die verbetering van die fisieke gesondheid van individue asook van die gemeenskap. Psigo-motoriese ontwikkeling dra by tot effektiewe spierbeheer en -beweging asook liggaamsbewustheid, wat alles aangespreek word deur skop, gooi, vang, tuimel en soortgelyke vaardighede wat deur skole aangebied word. Die kognitiewe uitkoms van Liggaamlike Opvoeding word aangespreek deur die aanleer van basiese vaardighede en tegnieke asook reëls en regulasies met die oog op maksimum prestasie. Kinders en jongmense word blootgestel aan die affektiewe uitkoms van Liggaamlike Opvoeding deur deelname aan 'n groot aantal tradisionele spele wat samewerking en spanwerk bevorder (Curriculum Research and Development Division, 2001).

Die kern-ontwikkelingsuitkomst vir kinders en jongmense binne Liggaamlike Opvoeding in Ghana kan soos volg saamgevat word (Ammah & Kwaw, 2005:317-318):

- Basiese motoriese vaardighede, fisieke fiksheid, liggaamsorg en selfkonsep
- Ontwikkeling deur fisieke aktiwiteit en beweging
- Morele waardes en waardering vir kultuur-erfenis
- Selfwerksaamheid op alle vlakke
- Burgerskap as deel van landsontwikkeling
- Kennis en begrip van sportbeginsels, waardes en reëls
- Maksimale fisieke, geestelike, emosionele asook sosiale ontwikkeling deur middel van fisieke aktiwiteite
- Gesonde kompetisie en belangstelling in sport en spele
- Ontwikkeling van fisieke, geestelike, verstandelike en sosiale vermoëns.

Bo en behalwe die uitkomst en inhoud wat gemik is op gesondheidsbevordering en die ontwikkeling van sport en spele, is daar ook opvoedkundige uitkomst en inhoud gerig op wat kinders en jongmense graag wil bereik in en deur Liggaamlike Opvoeding. Kinders en jongmense wil Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit geniet deur deelname aan en aanleer van nuwe sportsoorte asook deur die ontwikkeling van selfvertroue, leierskap en fisieke fiksheid deur aan individuele sportsoorte en ook spansport deel te neem. Liggaamlike Opvoeding-onderwysers is verantwoordelik vir die aanbied van die inhoud en ook die bereiking van hierdie gestelde uitkomst.

## **Ondersteuning**

Liggaamlike Opvoeding in Ghana word sterk ondersteun as integrale deel van die nasionale skoolkurrikulum. Groot klem word geplaas op karakterontwikkeling asook op die organisering en deelname aan sport en spele as deel van Liggaamlike Opvoeding (Ammah & Kwaw, 2005:318). Wetgewing bepaal dat georganiseerde sport en spele deel moet wees van die skoolkurrikulum, en ook dat alle skole voorsien moet word van sportfasiliteite. In Ghana is sport 'n hoë prioriteit, veral sokker, en daarom ondersteun die bevolking Liggaamlike Opvoeding omdat hulle besef dat blootstelling aan sport en spele binne hierdie vak potensiële sportsterre vir die toekoms kan oplewer wat die land op internasionale vlak kan verteenwoordig. Die vak word verder ondersteun omdat mense bewus is van die feit dat Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit individue asook die gemeenskap se gesondheid kan bevorder (Ammah & Kwaw, 2005:318). In Liggaamlike Opvoeding in Ghana word daar sterk gefokus op gesondheidsvoordele, deelname en bevordering van sport en spele, asook die ontwikkeling van 'n hele rits sosiale vaardighede. Liggaamlike Opvoeding-onderwysers in Ghana het presies dieselfde status en voordele as al die ander onderwysers in ander sogenaamd belangriker vakke soos Wiskunde en Wetenskap, wat beslis ook 'n aanduiding is van die positiewe ondersteuning wat die vak geniet (Agbeku, 2007).

Hierdie ondersteuning wat die vak kry beteken egter nie dat Liggaamlike Opvoeding in Ghana geen probleme ervaar nie. Inteendeel, navorsers (Agbeku, 2007) vind dat die vak besig is om 'n stadige dood te sterf indien daar nie drasties opgetree word om die vak se toekoms te verseker nie. Hierdie probleme wissel van 'n tekort aan onderwysers, apparaat en fasiliteite, onbekostigbaarheid van toerusting asook die misbruik van Liggaamlike Opvoeding-periodes vir ander skoolaktiwiteite. Die mense van Ghana besef deeglik wat die waarde van Liggaamlike Opvoeding vir die gemeenskap en die land inhou, maar daar sal drasties en vinnig opgetree moet word op hoë vlak om toekoms en voortbestaan van die vak, met al sy gepaardgaande voordele, te verseker (Ammah & Kwaw, 2005).

## **Die toekoms**

Die onlangse swak vertonings van sportmanne en -vroue asook sportspanne van Ghana het nie net by die sportmal publiek 'n bron van groot kommer geword nie, maar ook by die Minister van Onderwys en Jeugsport (Ammah & Kwaw, 2005:318). Alle belanghebbendes sal dringend bymekaar moet kom en 'n versoek aan die regering rig dat Liggaamlike Opvoeding 'n verpligte vak op alle vlakke van onderwys moet wees. Om die vak in ere te herstel as 'n integrale deel van kinders en jongmense se totale opvoeding, sal daar 'n bewusmakingsveldtog (Anon, 2009b), soortgelyk aan die veldtog oor MIV/VIGS, landwyd geloods moet word om alle mense opnuut in te lig oor die belangrikheid van Liggaamlike Opvoeding in die totale opvoeding en gesondheid van alle mense, maar in besonder ook onder kinders en jongmense.

Alle skole sal moet verseker dat effektiewe Liggaamlike Opvoedings-programme aangebied word; voldoende fasiliteite, toerusting asook Liggaamlike Opvoeding-onderwysers moet beskikbaar gestel word; alle universiteite moet die vak tot op nagraadse vlak aanbied; en die vak moet geëksamineer word, om te sorg dat die vak die publieke ondersteuning kry wat dit verdien. Die regering kan groter finansiële ondersteuning aan die vak gee, en kinders en jongmense wat goed presteer in Liggaamlike Opvoeding en sport, behoort groter erkenning en ondersteuning te kry in die vorm van beurse en ander aansporings. Kinders en jongmense met leergestremdhede moet baie beslis ook geakkommodeer word binne Liggaamlike Opvoeding in Ghana (Ammah & Kwaw, 2005). Liggaamlike Opvoeding en sport is 'n integrale en uiters belangrike deel van die skoolkurrikulum in Ghana, en kan met die regte ondersteuning bydra dat op gesondheidsgebied, sportgebied asook sosiale terrein Ghana weer onder die toppresteerders in die sportwêreld, veral in sokker, sal wees (Ammah & Kwaw, 2005).

### **2.8.2 Nigerië**

#### **Status van Liggaamlike Opvoeding**

Liggaamlike Opvoeding in Nigerië beleef 'n redelik hoë status en daar heers 'n positiewe gesindheid teenoor die vak, al is dit op 'n beperkte skaal en al is daar groot ruimte vir verbetering (Salokun, 2005:503). Die land se onderwysbeleid erken die belangrikheid van Liggaamlike Opvoeding in die totale ontwikkeling van kinders en jongmense, wat realiseer in die belangrike rol wat sport binne die vak in skole vervul met die skep van geleenthede vir beweging asook fisieke, sosiale en morele ontwikkeling. Liggaamlike Opvoeding-onderwysers in Nigerië het 'n hoër status as hulle kollegas in ander vakke, omdat hulle ook



opgelei word om nog twee ander vakke behalwe Liggaamlike Opvoeding aan te bied. Voorts speel hierdie onderwysers 'n baie belangrike rol in die samelewing as gevolg van hul veelsydigheid om ook te kan optree as sportafrigters in verskeie sportsoorte, sport-organiseerders asook bestuurders van sportklubs en gimnasiums (Salokun, 2005:504). Hierdie hoë status en positiewe gesindheid teenoor Liggaamlike Opvoeding word verder versterk met die regering se herinstelling van interhuissport- en atletiekkompetisies, wat ook privaat skole insluit. Liggaamlike Opvoeding in Nigerië ontvang ook groot erkenning vir die skep van geleenthede vir die ontwikkeling van nasionale en internasionale atlete wat die land internasionaal kan verteenwoordig. 'n Groot invloed op die status van en positiewe gesindheid teenoor Liggaamlike Opvoeding in Nigerië is die nasionale sowel as die streeksregerings se ondersteuning van die vak deur dit in te sluit in die nasionale kurrikulum en spesifiek as 'n eksamenvak in die hoërskool.

Ten spyte van hierdie hoë status en positiewe gesindheid teenoor die vak word daar in skole gediskrimineer teen Liggaamlike Opvoeding-onderwysers en ook op die vak self, omdat die vak nie as toelatingsvereiste gebruik word vir toelating tot hoër onderwysinstellings nie en dus as minder belangrik beskou word as vakke soos Wiskunde en Wetenskap wat wel as toelatingsvereiste tel. Ouers wil eerder graag hê hul kinders moet opgelei word as mediese dokters, prokureurs, ingenieurs of argitekte, en beskou Liggaamlike Opvoeding saam met ander onderwysers as minder belangrik. Kinders en jongmense wat lief is fisieke aktiwiteit en sport het egter 'n hoë agting en waardering vir Liggaamlike Opvoeding-onderwysers asook vir die vak, omdat albei hierdie komponente 'n bydrae lewer tot die vervulling van hierdie noodsaaklike behoefte (Salokun, 2005:503).

## **Onderrigtyd**

In die laerskole in Nigerië word daar vyf 35- tot 40-minuutperiodes per week aan Liggaamlike Opvoeding toegeken, en in die hoërskool word daar drie 40-minuutperiodes per week voorgestel vir die aanbied van Liggaamlike Opvoeding. As gevolg van die negatiewe houding, gebrek aan stiptelikheid en ongereelde bywoning van kinders en jongmense asook onderwysers gedurende Liggaamlike Opvoeding-periodes, realiseer hierdie aantal periodes nie vir die aanbieding van Liggaamlike Opvoeding nie (Salokun, 2005:503). 'n Ander oorsaak vir hierdie onbenutting van die toegekende tyd vir Liggaamlike Opvoeding in Nigerië is omdat onderwysers en veral skoolhoofde die vak as minder belangrik beskou dan die sogenaamd belangriker akademiese vakke soos Wiskunde en Wetenskap. Skoolhoofde speel 'n belangrike rol in hierdie wanbenutting van die Liggaamlike Opvoeding-periodes vir ander aktiwiteite, wat daartoe lei dat die vak in sekere hoërskole net in die junior grade aangebied word en by sekere privaat skole glad nie

aangebied word nie (Salokun, 2005:501). Hierdie probleem van skoolhoofde wat die vak benadeel en as minder belangrik beskou, is 'n probleem wat ook in Suid-Afrika voorkom.

Nieteenstaande die wanbenutting van die toegekende periodes vir Liggaamlike Opvoeding, was daar tot op hede nog geen daadwerklike poging van skole se kant of van regeringskant om die aantal periodes of die lengte van die periodes vir die vak in Nigerië te verminder nie. Geen definitiewe rede kan hiervoor aangevoer word nie, maar heel waarskynlik het dit te doen met die feit dat die toegekende periodes vir Liggaamlike Opvoeding in Nigerië in groot mate bloot op papier figureer, en nie daadwerklik in die praktyk deur onderwysowerhede afgedwing word nie (Salokun, 2005).

## **Befondsing**

Een spesifieke terrein waar Liggaamlike Opvoeding in Nigerië werklik afgeskeep word en baie swaar trek, is befondsing. Ten spyte van die redelik hoë status van en positiewe gesindheid teenoor die vak, insluiting in die nasionale kurrikulum en boonop nog as eksamenvak in hoërskole, en ook die intensiewe opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers, is daar 'n ernstige gebrek aan belangstelling asook befondsing vir Liggaamlike Opvoeding van die regering se kant af (Salokun, 2005:503). As gevolg van hierdie gebrek aan ondersteuning en befondsing van regeringskant af, is daar 'n ernstige tekort aan apparaat, toerusting en fasiliteite vir Liggaamlike Opvoeding en sport in Nigerië (Awosika, 1997; Nwachukwu, 1998; Ogundele, 1998; Oyeniyi, 1998). 'n Verdere probleem is dat bestaande sportvelde en oop ruimtes wat vir Liggaamlike Opvoeding en sport gebruik word by skole in Nigerië, bykans in onbruik verval omdat dit nie onderhou kan word nie as gevolg van 'n gebrek aan fondse. Bossies en onkruid neem die velde oor, mense wat kortpad loop vertrap die velde, en op heelwat plekke in die land word hierdie fasiliteite oor naweke vir sosiale byeenkomste en partytjies gebruik (Awosika, 1997; Nwachukwu, 1998; Ogundele, 1998; Oyeniyi, 1998). Die gevolg is dat hierdie fasiliteite nie meer gebruik kan word vir Liggaamlike Opvoeding of rekreatiewe fisieke aktiwiteite of sport nie, wat meebring dat sportsoorte soos atletiek, krieket, vlugbal, basketbal en baie ander omtrent nie eers meer bestaan by sekere skole nie.

Binnemuurse asook buitemuurse sportaktiwiteite en kompetisies in sokker en atletiek word sterk aangemoedig in die onderwysstelsel in Ghana (Salokun, 2005:503). Vanuit hierdie kompetisies word deelnemers aangewys om interskool, provinsiaal en selfs op nasionale vlak aan sportkompetisies deel te neem. Hierdie sportkompetisies help om die ondersteuning van die gemeenskap vir Liggaamlike Opvoeding en sport op skoolvlak te bewerkstellig, wat weer bydra om fondse van goedgesinde donateure uit die gemeenskap

vir hierdie aktiwiteite te bekom (Salokun, 2005). Die regering en onderwys-owerhede sal egter baie spoedig en dringend na befondsing vir Liggaamlike Opvoeding en sport in Nigerië moet kyk indien hulle wil verhoed dat hierdie komponente heeltemal ten gronde gaan en die land uiteindelik heeltemal uit die internasionale sport-arena verdwyn.

## **Assessering**

In die junior sekondêre fase in Nigerië is Liggaamlike Opvoeding 'n verpligte skoolvak en word die vak formeel as eksamenvak geassesseer, met simbole wat aan die assessering gekoppel word. In die senior sekondêre fase is dit 'n keusevak maar word dit ook geassesseer, met soortgelyke simbole as al die ander eksamenvakke, maar die Liggaamlike Opvoeding-assesseringspunte dra nie dieselfde gewig as hierdie ander sogenaamd belangrike vakke soos Wiskunde en Wetenskap nie, omdat hierdie punte nie in berekening gebring word met die oog op eksamentoelating nie (Salokun, 2005:505). Soos reeds genoem by van die vorige lande wat bespreek is, is hierdie nie-in-berekening-bring van Liggaamlike Opvoeding-punte met die oog op universiteitstoelating ook 'n probleem in Suid-Afrika.

Liggaamlike Opvoeding se bydrae tot die totale ontwikkeling van kinders en jongmense op fisieke, verstandelike, sosiale en psigo-motoriese terrein word oor die algemeen erken en aanvaar, maar al hierdie terreine word nie geassesseer nie; die klem met assessering val baie sterk op die kognitiewe uitkomst van die vak. Daar is nie gestandaardiseerde meetinstrumente in gebruik om fisieke fiksheid en motoriese ontwikkeling as deel van die volledige assesseringsplan te meet nie, en sodoende die betroubaarheid en geldigheid van kurrikuluminhoud te waarborg nie (Salokun, 2005:502).

Volgens Annarino *et al.* (1980) moet assessering die proses wees waardeur die kwaliteit van verandering en verbetering by kinders en jongmense se fisieke fiksheid en sportvaardighede as gevolg van deelname aan Liggaamlike Opvoeding bepaal word om sodoende die kwaliteit van die program te bevestig.

## **Uitkomst en inhoud**

Liggaamlike Opvoeding in Nigerië se hoof-uitkomst (Salokun, 2005) is die skep van geleenthede vir die bemeestering van sportvaardighede met die oog op kompetisie- en ontspanningsport, asook die bevordering van fisieke groei en ontwikkeling by kinders en jongmense (Oladundoye, 1979). In Liggaamlike Opvoeding in laerskole word die meeste tyd aan sport en spele, gimnastiek en atletiek afgestaan. Die doel of uitkomst is om kinders en jongmense se sportvaardighede sodanig te verbeter dat hulle die uitdagings en hoër

deelname-frekwensie tydens binnemuurse asook buitemuurse rekreasie- en fiksheidsprogramme in die hoërskool sal kan handhaaf met die oog op 'n gesonde samelewing (Salokun, 2005:503).

Soos aangetoon deur Oladundoye (1979), fokus die inhoud van Liggaamlike Opvoeding in laerskole in Nigerië op verskeie vorme van sport en spele. Spesifiek in die junior hoërskooljare konsentreer die inhoud van Liggaamlike Opvoeding op (Salokun, 2005:503):

- Grondslae en beginsels van Liggaamlike Opvoeding
- Atletiek, sport en spele
- Anatomie, Fisiologie en gesondheid
- Fisiologiese agtergrond van Liggaamlike Opvoeding
- Fisiologiese gesondheid, byvoorbeeld dieet, seks opvoeding, dwelms ens.

Dit is onseker of al bogenoemde onderwerpe effektief en volledig aan kinders en jongmense in alle skole in Nigerië onderrig word tydens Liggaamlike Opvoeding.

## **Ondersteuning**

Liggaamlike Opvoeding is 'n volwaardige skoolvak in die nasionale onderwyskurrikulum van Nigerië, wat ook geëksamineer word in hoërskole – wat 'n klinkklare bewys is van die goeie ondersteuning wat die vak van regeringskant af ontvang (Salokun, 2005:503). Direk teenstrydig met hierdie goeie ondersteuning vir die vak van die regering se kant af, is die totaal gebrekkige finansiële ondersteuning wat Liggaamlike Opvoeding ervaar, met die gepaardgaande gebrek aan fasiliteite asook apparaat en toerusting. Die Nigeriese regering ondersteun ook die opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers baie goed deur verskillende gespesialiseerde vlakke en grade van opleiding wat by kolleges en universiteite aangebied word (Awosika, 1997; Ogundele, 1998; Nwachukwu, 1998; Oyeniyi, 1998).

Die meeste mense in Nigerië is deeglik bewus van die gesondheidsvoordele wat Liggaamlike Opvoeding inhou, asook die ontwikkeling van talentvolle sportmanne en -vroue wat die land gedurende internasionale sportkompetisies kan verteenwoordig. Verdere redes wat goeie ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding verseker, is die vak se totale ontwikkeling van kinders en jongmense, Liggaamlike Opvoeding-onderwysers se talle veelsydige rolle wat hulle kan vertolk, asook die vak se vermoë om 'n bydrae te lewer tot binne- en buitemuurse sport- en ontspanningsgeleenthede (Salokun, 2005).

Faktore wat die vak se ondersteuning in Nigerië ondermyn is die swak gesindheid van sekere Liggaamlike Opvoeding-onderwysers teenoor die vak, asook die feit dat sekere sogenaamd belangriker vakke soos Wiskunde en Wetenskap bevoordeel word bo Liggaamlike Opvoeding.

## **Die toekoms**

Die enigste manier om te verseker dat Liggaamlike Opvoeding in Nigerië die nodige respek en erkenning kry en sy toekoms verseker is, is as die regering 'n georganiseerde poging sou loods om alle wanopvattinge oor die vak vir eens en vir altyd uit die weg te ruim. Lig die gemeenskap in oor die voordele wat die vak vir kinders en jongmense inhou, voorsien fondse om die nodige fasiliteite, apparaat en toerusting aan te koop en te onderhou, motiveer onderwysers om die regte gesindheid teenoor die vak te openbaar, en verhoog die vak se belangrikheid deur die assesseringspunt te laat tel as deel van toelatingsvereistes tot universiteite en kolleges. Deur erkenning te gee aan Liggaamlike Opvoeding se bydrae tot algemene opvoedkundige beginsels soos burgerskap, gesondheid, karakter-ontwikkeling asook tot die persoonlike en sosiale ontwikkeling van kinders en jongmense, kan en sal die vak se status verhoog (Salokun, 2005).

Annarino *et al.* (1980) stel dit baie duidelik dat Liggaamlike Opvoeding, sport en spele die mees natuurlike vorm van onderrig en leer is. Dit is dus noodsaaklik dat Liggaamlike Opvoeding goed gestruktureerde en gebalanseerde programme in die hoër- en laerskole in Nigerië sal aanbied om kinders en jongmense se fisieke, motoriese, kognitiewe en affektiewe terreine van ontwikkeling te stimuleer.

Dit is van kardinale belang dat Liggaamlike Opvoedings-programme so saamgestel word dat dit 'n integrale deel uitmaak van die normale gemeenskapslewe in Nigerië en in die alledaagse behoeftes en belange van alle betrokkenes kan voorsien (Annarino *et al.*, 1980). Binne- en buitemuurse sportprogramme asook Liggaamlike Opvoeding ondersteun deur voldoende fasiliteite en apparaat moet in die toekoms vir alle kinders en jongmense in Nigerië aangebied word. Die aanbod van sulke programme kan verskillende geestelike, fisieke, sosiale en etiese kwaliteite soos byvoorbeeld eerlike kompetisie, verdraagsaamheid, samewerking, selfbeheer en selfkonsep by kinders en jongmense ontwikkel (Pangrazi & Darst, 1985).

In die toekoms moet Liggaamlike Opvoeding in Nigerië alle kinders en jongmense insluit. Liggaamlike Opvoeding-onderwysers se opleiding moet so aangepas word dat daar baie sterk gefokus word op intellektuele begrip en bewustheid van kinders en jongmense se behoeftes, motivering, redenasievermoë, vaardigheidsontwikkeling, self-evaluering,

persoonlike doelstellings, asook span- en individuele kompetisies (Salokun, 2005:508-509; Butcher, 1979).

## **2.8.2 Tunisië**

### **Status van Liggaamlike Opvoeding**

Liggaamlike Opvoeding in Tunisië staan bekend as “Sport and Physical Education” (SPE) en is ’n integrale deel van die algemene skoolkurrikulum. Die status van die vak in Tunisië is redelik hoog, veral as daar gekyk word na die posisie van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers. Hierdie onderwysers word presies dieselfde hanteer as hul kollegas, ook die kollegas wat die sogenaamd belangriker vakke soos Wiskunde, Wetenskap en tale soos Frans aanbied. Indien hierdie onderwysers oor gelykwaardige kwalifikasies as hul kollegas beskik, verdien hulle dieselfde salarisse, fasiliteer dieselfde aantal periodes per week en het presies dieselfde geleenthede tot professionele ontwikkeling (Zouabi, 2005).

SPE se status het ’n sterk hupstoot gekry toe die Tunisiese president in een van sy toesprake dit duidelik gestel het dat Liggaamlike Opvoeding, fisieke aktiwiteit en sport ’n deel uitmaak van onderwys en kultuur. Hy het daarop gewys dat hierdie fisieke komponent net so belangrik is as Wiskunde, Wetenskap en tale en dat die regering erns moet maak met die skep van ’n kultuur van fisieke aktiwiteit en sportdeelname onder kinders en jongmense sowel as volwassenes (Zouabi, 2005). Die algemene gevoel was dat onderwys nie sonder fisieke aktiwiteit en sport tot sy volle reg kan kom nie, en om hierdie rede was dit dus geen probleem om SPE as ’n absoluut noodsaaklike deel van algemene onderwys en ook ’n volledige komponent van die skoolkurrikulum op alle vlakke te vestig nie. Volgens Zouabi (2005) was daar groot entoesiasme en ywer van alle betrokke partye tydens hierdie proses om Liggaamlike Opvoeding, fisieke aktiwiteit en sport te vestig binne buitemuurse en interne skoolsportprogramme. Die klem op die bevordering van gesondheid deur fisieke aktiwiteit en sport het ook die steun en status van Liggaamlike Opvoeding in Tunisië aansienlik versterk (Pühse & Gerber, 2005).

Ongelukkig het sekere faktore ook die status van die vak negatief beïnvloed, onder andere die negatiewe ingesteldheid van sekere Liggaamlike Opvoeding-onderwysers wat allerhande verskonings (byvoorbeeld swak fasiliteite en weersomstandighede) aanvoer om nie die vak aan te bied nie of die kinders sommer net te laat speel. ’n Gebrek aan voldoende befondsing, fasiliteite, apparaat en toerusting is nie bevorderlik vir die beeld van die vak nie (Zouabi, 2005:681).

## **Onderrigtyd**

Liggaamlike Opvoeding in Tunisië is verpligtend vir twee of drie 50-minuutperiodes per week in alle skole, behalwe Grade 1 tot 3 wat net een periode per week het (Clark, 2006). Die skole wat oor 'n goeie infrastruktuur en fasiliteite beskik, bied drie periodes per week aan, maar swakker toegeruste skole en veral waar die fasiliteite vir buitelug-aktiwiteite van Liggaamlike Opvoeding nie baie naby die skole geleë is nie, bied net twee periodes per week aan. Kinders en jongmense kan bo en behalwe die verpligte Liggaamlike Opvoedingperiodes op die skoolrooster, ook nog twee tot drie sportperiodes in die middag bywoon. Sportkompetisies word bykans op 'n weeklikse basis op verskillende middag van die week in hoër- en laerskole asook by kolleges en universiteite aangebied (Pühse & Gerber, 2005).

Voordat die verpligte twee tot drie 50-minuutperiodes ingestel is, was daar vier periodes per week vir Liggaamlike Opvoeding van Graad 1 tot Graad 4, vyf periodes vir Graad 5, drie periodes vir Graad 6 en op, en twee periodes vir die finale skooljaar. By sekere universiteite en kolleges was Liggaamlike Opvoeding verpligtend, by ander weer 'n keusevak, en soms selfs beperk tot inter-universitêre kompetisies of selfs net tot rekreatiewe fisieke aktiwiteite of sport. Liggaamlike Opvoeding in Tunisië het, soos ook in ander lande, deurgeloopt onder die vermindering van periodes toe die vier, vyf en drie periodes verminder en vasgestel is op twee tot drie verpligte periodes per week (Zouabi, 2005:676).

## **Befondsing**

Gedurende die tyd toe die Tunisiese president Liggaamlike Opvoeding, fisieke aktiwiteit en sport as 'n prioriteit in skole gestel het, was daar tot 'n redelike mate voldoende befondsing vir die vak. Zouabi (2005) toon aan dat die Jeug- en Sport-Ministerie fondse toegeken en aangewend het vir die vestiging en aankoop van fasiliteite soos gimnasiums, sportvelde, toerusting en apparaat vir Liggaamlike Opvoeding, fisieke aktiwiteit en sport.

Sedert die tagtigerjare het Liggaamlike Opvoeding en sport in Tunisië egter gestagneer en selfs agteruitgang getoon, veral wat befondsing en infrastruktuur by skole aanbetref. Daar was 'n toename in die getalle kinders en jongmense wat in skole geakkommodeer moes word en die ontwikkeling van nuwe infrastruktuur vir skole het nie voldoende sportfasiliteite, apparaat en toerusting vir SPE ingesluit nie. As gevolg van die tekort aan fondse is bestaande fasiliteite, apparaat en toerusting verwaarloos en nie in 'n baie goeie toestand vir gebruik nie. By die skole waar die skoolhoof en bestuurspan positief en entoesiasies is oor sport, is daar nie groot probleme nie en kry SPE die nodige

ondersteuning en hulpmiddele om uitstekend te funksioneer op kurrikulêre asook buitekurrikulêre terrein. By ander skole is dit 'n groot gesukkel vir SPE-onderwysers om effektiewe Liggaamlike Opvoeding en sport aan te bied as gevolg van hierdie swak, onvoldoende en verwaarloosde fasiliteite, apparaat en toerusting (Zouabi, 2005:680).

Die gebrek aan befondsing het ook meegebring dat die opgradering van programme en inhoude vir SPE in Tunisië ook agterweë gebly het, wat veroorsaak dat kinders en jongmense belangstelling in die vak verloor en nie wil deelneem aan die verouderde gewigstoot en verspring-aktiwiteite nie (Clark, 2006).

## **Assessering**

Evaluering en assessering van SPE in Tunisië geskied op 'n deurlopende sikliese sisteem (Zouabi, 2005:678). 'n Siklus strek oor ses tot tien lesse en daar word met die aanvang asook aan die einde van elke siklus 'n assessering gedoen om die vordering van kinders en jongmense in die spesifieke vaardigheid te monitor. Alle skole in Tunisië begin hul akademiese jaar met 'n siklus in fisieke fiksheid om kinders en jongmense se fisieke toestand na die vakansie te probeer verbeter. Na afloop van hierdie siklus, kan Liggaamlike Opvoeding-onderwysers self besluit watter spesifieke sportvaardigheidsiklus hulle gaan aanbied. Die assesserings wat aan die begin en die einde van elke siklus gedoen word, konsentreer baie sterk op kinders en jongmense se individuele vaardighede en gedrag in individuele sportkompetisies. Sommige Liggaamlike Opvoeding-onderwysers sluit ook gedrag, deelname, toewyding en stiptelikheid in by die assesseringsplan (Zouabi, 2005:677).

Punte word toegeken aan die laaste en finale assessering in elke SPE-siklus, en hierdie punte word dan bymekaar getel saam met al die ander vakke se punte en 'n gemiddeld word dan bereken om te bepaal of die kandidaat slaag. Die sogenaamd belangriker vakke soos Wiskunde en Wetenskap se punte dra tot vier keer groter gewig as Liggaamlike Opvoeding se punte met die berekening van die gemiddelde punt. 'n Verpligte nasionale eksamen vir alle kinders en jongmense in Liggaamlike Opvoeding sluit die finale siklus van SPE af, met assesserings wat gedoen word in baan-en-veld-items soos kort- en middellafstande, verspring en driesprong asook gewigstoot, wat gemeet word teen 'n stel nasionale norme en standaarde. Die assessering sluit ook gimnastiekreeks in wat op verskillende moeilikheidsgrade beoordeel word (Zouabi, 2005:678). Hierdie nasionale eksamen staan bekend as die "Baccalauréat" (Clark, 2006), of kortliks na verwys as die "bac sport". Die assessering fokus grootliks op die motoriese aspek en ander komponente soos die kognitiewe, sosiale, affektiewe asook gesondheid en higiëne kry nie baie aandag



nie, behalwe as die Liggaamlike Opvoeding-onderwysers dit uit eie inisiatief by hul assessering insluit.

Kinders en jongmense in Tunisië is nie altyd baie entoesiasties oor die vak nie, moontlik oor die verouderde inhoud bestaande uit hardloop-, gooi-, spring- en gimnastiek-aktiwiteite, maar hulle is baie geïnteresseerd in die vak omdat hulle goeie assesseringspunte in die vak kan behaal, wat hulle totale punte en dus hul gemiddelde kan verbeter (Zouabi, 2005:674).

### **Uitkomstes en inhoud**

Daar is 'n klemverskil in die uitkomstes vir Liggaamlike Opvoeding in Tunisië tussen die laerskool en hoërskool. In die laerskool is die uitkomstes gerig op die algemene en in die hoërskool op die spesifieke ontwikkeling van kinders en jongmense deur Liggaamlike Opvoeding en sport. Die uitkomstes in die laerskool fokus op (Zouabi, 2005:677):

- Gesondheidsbevordering,
- Vaardigheidsontwikkeling, en
- Sosiale ontwikkeling.

In die hoërskool is die uitkomstes van Liggaamlike Opvoeding gerig op:

- Gesondheid en higiëne,
- Motoriese vaardighede,
- Sosiale integrasie, en
- Sportprestasie

Die spesifieke ontwikkeling in die hoërskool fokus op die ontwikkeling van tegniese vaardighede wat benodig word in individuele asook spansporte.

Alhoewel die vak "Sport and Physical Education" (SPE) genoem word, is die inhoud van die vak baie meer gerig op sportaktiwiteite as op fisieke ontwikkeling. Soos reeds genoem word daar aan die begin van die skooljaar eerstens gefokus op die herstel van fisieke fiksheid en daarna word daar beweeg na verskillende sportaktiwiteite soos gimnastiek, baan- en velditems, spansporte byvoorbeeld sokker, en sommige Liggaamlike Opvoeding-onderwysers sluit selfs aërobiese klasse in hul Liggaamlike Opvoedings-program in. Liggaamlike Opvoeding-onderwysers kan self besluit hoe hulle die inhoud van die vak oor

die skooljaar wil versprei, maar fasiliteite, toerusting en apparaat speel 'n baie belangrike rol in die vasstelling van die inhoud (Zouabi, 2005:679).

## **Ondersteuning**

Liggaamlike Opvoeding in Tunisië se status is nie te swak nie en dus kry die vak redelike ondersteuning. Liggaamlike Opvoeding vorm 'n baie belangrike deel van die Tunisiese skoolkurrikulum, en die vak word geëksamineer en geëvalueer al tel die assesseringspunte van die vak nie dieselfde gewig as ander belangriker vakke soos Wiskunde, Wetenskap en tale nie. Nadat die Tunisiese president verklaar het dat Liggaamlike Opvoeding en sport net so belangrik is soos Wetenskap en Wiskunde, het die vak sterk ondersteuning van baie kante af gekry, veral met die oprigting van sportfasiliteite asook die verskaffing van apparaat en toerusting (Zouabi, 2005).

Liggaamlike Opvoeding geniet verder ook goeie ondersteuning in Tunisië, veral omdat dit baie sterk fokus op die ontwikkeling van sport wat die land bevoordeel op die terrein van internasionale deelname en prestasie. Hierdie ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding het om verskeie redes al minder geword en veral op die terrein van befondsing, apparaat en toerusting. Hierdie aspekte lei groot skade en Liggaamlike Opvoeding trek baie swaar omdat daar 'n gebrek is aan voldoende fasiliteite, apparaat en toerusting as gevolg van 'n algemene gebrek aan fondse (Zouabi, 2005).

## **Die toekoms**

Daar het onlangs 'n totale klemverskuiwing in Tunisiese onderwys en ook in Liggaamlike Opvoeding plaasgevind vanaf doelwitgerigte ("goal-oriented") onderrig na vaardigheidsgerigte ("competence-oriented") onderrig. Hierdie vaardigheid of bekwaamheid kan strek oor een spesifieke Liggaamlike Opvoeding-siklus, soos vroeër verduidelik, of oor 'n hele aantal of selfs al die siklusse wat oor 'n jaar aangebied word. "Competence-oriented" of vaardigheid/bekwaamheid kan beskryf word as die allesomvattende kennis, waardes, gesindhede en vaardighede ("skills") wat kinders en jongmense binne Liggaamlike Opvoeding aangeleer en ontwikkel het en wat hulle bemaagtig om effektief te funksioneer en op te tree (Department of Physical Education, 1996).

Ten spyte van werkswinkels wat aangebied word om hierdie nuwe benadering stewig te vestig en ondersteun by vakadviseurs en onderwysers, is die vordering maar baie stadig en gaan dit nie veel bydra om die status en ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding in Tunisië te verbeter nie. Liggaamlike Opvoeding moet daarna streef om 'n unieke identiteit

te ontwikkel wat almal daarvan bewus maak dat dit 'n uiters noodsaaklike komponent is waar kinders en jongmense maar ook volwassenes kan leer hoe om hul eie fisieke fiksheid, gesondheid en sport te verbeter op 'n volhoubare wyse te ondersteun – selfs nadat hulle die skool verlaat het. Dit is ook uiters belangrik dat programinhoud en die infrastruktuur vir die aanbied van Liggaamlike Opvoeding aangepas en verbeter moet word, anders gaan die motivering vir deelname aan die vak asook die status en ondersteuning van die vak in Tunisië beslis nie verbeter nie (Zouabi, 2005:684).

Die stand en status van Liggaamlike Opvoeding in Afrika-lande wissel van land tot land as gevolg van verskillende omstandighede en prioriteite. In sekere lande soos Ghana, Nigerie en Tunisië is die vak belangrik omdat dit kan bydra tot die bevordering van gesondheid van kinders en jongmense en ook obesiteit kan help beveg. Liggaamlike Opvoeding kry sterk ondersteuning in hierdie lande omdat dit 'n groot bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van nasionale en internasionale sportprestasies van die spesifieke land. 'n Gemeenskaplike probleem in hierdie Afrika-lande is dat Liggaamlike Opvoeding in die senior sekondêre fase van onderrig nie ekstern geëvalueer word nie, en die vak se assesseringspunt nie bydra tot toelating tot hoër onderwys nie. Hierdie probleem word ook in Suid-Afrika ervaar, waar Liggaamlike Opvoeding nie ekstern geëksamineer word nie en die finale assesseringspunt nie bydra tot universiteits-toelating nie.

Die volgende gedeelte gee 'n kort historiese agtergrond oor Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika, en hier word ook kortliks gekyk na die bedryf, stand en status van die vak in Suid-Afrika. Die kern van hierdie studie is 'n evaluering van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole; daarom word Suid-Afrika afsonderlik van die ander Afrika-lande bespreek om 'n duidelike vergelyking te kan trek tussen Liggaamlike Opvoeding in ontwikkelde, ontwikkelende en Afrika-lande aan die een kant, en Suid-Afrika aan die ander kant.

## **2.9 Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika**

### **2.9.1 Historiese Agtergrond van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika**

#### **Inleiding**

Vervolgens word die voorgeskiedenis van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole beskryf vanaf die begin-1800's tot middel-1990's. Daar word verder gekyk na redes

waarom Liggaamlike Opvoeding as 'n amptelike vak uit Suid-Afrikaanse skole weggeneem is, asook die instelling van Liggaamlike Opvoeding as deel van die leerarea Lewensoriëntering.

## **Voorgeskiedenis**

Van der Merwe (1999) gee in sy boek, *Sportgeskiedenis*, 'n breedvoerige uiteensetting van die ontwikkeling van sport en Liggaamlike Opvoeding in die wêreld vanaf die vroeë Steenen Ystertydperk, deur die antieke beskawings, die Romeinse tydperk, die Middeleeue tot by die moderne tydperk, en van die moderne Olimpiese Spele tot in die middel-negentigerjare. Hy beskryf ook baie volledig die geskiedenis van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika vanaf die vroeë 1800's tot en met die middel-1970's. Neigings en tendense wat baie duidelik na vore kom in hierdie boek is dat daar baie erns gemaak is met Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika, maar grootliks in die destydse Blanke skole (Van der Merwe, 1999:290). Die laat dertigerjare word beskou as die sogenaamde vormingsjare van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika. Navorsingstudies deur Postma (1972) en Willemse (1969) het getoon dat Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika 'n sterk Europese invloed vanuit Swede, Denemarke, Duitsland en Oostenryk beleef het. Volgens Van der Merwe (1999) het Jokl (1988) 'n belangrike rol gespeel in die opstel van 'n landswyse sillabus vir Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika. Hierdie sillabus was baie sterk gebaseer op die Britse stelsel en die doel daarmee was 'n verbetering van die gesondheid van die bevolking. Die Suid-Afrikaanse regering het dit belangrik geag dat die gesondheid en fisieke fiksheid van die bevolking verbeter moes word. Liggaamlike Opvoeding was 'n belangrike instrument in die verwesenliking van hierdie uitkoms. Die regering het die destydse Suid-Afrikaanse Olimpiese Komitee getaak om strukture in plek te kry om Liggaamlike Opvoeding in die land te koördineer en bevorder. Die Nasionale Raad vir Liggaamlike Opvoeding (NARLO) het so sy beslag gekry, en Ernst Jokl en Ira Emery (Algemene Sekretaris van die Suid-Afrikaanse Olimpiese Spelevereniging) het 'n prominente rol daarin gespeel (Jokl, 1988). Later is kongresse gehou om Liggaamlike Opvoeding te bevorder en is die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Gesondheid, Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie met Danie Craven as eerste voorsitter en JW Postma as sekretaris gestig (De Klerk, 1986). Die taak van hierdie vereniging was om gesondheid, liggaamlike opvoeding en rekreasie onder die Suid-Afrikaanse bevolking te bevorder. Aandag is gegee aan probleem-areas soos oefenfasiliteite, apparaatvoorsiening, sillabusse en navorsing. Hierdie vereniging se naam sou later verander na die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sport, Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie (SAVSLOR). Volgens Van der Merwe (1999) het die opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers in die sewentiger- en tagtigerjare 'n groot prioriteit geword. Veral die tradisionele blanke

onderwyseropleiding-instellings het Liggaamlike Opvoeding as spesialisering aangebied, maar enkele van die Asiatiese, Kleurling- en Swart opleidingsinstansies het ook spesialisering in Liggaamlike Opvoeding begin aanbied. Hierdie ongewenste politieke inmenging in Liggaamlike Opvoeding en sport is reeds gedurende die sestigerjare baie sterk teengestaan deur skrywers soos SF du Toit, in “Physical Education Around The World” van Johnson (1966).

## **Die verdwyning van Liggaamlike Opvoeding uit Suid-Afrikaanse skole**

In die negentigerjare het die politieke landskap in Suid-Afrika met rasse skrede verander, en daarmee saam die onderwysstelsel. Liggaamlike Opvoeding het nie hierdie veranderinge vrygespring nie. Voor 1994, toe die eerste nie-rassige algemene verkiesing in Suid-Afrika plaasgevind het, is onderwys deur die Nasionale Onderwysdepartement (NATED / DoE) beheer met 'n Nasionale Interim Kurrikulum (Report 550) (DoE, 2000). Liggaamlike Opvoeding was steeds 'n verpligte skoolvak van Graad 1 tot Graad 12, maar talle skole het dit óf nie aangebied nie óf dit begin uitfaseer as gevolg van personeelimplikasies, 'n tekort aan apparaat of die verminderde toegedeelde tyd op die skoolrooster ten gunste van “meer belangrike” vakke soos Wiskunde en Wetenskap (DoE, 2000; Pote, 2008). Die feit dat Liggaamlike Opvoeding nie formeel geassesseer is nie, het hierdie probleem net verder vererger. In sekere skole het Liggaamlike Opvoeding nie eens op die skoolrooster verskyn nie, en by skole waar dit wel op die rooster verskyn het, is die periodes misbruik vir huiswerkperiodes, soos die navorser uit persoonlike ervaring verder aan in hierdie hoofstuk verduidelik. Neem in ag, soos vroeër aangedui in hierdie bespreking, dat Liggaamlike Opvoeding hoofsaaklik in die sogenaamde Model C (Blanke skole) aangebied is en slegs in enkele Indiër-, Kleurling- en Swart skole (Van der Merwe 1999). Dit impliseer dat dit hierdie voorheen Blanke skole was wat Liggaamlike Opvoeding nou uitgefaseer het as 'n aparte skoolvak. Sekere skole het die vak nog as aparte skoolvak behou en ander het die “Kinder Development Programme” (KDP) ingestel, wat bewegingsprogramme is wat deur spesialiste van buite die skole aangebied is maar leerders moes daarvoor betaal, so 'n groot groep leerders wat dit nie kon bekostig nie is hiervan uitgesluit. In die persoonlike ervaring van die navorser as Liggaamlike Opvoeding-onderwyser vanaf 1982 tot 1997 is gevind dat die status van Liggaamlike Opvoeding in skole baie laag was en is die vak nie met erns bejeën nie as gevolg van faktore soos dat dit nie 'n eksamenvak was nie, Liggaamlike Opvoeding-periodes misbruik is vir ander aktiwiteite soos huiswerkperiodes, optredes van groepe wat die skole besoek het, of om banke te skuif vir eksamens, of sportvelde gereed te kry vir sportgeleentheid. Dit ondersteun wat in die literatuur deur Pote (2008) ook as probleem-areas geïdentifiseer word. Ten spyte van die feit dat sekere van die provinsies, soos byvoorbeeld die destydse

Kaapprovinsie en Wes-Transvaal, evalueringstelsels vir Liggaamlike Opvoeding spesifiek vir seuns ingestel het en kwartaalliks 'n evalueringsverslag saam met die leerling se skoolrapport huis toe gestuur het, is Liggaamlike Opvoeding nie as 'n belangrike skoolvak soos byvoorbeeld Wiskunde en Wetenskap (eksamenvakke met hoë status) aanvaar nie (KOD, 1988; Van der Walt, 1990). Hierdie lae status en onbelangrikheid van die vak het bygedra dat baie van die Liggaamlike Opvoeding-onderwysers belangstelling verloor het en die leerlinge bloot speletjies laat speel het in die Liggaamlike Opvoeding-periodes. 'n Definitiewe faktor wat hierdie negatiewe gesindheid teenoor die vak bevorder het onder die Liggaamlike Opvoeding-onderwysers sowel as die leerders was die sterk klem wat geplaas is op formele apparaatgimnastiek. Die Liggaamlike Opvoeding sillabusse het 'n baie groot deel ingesluit wat gefokus het op apparaatgimnastiek, soos apparaatwerk op die brug, rekstok en ringe, asook vloeroefeninge. Talle skole het nie geskikte lokale gehad om hierdie apparaatgimnastiek aan te bied nie. Die apparaat moes met moeite opgeslaan en weer gestoor word tussen die Liggaamlike Opvoeding-periodes, wat meegebring het dat baie Liggaamlike Opvoeding-onderwysers die apparaatgimnastiek-gedeelte van die sillabus geïgnoreer het en eerder ander aktiwiteite gedurende daardie periodes aangebied het. Heelwat van die kinders het hulself nooit gesien as gimnaste nie en het vrystelling gekry van hierdie periodes deur middel van ouerbriewe of selfs mediese sertifikate.

Liggaamlike Opvoeding het gedurende hierdie tyd ook by Hoër Onderwysinstellings onder druk verkeer as gevolg van herstrukturering en uitfasering van vakke. Volgens Malan & Strydom (2007) was dit geensins anders aan die Noordwes-Universiteit nie en moes Liggaamlike Opvoeding as vak weg om oorlewing.

### **Instelling van Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering**

Na die 1994-verkieping en die instelling van die eerste Demokratiese ANC-regering in 1995, is die nuwe Suid-Afrikaanse skolewet in 1996 ingestel (DoE, 2000). Liggaamlike Opvoeding is uitgefaseer en vervang met Menslike Beweging as deel van Leerarea nommer 8, Lewensoriëntering, van Kurrikulum 2005 (C2005). 'n Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (HNKV) is ingestel om die tekortkominge van C2005 te ondervang, en sou vanaf 2002 geïmplementeer word (DoE, 2000; Hardman, 2005). Die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms is inkrementeel geïmplementeer vanaf Graad R tot Graad 11, en sal in 2008 ten volle geïmplementeer wees wanneer dit vir die eerste keer in Graad 12 ingestel word (Pote, 2008). Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika ervaar soortgelyke probleme as op die internasionale front: 'n lae status, baie swak of selfs geen toerusting en apparaat, baie swak of selfs geen fasiliteite nie, en baie swak opgeleide of selfs onopgeleide personeel om Liggaamlike Opvoeding aan te bied (Du Toit, 2004; Van Deventer, 2004).

Die Wêreldberaad oor Liggaamlike Opvoeding in Berlyn (1999), waar die Berlynse Agenda opgestel is, verwys na hierdie probleem wat in talle lande voorkom en skryf dit toe aan die onkundigheid en gebrek aan kennis van die beleidsmakers wat verantwoordelik is vir die vak Liggaamlike Opvoeding, oor die voordele wat die vak vir veral kinders en jongmense inhou (ICSSPE, 1999).

Bogenoemde probleme speel 'n groot rol in die sukkelproses van die vestiging van Lewensoriëntering in die geheel, maar in besonder die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering. Omdat die onderwysers wat Lewensoriëntering aanbied nie behoorlik opgelei is of selfs geen opleiding in Liggaamlike Opvoeding het nie, omdat daar baie min of selfs geen apparate en fasiliteite beskikbaar is vir die aanbied van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering nie, realiseer die aanbied van Liggaamlike Opvoeding nie in baie skole nie.

'n Ander aspek wat tot dusver agterweë gelaat is, is die regs aanspreeklikheid van die Lewensoriëntering-onderwyser wat die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms aanbied. Dit is die enigste uitkoms van Lewensoriëntering waar daar fisies met die leerders gewerk word en hulle aan fisieke aktiwiteite deelneem. Indien die Lewensoriëntering-onderwyser tydens die aanbied van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van die vak die oorsaak is dat 'n leerder 'n besering opdoen, gaan daar vrae gevra word. Indien daar enigsins nalatigheid van die onderwyser se kant af bewys kan word, onvoldoende veiligheidsmaatreëls of ander faktore wat die onderwyser kon voorkom het, kan die saak verder gevoer word (Rossouw, 2004). Dit is byna ondenkbaar wat die implikasie sal wees indien 'n leerder 'n ernstige besering in die Liggaamlike Opvoeding-periode sou opdoen as gevolg van nalatigheid van die onderwyser, en die onderwyser het boonop self gebrekkige of geen opleiding in Liggaamlike Opvoeding nie. Hofsake en eise teen die onderwyser, die skoolhoof, die skool, die beheerliggaam en selfs die onderwysdepartement op alle vlakke is nie uitgesluit nie. Die negatiewe implikasies vir Liggaamlike Opvoeding en Lewensoriëntering as vak is legio. Geen wonder dat die status van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika en ook in baie ander lande van die wêreld so laag is nie (ICSSPE, 1999; Hardman, 2005). Lewensoriëntering-onderwysers wil nie Liggaamlike Opvoeding aanbied nie, leerders wil nie aan die vak deelneem nie, en in die oë van die publiek is dit geld- en tydmors, terwyl al hierdie partye deeglik bewus is van al die voordele wat Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit vir kinders en jongmense inhou, soos beskryf in Hoofstuk 2. Tragies maar waar is dat ouers mediese sertifikate aan hul kinders voorsien om nie aan die Liggaamlike Opvoeding-periodes deel te neem nie, maar terselfdertyd sluit hierdie ouers ten duurste aan by gimnasiums en allerhande oefenklubs sodat hul kinders aan fisieke aktiwiteit kan deelneem en 'n gesonde lewenstyl kan handhaaf (Pote, 2008).

In Suid-Afrika word Liggaamlike Opvoeding dus binne die Leerarea Lewensoriëntering geakkommodeer. Lewensoriëntering is een van die agt leerareas wat alle Graad R- tot Graad 9-leerders moet neem in die Algemene Onderwys en Opleidingsfase. Lewensoriëntering is in die Verdere Onderwys en Opleidingsfase een van die fundamentele, met ander woorde verpligte, vakke wat alle Graad 10- tot Graad 12-leerders moet neem as deel van hul sewe vakke vir 'n Nasionale Senior Sertifikaat. Aangesien Liggaamlike Opvoeding een van die uitkomstes is van Lewensoriëntering, is dit 'n verpligte skoolvak vanaf Graad R tot in Graad 12 (Pote, 2008). Lewensoriëntering word formeel geassesseer, aangeteken en verslag oor gedoen. Liggaamlike Opvoeding word dus ook formeel geassesseer, aangeteken en verslag oor gedoen. Soos reeds verduidelik, tel die Liggaamlike Opvoeding-assessering 25% van die Lewensoriënteringspunt. Die 25% vir Liggaamlike Opvoeding word weer verdeel in 15 Punte uit die 25 vir deelname en 10 punte uit die 25 vir prestasie (DoE, 2008). Die rede vir die hoë punt vir deelname is om die sogenaamde “lomp” of stadige beweging te help. Die stadige beweging kan sy Liggaamlike Opvoeding-assessering slaag deur net die klasse by te woon. Die goeie beweging of talentvolle sportpersone kan uitstekende punte vir Liggaamlike Opvoeding verwerf deur slegs deel te neem aan die Liggaamlike Opvoeding-periodes en dan net volgens hulle vermoë te presteer in die ander aktiwiteite. Die tydstoedeling vir Liggaamlike Opvoeding word duidelik in die kurrikulumdokumente aangetoon. Elke skool moet minstens twee Lewensoriëntering-periodes per week vir elke graad aanbied, waarvan een periode Liggaamlike Opvoeding moet wees (DoE, 2008). Die tydstoedeling vir Liggaamlike Opvoeding bepaal met ander woorde eintlik dat Liggaamlike Opvoeding 50% van die klastyd wat aan Lewensoriëntering toegeken is, kry.

In die volgende gedeelte word daar gekyk na die hedendaagse bedryf, stand en status van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika. Sodoende kan vasgestel word hoe die bedryf van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika vergelyk met dit wat in ander dele van die wêreld in die vak gebeur.

## **2.9.2 Bedryf van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika**

### **Status van Liggaamlike Opvoeding**

Liggaamlike Opvoeding, as een van die vyf fokusse van die leerarea Lewensoriëntering, is sedert 2008 'n verpligte skoolvak in alle grade in Suid-Afrikaanse skole. Liggaamlike Opvoeding kom voor in die Grondslagfase, Grade R tot 3, bekend as “Life Skills”; in die Intermediêre en Senior fase, Grade 4 tot 9, bekend as Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging; en in die Verdere Opleiding en Ontwikkelingsfase, Grade 10 tot 12, as



Liggaamlike Opvoeding (“Physical Education”) (DoE, 2008). Die vak se status is beslis nie swak in Suid-Afrika nie, aangesien dit as deel van Lewensoriëntering ’n verpligte skoolvak in alle grade is vir alle kinders en jongmense (Pote, 2008).

Faktore wat egter die status en ondersteuning van die vak in Suid-Afrika ondermyn, is onder andere die feit dat Lewensoriëntering en dus ook die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms in Graad 12 nie ekstern geëksamineer word nie (DoE, 2008), die assesseringspunte vir die vak nie in berekening gebring word vir universiteitstoelating nie, Lewensoriëntering-onderwysers baie swak of geensins opgelei is om die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms aan te bied nie, en skole oor geen of baie swak fasiliteite, apparaat en toerusting beskik om die vak aan te bied (DoE, 2008).

Uit gesprekke wat die navorser met skoolhoofde gehad het tydens skoolbesoeke met Praktiese Onderwys van voltydse BEd-studente, blyk dit duidelik dat, alhoewel hulle baie positief is teenoor Lewensoriëntering en spesifiek die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms, is dit die vak waar daar baie maklik afgeskeep word om te sorg dat die ander sogenaamd belangriker vakke soos Wiskunde, Wetenskap en tale wat wel ekstern ge-eksamineer word, voorkeur kry. Hierdie toedrag van sake is nie bevorderlik vir die status en ondersteuning van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole nie. Kinders en jongmense neem die vak ook minder ernstig op omdat hulle bewus is daarvan dat die vak as minder belangrik beskou word. Van Deventer en Van Niekerk (2009) stel voor dat seminare en inligtingsessies landswyd gehou word om spesifiek skoolhoofde en skoolbeheerliggame in te lig oor die belangrikheid van Lewensoriëntering en in besonder die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms daarvan.

## **Onderrigtyd**

In die Grondslagfase word daar nie ’n spesifieke tydstoekenning vir die Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging- (Liggaamlike Opvoeding-) uitkoms van Lewensoriëntering gemaak nie, maar 25% van die onderrigtyd word aan die Lewensvaardighede-leerprogram toegeken. Bewegingsaktiwiteite is verweef in al die leerprogramme in die Grondslagfase, maar is een van die vier kern-uitkomstebinne die Lewensvaardighede-leerprogram (DoE, 2008).

In die Intermediêre en Senior fase word 8% van die totale kontaktyd aan Lewensoriëntering toegeken. Dit behels 2 ure per week in Grade 4, 5, 6 en 7 en 2¼ uur per week in Graad 8 en 9. Die Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging- (Liggaamlike Opvoeding-) uitkoms kry 40 minute van hierdie tydstoekenning, wat gelykstaande is aan een periode per week (DoE, 2008). Tans is daar indringende gesprekke aan die gang

rondom die vermindering van die agt leerareas na ses in die Intermediêre fase. Die voorstel van die ministeriële taakspan is dat onder andere die leerarea Lewensoriëntering, wat die Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging- (Liggaamlike Opvoeding-) uitkoms insluit, saamgevoeg word met die leerarea Kuns en Kultuur, en dat waar die twee leerareas voorheen saam 16% (elke leerarea 8%) van die totale kontaktyd in hierdie fase gehad het, dit nou verminder word na 14% van die totale kontaktyd (DoE, 2009). Hierdie vermindering van kontaktyd in die Intermediêre fase is 'n poging om die oorvol kurrikulum te verskraal, maar dit is nie goeie nuus vir die Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging- (Liggaamlike Opvoeding-) uitkoms van Lewensoriëntering in hierdie uiters belangrike ontwikkelingsfase van kinders en jongmense nie. Van Deventer en Van Niekerk (2009) bepleit juis meer kontaktyd vir die Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging- (Liggaamlike Opvoeding-) uitkoms van Lewensoriëntering.

In die Verdere Onderrig en Opleidingsfase word 2 ure per week uit 'n totaal van 27½ uur kontaktyd aan Lewensoriëntering toegeken, en die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms kry 60 minute van hierdie kontaktyd (50%) per week; dit is ook gelykstaande aan een periode per week (DoE, 2008).

Die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) skryf voor dat alle skole minstens TWEE vaste Lewensoriëntering-periodes per week, wat oor die hele skooljaar strek, op die skoolrooster aanbied, en dat EEN van hierdie periodes 'n praktiese Liggaamlike Opvoeding-periode moet wees wat duidelik as "Liggaamlike Opvoeding" op die skoolrooster aangedui word (DoE, 2007).

## **Befondsing**

Net soos in talle ander lande, soos bespreek in die vorige gedeelte van hierdie hoofstuk, is befondsing vir Liggaamlike Opvoeding ook 'n wesenlike probleem in Suid-Afrika. Nie alle skole beskik oor die nodige fasiliteite, apparaat en toerusting om bewegingsaktiwiteite aan te bied nie. Die voorstel van die Nasionale Departement van Onderwys is dat Lewensoriëntering-onderwysers opgelei moet word om apparaat en toerusting te improviseer vir gebruik in die aanbied van Liggaamlike Opvoeding-periodes totdat die Onderwysdepartement apparaat en toerusting aan die skole kan voorsien. Die gebrek aan apparaat en toerusting mag nie as verskoning gebruik word vir die nie-aanbieding van die verpligte Liggaamlike Opvoeding-periodes nie (DoE, 2008).

Van Deventer en Van Niekerk (2009) stel voor dat skole saamgegroepeer ("clustering") word om voordeel te trek uit die gebruik van bestaande fasiliteite, apparaat, toerusting en

sels Liggaamlike Opvoeding-onderwysers, wat veral nog geredelik beskikbaar is by die sogenaamde “eks-model C-skole” in Suid-Afrika.

Talle Lewensoriëntering-onderwysers is baie swak opgelei of glad nie opgelei om die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van die vak aan te bied nie. Dit is 'n groot probleem aangesien hierdie uitkoms die enigste binne die leerarea Lewensoriëntering is waar die onderwyser fisies met kinders en jongmense werk. Indien die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser nie voldoende veiligheidsmaatreëls tref of die korrekte hulpverlening en ondersteuning verleen tydens praktiese aktiwiteite nie en iemand kry seer, kan dit lei tot regstappe teen die skool en onderwyser. Aan die begin van 2008 het die Nasionale Departement van Onderwys fondse beskikbaar gestel vir die oplei van 277 Lewensoriëntering-vakadviseurs in die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering in al nege provinsies. Dit sou in 2009 en die daaropvolgende jare opgevolg word met die oplei van alle Lewensoriëntering-onderwysers in hierdie spesifieke uitkoms (DoE, 2008).

### **Assessering**

Alle kinders en jongmense moet 'n “Physical Education Task” (PET) in elke graad voltooi. In die Grondslagfase, Grade R tot 3, moet daar vier formele assesseringstake in Lewensoriëntering voltooi word, dws een assesseringstaak elke kwartaal. Elke assesseringstaak tel 25%, 20% vir Leeruitkoms 1, 2 en 3 en 5% vir Leeruitkoms 4, die praktiese Liggaamlike Opvoeding-uitkoms. Die vier assesseringstake tel in totaal 100% (25% X 4), 80% vir Leeruitkoms 1, 2 en 3, en 20% (5% X 4) vir Leeruitkoms 4, die praktiese Liggaamlike Opvoeding-uitkoms. Ingesluit by die 80% vir Leeruitkoms 1, 2 en 3 word twee teoretiese eksamens aanbeveel wat ook teorie van Liggaamlike Opvoeding insluit. Hierdie teorie van Liggaamlike Opvoeding in die eksamens verteenwoordig 5% van die totale punt, wat in effek beteken dat die 100% van die vier assesseringstake soos volg verdeel word: 75% vir leeruitkomste 1, 2 en 3, en 25% vir Leeruitkoms 4, die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms. Die PET tel deurgaans 5% van die vier assesseringstake plus 5% van die twee teoretiese eksamens, soos hierbo aangetoon (DoE, 2008).

**Tabel 2.1 : Kontaktyd per week toegeedeel aan Lewensoriëntering in die verskillende grade**

FASE/BAND	GRAAD	KONTAKTYD VIR LEWENSORIËNTERING
Grondslagfase	R, 1 en 2	5 ure 40 min / week
	3	6¼ ure / week
Intermediêre Fase	4, 5 en 6	2 ure / week
Senior Fase	7	2 ure / week
	7 en 9	2¼ ure / week
VOO-fase	10 – 12	2 ure / week

VOO (Verdere Onderwys en Opleiding)  
(DoE, 2008)

**Tabel 2.2 : Voorgestelde tydstoedeling vir onderrig en assessering van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms binne Lewensoriëntering in die verskillende grade**

FASE/BAND	GRAAD	KONTAKTYD: LIGGAAMLIKE OPVOEDING-UITKOMS
Grondslagfase	R, 1 en 2	Geen tydstoedeling – Bewegingsaktiwiteite word ingesluit by alle Leerprogramme en die Beweginguitkoms verskyn as een van die vier kernuitkomst in die Lewensvaardighede-Program
	3	
Intermediêre Fase	4, 5 en 6	40 min / week (33 %)
Senior Fase	7	40 min / week (30 %)
	8 en 9	40 min / week (30 %)
VOO-fase	10 – 12	60 min / week (30)

(DoE, 2008)

Presies dieselfde aantal assesseringstake word in die Intermediêre fase, Grade 4 tot 6, gedoen en die punteverspreiding is ook presies dieselfde. In die Senior fase, Grade 8 en 9, stem die assesseringstake en punteverspreiding ooreen met die vorige twee fases, met een spesifieke verskil: die assesseringstake wat in die vierde kwartaal in Graad 9 gedoen word, is 'n "Common Task for Assessment" (CTA), omdat Graad 9 'n uitreevlak vir kinders en jongmense volgens die Nasionale Kurrikulumverklaring is (DoE, 2008). Die Liggaamlike Opvoeding-assesseringstake (PET) tel 5% van die CTA.

Tabel 2.3 : Aantal assesseringstake in die verskillende grade

**Aantal Assesseringstake vir Grade R – 3 (Grondslagfase)**

LEERPROGRAM	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4	TOTAAL
Lewensvaardighede	1	1	1	1	4

**Aantal Assesseringstake vir Grade 4 - 6 (Intermediêre Fase)**

LEERPROGRAM	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4	TOTAAL
Lewensoriëntering	1	1	1	1	4

**Aantal Assesseringstake vir Grade 7 - 9 (Senior Fase)**

LEERPROGRAM	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4	TOTAAL
Lewensoriëntering	1	1	1	1	4

\* Belangrik: In kwartaal 4 van Graad 9 is die Formele Taak 'n "Common Task for Assessment" (CTA)

**Uitbeelding van die Liggaamlike Opvoedingtaak in Graad R-9**

GR.	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
R-8	<b>TAAK 1</b>	<b>TAAK 2</b>	<b>TAAK 3</b>	<b>TAAK 4</b>
	Lewensoriëntering Taak (20%) + Praktiese Deelname (Liggaamlike Opvoeding) (5%)	Lewensoriëntering Taak (20%) + Praktiese Deelname (Liggaamlike Opvoeding) (5%)	Lewensoriëntering Taak (20%) + Praktiese Deelname (Liggaamlike Opvoeding) (5%)	Lewensoriëntering Taak (20%) + Praktiese Deelname (Liggaamlike Opvoeding) (5%)
	<b>25%</b>	<b>25%</b>	<b>25%</b>	<b>25%</b>
9	<b>TAAK 1</b>	<b>TAAK 2</b>	<b>TAAK 3</b>	<b>TAAK 4</b>
	Lewensoriëntering Taak (20%) + Praktiese Deelnames (Liggaamlike Opvoeding) (5%)	Lewensoriëntering Taak (20%) + Praktiese Deelnames (Liggaamlike Opvoeding) (5%)	Lewensoriëntering Taak (20%) + Praktiese Deelnames (Liggaamlike Opvoeding) (5%)	<b>CTA</b> Pen-en-papier-taak en prestasie-gebaseerde taak, deelname aan Liggaamlike Opvoeding ingesluit
	<b>25%</b>	<b>25%</b>	<b>25%</b>	<b>25%</b>

(DoE, 2008)

In die Verdere Onderwys en Opleidingsfase, Grade 10 tot 12, word die Liggaamlike Opvoeding-assesseringstaak apart van die ander assesseringstake en eksamens afgehandel as 'n vyfde assesseringstaak wat oor al vier kwartale strek. In Grade 10 en 11 is die puntetoekenning 75% vir die assesseringstake van die ander uitkomst (Leeruitkoms 1, 2 en 4) van Lewensoriëntering, en 25% vir die Liggaamlike Opvoeding-assesseringstaak (Leeruitkoms 3); dit tel op tot 'n totaal van  $75 \times 4 = 300$  punte vir die Lewensoriëntering-assesseringstake (Leeruitkoms 1, 2 en 4) en  $25 \times 4 = 100$  punte vir die Liggaamlike Opvoeding-assesseringstake (Leeruitkoms 3). Dus maak Liggaamlike Opvoeding ook 25% uit van die Lewensoriënteringpunt soos in die ander fases.

**Tabel 2.4 : Aantal Assesseringstake vir Grade 10 - 12**

**Aantal Assesseringstake vir Grade 10 - 11**

LEERPROGRAM	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4	TOTAAL
Lewensoriëntering	1	1	1	2	5

**Aantal Assesseringstake vir Graad 12**

LEERPROGRAM	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4	TOTAAL
Lewensoriëntering	1	2	2		5

**Uitbeelding van die Liggaamlike Opvoedingstake (Taak 5) in Graad 10-12**

GR.	KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
10 & 11	TAAK 1 Ander Take	TAAK 2 Eksamen	TAAK 3 Ander Take	TAAK 4 Eksamen
	Taak 5 Liggaamlike Opvoeding-Taak (LOT)			
12	TAAK 1 Ander Take	TAAK 2 Ander Take  TAAK 3 Eksamen	TAAK 4 Eksamen	
	Taak 5 Liggaamlike Opvoeding-Taak (LOT)			

(DoE, 2008)

Lewensoriëntering-onderwysers moet dus op 'n kwartaallikse basis kinders en jongmense se prestasies in Liggaamlike Opvoeding aanteken en rapporteer, en hierdie assesseringpunt tel elke kwartaal en vir die volle jaar 25% van die Lewensoriënteringpunt.

**Tabel 2.5 : Punttoekenning vir die Liggaamlike Opvoedingstaak per kwartaal in Graad 10-12**

**GRAAD 10 EN 11**

<b>KWARTAAL 1</b>	<b>KWARTAAL 2</b>	<b>KWARTAAL 3</b>	<b>KWARTAAL 4</b>	<b>TOTAAL</b>
Taak 1: 75	Taak 2: 75	Taak 3: 75	Taak 4: 75	Taak 1-4: 300
LOT : 25	LOT : 25	LOT : 25	LOT : 25	Taak 5 (LOT) : 100
<b>100</b>	<b>100</b>	<b>100</b>	<b>100</b>	<b>400/4 = 100</b>

**GRAAD 12 -**

<b>KWARTAAL 1</b>	<b>KWARTAAL 2</b>	<b>KWARTAAL 3</b>	<b>KWARTAAL 4</b>	<b>TOTAAL</b>
Taak 1: 75	Taak 2: 75	Taak 4: 75		Taak 1-4: 300
LOT : 25	Taak 3: 75 LOT : 50	LOT : 25		Taak 5 (LOT) : 100
<b>100</b>	<b>200</b>	<b>100</b>		<b>400/4 = 100</b>

(DoE, 2008)

Twee stelle graderingskodes word vir hierdie Liggaamlike Opvoeding-assesserings gebruik: 'n vierpunt-skaal vir Grade R tot 6, en 'n sewepunt-skaal van Grade 7 tot 12. In Graad 12 word al vyf die assesseringstake in die eerste drie kwartale afgehandel omdat die Graad 12's 'n eksterne nasionale eksamen skryf, maar Lewensoriëntering en dus ook Liggaamlike Opvoeding is nie deel van hierdie eksterne eksamen nie (DoE, 2007).



**Tabel 2.6 : Graderingskodes vir Vaardigheidsvlakke**

**Graad R - 6**

GRADERINGSKODE	VAARDIGHEIDSVLAK BESKRYWING	PERSENTASIE
4	Uitstekend bereik	70 - 100
3	Bevredigend bereik	50 - 69
2	Gedeeltelik bereik	35 - 49
1	Nie bereik	1 - 34

**Graad 7 - 12**

GRADERINGSKODE	VAARDIGHEIDSVLAK BESKRYWING	PERSENTASIE
7	Uitstekend bereik	80 - 100
6	Verdiensielik bereik	70 - 79
5	Substansieel bereik	60 - 69
4	Voldoende bereik	50 - 59
3	Matig bereik	40 - 49
2	Elementêr bereik	30 - 39
1	Nie bereik	0 - 29

(DoE, 2008)

Om aan die einde van Graad 10 en 11 die graad te slaag en om aan die einde van Graad 12 te kwalifiseer vir die Nasionale Senior Sertifikaat, is dit verpligtend dat Lewensoriëntering, wat Liggaamlike Opvoeding insluit, as een van die sewe vakke aangebied word. Voorts moet Lewensoriëntering, wat Liggaamlike Opvoeding insluit, aan die slaagvereiste van 30% voldoen met verpligte bewyse van deelname en prestasie in die Liggaamlike Opvoeding-assesseringstaak aangeteken gedurende die spesifieke jaar. Hierdie bewyse word gewoonlik aangebied in die vorm van 'n assesseringsinstrument wat deur die Lewensoriëntering-onderwyser voltooi en voorgelê word as bewys van die betrokke leerder se deelname en prestasie (DoE, 2007).

Liggaamlike Opvoeding word dus formeel geëksamineer en geassesseer as deel van Lewensoriëntering, maar aan die einde van Graad 12, wat die finale toelating tot Hoër Onderwys is, word hierdie vakke uitgesluit.

## **Uitkomst en inhoud**

Fisieke en motoriese ontwikkeling staan sentraal in die totale ontwikkeling van kinders en jongmense omdat dit 'n baie belangrike bydrae lewer tot hul sosiale, persoonlike en emosionele ontwikkeling. Beweging, spel asook sport en spele help met die ontwikkeling van positiewe waardes en gesindhede, en daarom fokus Leeruitkoms 4, Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging, in Lewensoriëntering vanaf Graad R tot 9 op perseptueel-motoriese ontwikkeling, sport en spele, fisieke groei en ontwikkeling asook rekreasie en spel (DoE, 2008).

In die Grondslagfase, Grade R tot 3, moet die ontluikende motoriese beheer, liggaamsbewustheid en perseptueel motoriese vermoëns van die kinders verder ontwikkel word. Die affektiewe en sosiale reaksies van kinders is nog baie op hulself gerig en daarom moet kinders en jongmense deur middel van ontdekking die nodige vaardighede vir al bogenoemde ontwikkelingsfases aanleer. Die uitkoms en inhoud in hierdie fase fokus dus op die aanwend van 'n groot verskeidenheid funksionele bewegings sodat kinders en jongmense liggaamsbewustheid kan aanleer asook hoe om te beweeg in tye van uitdagings, wanneer hulle probleemsituasies moet kan oplos (DoE, 2008).

In die Intermediêre fase, Grade 4 tot 6, ontwikkel kinders en jongmense beter liggaamsbewustheid en liggaamsbeheer asook selfvertroue en vaardigheid. Die uitkoms en inhoud in hierdie fase fokus op die bemeestering van bewegingsvaardighede asook liggaamsbeheer, as grondslag vir deelname aan algemene bewegingsaktiwiteite en sport. Sosiale vaardighede word ook al belangriker met die groeiende belangstelling in spanaktiwiteite en die ontwikkeling van samewerking- en leierskapsvaardighede (DoE, 2008).

In die Senior fase, Grade 7 tot 9, ondergaan kinders en jongmense radikale fisieke veranderinge tydens hierdie adolessente jare. Die uitkoms en inhoud tydens hierdie fase fokus op die afronding en vervolmaking van bewegings gemik op akkuraatheid en beweeglikheid tydens verskillende situasies. Lewenslange deelname aan fisieke aktiwiteite ter bevordering van fisieke fiksheid en gesondheid word hier aangemoedig (DoE, 2008).

In die Verdere Onderwys en Ontwikkelingsfase, Grade 10 tot 12, fokus die inhoud en nou Leeruitkoms 3 (Leeruitkoms 4 in die ander drie fases) op kennis van gesonde gewoontes en voeding, deelname in spele, sport, rekreasie en vryetydsaktiwiteite. Verder poog hierdie uitkoms om begrip te ontwikkel vir hoe die verband tussen fisieke aktiwiteit, gesondheid en die omgewing die lewenskwaliteit en welstand van kinders en jongmense kan bevorder. Die rol wat sport kan speel in nasiebou en die aanspreek van ongelykhede uit die verlede

word ook hier aangespreek. Kennis en deelname aan rekreasie- en fisieke fiksheidsaktiwiteite kan lei tot beroepsgeleenthede, gemeenskapsprojekte sowel as lewenslange welstand (DoE, 2008).

## **Ondersteuning**

As deel van die vak Lewensoriëntering is Liggaamlike Opvoeding vanaf die begin van 2008 'n verpligte skoolvak vanaf Graad R tot Graad 12 in alle Suid-Afrikaanse skole. Alle skole moet minstens twee Lewensoriëntering-periodes per week vir elke graad aanbied, waarvan een periode Liggaamlike Opvoeding moet wees en ook so aangedui word op die skoolrooster. Lewensoriëntering word formeel geassesseer en geëksamineer, behalwe in die finale eksterne eksamen in Graad 12, en die Liggaamlike Opvoeding-assessering tel amptelik 25% van die totale Lewensoriënteringspunt (DoE, 2007).

Aan die begin van 2008 het die Nasionale Departement van Onderwys fondse bewillig vir die oplei van 277 Lewensoriëntering-vakadviseurs in al nege provinsies in die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering. Hierdie opleiding sou in 2009 uitgebrei word na die onderwysers en daar sou ook apparaat en toerusting vir die aanbied van Liggaamlike Opvoeding aan skole voorsien word (DoE, 2008).

Volgens 'n gesprek wat die navorser tydens 'n vergadering gevoer het met Mnr Themba Kojana, Hoofdirekteur, "Social Inclusion and School Enrichment" van die Nasionale Onderwysdepartement en ook met Mnr Norman Mphake, Adjunk-direkteur, "Physical Education and Talent Identification" van die Nasionale Onderwysdepartement, is die regering en die Nasionale Departement van Onderwys baie ernstig oor die stand en status van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole. Al hierdie partye besef terdeë watter voordele Liggaamlike Opvoeding vir die gesondheid, sporttalent en sosiale ontwikkeling van kinders en jongmense in die Suid-Afrikaanse samelewing kan inhou.

Ten spyte van heelwat uitdagings soos 'n gebrek aan befondsing, swak gekwalifiseerde Liggaamlike Opvoeding-onderwysers, 'n ernstige tekort aan fasiliteite, toerusting en apparaat, is daar nogtans redelik goeie ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika.

Die groot vraag is dus: Waarom word Liggaamlike Opvoeding nie volgens die Nasionale Kurrikulumverklaring in alle Suid-Afrikaanse skole aangebied nie?

## Die toekoms

Suid-Afrika is 'n land wat ernstig begin sukkel met gesondheidsprobleme onder kinders en jongmense asook volwassenes, soos byvoorbeeld obesiteit, oorgewig, kardiovaskulêre siektes en diabetes mellitus (Van Deventer, 2004; Du Toit, 2009). Suid-Afrika sukkel om op internasionale sportgebied te kompeteer, die land sukkel met ernstige sosiale probleme, geweld asook misdaad. Indien die Suid-Afrikaanse regering ernstig is om hierdie probleme aan te spreek en op te los, sal hulle baie beslissende drastiese stappe moet doen om te verseker dat Liggaamlike Opvoeding sy regmatige plek in die Suid-Afrikaanse nasionale skoolkurrikulum kry en behou. Die vak sal die nodige ondersteuning op alle vlakke en van alle betrokke partye moet ontvang. Liggaamlike Opvoeding as skoolvak beskik oor die vermoë en potensiaal om, indien dit reg bedryf word en die nodige erns daarmee gemaak word, die meeste van bogenoemde probleme aan te spreek en op te los.

## 2.10 Samevatting

Die voorafgaande literatuuroorsig toon duidelik dat Liggaamlike Opvoeding van die vroegste tye af 'n belangrike rol vervul het in die onderwys regoor die wêreld. Liggaamlike Opvoeding lewer 'n onskatbare bydrae tot gesondheid en sportprestasies in talle lande van die wêreld (Tinning, 2004; Ammah & Kwaw, 2005; Costa & Tubino, 2005; Feingold & Holland-Fiorentino, 2005; Fisher, 2005; Kang & You, 2005; Lei & Jichun, 2005; Salokun, 2005; Zouabi, 2005). Ten spyte van talle probleme wat die vak ondervind, geniet Liggaamlike Opvoeding groot steun vanuit internasionale organisasies soos die VVO, UNESCO, WGO, ICSSPE en is daar tydens die Wêreldberaad oor Liggaamlike Opvoeding in Berlyn in 1999 die Berlynse Agenda en Aksieplan opgestel, wat dit onomwonde stel dat dit 'n basiese reg van elke kind en jongmens regoor die wêreld is om te mag speel en aan fisiese aktiwiteit en spel deel te neem (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999).

Hoe ernstig is ons in Suid-Afrika oor die vak Liggaamlike Opvoeding? Suid-Afrika is 'n sportmal nasie soos talle ander lande. Wat doen ons as ons die volgende aanhaling lees oor "Sports Education" in Jamaika, na afloop van die suksesse wat hierdie klein landjie by die vorige Olimpiese spele en die pasafgelope Wêreldatletiek-Kampioenskapsbyeenkoms beleef het? Wie van ons sal ooit Usain Bolt se legendariese prestasies in die 100m- en 200m-naellope kan vergeet?

"The Jamaican education system has paved the way enabling the island's Olympic gold glory. Through its physical education syllabus and its dedicated physical education teachers we now reap the benefits" (Murray, 2009).

Die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding as uitkoms van Lewensoriëntering in Suid-Afrikaanse skole is in 2008 voltooi toe die vak in die finale fase in Graad 12 ingefaseer is, met 25% van die puntetoekenning en 50% van die tydstoedeling van Lewensoriëntering (kyk paragraaf oor **Assessering** in hierdie hoofstuk) (DoE, 2008). Al is Liggaamlike Opvoeding nie 'n afsonderlike vak nie en slegs 'n uitkoms van die vak Lewensoriëntering, is die vak se opset baie goed gestruktureer. Die vak staan bekend as Liggaamlike Opvoeding, moet verpligte periodes op die skoolrooster kry in elke graad, en gee inhoudelik aandag aan fisieke fiksheid, sport en spele, rekreasie en gesondheid van kinders en jongmense. Liggaamlike Opvoeding het 'n verdere hupstoot gekry toe Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys, onlangs in die finale dokument insake die vermindering van leerareas in die Intermediêre fase, Grade 4 – 9, aangetoon het dat die vak voortaan, vanaf 2010, ook in die Grondslagfase asook in die Intermediêre fase deel sal uitmaak van die vak Algemene Studies, as “Liggaamlike Opvoeding” bekend sal staan en nie meer as “Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging” nie, en 2 ure per week tydstoedeling sal kry – in teenstelling met die vorige 1 uur per week (DoE, 2009). Liggaamlike Opvoeding word ook formeel geassesseer en geëksamineer as deel van die vak Lewensoriëntering (kyk paragraaf oor **Assessering** in hierdie hoofstuk.)

Wat is die probleem dan? Die oorgrote meerderheid Lewensoriëntering-vakadviseurs wat die ondersteuning moet verleen asook Lewensoriëntering-onderwysers wat die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms moet aanbied, is baie swak of selfs geheel en al onopgelei om Liggaamlike Opvoeding aan te bied. Onvoldoende veiligheidsmaatreëls in die Liggaamlike Opvoeding-klasse as gevolg van onkunde kan aanleiding gee tot beserings, wat uiteindelik kan uitloop op hofsake en regstappe (Rossouw, 2004). Hierdie ongewenste situasie lei daartoe dat die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering gebrekkig of selfs glad nie in talle Suid-Afrikaanse skole aangebied word nie.

Verdere probleme wat bydra tot hierdie onwettige versuim van die volwaardige aanbied van Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering in Suid-Afrikaanse skole is die gebrek aan geskikte en voldoende fasiliteite en apparaat (DoE, 2008). Die status van Liggaamlike Opvoeding word ook erg geknou omdat Lewensoriëntering en dus ook Liggaamlike Opvoeding nie ekstern as deel van die nasionale Graad 12-eksamen geëksamineer word nie, en die assesseringspunte van hierdie vakke nie in berekening gebring word vir universiteitstoelating nie.

Die doel van hierdie studie is om aanbevelings daar te stel om hierdie probleme te oorbrug sodat Liggaamlike Opvoeding volwaardig in alle Suid-Afrikaanse skole aangebied sal word en ons land sal voldoen aan die UNESCO Verklaring (1978) asook die Berlynse Agenda en Plan van Aksie 1999, wat dit duidelik stel dat Liggaamlike Opvoeding die basiese reg van elke kind en jongmens is.

---

## UITDAGINGS VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDING IN SKOLE

---

### 3.1 Inleiding

Liggaamlike Opvoeding in skole ervaar alreeds 'n geruime tyd groot uitdagings en probleme en juis daarom is die eerste poging om hieraan aandag te gee reeds in 1976 geloods toe die “International Conference of Ministers and Senior Officials Responsible for Physical Education” (MINEPS I) in Parys georganiseer is (Pühse & Gerber, 2005). Twee jaar later is die “Charter for Physical Education and Sport” (UNESCO, 1978) aanvaar, wat onder andere verklaar het dat Liggaamlike Opvoeding die basiese reg van elke jongmens en kind is en 'n belangrike komponent is van lewenslange leer (Klein, 2002). MINEPS II is 12 jaar later in November 1988 in Moskou gehou, wat die stryd vir Liggaamlike Opvoeding voortgesit het (kyk paragraaf 2.4, Hoofstuk 2,).

Die bekommernis oor die afname in die teenwoordigheid en aanbieding van Liggaamlike Opvoeding in skoolkurrikulums dwarsoor die wêreld het aanleiding gegee tot die “International Council of Sport Science and Physical Education” (ICSSPE) se ondersoek na die stand en status van Liggaamlike Opvoeding in 167 lande en state (Pühse & Gerber, 2005). Hardman (2002) bevestig dat talle regerings hulself wetlik verbind het tot die voorsiening van Liggaamlike Opvoeding aan kinders en jongmense, maar dat verskeie faktore soos finansies, menslike en fisiese hulpbronne verhoed dat hierdie verbintenis realiseer. Een van die belangrikste uitkomstes van hierdie wêreldwye ondersoek is die Wêreldberaad oor Liggaamlike Opvoeding wat ICSSPE in 1999 in Berlyn georganiseer het (Pühse & Gerber, 2005). Dit is belangrik vir die navorser om na die doelstellings en aanbevelings van hierdie wêreldberaad te kyk, om hom in staat te stel om 'n volledige evaluering van die herinstelling van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole te kan doen.

Vanaf 3-5 November 1999 het meer as 250 afgevaardigdes van regerings, inter-regeringsorganisasies, nie-regeringsorganisasies (NGO's) en akademiese instellings van 80 lande van regoor die wêreld hierdie Wêreldberaad oor Liggaamlike Opvoeding in Berlyn

bygewoon. Hierdie beraad is aangebied onder internasionale toesig en beskerming van die “United Nations Educational, Scientific, and Cultural Organisation (UNESCO) asook die “International Olympic Committee” (IOC) en met mede-borgskap van die “World Health Organization” (WHO) (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999).

Een van ICSSPE se interne komitees, “The International Committee of Sport Pedagogy” (ICSP), wat vyf ander internasionale organisasies met belange in Liggaamlike Opvoeding met mekaar verbind, het ’n leidende rol gespeel in die organisasie van die wêreldberaad met die volgende uitkomst as fokus (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:117):

- Bewusmaking van die voordele van Liggaamlike Opvoeding;
- Bewusmaking oor ’n breë spektrum, van die publiek, media, regerings en privaat sektor, oor die toenemende ernstige agteruitgang van die stand en status van Liggaamlike Opvoeding wêreldwyd;
- Die skep van ’n forum waar instellings en organisasies die werk wat hulle verrig binne Liggaamlike Opvoeding kan aanbied;
- Die identifisering van terreine van samewerking;
- Die samevoeging van bestaande navorsing, verslae en verklarings rakende Liggaamlike Opvoeding; en
- Die koördinering van die implementering van aksieplanne en bestaande netwerke binne Liggaamlike Opvoeding

Hierdie sogenaamde Berlynse Agenda wat tydens die Wêreldberaad opgestel is, is drie weke later, van 30 November – 3 Desember, aan die MINEPS III-vergadering in Punta del Este in Uruguay voorgelê vir aanvaarding.

## **3.2 Uitdagings**

Die voortbestaan van Liggaamlike Opvoeding as skoolvak verkeer in groot gevaar in talle streke van die wêreld, ten spyte van die wetenskaplike bewyse van die voordele en waarde van fisieke aktiwiteit, Liggaamlike Opvoeding en sport asook die UNESCO-verklaring in 1978 wat die vak as ’n basiese reg van alle kinders en jongmense uitgelig het. Mackendrick (soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:118)) stel dit baie duidelik dat Liggaamlike Opvoeding veral gedurende die 1990’s nie ’n groot prioriteit in skole was nie en onder groot druk van ander belangriker akademiese vakke soos Wiskunde en



Wetenskap moes oorleef. Lande se krimpende begrotings het 'n negatiewe impak op tydstoekenning en hulpbronne vir die aanbod van Liggaamlike Opvoeding, wat tot gevolg het dat regerings in sekere lande die tydstoekenning vir die vak aansienlik verminder het of selfs die vak uit die skoolkurrikulum verwyder het.

Die internasionale ondersoek of oudit oor die stand en status van Liggaamlike Opvoeding wat deur Hardman en Marshall (2000) onderneem is, het waardevolle navorsingsdata opgelewer wat kon help om die probleme aan te spreek en te probeer oplos. Dr Ken Hardman van die Universiteit van Manchester het die resultate van hierdie ondersoek ter voorbereiding vir die wêreldberaad aangebied, wat duidelik aangetoon het dat Liggaamlike Opvoeding wêreldwyd in 'n kritieke toestand verkeer – ongeag lande se geografiese ligging of sosio-ekonomiese toestand. Vyf kernpunte beklemtoon die uitdagings wat Liggaamlike Opvoeding in die gesig staar: (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:118)

- Wetlike vereistes vir Liggaamlike Opvoeding
- Status van Liggaamlike Opvoeding
- Tydstoekenning vir Liggaamlike Opvoeding
- Onderwysersopleiding
- Infrastruktuur en hulpbronne.

Enkele uittreksels uit die data van die ondersoek na die status en stand van Liggaamlike Opvoeding volg, ongeag wat die redes of oorsaak is vir die situasie wat in die spesifieke uittreksel beskryf word:

**Wetlike vereistes vir Liggaamlike Opvoeding:** (Hardman & Marshall, 2000)

- Liggaamlike Opvoeding is wetlik verplig in 92% van die 126 lande wat deel was van die steekproef tydens die ondersoek, maar talle lande kom nie hierdie wetlike verpligting na nie.
- Na beraming voldoen meer as 97% van skole in een spesifieke provinsie in Kanada nie aan die minimum wetlike tydstoekenningvereistes vir Liggaamlike Opvoeding nie en daar word niks daaromtrent gedoen nie.
- 'n Professor in Liggaamlike Opvoeding in 'n Afrika-land stel dit onomwonde dat sekere onderwysers nie Liggaamlike Opvoeding aanbied nie, al is dit verpligtend. Dit pla niemand nie en dit word nie wetlik afgedwing nie.

- 'n Liggaamlike Opvoeding-professor in 'n ander Afrika-land toon aan dat, al is Liggaamlike Opvoeding verpligtend, die oorgrote meerderheid van die skole in die land dit nie aanbied nie.

**Status van Liggaamlike Opvoeding:** (Hardman & Marshall, 2000)

- In baie lande word Liggaamlike Opvoeding as 'n onproduktiewe opvoedkundige praktyk beskou, wat minder belangrik is as die ander akademiese vakke.
- Alhoewel dit nie in die praktyk beleef word nie, het 86% van respondente aangetoon dat Liggaamlike Opvoeding dieselfde wetlike status as ander vakke het.
- In 'n Suidsee-eiland het Liggaamlike Opvoeding-onderwysers hul bekommernis uitgespreek dat Liggaamlike Opvoeding as 'n onbelangrike vak beskou word deur skoolbestuurspanne en ander onderwysers en dat die vak nie waardig is om kosbare tyd op skoolroosters op te neem nie.
- 'n Latyns-Amerikaanse Liggaamlike Opvoeding-onderwyser het aangetoon dat die staat die vak as onbelangrik beskou en die vak boonop verder verskraal deur nog minder tyd daaraan toe te ken en geen fasiliteite, apparaat of toerusting vir die aanbied van die vak te verskaf nie.
- In 'n Europese land is die status van die vak baie laag, wat weerspieël word in die lae tydstoekenning vanaf regeringsvlak in vergelyking met tydstoekenning vir ander vakke.

**Tydstoekenning vir Liggaamlike Opvoeding:** (Hardman & Marshall, 2000)

- Die grootste tydstoekenning vir Liggaamlike Opvoeding val by kinders en jongmense tussen ouderdom 9 en 14 jaar. Hoe hoër die ouderdom, hoe minder tyd word aan die vak toegeken, en dit word 'n keusevak of verdwyn geheel en al uit die skoolrooster in die senior standerds.
- Volgens Malina (soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:119) neem aktiwiteitsvlakke by kinders en jongmense toe in hul vroeë adolessente jare en neem eers af nadat hulle deur hierdie fase is.
- Gedurende 1998-99 het Liggaamlike Opvoeding meer as 500 000 ure in een Europese land verloor omdat dit afgestaan is aan Geletterdheid en Gesyferdheid.

- In 'n ander Europese land is Liggaamlike Opvoeding se tydstoekenning verminder van drie tot een uur per week, met ander woorde van 537 ure per jaar tot 460 ure per jaar tydens die verpligte skooljare. Skoolspordae is afgestel, met totale vermindering van fisieke aktiwiteit by skole tot omtrent een derde van die oorspronklike tyd.
- Liggaamlike Opvoeding-periodes is van drie na een of twee verander in hoërskole in 'n Latyns-Amerikaanse land.

**Onderwysersopleiding:** (OFSTED, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:119)

- Dit is nie 'n vreemde verskynsel dat Liggaamlike Opvoeding-onderwysers in laerskole onopgelei is om die vak aan te bied en kinders net onder toesig laat speel tydens Liggaamlike Opvoeding-periodes nie. Klasonderwysers wat nie opgelei is om die vak aan te bied nie, is verantwoordelik vir die aanbied van die vak. In hoërskole is daar heelwat meer opgeleide Liggaamlike Opvoeding-onderwysers, maar dit gebeur dikwels dat onopgeleide personeel die vak aanbied.
- Volgens OFSTED in Engeland (1999, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:119) word daar te min tyd aan Liggaamlike Opvoeding-opleiding bestee tydens die opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers.

**Infrastruktuur en hulpbronne:** (ICSSPE, 1999:120)

- Die kwantiteit en kwaliteit van Liggaamlike Opvoedings-programme word ernstig geknou as gevolg van die oneweredige vermindering van begrotings in staatsdepartemente in 'n poging om kop bo water te probeer hou met die verminderde toekennings. Slegs in 31% van lande wêreldwyd is daar genoeg fasiliteite beskikbaar by skole, en by die meerderheid skole is die voorsiening en onderhoud van fasiliteite, apparaat en toerusting totaal onvoldoende. In minder ontwikkelde lande is dit 'n geweldige uitdaging om voldoende fasiliteite te voorsien, maar selfs in lande met goeie gevestigde infrastrukture en hulpbronne word swak onderhoud en selfs verlies aan fasiliteite gerapporteer.
- 'n Liggaamlike Opvoeding-onderwyser uit 'n Europese land rapporteer dat die tydstoekenning vir Liggaamlike Opvoeding, teenstrydig met die landswette, aansienlik verminder is as gevolg van onvoldoende befondsing vir die vak.
- In 'n staat in die VSA moet fasiliteite soos gimnasiums met ander vakke gedeel word en by ander skole is daar geen gimnasiums nie en baie beperkte buite-fasiliteite beskikbaar.

- In 'n ander staat in die VSA is die gimnasium omskep in 'n biblioteek en as gevolg van die groot aantal kinders en jongmense moet van die Liggaamlike Opvoeding-periodes in die kafeteria aangebied word.

Die resultate en bevindings van die oudit na Liggaamlike Opvoeding het 'n grootskaalse skeptisisme en pessimisme weerspieël omdat die vak werklik swaarkry onder verminderde kontaktyd, onvoldoende befondsing, fasiliteite, apparaat en toerusting, menslike hulpbronne asook 'n lae status en beeld.

Ten spyte van al hierdie negatiwiteit en probleme was daar talle voorbeelde van goeie praktyke in Liggaamlike Opvoeding van oor die wêreld, waar goed opgeleide en vaardige Liggaamlike Opvoeding-onderwysers kwaliteit Liggaamlike Opvoeding tot voordeel van kinders en jongmense aanbied. Doecke (soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:120) waarsku egter dat Liggaamlike Opvoeding totaal verlore kan gaan indien daar nie drasties opgetree word om hierdie probleme wat die vak ervaar, aan te spreek en op te los nie.

### 3.3 Versoek aan MINEPS III

Tydens die Wêreldberaad het al die afgevaardigdes die sogenaamde Berlynse Agenda asook die "Call for Action by Ministers and Senior Officials responsible for Physical Education and Sport" aanvaar en gesteun.

Die Wêreldberaad asook die "Call for Action" het 'n beroep gedoen op die afgevaardigdes wat die MINEPS III-kongres in Punta del Este in Uruguay vanaf 30 November – 3 Desember 1999 sou bywoon, om die Berlynse Agenda te aanvaar en te steun (ICSSPE, 1999).

Die "Call for Action" het 'n versoek gerig aan regeringsleiers om die volgende te onderneem: (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:120)

- Liggaamlike Opvoeding-beleid te **implementeer** as 'n basiese reg van kinders en jongmense;
- **Erkenning** te verleen dat kwaliteit Liggaamlike Opvoeding afhanklik is van goed gekwalifiseerde Liggaamlike Opvoeding-onderwysers asook voldoende tydstoekenning in die kurrikulum; kwaliteit Liggaamlike Opvoeding kan selfs aangebied word sonder voldoende fasiliteite en toerusting;
- Te **belê** in aanvanklike asook indiens-opleiding en ontwikkeling van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers;

- Navorsing te **ondersteun** ter verbetering van die effektiwiteit en kwaliteit van Liggaamlike Opvoeding;
- **Saamwerk** met internasionale finansiële instellings om te verseker dat Liggaamlike Opvoeding deel uitmaak van hul definisie van onderwys;
- **Erkenning** te verleen aan die eiesoortige bydrae van Liggaamlike Opvoeding tot fisieke gesondheid, totale ontwikkeling asook veilige, ondersteunende gemeenskappe;
- **Erkenning** te verleen dat die versuim om Liggaamlike Opvoeding aan te bied baie meer onkoste in gesondheidsorg meebring as die belegging wat nodig is vir die aanbod van Liggaamlike Opvoeding.

### 3.4 Rasionaal vir Kwaliteit Liggaamlike Opvoeding

Kwaliteit Liggaamlike Opvoeding kan in 'n breë verskeidenheid behoeftes van alle mense, maar in besonder dié van kinders en jongmense voorsien.

Kwaliteit Liggaamlike Opvoeding (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:121):

- is die mees effektiewe manier om kennis, waardes, vaardighede, gesindhede en begrip vir lewenslange deelname aan fisieke aktiwiteit en sport by kinders en jongmense vas te lê;
- ondersteun en verseker geïntegreerde en goed afgeronde verstandelike, geestelike en liggaamlike ontwikkeling;
- is die enigste skoolvak wat primêr fokus op die liggaam, fisieke ontwikkeling en gesondheid;
- ondersteun kinders en jongmense in die ontwikkeling van spesifieke belangstelling en patrone van fisieke aktiwiteit noodsaaklik vir gesonde ontwikkeling en gesonde volwasse leefstyle;
- ondersteun kinders en jongmense om respek vir hul eie liggaam en ook dié van ander mense te ontwikkel;
- ontwikkel begrip by kinders en jongmense vir die rol van fisieke aktiwiteit in gesondheidsbevordering;
- lewer 'n bydrae tot kinders en jongmense se selfbeeld en selfvertroue;

- verbeter sosiale ontwikkeling deur kinders en jongmense voor te berei vir kompetisie, wen en verloor asook samewerking;
- voorsien die kennis en vaardighede vir toekomstige beroepe in sport, fisieke aktiwiteit, rekreasie en ontspanning.

### 3.5 Navorsingsbevindinge

Tydens die Wêreldberaad vir Liggaamlike Opvoeding (1999:121-122) het afgevaardigdes navorsingsresultate voorgedra van die voordele van Liggaamlike Opvoeding asook die belangrike rol wat die vak speel in die ontwikkeling van gesonde kinders en jongmense.

Talbot (soos aangehaal deur ICSSPE,1999:121) lys die volgende voordele van Liggaamlike Opvoeding en sport by hierdie beraad:

- Verbeter selfbeeld en verminder neigings tot risikogedrag;
- Verminder die kans op vroeë seksuele aktiwiteit en swangerskap by dogters;
- Verminder negatiewe gesindhede teenoor die skool asook vroeë skoolverlating;
- Dit is 'n belangrike beroepsvoorligtingvak;
- Verbeter gesondheid, voorkom beserings as gevolg van swak postuur en balans;
- Verbeter akademiese prestasie;
- Ondervinding van gestruktureerde aktiwiteite met duidelike uitkomst;
- Beter begrip van abstrakte konsepte soos spoed, afstand, diepte, krag, vlug en regverdigheid;
- Verbeter fokus en toewyding.

Malina (soos aangehaal deur ICSSPE,1999:121) beklemtoon by die beraad die fisieke komponent van Liggaamlike Opvoeding (1) motoriese vaardigheidsontwikkeling asook die inoefening van hierdie vaardighede in beheerde omstandighede; (2) verbetering van fisieke fiksheid; en (3) gereelde fisieke aktiwiteit binne skoolverband.

#### **Gesondheidsvoordele:**

- 'n Aktiewe lewenstyl tydens kinderjare bevoordeel gesondheid op 'n latere ouderdom (Blair, 1999, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:121).

- Sedentêre lewenstyle as gevolg van tegnologiese ontwikkeling, en gepaardgaande siektetoestande kan aangespreek word (Koop, 1999, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:121).
- Fisieke fiksheid kan bydra tot 'n langer en gesonder lewe. Matige fisieke aktiwiteit kan hoë bloeddruk, hartvatsiektes, kolonkanker en depressie teenwerk (Koop, 1999, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:121).
- Oorgewig en obesiteit as gevolg van onaktiwiteit kan aanleiding gee tot kroniese siektes; Liggaamlike Opvoeding kan die risiko daarvan verminder (Bar Or, 1994, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:121).
- Spierkrag, beensterkte en beweeglikheid van gewigte is belangrik vir balans, koördinasie, en beweeglikheid. Al hierdie komponente neem af as gevolg van fisieke onaktiwiteit (World Forum on Physical Activity and Sport, 1995, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:121).
- Fisieke aktiwiteit kan fisieke en geestelike gesondheid verbeter asook sosiale interaksie bevorder (World Forum on Physical Activity and Sport, 1995, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:121).
- Fisieke aktiwiteit kan angstigheid en depressie teenwerk, asook selfbeeld en kognitiewe vaardighede verbeter (Biddle, 1995, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:122).

### **Kognitiewe ontwikkeling en akademiese prestasie:**

- Talle studies se resultate het aangedui dat deelname aan fisieke aktiwiteit nie akademiese prestasie negatief beïnvloed nie; intendeel, heelwat kinders en jongmense se akademiese prestasies het verbeter na deelname aan fisieke aktiwiteit (Shephard, 1997, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:122).
- 'n Vergelyking van 6- tot 12-jarige kinders en jongmense wat onderskeidelik 5 ure per week teenoor 40 ure per week fisieke aktiwiteit handhaaf, se akademiese prestasie het aansienlik verskil (Shephard & Lavelle, 1994, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:122).

### **Ekonomiese voordele:**

- Verhoogde deelname aan fisieke aktiwiteit kan gesondheidsorgkoste verminder en terselfdertyd produktiwiteit aansienlik verhoog (Kidd, 1999, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:122).
- Minder siektetoestande as gevolg van deelname aan fisieke aktiwiteit kan miljoene aan gesondheidsorg bespaar (Feingold, 1994, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:122).
- Sport en ontspanning beslaan jaarliks 1,5% van die Bruto Nasionale Produk van die Europese Unie (Europese Unie, 1998, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:122).
- In die Verenigde Koninkryk is daar meer werkseleenthede in sport en ontspanning as in die motorindustrie, landbou, vissery en die voedselbedryf gesamentlik (Sports Council, London, 1997, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:122).

### **Inklusiewe voordele:**

- Liggaamlike Opvoeding is besonder belangrik vir vroue en dogters, kinders en jongmense met spesiale behoeftes, asook verskillende kultuurgroepe omdat hierdie groepe (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE,1999:122):
  - Meer afhanklik is van Liggaamlike Opvoeding in skole vir die aanleer van vaardighede;
  - Skole sien as veilige en beskermde plekke wat die goedkeuring wegdra van ouers en kulturele groepe; en
  - Minder geleenthede sal kry in die gemeenskap en besigheidsektor.
- Liggaamlike Opvoeding-onderwyseresse kan baie goeie rolmodelle wees en Liggaamlike Opvoeding kan werkseleenthede vir volwassenes skep (Talbot, 1999, soos aangehaal deur ICSSPE,1999:122)).
- Kwaliteit Liggaamlike Opvoeding kan gesondheidsprobleme van veral laer sosio-ekonomiese groepe kinders en jongmense aanspreek (Matsudo, 1999, soos aangehaal deur ICSSPE,1999:122)).
- Kwaliteit Liggaamlike Opvoeding sluit almal van enige geslag, kultuur, ras en vermoë in (Global Vision for Physical Education, soos aangehaal deur ICSSPE,1996, soos aangehaal deur ICSSPE,1999:122).



### 3.6 Kwaliteit Liggaamlike Opvoeding

- By die Wêreldberaad vir Liggaamlike Opvoeding in Berlyn (1999:122-123) het M Talbot, W Brettschneider, D Solomons en B Kidd spesifieke riglyne uitgestippel vir kwaliteit Liggaamlike Opvoeding (soos aangehaal deur ICSSPE,1999:122).
- Behoeftes vir kwaliteit Liggaamlike Opvoeding:
  - Goed opgeleide en gekwalifiseerde Liggaamlike Opvoeding-onderwysers in die laer- en hoërskool
  - Voldoende tydstoekening vir Liggaamlike Opvoeding in die skoolkurrikulum vir alle kinders en jongmense
  - Fasiliteite, apparaat en toerusting vir die aanbied van Liggaamlike Opvoeding
  - Ondersteuning vir onderwysers en skole vir die aanbied van Liggaamlike Opvoeding
  - Ondersteuning vir na-skoolse sport- en dansaktiwiteite
  - Begrip dat Liggaamlike Opvoeding twee komponente insluit, naamlik “Learning to Move” (vaardighede en begrip vir deelname) asook “Move to Learn” (fisieke aktiwiteit as manier van leer).
- Alle kinders en jongmense, ongeag hul vermoëns en ten spyte van hul lewensomstandighede moet almal (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE,1999:123).:
  - fisiek ontwikkel en groei
  - geneig wees om fisiek aktief te wees
  - eers kind wees voordat hulle volwassenes word
  - leer deur beweging as die beste manier van leer
  - geneig wees om beter te reageer op genot en prestasie
- Kenmerke van effektiewe Liggaamlike Opvoeding (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE,1999:123):
  - **Kind-gesentreerd:** Fokus op kinders en jongmense en nie op sport nie, wat ’n aanduiding is dat elke kind en jongmens uniek en spesiaal is en so behandel

moet word. Elke kind en jongmens moet aktiwiteite teen hul eie pas voltooi en individuele verskille moet in ag geneem word.

- **Skep 'n positiewe omgewing:** Die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser is die inspirerende faktor in beplanning en in die skep van 'n positiewe onderwyser-kind-verhouding.
  - **Kennis en vaardighede ontwikkel selfstandigheid en onafhanklikheid:** Ongeag die vlak van bemeestering en die vaardigheidsvlakke, kan alle kinders en jongmense holisties ontwikkel deur eie keuses te kan maak, en waardes en gesindhede te ontwikkel wat selfstandige leer bevorder.
  - **Menseregte:** Geslagsgelykheid en vreedsame naasbestaan is belangrike konsepte wat in Liggaamlike Opvoeding-aanbiedings hanteer kan word.
- 
- Alle kinders en jongmense, seuns en dogters, fisiek sterkes en minder sterkes, sosiaal bevoorregtes en minderbevoorregtes, is deel van die skoolgemeenskap wat 'n uitstekende basis vir sosiale gelykheid en integrasie vorm (Solomons, 1999, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:123)).
  - Alle kinders en jongmense moet blootgestel word aan noodsaaklike kennis van 'n gesonde en veilige lewenstyl. Opvoeding is 'n lewenslange proses en goeie gesondheid en fisieke aktiwiteit kan 'n beter kwaliteit lewe vir kinders en jongmense verseker.
  - Liggaamlike Opvoeding fokus op die verbetering van fisieke fiksheid en motoriese vaardighede, maar dit kan ook kinders en jongmense bemagtig om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul persoonlike fisiek aktiewe lewenstyle en gesondheid (Brettschneider, 1999, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:123)).
  - Ongelukkig word tydstoekenning vir Liggaamlike Opvoeding in talle lande verminder en in sekere lande kom die vak nie eers in die kurrikulum voor nie. Sport moet ook nie met Liggaamlike Opvoeding verwar word nie. Dit is dringend noodsaaklik dat 'n internasionale ooreenkoms en verbintenis bereik word om te verseker dat alle kinders en jongmense Liggaamlike Opvoeding ontvang om hulle te motiveer, ondersteun en te laat oefen met die oog op die ontwikkeling van aktiewe, gesonde lewenstyle (Murray, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999).
  - Om van die wêreld 'n beter plek te maak is dit uiters noodsaaklik dat ons deur middel van Liggaamlike Opvoeding kinders en jongmense se lewens verryk en hul

gesondheid verbeter deur die bevordering van fisieke aktiwiteit en sport. Staatshoofde en regerings moet verantwoordelik gehou word vir hul beloftes in hierdie verband (Kidd, 1999; Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE,1999:123).

### 3.7 Ondersteunende Verklarings

Die volgende bronne en beleidsdokumente kan Ministers en senior amptenare verantwoordelik vir Liggaamlike Opvoeding en sport in skole ondersteun om 'n sterk saak uit te maak vir die aanbied van die vak.

**UNESCO:** "The International Charter of Physical Education and Sport"

'n Basiese reg van alle mense is dat elke individu sy of haar eie fisieke, intellektuele en morele kragte moet kan ondersteun en bevorder en dus die reg van toegang moet hê tot kwaliteit Liggaamlike Opvoeding en sport, en dat die voorsiening daarvan vir alle mense gewaarborg moet word (UNESCO, 1978; Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE,1999:124).

- Artikel 1: Beoefening van Liggaamlike Opvoeding en sport is 'n fundamentele reg vir almal.
- Artikel 2: Liggaamlike Opvoeding en sport is 'n noodsaaklike komponent van lewenslange opvoeding.
- Artikel 3: Liggaamlike Opvoeding en sportprogramme moet voldoen aan persoonlike en sosiale behoeftes.
- Artikel 4: Onderrig, afrigting sowel as die administrasie van Liggaamlike Opvoeding en sport moet voldoen aan persoonlike en sosiale behoeftes.
- Artikel 5: Voldoende fasiliteite en toerusting is noodsaaklik vir Liggaamlike Opvoeding en sport.
- Artikel 6: Evaluering, assessering en navorsing is 'n onlosmaaklike deel van die bevordering van Liggaamlike Opvoeding en sport.
- Artikel 7: Die beskerming van die morele en etiese waardes in Liggaamlike Opvoeding en sport is van uiterste belang vir alle betrokkenes.
- Artikel 8: Inligting en bronne moet gedokumenteer word ter bevordering van Liggaamlike Opvoeding en sport.

Artikel 9: Die massamedia moet ingespan word om 'n positiewe invloed op Liggaamlike Opvoeding en sport uit te oefen.

Artikel 10: Belangrike nasionale instellings speel 'n belangrike rol in Liggaamlike Opvoeding en sport.

Artikel 11: Internasionale sameweking is 'n voorvereiste vir universele en gebalanseerde bevordering van Liggaamlike Opvoeding en sport.

### **“World Forum on Physical Activity and Sport”, Québec 1995:**

Die aanmoediging van kinders en jongmense gedurende adolessensie om aan fisieke aktiwiteite deel te neem, help hulle om gesonde gewoontes aan te leer en risikogedrag soos dwelmgebruik en rook te voorkom. Die verbetering van kinders en jongmense se selfbeeld en die voorkoming van verveeldheid deur deelname aan fisieke aktiwiteit kan baie moontlik klaskamerdeelname en prestasie verbeter (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE,1999:124).

### **“World Health Organization”:**

Die gestelde uitkomst van Liggaamlike Opvoeding in skole is (Doll-Tepper soos aangehaal deur ICSSPE,1999:125):

- Om die grondslag te lê vir 'n lewenslange aktiewe lewenstyl;
- Die bevordering en ontwikkeling van gesondheid en welstand van kinders en jongmense;
- Om genot, pret en sosiale interaksie te bevorder;
- Om toekomstige gesondheidsprobleme te verminder en te voorkom.

Die oorgrote meerderheid skole in talle lande regoor die wêreld sukkel om hierdie gestelde uitkomst te bereik as gevolg van onvoldoende tydstoedeling asook 'n ernstige tekort aan fasiliteite, apparaat en toerusting vir die aanbod van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding (Doll-Tepper soos aangehaal deur ICSSPE,1999:125).

Die rede vir hierdie situasie is omdat die belangrikheid van Liggaamlike Opvoeding vir kinders en jongmense net eenvoudig geïgnoreer word. Beleidsmakers, onderwysers, ander professionele persone, ouers asook ander belangegroepes het onvoldoende of selfs geen kennis van die noodsaaklikheid asook gesondheidsvoordele van Liggaamlike

Opvoeding vir die toekomstige gesondheid en welstand van kinders en jongmense nie (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE,1999:125).

Skole moet:

- Alle kinders en jongmense toelaat om aan 'n gestruktureerde Liggaamlike Opvoeding-kurrikulum deel te neem en verskeie kere per week aan matige tot strawwe fisieke aktiwiteitsessies deel te neem; en
- Buitekurrikulêre fisieke aktiwiteite in die gemeenskap in samewerking met ouers, gemeenskapsleiers, sport en sosiale organisasies aanbied.

Daar moet ook professionele ontwikkelings- en opleidingsgeleenthede aangebied word vir almal wat by Liggaamlike Opvoeding betrokke is en belang het. Die doel daarmee is om hul vermoë in Liggaamlike Opvoeding-programbeplanning, onderrig, motivering, leiding en ontwikkeling van selfvertroue by kinders en jongmense te verbreed (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE,1999:125).

'n "Aktiewe" skool is meer gesond, presteer beter en is 'n baie beter plek om by te werk (WGO, soos aangehaal deur ICSSPE,1999).

**"Global Vision for Physical Education" 1996 (Verklaring deur CAAPHERD & AAHHERD):**

Alle kinders en jongmense in alle grade van alle skole regoor die wêreld het die reg en moet die geleentheid gegun word om volhoubaar aan strawwe fisieke aktiwiteit deel te neem. Skole moet op 'n daaglikse basis kwaliteit Liggaamlike Opvoedings-programme aan kinders en jongmense voorsien.

**"Commonwealth Heads of Government Meeting – Committee on Co-operation Through Sport and Physical Education":**

Liggaamlike Opvoeding behoort (Commonwealth Ministers of Education, soos aangehaal deur ICSSPE,1999):

- 'n verpligte komponent van alle onderwysersopleiding te wees;
- 'n prioriteitsvak vir opleiding te wees;
- 'n verpligte vak in die kurrikulum te wees;

- 'n prioriteit te wees vir finansiële toekennings vir aankoop van toerusting.

**“3<sup>rd</sup> International Olympic Forum for Development” 1998, Malaysia:**

Bevestig en versterk die noodsaaklikheid vir die internasionale ondersteuning en belegging in Liggaamlike Opvoeding en sport as gevolg van die kritieke rol wat sport en fisieke aktiwiteit in ontwikkeling vertolk.

**“All Africa Pre-Games Scientific Congress” September 1999:**

Tydens die vestiging van die “Supreme Council for Sport in Africa” (SCSA), is die volgende aksieplan en verklaring opgestel:

Liggaamlike Opvoeding moet erken word as die basis van die fisieke aktiwiteitsdeelname-kontinuum, en waar fisieke aktiwiteit voorkeur kry is die kans baie positief dat kinders en jongmense sal volhou met fisieke aktiwiteit nadat hulle die skool verlaat het. Liggaamlike Opvoeding word beskou as die belangrikste aspek in die ontwikkeling van sport.

Die kongres het alle regerings en organisasies betrokke by onderwys aangemoedig om die swak situasie rondom Liggaamlike Opvoeding in skole reg te stel en die vak baie prominent en aktief in hul lande te bemark (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:125).

**“3<sup>rd</sup> International Conference for Women and Sport (Association for Arab Women and Sport)” October 1999:**

Die volgende verklaring is aanvaar:

Arabiese meisies se Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit gaan gebuk onder negatiewe gesindhede omdat hierdie meisies voordeel trek uit Liggaamlike Opvoeding op skool. Liggaamlike Opvoeding, fisieke aktiwiteit en sport is hul basiese reg en vorm 'n integrale deel van hul lewens en toekoms. As gevolg van onvoldoende menslike en materiële hulpbronne en kundigheid word hierdie meisies benadeel in Liggaamlike Opvoeding en sport en daarom is die volgende verklaring hier uitgereik:

Verbeter en verhoog die standaarde van Liggaamlike Opvoeding vir Arabiese meisies (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:126).

### **“National Children’s Agenda” Canada, 1999:**

As ’n nasie streef ons daarna om gesonde kinders te hê, emosioneel en fisiek, veilig en geborge, suksesvol in hul onderrig en leer, sosiaal betrokke en verantwoordelik.

## **3.8 Samevatting**

Die wêreldwye ondersoek na die stand en status van Liggaamlike Opvoeding het dit baie duidelik gemaak dat dit ’n groot uitdaging is om die probleem rondom die status en hulpbronne vir die vak op te los. Regerings en Onderwysdepartemente in talle lande van die wêreld sukkel om hul verpligtinge na te kom as gevolg van voortdurend krimpende begrotings en al hoe minder fondse beskikbaar om in al die behoeftes en versoeke te voorsien. Indien Liggaamlike Opvoeding nie volledig en voldoende ingesluit is as deel van die nasionale skoolkurrikulum nie, kan dit verreikende gevolge vir die land en sy bevolking inhou.

Liggaamlike Opvoeding kan bydra tot ’n groot verskeidenheid gesondheids-, sosiale sowel as ekonomiese voordele vir lande en hul mense. Liggaamlike Opvoeding is ’n groot belegging, veral op die terrein van gesondheid. Die Wêreldberaad oor Liggaamlike Opvoeding het ’n ernstige beroep op die MINEPS III-vergadering gedoen om hierdie “Berlin Agenda” en “Action Plan” vir Liggaamlike Opvoeding te aanvaar.

Indien die wêreld saamwerk kan ons ’n reuse verskil maak aan die toekoms van ons kosbaarste besittings, ons kinders. Die kwessie oor Liggaamlike Opvoeding is ’n internasionale probleem en vereis optrede op internasionale, streeks- en nasionale vlak (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:126).

Soos reeds aangedui, is dit vir die navorser van groot belang om die uitkomst en aanbevelings van die Wêreldberaad deeglik in ag te neem in hierdie studie rakende die evaluering van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole. Voldoen die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering in Suid-Afrika aan die Berlynse “Call for Action” soos opgestel by die Wêreldberaad waar Suid-Afrika ook verteenwoordig was? Die “Call for Action” is gerig aan die MINEPS III-vergadering om Liggaamlike Opvoeding as basiese reg van kinders en jongmense te implementeer. Voldoende tydstoedeling, toerusting, fasiliteite, befondsing en goed opgeleide onderwysers vir die aanbied van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding moet voorsien word. Voorts moet erkenning gegee word aan die belangrike rol van Liggaamlike Opvoeding in gesondheidsbevordering en totale ontwikkeling van kinders en jongmense.

Die Verenigde Nasies (VN) het 2005 verklaar tot die jaar vir Liggaamlike Opvoeding en sport (Pühse & Gerber, 2005). Tydens haar openingstoespraak by die Nasionale Skole-Aletiek-Kampioenskapsbyeenkoms te Dal Josafat in 2005, het die toenmalige Minister van Onderwys, Naledi Pandor, aangekondig dat die Nasionale Onderwysdepartement 'n ooreenkoms onderteken het met die Minister van Sport vir die koördinerings- en bestuurs- van skoolsport in alle openbare skole (Pandor, 2005). Die minister het verder aangedui dat sport vir almal is, ook vir gestremdes en meisies, en verder ook dat sport obesiteit onder kinders en jongmense kan voorkom. Voorts het sy verklaar dat dit die regering en Nasionale Departement van Onderwys se verantwoordelikheid is om voldoende fasiliteite, toerusting en goed opgeleide onderwysers te voorsien vir die suksesvolle implementering van skoolsport en Liggaamlike Opvoeding.

Hierdie toespraak van die Minister lyk op die oog af amper soos 'n samevatting van die "Call for Action" van die Wêreldberaad. Het alles gerealiseer in Suid-Afrika?



---

## EMPIRIESE ONDERSOEK EN METODOLOGIE

---

### 4.1 Inleiding

'n Navorsingsontwerp wat uit ses fases bestaan, is gevolg. In Fase 1 is 'n kort bespreking gedoen van beleidsbesluite en wetgewing deur die Suid-Afrikaanse regering en Nasionale Onderwysdepartement sedert 1995, toe Liggaamlike Opvoeding gedeeltelik as deel van die leerarea Lewensoriëntering teruggebring is in skole. Teen 2008 is die nuwe kurrikulum en dus ook Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering volledig teruggebring in alle fases en grade in die skoolkurrikulum.

In Fase 2 is 'n spesifiek gekose groep dosente, van die onderskeie universiteite wat betrokke was by die opleiding van die vakadviseurs in Fase 3, tydens 'n werkswinkel opgelei. Dosente van die Noordwes-Universiteit wat verantwoordelik was vir die koördinerings van die opleidingsprojek, op versoek van die Nasionale Onderwysdepartement, het die opleiding behartig. Die dosente het na afloop van die eendag-werkswinkel 'n vraelys voltooi.

In Fase 3 het 277 Lewensoriëntering-vakadviseurs, in al nege provinsies, opleiding in die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering, op versoek van die Nasionale Onderwysdepartement, ontvang. Die opleiding is behartig deur vyf universiteite en gekoördineer deur Noordwes-Universiteit. Al die vakadviseurs het na afloop van die vyfdag-werkswinkel 'n vraelys voltooi.

In Fase 4 het die Lewensoriëntering-vakadviseurs, na verloop van 'n tweejaar-implementeringstydperk, 'n opvolg-vraelys voltooi oor die opleiding, aanbieding en aanbieding van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering.

Tydens Fase 5 van die navorsing het die groep Lewensoriëntering-onderwysers wat tans in die onderwyspraktik werksaam is en die Gevorderde Onderwysertifikaat-kwalifikasie aan die Noordwes-Universiteit se Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding (SVO), Potchefstroomkampus, deurloop, 'n vraelys voltooi na die voltooiing van hul studies in April 2010.

In Fase 6 is onderhoude en fokusgroep-onderhoude met 'n geselekteerde groep Gevorderde Onderwysertifikaat Lewensoriëntering-Bewegingsonderwys-studente van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus gevoer. Die kwantitatiewe data word dus ondersteun deur kwalitatiewe data verkry uit onderhoude en fokusgroep-onderhoude .

## **4.2 FASE 1: Wetgewing en beleid ten opsigte van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding**

Vir etlike dekades was Liggaamlike Opvoeding 'n integrale deel van die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum. As gevolg van die apartheidsbeleid wat in Suid-Afrika gevolg is, is die vak nie in alle skole aangebied nie. Weens die feit dat Liggaamlike Opvoeding nooit 'n eksamenvak in die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum was nie en nooit formeel geassesseer is nie, is hierdie periodes baie maklik en gereeld vir ander aktiwiteite soos toneelopvoerings, voorbereiding vir ander aktiwiteite soos sport- of kultuurgeleenthede, of selfs bloot vir studieperiodes aangewend. Verskeie pogings is aangewend om assessering in die vak toe te pas, onder andere deur Van der Walt (1980) gedurende die tagtigerjare in die Wes-Transvaal, asook die destydse Kaapse Onderwysdepartement (KOD) in die laat tagtigs, en vroeë negentigerjare se evaluering vir seuns. Die Liggaamlike Opvoeding-onderwysers is so oorlaai met ander take dat hulle nie altyd goed voorberei het vir die Liggaamlike Opvoeding-periodes nie, en die leerders bloot ongestruktureerde speletjies laat speel het tydens die Liggaamlike Opvoeding-periodes. Al hierdie faktore het daartoe bygedra dat die vak Liggaamlike Opvoeding se status en aansien feitlik nul was, en dit was dan ook geen groot verrassing toe die vak in die vroeë negentigerjare in baie skole uit die kurrikulum verdwyn het nie. Heelwat skole het nog voortgegaan om die vak Liggaamlike Opvoeding aan te bied, maar die skrif was letterlik aan die muur vir die vak. Met die radikale veranderinge in die Suid-Afrikaanse politieke landskap het die finale spreekwoordelike doodsklok vir Liggaamlike Opvoeding as skoolvlak gelui na die 1994-verkiesing, toe die nuwe ANC-regering feitlik onmiddellik aan die werk gespring het vir die daarstel van 'n nuwe skoolkurrikulum vir Suid-Afrikaanse onderwys. Hierdie proses word breedvoerig beskryf in 'n artikel "The making of South Africa's National Curriculum Statement" deur Linda Chisholm (Chisholm, 2005).

Volgens Chisholm (2005) was daar 'n geweldige toutrekkery oor hoe hierdie kurrikulum saamgestel moes word. Name, terminologieë, die fokus van die kurrikulum asook watter leerareas ingesluit moes en nog vele ander kwessies was aan die orde van die dag. Kort na die 1994-verkiesing is alle ou sillabusse skoongemaak van rassistiese taal asook kontroversiële en verouderde inhoude. In 1997 loods die nuwe Nasionale

Onderwysdepartement (DoE) die Kurrikulum 2005 (C2005), gebaseer op uitkomsgerigte beginsels – ’n stelsel wat die basis moes vorm vir ’n post-apartheid-skoolkurrikulum in Suid-Afrika. (Chisholm, 2005:193). In 2000 is C2005 volledig hersien en aangepas. Na breë gesprekvoering met alle sektore van die samelewing, word ’n nuwe vaartbelynde weergawe van C2005, bekend as die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (HNKV) in April 2002 as amptelike beleid aanvaar vir implementering vanaf 2004 (Chisholm, 2005:193). Hierdie HNKV bestaan uit agt leerareas wat onder andere Lewensoriëntering insluit, met Liggaamlike Opvoeding as een van die uitkomst (Chisholm, 2005:196). Na heelwat verdere aanpassings word die HNKV aanvaar as die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) en word dit vanaf 2008 regoor die skoolkurrikulum geïmplementeer. Liggaamlike Opvoeding is dus amptelik sedert Januarie 2008 terug in die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum as deel van Lewensoriëntering (DoE, 2008).

Die voorskrif in die NKV is dat Liggaamlike Opvoeding 25% van die totale Lewensoriënteringpunt van 100 moet uitmaak. Wat onderrigtyd betref is die voorskrif dat elke skool minstens twee Lewensoriëntering-periodes per week vir elke graad op die skoolrooster moet aanbied en een van hierdie twee periodes moet ’n Liggaamlike Opvoeding-periode wees (DoE, 2008). Liggaamlike Opvoeding is dus geregtig op 50% van die onderrigtyd wat aan Lewensoriëntering toegestaan word. Die erns wat met Liggaamlike Opvoeding gemaak word, is geensins vreemd nie, aangesien daar groot bekommernis heers by die Verenigde Nasies se Kultuur en Onderwys-Organisasie (UNESCO) oor die stand van fisieke aktiwiteit en Liggaamlike Opvoeding in skole in die wêreld (UNESCO, 1978). Nog ’n belangrike rede vir die erns rakende die aanbied van Liggaamlike Opvoeding is dat dit dié uitkoms van Lewensoriëntering is waar onderwysers die grootste risiko loop van regstappe teen hulle, indien hulle leerders aan praktiese komponente sou blootstel sonder die nodige veiligheidsmaatreëls en ondersteuning, en iemand sou seerkry (Rossouw, 2004). Die vraag bly egter of die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering in alle skole aangebied word, en indien nie, waarom nie? Is dit moontlik omdat die Lewensoriëntering-onderwysers nie voldoende of selfs glad nie opgelei is in Liggaamlike Opvoeding nie, en dus bang is om dit aan te bied en moontlike hofsake op die hals te haal, of is dit moontlik die gebrek aan fasiliteite en apparaat wat hierin ’n rol speel?

Om hierdie moontlike probleme aan te spreek en toe te sien dat Liggaamlike Opvoeding wel op ’n goed georganiseerde manier in skole aangebied word, soos uiteengesit in die Nasionale Kurrikulumdokumente vir Lewensoriëntering (DoE, 2008), het die vakgroep Onderwysbewegingskunde van die Noordwes-Universiteit (NWU) (Potchefstroomkampus) op ’n versoek in 2007 van die Direkteur-Generaal van Onderwys, Duncan Hindle, ’n Liggaamlike Opvoeding-werkswinkel vir 277 Lewensoriëntering-vakadviseurs in al nege

provinsies gekoördineer en beplan, wat in Januarie 2008 aangebied moes word. Nadine Pote, Adjunk-direkteur, Skoolveiligheid, van die Nasionale Departement van Onderwys, sou in samewerking met die NWU die projek koördineer. Daar is besluit om eers die Lewensoriëntering-vakadviseurs op te lei in die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering, voordat die Lewensoriëntering-onderwysers opgelei sou word (Pote, 2008). Die gevoel was dat hierdie vakadviseurs wat die onderwysers moet ondersteun in die aanbidding van hierdie uitkoms, self eers die opleiding moet deurloop sodat hulle beter toegerus is en ook beter begrip kan hê vir die spesifieke uitdagings, probleme en vrese wat die onderwysers mag ervaar. Indien hierdie groep lynbestuurders nie praktiese ervaring en kennis van Liggaamlike Opvoeding het nie, kan die onderwysers geen begrip, hulp en ondersteuning van hul vakadviseurs verwag nie. Die opdrag was dat die NWU drie of vier ander Hoër Onderwysinstellings (HOI's) moes kontrakteer en koördineer om die opleiding in al nege provinsies te fasiliteer.

### **4.3 FASE 2: Opleiding van Fasiliteerders**

Een verteenwoordiger uit die gekose groep dosente van die Universiteit Stellenbosch, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Universiteit van KwaZulu-Natal en die Universiteit van Johannesburg, wat almal die fasilitering van die opleiding van die 277 vakadviseurs in Fase 3 in al nege provinsies moes behartig, is gedurende die eerste week van Januarie 2008 na die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus gebring vir 'n eendag-lange werkswinkel oor die aanbidding, fasilitering en assessering van die werksinkels. Die gedagte was dat hierdie verteenwoordigers elk hul kollega wat betrokke sou wees by die opleiding en fasilitering, gaan inlig en oplei oor die fasilitering en opleiding wat breedvoerig behandel is tydens 'n werkswinkel. Hierdie werkswinkel vir hierdie groep dosente is aangebied deur dosente van die Noordwes-Universiteit, wat verantwoordelik is vir die koördinering van die werksinkels in al nege provinsies. Die dosente van die NWU het vanaf September 2007 toe die kontrak deur die Nasionale Departement van Onderwys aan hulle toegeken is, die studiemateriaal en programme wat nodig was vir die aanbidding en fasilitering van die teoretiese asook praktiese sessies van die werksinkels voorberei en saamgestel. Hierdie studiemateriaal het bestaan uit 'n handleiding, leesbundel, werksprogram vir elke dag, 'n werkboek, *Power Points*, video's, DVD's en klankkassette vir die Opvoedkundige dansaktiwiteite. Aan die einde van November 2007 is die studiemateriaal elektronies aan die ander vier universiteite versend vir kommentaar en terugvoer, voordat die studiemateriaal vir die 277 vakadviseurs asook ongeveer 20 fasiliteerders na die drukpers gestuur is. Tydens hierdie werkswinkel vir die fasiliteerders van die onderskeie universiteite is daar deeglik deur alle studiemateriaal en hulpmiddels

gewerk. Praktiese sessies rakende die opvoedkundige dans, gimnastiek en ook die rekreasie is aangebied. Deeglike aandag is gegee aan die assessering van al die verskillende leeruitkomst van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering. Vraag-en-antwoordsessies is gehou in 'n poging om te verseker dat dieselfde vlak en standaard van opleiding sou plaasvind in die daaropvolgende weke wanneer die werksinkels deur die onderskeie universiteite in die verskillende provinsies aangebied en gefasiliteer moes word. Die fasiliteerders is ook deeglik ingelig oor die assessering en voltooiing van die vraelyste na afloop van die werksinkels. Voorstelle ter verbetering van die fasilitering van die werksinkels is met almal gedeel en bygewerk in 'n poging om te verseker dat die werksinkels so effektief moontlik aangebied sou word.

Die gekose groep dosente het direk ná die aanbied van die werksinkels in die onderskeie provinsies 'n vraelys voltooi oor die opleiding, aanbieding en assessering van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering. Hierdie data is deel van die kwantitatiewe data wat in hierdie studie gebruik is.

#### **4.4 FASE 3: Opleiding van vakadviseurs**

Die Adjunk-Direkteur, Skoolveiligheid van die Nasionale Departement van Onderwys, by name Nadine Pote, het gedurende Oktober 2007 'n omsendbrief na al nege provinsiale onderwysdepartemente gesirkuleer, met die opdrag dat alle Lewensoriëntering-vakadviseurs in alle fases die Liggaamlike Opvoeding-werksinkels aan die einde van Januarie of begin Februarie 2008 in hul onderskeie provinsies moet bywoon. Die provinsiale onderwysdepartemente het die vakadviseurs in elke provinsie genomineer en die name aan die Nasionale Departement van Onderwys deurgestuur vir kontroledoeleindes. Sien die volgende tabel vir die verspreiding per provinsie:

**Tabel 4.1:            Verspreiding van vakadviseurs per provinsie**

VERWYS	PROVINSIE	AANTAL AFGEVAARDIGDES	AANTAL VERTEENWOORDIGERS VAN DIE DOE	AANTAL FASILITEERDERS
1	Oos-Kaap	60	2	1
2	Vrystaat Provinsie	14	2	2
3	Gauteng	37	1	3
4	Limpopo	37	3	3
5	Mpumalanga	25	1	3
6	Noord-Kaap	40	2	2
7	Noordwes-Provinsie	9	3	2
8	Wes-Kaap	22	1	4
9	KwaZulu-Natal	33	2	4
	<b>Totaal</b>	<b>277</b>	<b>17</b>	<b>24</b>

Die provinsiale departemente was verantwoordelik vir die verblyf- en vervoerkostes van hul eie provinsie se vakadviseurs, terwyl die Nasionale Departement van Onderwys verantwoordelik was vir die koste van alle aspekte van die werksinkels, insluitende etes asook tee en koffie. Die 277 vakadviseurs is tydens 'n weeklange werksinkel teoreties en prakties opgelei in die beplanning, aanbieding en assessering van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering van Graad 1 tot Graad 12. Die vakgroep Bewegingskunde van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, het die vier ander Hoër Onderwysinrigtings, naamlik Universiteit Stellenbosch, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Universiteit van KwaZulu-Natal en die Universiteit van Johannesburg, gekoördineer in die aanbied van hierdie werksinkels. Soos vroeër in hierdie hoofstuk beskryf, is hierdie spesifieke universiteite genader op grond van hul strategiese ligging met die doel om al nege provinsies te kan dek met die opleiding, asook die feit dat al die betrokke universiteite óf Sportwetenskap óf Bewegingsonderwys in hul kurrikulum insluit. Die werksinkels in die Wes-Kaap, Oos-Kaap, KwaZulu-Natal, Gauteng, Noord-Wes, Vrystaat en Limpopo is gelyktydig aangebied van Maandag 14 Januarie 2008 tot Vrydag 18 Januarie 2008. Die daaropvolgende week is die werksinkels in die Noord-Kaap en Mpumalanga aangebied van Maandag 21 Januarie 2008 tot Vrydag 25 Januarie 2008. Die werksinkel in Limpopo is vanaf 28 Januarie 2008 tot 1 Februarie 2008 aangebied. Sien die volgende tabel vir volledige besonderhede van wie die onderskeie werksinkels waar en wanneer in elke provinsie aangebied het.

**Tabel 4.2: Tyd en plek vir aanbied van werkswinkels**

Provinsie	Stad/Dorp	Plek	Datum	Kontak-persoon	Kontak-besonderhede
Noordwes-provinsie	Potchefstroom	Bewegingsonderwys Gebou (B6), Potchefstroomkampus Noordwes- Universiteit	14–18 Januarie 2008	Lizl-Louise van Niekerk	Kantoor: 018-299 191 Sel: 082499 0373
Vrystaat	Bloemfontein	Martie du Plessis Skool, Du Plooyingel 91, Fichardtspark	14–18 Januarie 2008	Ernesta Strydom	Skool: 051-522 6501
Noord-Kaap	Kimberley	Elizabeth Conradie Skool	21-25 Januarie 2008	Jan Flemming	Skool: 053-8324354 Sel: 075 1552546
Oos-Kaap	Port Elizabeth	Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit	21-25 Januarie 2008	Me. Shona Ellis	Kantoor: 041-5042497
Wes- Kaap	Stellenbosch	Stellenbosch Universiteit	21-25 Januarie 2008	Janet Baxter	Kantoor: 021-808 4715 021-808 4915
Gauteng	Johannesburg	Universiteit Witwatersrand	21-25 Januarie 2008	Claire Nicolsen	Kantoor: 011-717 3361/2 Sel: 083 2671103
Mpumalanga	Middelburg	Olifants River Lodge	28 Januarie 1 Februarie 2008	Claire Nicolsen	Kantoor: 011-717 3361/2 Sel: 083 2671103
Limpopo	Polokwane	Cycad Gastehuis (c/o Schoeman & Suidstraat, Polokwane)	28 Januarie 1 Februarie 2008	Claire Nicolsen	Kantoor: 011-717 3361/2 Sel: 083 2671103
KwaZulu-Natal	Durban	Universiteit KwaZulu-Natal	21-25 Januarie 2008	Hameed Allie Kazi	Kantoor: 031-2603452 Sel: 084 5806326

Die eerste dag van al die werkswinkels is daar 'n kort inleiding gedoen namens die Nasionale Departement van Onderwys. Na die inleiding en ysbreker-aktiwiteit het sessie 1 van dag 1 gehandel oor die verskillende afdelings van die Liggaamlike Opvoeding-leeruitkoms van Lewensoriëntering. Sessie 2 is gewy aan die teoretiese agtergrond van fisieke aktiwiteit en beweging, wat gesondheid, motoriese vaardigheid en sportvaardighede ingesluit het. Sessie 3 het gegaan oor toerusting en fasiliteite, met 'n baie sterk klem op geïmproviseerde apparaat aangesien skole nie oor apparaat beskik nie en die Onderwysdepartemente nie sommer dadelik apparaat en toerusting wil verskaf nie. Tydens sessie 4 is daar aandag gegee aan die organisasie en administrasie van

Liggaamlike Opvoeding, en in sessie 5 aan veiligheidskwessies in die Liggaamlike Opvoeding-klas.

Gedurende die oggend van dag 2 is alle teoretiese aspekte van Sport en Spele behandel, en gedurende die middagsessie is alles prakties toegepas.

Dag 3 het gefokus op rekreasie-aktiwiteite. Gedurende sessie 1 is die teorie van rekreasie-bewegingsaktiwiteite afgehandel. Sessie 2 se fokus was op Opvoedkundige dansaktiwiteite. In hierdie sessie is kreatiewe dans, sosiale en balsaaldanse asook ritmiese bewegings met handapparaat aangespreek. Die sessie is afgesluit met 'n video oor tradisionele danse. Sessie 3 is gewy aan Opvoedkundige gimnastiek. Basiese vloerbewegings, Artistiese gimnastiek, Maatsvaardighede en piramides asook akrobatiese sport is tydens hierdie sessie behandel. Die laaste gedeelte van sessie 3 op dag 3 is benut vir spanaktiwiteite en oriëntering.

Die onderwerp op dag 4 was Fisieke Fiksheid. Sessie 1 is benut vir die teoretiese aspekte van Fisieke Fiksheid. Gedurende sessie 2 is daar voldoende aandag gegee aan die praktiese komponent van Fisieke Fiksheid. Kardiorespiratoriese spele en aktiwiteite is hanteer, aërobiese aktiwiteite, asook sport-aërobiese aktiwiteite wat touspring en soepelheid insluit, is behandel. Krag as komponent van fiksheid asook spieruithouvermoëspele is ook tydens hierdie praktiese sessie gedoen. In die laaste sessie, Sessie 3 van dag vier, is indringend gekyk na die assessering van prestasie in Fisieke Fiksheidsaktiwiteite. Die assesseringskomponent van prestasie in al die fokusareas van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering was duidelik een van die knelpunte. Verskeie redes kan genoem word vir hierdie knelpunt, maar die onervarenheid van onopgeleide Liggaamlike Opvoeding-personeel is beslis 'n belangrike faktor, aangesien hierdie personeel nie kennis het van hoe en wat geassesseer moet word in die prestasie-assessering van Liggaamlike Opvoeding-aktiwiteite nie.

Die hooffokus van dag 5 was die Beplanning vir die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering. Hierdie is 'n uiters belangrike komponent aangesien 'n volledige Liggaamlike Opvoeding-vakbeplanning binne die raamwerk van die ander uitkomst van Lewensoriëntering gedoen moet word. Die Nasionale Kurrikulumdokumente vir Lewensoriëntering toon aan dat die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms 25% van die toegedeelde 100 punte van Lewensoriëntering moet tel. Hierdie 25% of 25 punte vir Liggaamlike Opvoeding moet so saamgestel word dat 15 punte toegeken word vir deelname en die ander 10 punte vir prestasie en uitvoering van die aktiwiteite (DoE, 2008). Die rasionaal vir hierdie punteverdeling vir die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering is om massa-deelname te probeer bevorder. Die swak beweging of wat



somtyds na verwys word as die lomp kind, kan steeds hierdie Liggaamlike Opvoeding-uitkoms slaag deur net deel te neem aan al die aktiwiteite. Die talentvolle beweger of goeie sportmanne en -vroue kan uitstekend doen in hierdie uitkoms deur deelname asook goeie prestasie en uitvoering tydens die assesserings. Verder kan hierdie talentvolle bewegers die swak bewegers bystaan en ondersteun tydens prestasie- en uitvoering-assesserings.

Sessie 2 op dag 5 is gewy aan die aanbied van 'n Liggaamlike Opvoeding-periode. Klasopstelling, aktiwiteitspeil, dissipline, veiligheidsmaatreëls, verkeersreëls, kleredrag asook ander klasverwante aangeleenthede is tydens hierdie sessie behandel. Die laaste sessie van die werkswinkel op dag 5 is benut om aan alle deelnemers aan die werkswinkel die geleentheid te gee om 'n praktiese les vir hul kollegas aan te bied. Die deelnemers is in groepe ingedeel vir die aanbieding van die les en die lesse is ná die aanbieding geassesseer en bespreek om sterk punte uit te lig asook moontlike verbeterings voor te stel.

Voor die afsluiting van die werksinkels het alle deelnemers 'n vraelys voltooi wat gehandel het oor die werkswinkel asook oor hoe dit die Lewensoriëntering-vakadviseurs bemagtig het om die Lewensoriëntering-onderwysers in hul onderskeie streke te ondersteun in die aanbieding van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering in hul onderskeie skole.

Werksprogram vir die werkswinkel:

'n Volledige werksprogram en dagprogram vir die fasiliteerders van die werkswinkel word ingesluit in Addendum B.

Hierdie werksinkels is aangebied in al nege provinsies. Universiteit Stellenbosch was verantwoordelik vir die aanbied van die werkswinkel in die Wes-Kaap, en die werkswinkel is in Stellenbosch aangebied. Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit was verantwoordelik vir die aanbied van die werkswinkel in Port Elizabeth in die Oos-Kaap. Die Universiteit van KwaZulu-Natal het die werkswinkel in Durban in KwaZulu-Natal aangebied, die Universiteit van Johannesburg was verantwoordelik vir die aanbied van die werksinkels in Johannesburg (Gauteng), Middelburg (Mpumalanga) en Polokwane (Limpopo). Die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) was verantwoordelik vir die aanbied van die werksinkels in Noordwes (Potchefstroom), Vrystaat (Bloemfontein) en Noord-Kaap (Kimberley). Die Nasionale Onderwysdepartement het leerarea-bestuurders uitgestuur na alle werksinkels in al nege provinsies om die fasilitering en opleiding van die vakadviseurs te monitor. Die 277 deelnemers het na afloop van die werksinkels oor die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering van Graad 1 tot Graad 12 'n

vraelys voltooi oor die opleiding, aanbieding en assessering van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering.

## **4.5 FASE 4: Opvolg-vraelys aan vakadviseurs**

Slegs 172 vakadviseurs (kyk verduideliking paragraaf 5.5, hoofstuk 5) het, na 'n tweejaar-implementeringstydperk van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering, 'n opvolg-vraelys voltooi oor die opleiding, aanbieding en assessering van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering.

## **4.6 FASE 5: Opleiding van GOS-onderwysers**

Fase 5: Alle Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS) Bewegingsonderwys-studente van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus (N = 30), is in hierdie fase betrek.

Die GOS-kwalifikasie in Bewegingsonderwys is 'n bestaande geakkrediteerde kursus by die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, se Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding (SVO). Met die onsekerheid oor die posisie van Liggaamlike Opvoeding as skoolvak in die skoolkurrikulum asook die klein getal studente wat vir die kwalifikasie ingeskryf het, is hierdie GOS in Bewegingskunde eers net tydelik nie aangebied nie. Met die volledige herinstelling van Liggaamlike Opvoeding as skoolvak binne die leerarea Lewensoriëntering in 2008, is die GOS in Bewegingsonderwys gedurende 2008/9 weer heropen en het 40 studente vir die kwalifikasie geregistreer.

Die GOS word as deel van die oop afstandsonderrig-model van SVO met die ondersteuning van die "Open Learning Group" (OLG) in Johannesburg aangebied. OLG is verantwoordelik vir die versending en ontvangs van alle korrespondensie, opdragte, eksamen- en studiemateriaal asook registrasie van die studente. SVO se akademiese en administratiewe personeel hanteer die opstel, nasien en verwerking van alle vraestelle, studie- en eksamenbriewe, asook punte. SVO bedryf meer as 30 fasiliteringsentrums in al nege provinsies in Suid-Afrika, waar die studente twee naweke per maand kontaksessies bywoon wat deur volttydse vakdosente en fasiliteerders aangebied word. Die navorser het gedurende Augustus/September 2009 alle GOS Bewegingsonderwysstudente besoek. Die SVO akademiese personeel doen aan die begin van elke semester fasiliteerdersopleiding by al die buite-sentrums. Alle kontaksessies by die sentrums in die Noordwes-provinsie word deur die SVO akademiese personeel self behartig. Kwaliteitsversekering word

konstant toegepas deur gereelde besoeke van die SVO se bestuur en programme-evalueerders aan alle sentrums, asook gereelde eksterne eweknie-programmevaluerings en internasionale oudits.

Hierdie groep deelnemers, die GOS-Bewegingsonderwys-studente, het na voltooiing van hul studies 'n vraelys voltooi oor die opleiding, aanbieding en assessering van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering as skoolvak.

## **4.7 FASE 6: Onderhoude en fokusgroep-onderhoude met onderwysers**

In hierdie fase het die navorser onderhoude en fokusgroep-onderhoude gedoen met 'n geselekteerde groep Gevorderde Onderwysertifikaat Lewensoriëntering-Bewegingsonderwys-studente van die Noordwes Universiteit, Potchefstroomkampus oor die aanbieding, opleiding en assessering in die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering.

## **4.8 Metodologie**

### **4.8.1 Prosedures**

'n Aangepaste vraelys wat gebaseer is op 'n vraelys van Warnich (2008), wat reeds getoets en goedgekeur is vir betroubaarheid en geldigheid, is gebruik (kyk Addendum A). Die vraelys is deur kundiges in Liggaamlike Opvoeding geëvalueer; sekere veranderinge wat voorgestel is, is aangebring. Bo en behalwe die biografiese inligting van die respondente is daar ook vrae gestel oor die opleiding, aanbieding en assessering van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering. Kwantitatiewe data in die vorm van geslote vrae sowel as kwalitatiewe data in die vorm van oop vrae is in die vraelys ingesluit. Die omvattende kwantitatiewe data word aangevul met kwalitatiewe data verkry uit die oop vrae asook semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroep-onderhoude in Fase 6, (kyk Vraelyste, Addendum A).

Die kwalitatiewe data (oop vrae) in al die fases is deur die navorser per item ontleed en saam gegroep met die kwantitatiewe data (geslote vrae) verkry uit die vraelyste (kyk Hoofstuk 5). Die kwalitatiewe data (individuele- sowel as fokusgroeponderhoude in Fase 6, is getranskribeer, ontleed gekategoriseer en saam gegroep met die kwalitatiewe data (oop vrae) asook die kwantitatiewe data (geslote vrae) uit die vraelyste (kyk Hoofstuk 5).

Alle data is beskikbaar by die navorser. Die kwalitatiewe data, (individuele- sowel as fokusgroeponderhoude in Fase 6, opnames sowel as transkripsies), is ingesluit in Addendum A.

## 4.8.2 Statistiese tegnieke

Beskrywende en inferensiële statistiek wat onder andere gemiddeldes, standaardafwykings en frekwensietabelle insluit, is bereken met die “Statistica for Windows” (7.0) rekenaarprogram (Statsoft, 1997). Om 'n vergelyking te kan tref tussen die verskillende groepe in die verskillende fases van die navorsing, is praktiese betekenisvolheid van effek met behulp van effekgroottes (d-waardes) bepaal.

Effekgroottes (d-waardes) vir die Aanvanklike vraelys en die Opvolg-vraelys aan Vakadviseurs asook die Aanvanklike vraelys aan Vakadviseurs en die Vraelys aan GOS Bewegingsonderwys-studente is bereken as  $d = \frac{\bar{x}_{diff}}{s_1}$ , waar  $\bar{x}_{diff}$  die verskil tussen die gemiddeld van die Opvolg-vraelys en die gemiddeld van die Aanvanklike vraelys is, en waar  $s_1$  die standaardafwyking van die Aanvanklike vraelys is.

Effekgroottes (d-waardes) vir die Aanvanklike vraelys aan Vakadviseurs en die Vraelys aan GOS Bewegingsonderwys-studente is bereken as  $d = \frac{\bar{x}_{diff}}{s_1}$ , waar  $\bar{x}_{diff}$  die verskil tussen die gemiddeld van die GOS-vraelys en die gemiddeld van die Aanvanklike vraelys is, en waar  $s_1$  die standaardafwyking van die Aanvanklike vraelys is.

Effekgroottes is deurgaans as volg geïnterpreteer (Ellis & Steyn, 2003:15):

$d \approx 0.2$  = klein praktiese betekenisvolheid

$d \approx 0.5$  = medium praktiese betekenisvolheid

$d \geq 0.8$  = groot praktiese betekenisvolheid

Hierdie waardes word deurgaans toegepas by die interpretasie van die berekening van alle d-waardes (Ellis & Steyn, 2003:51).

Die Statistiese konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, is verantwoordelik vir die statistiese dataverwerking van die vraelyste.

### **4.8.3 Etiese aspekte**

Ingeligte toestemming is by alle betrokke partye vir die navorsing verkry. Die Direkteur-generaal van die Nasionale Onderwysdepartement wat verantwoordelik is vir die bestuur, opleiding en ondersteuning van die Lewensoriëntering-vakadviseurs, asook skole en onderwysers het toestemming gegee vir die projek. Toestemming is ook verkry by die Direkteur van die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus om vraelyste uit te stuur aan alle GOS Bewegingskunde-studente en individuele asook fokusgroep-onderhoude met enkele GOS Lewensoriëntering-studente te doen. Alle deelnemers aan die navorsing het 'n ingeligte toestemmingsbrief ontvang wat anonimiteit, geen skade en veiligheid van deelnemers asook vrywillige deelname bevestig het (kyk Addendum A). 'n Etiekaansoek is by die Etiekkomitee van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, vir goedkeuring ingedien en goedgekeur, Etieknommer; 0002210A2 (kyk Addendum E).

---

## RESULTATE EN BESPREKING

---

### 5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar na die resultate van die ses verskillende fases van hierdie navorsingstudie gekyk. Fase 1 se resultate handel oor die wetgewing en beleid van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole.

Fase 2 ontleed die data verkry uit die vraelyste, wat voltooi is deur die gekose aantal dosente van die Universiteit van Stellenbosch, die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, die Universiteit van KwaZulu-Natal en die Universiteit van Johannesburg, wat verantwoordelik was vir die fasilitering en opleiding van die 277 Lewensoriëntering-vakadviseurs in al nege provinsies in Suid-Afrika. Hierdie vraelyste is voltooi direk na die afhandeling van al die werksinkels. Dosente van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, het die eendag-lange werksinkel in Januarie 2008 in Potchefstroom aangebied. Hierdie dosente was verantwoordelik vir die koördinerende van die werksinkels in al nege provinsies. Die dosente was ook verantwoordelik vir die koördinerende van die weeklange werksinkel gedurende Januarie en Februarie 2008 wat handel het oor die opleiding, aanbieding en assessering van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering. Die resultate van Fase 2 word aangebied as kwantitatiewe beskrywende statistiek. Hierdie kwantitatiewe beskrywende statistiek word op 'n beperkte skaal ondersteun deur geïnterpreteerde en geanaliseerde kwalitatiewe statistiek, wat verkry is uit enkele oop vrae wat in die vraelys ingesluit is.

Resultate van Fase 3 sluit die data in wat verkry is uit die vraelyste wat die 277 Lewensoriëntering-vakadviseurs in al nege provinsies voltooi het. Die vraelyste is direk na afloop van die weeklange werksinkel gedurende Januarie en Februarie 2008 voltooi. Die werksinkels het handel oor die opleiding, aanbieding en assessering van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering. Hierdie data van Fase 3 word aangebied as beskrywende statistiek. Hierdie beskrywende statistiek word ook in 'n beperkte mate ondersteun deur geïnterpreteerde en geanaliseerde kwalitatiewe statistiek verkry uit 'n paar oop vrae wat in die vraelys ingesluit is.

Fase 4 is 'n interpretasie van die data wat verkry is uit die opvolg-vraelyste wat die 277 Lewensoriëntering-vakadviseurs voltooi het. Die vraelyste is in Mei 2010 voltooi, na 'n tweejaar-implementeringstydperk van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering. Hierdie beskrywende statistiek word ook kwalitatief ondersteun met enkele oop vrae wat in die vraelys ingesluit is. Inferensiële statistiek naamlik d-waardes sal gebruik word om die praktiese betekenisvolheid te bepaal tussen die resultate van fases 3 en 4.

Fase 5 interpreteer die data wat ingesamel is met die vraelyste wat voltooi is deur die Gevorderde Onderwysertifikaat Bewegingsonderwys-studente van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Hierdie groep GOS Bewegingsonderwys-studente het die vraelyste voltooi na die voltooiing van hul studietydperk in Mei 2010. Die data in hierdie fase word aangebied as beskrywende statistiek, ondersteun deur beperkte geïnterpreteerde en geanaliseerde kwalitatiewe statistiek verkry uit die oop vrae in die vraelys. D-waardes sal gebruik word om die praktiese betekenisvolheid te bepaal tussen die resultate van fases 3 en 5.

Die resultate van Fase 6 is 'n ontleding van die data wat ingesamel is tydens die individuele en fokusgroep-onderhoude wat gedurende Mei 2010 gevoer is met 'n geselekteerde groep Lewensoriëntering-onderwysers in die Noordwes-provinsie oor die aanbieding, opleiding en assessering in die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering. Hierdie data is kwalitatief tematies gekategoriseer, geanaliseer, geïnterpreteer en ontleed ter ondersteuning van die kwantitatiewe data verkry uit die vraelyste in Fases 2, 3, 4 en 5 soos hierbo beskryf. Die resultate in Fase 6 word dus as geïnterpreteerde en geanaliseerde kwalitatiewe statistiek aangebied ter ondersteuning en versterking van die kwantitatiewe statistiek in die ander fases.

- Alle berekeninge van gemiddeldes ( $\bar{x}$ ), standaardafwykings ( $S$ ) en d-waardes is bereken met die *Statistica for Windows (7.0)*-rekenaarprogram (Statsoft, 1997). Alle berekeninge en statistiek is gedoen in samewerking met die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus), te Potchefstroom, Suid-Afrika.

## **5.2 Resultate van Fase 1: Wetgewing en beleid ten opsigte van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole**

Na die ontleding van beleidsdokumente en wetgewing soos breedvoerig beskryf in Fase 1 van Hoofstuk 4 van hierdie studie, kan Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole in twee duidelike tydperke gekategoriseer word: die voor 1994-tydperk en die na 1994-tydperk.

Voor 1994 was Liggaamlike Opvoeding 'n verpligte, nie-geëksamineerde skoolvak in alle skole in Suid-Afrika. Die politieke omstandighede van daardie tyd het 'n groot rol gespeel in die aanbied van die vak. Die tradisionele Blanke skole het voorkeur gekry ten opsigte van personeelvoorsiening, apparaat en fasiliteite, wat 'n belangrike faktor was waarom Liggaamlike Opvoeding wel in al hierdie skole aangebied is (Van der Merwe, 1999). Die opleiding van Blanke Liggaamlike Opvoeding-onderwysers was ook 'n prioriteit wat die vak verder bevoordeel het. Volgens Van der Merwe (1999) is Liggaamlike Opvoeding in baie min Swart skole en slegs in enkele Kleurlingskole aangebied, omdat hierdie skole baie swak of selfs geen opgeleide Liggaamlike Opvoeding-onderwysers gehad het nie, oor swak of selfs geen apparaat of fasiliteite beskik het om die vak aan te bied nie, en daar 'n politieke weerstand teen die apartheidsonderwysstelsel geheers het.

Soos volledig in die literatuurhoofstuk beskryf, asook persoonlik ondervind deur die navorser ten opsigte van die aanbied van Liggaamlike Opvoeding, is die vak – alhoewel verpligtend – erg afgeskeep en verwaarloos in Blanke onderwys. Aangesien Liggaamlike Opvoeding in die voor 1994-tydperk 'n verpligte nie-eksamenvak was, is die Liggaamlike Opvoeding-periodes misbruik vir die organisering en/of voorbereiding van sport- en kultuurbyeenkomste, die regpak van eksamenlokale en allerhande ander take wat gedurende die skooldag geakkommodeer moes word. Liggaamlike Opvoeding het dus 'n laer status as die ander belangrike eksamenvakke soos byvoorbeeld Wiskunde en Wetenskap gehad, wat 'n besliste negatiewe invloed op die aanbied van die vak gehad het.

In 1994, kort na die eerste ten volle demokratiese verkiesing in Suid-Afrika, het Liggaamlike Opvoeding as afsonderlike vak uit die skoolkurrikulum verdwyn (Van Deventer, 2004). Enkele van die ou model C-skole wat dit finansieel kon bekostig, het Liggaamlike Opvoeding as afsonderlike nie-eksamineerde skoolvak soos voor 1994 aangebied. In die jare direk na 1994 is daar met alle belanghebbendes by die onderwys gesprek gevoer in die saamstel van 'n nuwe post-apartheid-kurrikulum. In 1997 word die



uitkomsgebaseerde Kurrikulum 2005 (C2005) ingestel (Chisholm, 2005:193). C2005 is in 2000 volledig hersien en aangepas, en bestaan uit agt Leerareas wat die Leerarea Lewensoriëntering insluit met onder andere een spesifieke leeruitkoms vir Liggaamlike Opvoeding. Hierdie hersiene C2005 het nou bekend gestaan as die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (HKNV), en is in fases geïmplementeer vanaf April 2002 (Chisholm, 2005:196). Na verdere aanpassings aan die HKNV word dit aanvaar as die amptelike Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), en is op 1 Januarie 2008 finaal geïmplementeer vanaf Graad R tot Graad 12 (DoE, 2008).

Die resultaat is dat Liggaamlike Opvoeding vanaf Graad R tot Graad 12 weer amptelik deel is van die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum. Volgens die NKV vorm Liggaamlike Opvoeding in die Grondslagfase deel van Lewensvaardighede en staan dit bekend as Beweging en Ontwikkeling. Die NKV skryf voor dat 1 uur per week hieraan afgestaan moet word (DoE, 2008). In die Intermediêre en Senior fases is Liggaamlike Opvoeding die Beweging en Ontwikkeling-uitkoms van Lewensoriëntering. Die NKV skryf voor dat elke graad in alle skole minstens twee Lewensoriëntering-periodes per week moet aanbied, waarvan een periode (50% van die toegekende tyd) 'n Liggaamlike Opvoeding-periode moet wees. In die Verdere Opleiding en Ontwikkelingsfase (VOO) word hierdie spesifieke uitkoms van Lewensoriëntering weer Liggaamlike Opvoeding genoem en word 50% van die toegekende tyd vir Lewensoriëntering aan hierdie uitkoms toegewys (DoE, 2008). Slegs 25 van die 100 punte van Lewensoriëntering (25%) word in die Intermediêre en Senior asook die VOO-fases aan die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering toegeken.

Gedurende die tweede gedeelte van 2009 het die nuwe Minister van Basiese Onderwys, Angela Motshekga, 'n finale kurrikulum-wysigingsdokument bekend gestel wat die aantal leerareas in die Intermediêre fase van agt na ses verminder om 'n meer geleidelike oorgang vanaf die Grondslagfase na die Intermediêre fase te verseker. In hierdie finale dokument van Oktober 2009 word aangetoon dat Lewensvaardighede in die Grondslagfase nou Algemene Studies genoem word, en die Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging-uitkoms van Lewensvaardighede nou die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Algemene Studies is. Die tydstoedeling vir Liggaamlike Opvoeding is ook vermeerder vanaf 1 uur per week na 2 ure per week (DoE, 2009).

In die Intermediêre fase word Lewensoriëntering nou ook Algemene Studies genoem en die Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging-uitkoms word nou ook Liggaamlike Opvoeding genoem. Die tydstoedeling vir Liggaamlike Opvoeding in hierdie fase is ook vermeerder vanaf 1 uur per week na 2 ure per week. In die Verdere Onderrig en Opleidingsfase (VOO)

word dit nog steeds Liggaamlike Opvoeding genoem en is die tydstoedeling 2 uur per week (DoE, 2009).

Die resultate van Fase 1 rakende die wetgewing en beleid oor die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole is dat die vak vanaf 1 Januarie 2008 amptelik en wetlik verpligtend terug is in die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum, vanaf Graad R tot Graad 12 onderskeidelik as 'n uitkoms van Algemene Studies en Lewensoriëntering (DoE, 2008; DoE, 2009).

Die bespreking en interpretering van die resultate in die volgende fases is 'n proses om vas te stel of hierdie wetlik verpligte beleid ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding sedert 1 Januarie 2008 tans wel in Suid-Afrikaanse skole geïmplementeer word.

### **5.3 Resultate van Fase 2: Dosente verantwoordelik vir die fasilitering van die opleiding van die 277 vakadviseurs**

Die gekose groep dosente ( $n = 11$ ) van die onderskeie universiteite (Universiteit Stellenbosch, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Universiteit van KwaZulu-Natal, Universiteit Johannesburg) se beskrywende statistiek word aangetoon in Tabela 5.1 – 5.20. Die dosente van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, wat verantwoordelik was vir die koördinerings van die opleiding van die Lewensoriëntering-vakadviseurs in die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms in al nege provinsies, se data is ook hierby ingesluit. Elke universiteit het twee dosente gebruik om die werksinkels aan te bied in die onderskeie provinsies. Die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus en Universiteit Johannesburg het afsonderlik twee addisionele dosente gebruik om die werksinkels in die Vrystaat en Noord-Kaap asook in Limpopo en Mpumalanga onderskeidelik aan die einde van Januarie 2008 en begin Februarie 2008 aan te bied (kyk Addendum B vir Werksinkelskediule). Die totale aantal dosente betrokke by die aanbied van die werksinkels was 14 ( $n = 14$ ), waarvan 11 vraelyste terug ontvang is ( $n = 11$ ). Dit verteenwoordig 'n terugvoer-persentasie van 78,6%. Indien dit vergelyk word met pos-vraelyste, is dit volgens Maree en Pietersen (2007:157) en Williams (2003:94), 'n baie goeie terugvoer-persentasie, aangesien hierdie vraelyste ook as 'n eenheid tesame met die vraelyste van die deelnemers aan die onderskeie werksinkels van die verskeie betrokke universiteite terug-versend moes word.

Die data wat bespreek word, is verkry deur vraelyste wat voltooi is na die opleiding gedurende Januarie 2008 en ook die fasilitering gedurende Januarie 2008 en Februarie 2008 deur die verskillende dosente verantwoordelik vir die aanbied van Liggaamlike Opvoeding (Bewegingsonderwys) aan hul betrokke universiteite. Deelnemers se antwoorde word as 'n getal en persentasie aangedui; waar deelnemers onseker geantwoord het, word net 'n getal sonder 'n persentasie aangedui.

**Tabel 5.1: Geslag van dosente (n = 11)**

Geslag	Aantal	Persentasie
Manlik	4	36.36
Vroulik	7	63.64

Uit Tabel 5.1 blyk dit dat die meerderheid dosente (63.64%), wat by die studie betrokke is, vroulik is. Dit is 'n tendens wat redelik algemeen in die onderwysberoep voorkom: daar is oorwegend meer vroue as mans betrokke in die onderwys. Hierdie tendens kan 'n invloed hê op die aanbieding van Liggaamlike Opvoeding, veral met die hantering van gemengde mans-en-dames-klasse, aangesien manstudente soms meer dominerend en dissipleloos optree teenoor damespersoneel (Pote, 2008). Gemengde klasse met mans- en damestudente is die norm vir alle klasse, maar tydens die aanbieding van praktiese modules soos Liggaamlike Opvoeding, bring hierdie verskynsel sy eiesoortige probleme. Mans en dames kan nie dieselfde kleedkamergeriewe deel nie, en verskillende aktiwiteite soos byvoorbeeld fisieke fiksheid, sport en spele word op verskillende intensiteitsvlakke asook moeilikheidsgrade aangebied. Dosente moet deeglik op hoogte van sake wees om hierdie gemengde groepe tot voordeel van die opleiding te gebruik sodat toekomstige Liggaamlike Opvoeding-onderwysers hierdie situasie met gemak in die skoolsituasie kan hanteer.

**Tabel 5.2: Ouderdomverspreiding van dosente (n = 11)**

Ouderdom (Jare)	Aantal	Persentasie
Onder 30	1	9.10
30 - 40	2	18.18
40 - 50	5	45.45
Bo 50	3	27.27

Tabel 5.2 toon aan dat 72.72% van die dosente ouer as 40 jaar is. Kenmerkend is dat dit dus verteenwoordigend is van 'n ouer groep dosente wat deel was van 'n tydperk toe Liggaamlike Opvoeding uit 'n vorige bedeling 'n verpligte skoolvak was. Jonger dosente met kennis van die tydperk toe Liggaamlike Opvoeding 'n verpligte skoolvak was, en wat tans die vak aan universiteite kan doseer, is dus relatief min.

**Tabel 5.3: Geografiese verspreiding van dosente (n = 11)**

Omgewing	Aantal	Persentasie
Stedelik	7	87.50
Platteland	1	12.50
Onseker	3	

Die meerderheid (87.50%) dosente betrokke in die studie is verbonde aan stedelike universiteite. Dit is so dat landelike universiteite, hoofsaaklik voorheen benadeelde universiteite, tans nie die vak aanbied nie. Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, is die enigste plattelandse universiteit wat Liggaamlike Opvoeding aanbied.

**Tabel 5.4: Onderrig-ervaring van dosente in Ligg Opv (n = 11)**

Onderrig-ervaring van dosente in Ligg Opv	Aantal	Persentasie
1 – 5 jaar	3	27.28
6 – 10 jaar	3	27.27
11 – 15 jaar	0	0.0
16 – 20 jaar	0	0.0
21 jaar plus	5	45.45

Tabel 5.4 se data korreleer in 'n groot mate met Tabel 5.2 se data. 45.45% van die dosente het meer as 21 jaar onderrig-ervaring in Liggaamlike Opvoeding. Soos by Tabel 5.2 aangedui, is dit dus 'n ouer groep dosente met ervaring en kennis van Liggaamlike Opvoeding as 'n verpligte skoolvak, maar wat terselfdertyd nie formeel geassesseer is nie. Daar is 'n duidelike gaping en tekort aan dosente met onderrig-ervaring van 11 tot 20 jaar.

**Tabel 5.5: Hoogste akademiese kwalifikasie van dosente in Ligg Opv (n = 11)**

Hoogste akademiese kwalifikasie in Liggaamlike Opvoeding	Aantal	Persentasie
Ligg Opv III	2	18.19
Ligg Opv Hons	5	45.45
M-graad in Ligg Opv	3	27.27
PhD in Ligg Opv	1	9.09

Uit Tabel 5.5 blyk dit dat die meerderheid dosente (45.45%) oor 'n Honneurs-kwalifikasie in Liggaamlike Opvoedkunde beskik. 'n Positiewe tendens is dat (36.36%) van die dosente betrokke by die studie, oor gevorderde grade (M en PhD) beskik – wat heel moontlik bevorderlik kan wees vir volhoubare navorsing in die wetenskaplike veld van Liggaamlike Opvoedkunde en verwante aspekte soos sport en gesondheid. Navorsing is 'n belangrike aspek om te verseker dat 'n spesifieke dissipline, in hierdie geval Liggaamlike Opvoeding, op die voorpunt bly wat ontwikkeling en vooruitgang aanbetref. Met die professionalisering en revolusionêre ontwikkeling wat in wêreldsport plaasgevind het, asook gesondheidsrisiko's soos obesiteit, is dit noodsaaklik dat navorsing in Liggaamlike Opvoeding 'n hoë prioriteit sal geniet en ook volhoubaar sal wees.

**Tabel 5.6: Aantal leerders in Ligg Opv-klasse in streek (n = 11)**

Aantal leerders in Liggaamlike Opvoeding-klasse in streek	Aantal	Persentasie
0 – 15	1	16.66
16 – 30	1	16.67
31– 45	1	16.67
46+	3	50.00
Onseker	5	

Tabel 5.6 toon aan dat 50.00% van die dosente wat met sekerheid op die vraag kon reageer, aangedui het dat daar meer as 46 leerders per Liggaamlike Opvoeding-klas in skole in hul streek is. 5 uit 11 van die dosente was onseker oor die aantal leerders per Liggaamlike Opvoeding-klas in hul streek. Die getal leerders per Liggaamlike Opvoeding-

klas is 'n belangrike aspek, aangesien dit 'n groot rol speel in aspekte soos klasopstelling, veiligheidsmaatreëls asook voldoende ruimte en apparaat vir gebruik tydens klasse. Hierdie vraag sal in die volgende fases weer indringend bespreek word omdat dit baie belangrik is vir 'n Liggaamlike Opvoeding-onderwyser om met gemak groot groepe soos hierdie te moet kan hanteer.

Die data wat hierna bespreek word in Tabela 5.7 tot 20 handel oor hoe belangrik en noodsaaklik die dosente die verskillende opleidingsessies van die werkwinkel, wat gedurende Januarie 2008 en Februarie 2008 aangebied is, beoordeel as deel van die opleiding in Liggaamlike Opvoeding binne Lewensoriëntering. Van die opleidingsessies van die werkwinkel, bv. Sport en Spele, Opvoedkundige Gimnastiek en Dans asook Assessering, was spesifiek gerig op spesifieke komponente van die DoE-vasgestelde kurrikulum met Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering. Hierdie dosente het dus die belangrikheid en noodsaaklikheid van die spesifieke sessies van die werkwinkel ten opsigte van die vasgestelde Liggaamlike Opvoeding-kurrikulum beoordeel.

**Tabel 5.7: Oorsig oor verskillende bewegings-fases binne Ligg Opv (n = 11)**

Oorsig oor verskillende bewegingsfases binne Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	0.0
Relevant	0	0.0
Belangrik	2	22.22
Uiters belangrik	7	77.78
Onseker	2	

Volgens Tabel 5.7 beskou die meerderheid dosente (77.78%) 'n oorsig oor die verskillende bewegingsfases (die Grondslagfase, en die Intermediêre en Senior fases, asook die Verdere Onderwys en Opleidingsfase) binne Liggaamlike Opvoeding as noodsaaklik vir opleiding in die vak. Dit is noodsaaklik dat onderwysers van alle fases oorsigtelike kennis dra van die bewegingsafdelings binne die ander fases om te verseker dat leerders reg voorberei word vir opeenvolgende fases, of remediëring kan plaasvind waar tekortkominge voorkom.

**Tabel 5.8: Teoretiese agtergrond oor Ligg Opv (n = 11)**

<b>Teoretiese agtergrond oor Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	<b>0.0</b>
<b>Relevant</b>	<b>0</b>	<b>0.0</b>
<b>Belangrik</b>	<b>1</b>	<b>12.50</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>8</b>	<b>87.50</b>
<b>Onseker</b>	<b>3</b>	

Tabel 5.8 toon aan dat 87.50% van die dosente teoretiese agtergrond in die vak tydens opleiding as uiters belangrik beskou. Teoretiese agtergrond van Liggaamlike Opvoeding sluit onder andere in die gesondheidsvoordele van gereelde fisieke aktiwiteit asook die effek van fisieke aktiwiteit en fiksheid op kinders en jongmense. Verder sluit dit temas in soos byvoorbeeld onaktiwiteit veroorsaak vinnige verlies van fiksheid, hoeveel oefening is nodig vir die verbetering van fiksheid en gesondheid, motoriese en sportvaardighede, asook die bydrae van Liggaamlike Opvoeding tot fiksheid en gesondheid. Liggaamlike Opvoeding-onderwysers kan nie die vak sinvol aanbied tensy hulle oor hierdie teoretiese agtergrond beskik nie.

**Tabel 5.9: Apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv (n = 11)**

<b>Apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	<b>0.0</b>
<b>Relevant</b>	<b>0</b>	<b>0.0</b>
<b>Belangrik</b>	<b>5</b>	<b>55.56</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>4</b>	<b>44.44</b>
<b>Onseker</b>	<b>2</b>	

Opvallend in Tabel 5.9 is dat die meerderheid dosente (55.56%) apparaat en fasiliteite as belangrik aandui, maar nie as uiters belangrik nie, vir opleiding in Liggaamlike Opvoeding. 'n Moontlike verklaring kan wees dat die dosente se onderskeie instansies wel oor baie

goeie apparaat en fasiliteite beskik en daar dus nie geïmproviseer hoef te word ten opsigte van hierdie twee aspekte nie.

**Tabel 5.10: Organisasie en Administrasie van Ligg Opv (n = 11)**

<b>Organisasie en Administrasie van Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>0</b>	
<b>Belangrik</b>	<b>0</b>	
<b>Uiters belangrik</b>	<b>9</b>	<b>100.00</b>
<b>Onseker</b>	<b>2</b>	

Uit Tabel 5.10 blyk dit dat 100.00% van die dosente wat die vraag beantwoord het, organisasie en administrasie van Liggaamlike Opvoeding as uiters belangrik beskou as deel van opleiding in die vak. Slegs 2 uit 11 dosente was onseker oor hierdie aspek. Hierdie onsekerheid spruit heel waarskynlik uit 'n gebrek aan ondervinding oor wat organisasie en administrasie van Liggaamlike Opvoeding behels. Organisasie en administrasie van Liggaamlike Opvoeding sluit onder andere klaskamerpraktyk in, byvoorbeeld die direkte of indirekte aanbiedingsmetodes, klasorganisasie aan die begin en gedurende die Liggaamlike Opvoeding-les, aktiwiteitspeil van leerders, groepwerk, differensiasie, dissipline asook inkom en verlaat van die Liggaamlike Opvoeding-klas. Ander administratiewe take sluit onder andere in vrystelling van deelname, mediese sertifikate, voorraadbeheer asook onderhoud van apparate en toerusting. Bogenoemde aspekte is beslis ook deel van die nie-Liggaamlike Opvoeding-onderwyser se pligte, maar vir die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser is dit uiters belangrike pligte omdat mens met kinders en jongmense tydens fisieke aktiwiteit gemoeid is.



**Tabel 5.11: Veiligheidsaspekte binne Ligg Opv (n = 11)**

<b>Veiligheidsaspekte Ligg Opv</b>	<b>binne</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>		<b>0</b>	
<b>Relevant</b>		<b>0</b>	
<b>Belangrik</b>		<b>0</b>	
<b>Uiters belangrik</b>		<b>9</b>	<b>100.00</b>
<b>Onseker</b>		<b>2</b>	

Tabel 5.11 wat handel oor veiligheidsaspekte binne Liggaamlike Opvoeding is 'n spieëlbeeld-korrelasie van Tabel 5.10. Die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser moet deeglik bewus wees van leerders met mediese probleme, leerders met fisieke hindernisse tot leer, vrywaringsvorms asook prosedures tydens ongelukke en beserings binne die Liggaamlike Opvoeding-klas.

Alle gekwalifiseerde Liggaamlike Opvoeding-onderwysers behoort te beskik oor 'n geldige, geakkrediteerde Noodhulpertifikaat. Ander veiligheidsaspekte sluit in korrekte en veilige hantering van apparaat en toerusting, klasopstelling met die oog op veiligheid, en hulpverlening tydens aktiwiteite. In die Liggaamlike Opvoeding-klas hardloop kinders en jongmense rond, neem deel aan spring-, skop-, gooi- en slaan-aktiwiteite. Die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser moet dus deeglik bewus wees en opgelei wees ten opsigte van veiligheidsaspekte. Indien die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser agterlosig is ten opsigte hiervan, kan dit tot hofsake lei indien leerders beserings opdoen as gevolg hiervan.

**Tabel 5.12: Teorie van sport en spele binne Ligg Opv (n = 11)**

<b>Teorie van sport en spele binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>0</b>	
<b>Belangrik</b>	<b>7</b>	<b>87.50</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>1</b>	<b>12.50</b>
<b>Onseker</b>	<b>3</b>	

Die meerderheid dosente (87.50%) beskou die opleiding in die teorie van sport en spele binne Liggaamlike Opvoeding as belangrik, maar nie uiters belangrik nie. Aspekte soos ontwikkelingsvlakke van leerders, sosialisering, gedragpatrone, reëls en regulasies, samestelling van 'n sport-en-spele-les is baie belangrike teoretiese aspekte wat eers bemeester moet word, voordat sport en spele prakties aangebied kan word.

**Tabel 5.13: Praktiese opleiding in sport en spele binne Ligg Opv (n = 11)**

<b>Praktiese opleiding in sport en spele binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>1</b>	<b>14.28</b>
<b>Belangrik</b>	<b>1</b>	<b>14.29</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>5</b>	<b>71.43</b>
<b>Onseker</b>	<b>4</b>	

Die meerderheid dosente (71.43%) volgens Tabel 5.13 beskou praktiese opleiding in sport en spele as uiters belangrik vir opleiding in die vak. In vergelyking met Tabel 5.12 kan die afleiding gemaak word dat die meerderheid dosente die praktiese opleiding in sport en spele binne Liggaamlike Opvoeding belangriker ag as die teoretiese agtergrond in sport en spele. 'n Waarskynlike verklaring kan wees dat die teoretiese aspekte baie makliker self bemeester kan word as die praktiese aanbieding daarvan. Aangesien dit sport en spele binne Liggaamlike Opvoeding is, is dit moontlik dat daar 'n gevoel kan wees dat sosialisering, gedragpatrone en reëls en regulasies nie so baie belangrik in sport en spele is soos tydens kompeterende sport en spele nie. Die dosente voel ook heel waarskynlik dat die praktiese implementering van veiligheidsaspekte tydens sport en spele belangriker is, as bloot die teoretiese kennis daarvan.

**Tabel 5.14: Teorie van rekreasie-aktiwiteite binne Ligg Opv (n = 11)**

<b>Teorie van rekreasie-aktiwiteite binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>0</b>	
<b>Belangrik</b>	<b>3</b>	<b>33.33</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>6</b>	<b>66.67</b>
<b>Onseker</b>	<b>2</b>	

Tabel 5.14 toon aan dat 100.00% van die dosente wat die vraag beantwoord het, die teorie van rekreasie-aktiwiteite as 'n belangrike komponent tydens die opleiding in Liggaamlike Opvoeding beskou. Dubbeld soveel, 66.67% sien die komponent as uiters belangrik. In teenstelling met sport en spele, is rekreasie-aktiwiteite 'n relatief nuwe toevoeging tot Liggaamlike Opvoeding. Die afleiding kan dus gemaak word dat die dosente sterk aanbeveel dat die teorie van rekreasie-aktiwiteite goed bemeester moet word om dit effektief in die praktyk te kan toepas, in vergelyking met sport en spele waar die meerderheid leerders en onderwysers alreeds uit hul normale buitemuurse aktiwiteite 'n goeie teoretiese agtergrondkennis bekom.

**Tabel 5.15: Opvoedkundige dans binne Ligg Opv (n = 11)**

<b>Opvoedkundige dans binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>0</b>	
<b>Belangrik</b>	<b>6</b>	<b>66.67</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>3</b>	<b>33.33</b>
<b>Onseker</b>	<b>2</b>	

Slegs 33.33% van die dosente toon aan in Tabel 5.15, dat Opvoedkundige dans uiters belangrik is vir opleiding in Liggaamlike Opvoeding. Dit is 'n interessante resultaat, aangesien die meerderheid deelnemers aan die studie vroue is. 'n Moontlike verklaring vir hierdie reaksie van die dosente kan gekoppel word aan Tabel 5.2, waar dit duidelik geblyk

het hierdie 'n ouer groep dosente is wat deel was van 'n vorige bedeling van Liggaamlike Opvoeding. In hierdie vorige bedeling van Liggaamlike Opvoeding was Opvoedkundige dans net deel van die kurrikulum vir dogters.

In die nuwe kurrikulum word die seuns nou ook by Opvoedkundige dans ingesluit, en dit nog boonop in gemengde seuns-en-dogters-klasse, wat heel moontlik aanleiding kan gee tot 'n tipe antagonisme teenoor Opvoedkundige dans as deel van Liggaamlike Opvoeding. Gesprekke met kollegas wat wel die Opvoedkundige dans-komponent vir gemengde groepe mans- en dames-onderwysstudente aanbied, dui daarop dat na 'n aanvanklike negatiewe teruggetrokkenheid van veral die manstudente, hierdie mans wel later met groot sukses aan hierdie klasse deelneem, en dit geniet om deel te neem aan die dansaktiwiteite. Na aanleiding hiervan kan redelik algemeen aanvaar word dat dieselfde moontlik bereik kan word in Opvoedkundige dansklasse as deel van Liggaamlike Opvoeding op skool.

**Tabel 5.16: Opvoedkundige gimnastiek binne Ligg Opv (n = 11)**

Opvoedkundige gimnastiek binne Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	0	
Belangrik	3	33.33
Uiters belangrik	6	66.67
Onseker	2	

Tabel 5.16 toon aan dat die meerderheid dosente (66.67%) voel dat Opvoedkundige gimnastiek uiters belangrik is vir die opleiding in Liggaamlike Opvoeding. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan wees dat die grootste aantal dosente uit die ou bedeling van Liggaamlike Opvoeding kom, waar gimnastiek 'n prominente rol binne die sillabus gespeel het. Uit persoonlike ervaring van die navorser as Liggaamlike Opvoeding-onderwyser is dit nogal ietwat ironies dat hierdie streng, formele apparaat-gimnastiek tydens die vorige bedeling van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole groot weerstand veroorsaak het, en die gebrek aan apparaat en ervaring op hierdie terrein heel moontlik 'n bydraende faktor was dat die ou tradisionele Liggaamlike Opvoeding uit Suid-Afrikaanse skole verdwyn het.

**Tabel 5.17: Fisieke fiksheid binne Ligg Opv (n = 11)**

<b>Fisieke fiksheid binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>0</b>	
<b>Belangrik</b>	<b>1</b>	<b>12.50</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>7</b>	<b>87.50</b>
<b>Onseker</b>	<b>3</b>	

Uit Tabel 5.17 blyk dit duidelik (87.50%), dat fisieke fiksheid 'n uiters belangrike komponent binne die opleiding van Liggaamlike Opvoeding moet wees, volgens die dosente. Die vraag wat nou gevra kan word, is of dit moontlik sportverwant of gesondheidsverwant van aard is? Met die aanbreek van die professionele era in omtrent alle sportsoorte wêreldwyd, die klem op prestasie asook die internasionale wekroep vir oefening met die oog op gesondheid, speel albei hierdie aspekte heel waarskynlik 'n belangrike rol in die standpunt van die dosente ten opsigte van die belangrikheid van die opleiding in fisieke fiksheid as deel van Liggaamlike Opvoeding.

**Tabel 5.18: Assessering binne Ligg Opv (n = 11)**

<b>Assessering binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>0</b>	
<b>Belangrik</b>	<b>1</b>	<b>11.11</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>8</b>	<b>88.89</b>
<b>Onseker</b>	<b>2</b>	

Die oorgrote meerderheid dosente (88.89%) volgens Tabel 5.18, beskou assessering as 'n uiters belangrike afdeling in die opleiding van Liggaamlike Opvoeding. Soos reeds volledig beskryf in Hoofstuk 4 van hierdie studie, bepaal die Nasionale Kurrikulumverklaring dat Liggaamlike Opvoeding formeel geassesseer en gerapporteer moet word as deel van Lewensoriëntering vanaf Graad R tot Graad 12 (DoE, 2008). Een van die bydraende

faktore tot die lae status van Liggaamlike Opvoeding in die ou bedeling in Suid-Afrika, maar ook in ander lande van die wêreld (kyk Hoofstuk 2), is die feit dat die vak nooit formeel geassesseer is nie en dus as minderwaardig beskou is – soos dit trouens steeds beskou word, teenoor ander sogenaamd belangriker eksamenvakke soos Wiskunde en Wetenskap.

**Tabel 5.19: Beplanning vir Ligg Opv (n = 11)**

<b>Beplanning vir Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>0</b>	
<b>Belangrik</b>	<b>0</b>	
<b>Uiters belangrik</b>	<b>9</b>	<b>100.00</b>
<b>Onseker</b>	<b>2</b>	

Tabel 5.19 toon aan dat 100.00% van die dosente wat die vraag beantwoord het, beplanning as 'n uiters belangrike aspek in die opleiding van Liggaamlike Opvoeding beskou. Daar moet in gedagte gehou word dat Liggaamlike Opvoeding, 'n volledige vak, aangebied word as een van die uitkomstes van Lewensoriëntering, en dat die korrekte beplanning van uiterste belang is. Liggaamlike Opvoeding bevat teoretiese sowel as praktiese komponente. 'n Assesseringsplan moet opgestel word wat alle aspekte assesseer en wat oor die hele jaar strek, binne die toegelate 50% tydstoedeling van Lewensoriëntering (kyk Hoofstuk 2 en 4).

**Tabel 5.20: Lesaanbieding binne Ligg Opv (n = 11)**

<b>Lesaanbieding binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>0</b>	
<b>Belangrik</b>	<b>0</b>	
<b>Uiters belangrik</b>	<b>9</b>	<b>100.00</b>
<b>Onseker</b>	<b>2</b>	

Tabel 5.20 is weereens 'n spieëlbeeld-korrelasie van Tabel 5.19. Liggaamlike Opvoeding is 'n praktiese vak en daarom is die praktiese lesaanbieding 'n uiters belangrike komponent van opleiding in die vak. Dit is uiters noodsaaklik dat Liggaamlike Opvoeding-onderwysers alle teoretiese aspekte prakties moet kan toepas.

### **5.3.1 Kwalitatiewe data ten opsigte van dosente verantwoordelik vir die fasilitering van die opleiding van die 277 vakadviseurs**

Die kwantitatiewe data wat aangespreek is in die tabelle hierbo, word op 'n beperkte skaal ondersteun deur enkele oop vrae wat ingesluit is in die vraelys. Aan die einde van item 36 is algemene kommentaar oor die werkwinkel gevra. Die oorgrote meerderheid van die fasiliteerders het aangedui dat meer asook opvolg-werkswinkels gehou moet word. Aangesien die oorgrote meerderheid vakadviseurs oor baie min of geen opleiding in Liggaamlike Opvoeding beskik nie, is die gevoel dat daar meer aandag aan assessering gegee moet word. Enkele fasiliteerders se kommentaar was dat een week onvoldoende is om die vakadviseurs op te lei, spesifiek die persone wat geen agtergrond in Liggaamlike Opvoeding het nie. Ander negatiewe kommentaar ten opsigte van die werkwinkel was dat die dae tydens die werkwinkel te lank en te vol was.

Item 37 in die vraelys het gehandel oor enige ander aspekte wat 'n betekenisvolle rol kan speel in die implementering van Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering. Hier word weereens kommentaar gelewer oor die spesialis-opleiding vir mense wat 'n passie het vir die vak – iets wat noodsaaklik is vir die aanbied van Liggaamlike Opvoeding. Kommentaar van enkele van die fasiliteerders wat beslis 'n impak kan hê op die implementering van Liggaamlike Opvoeding as uitkoms van Lewensoriëntering, is dat skoolhoofde behoorlik ingelig moet word oor die waarde van Liggaamlike Opvoeding. Verdere kommentaar wat ook die proses van implementering kan beïnvloed, is dat Suid-Afrika se doelstellings ten opsigte van sport vir kinders en jongmense moet wees om 'n platform deur Liggaamlike Opvoeding te skep vir kompeterende deelname aan wêreldsport. Die Departement van Basiese Onderwys plaas 'n hoë premie op die aanbied en deelname aan skoolsport vir alle kinders en jongmense (DoE, 2010). Ander aspekte wat na vore gekom het uit die vraelys, is dat alle rolspelers die belangrikheid van Liggaamlike Opvoeding moet besef ten opsigte van aspekte soos die motoriese ontwikkelingsfasies van kinders en jongmense en ook kennis van Noodhulp.

By Item 38 van die vraelys is enige positiewe of negatiewe kommentaar ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering gevra. Omtrent al die fasiliteerders was deurgaans positief dat Liggaamlike Opvoeding weer in alle grade op skool verpligtend is. Die vak is nie 'n afsonderlike vak nie, maar een van die uitkomste van Lewensoriëntering, wat wel negatief is, maar tog beter is as dat dit glad nie in die skool aangebied word nie. Volgens die kommentaar is alle betrokke partye deeglik bewus van die belangrikheid van Liggaamlike Opvoeding, maar as gevolg van verskeie faktore soos swak of onopgeleide personeel, kom die vak nie tot sy volle reg nie. Positiewe kommentaar was dat voldoende gekwalifiseerde Liggaamlike Opvoeding-onderwysers 'n bydrae kan lewer tot lewenslange welsyn en gesondheid, en vaardige, bekwame en emosioneel intelligente lewenslange besluitnemers.

Onder die negatiewe kommentaar by Item 38 het die kwessie van swak of onopgeleide personeel weereens na vore gekom by omtrent al die fasiliteerders. Hierdie aspek sowel as personeel wat geen agtergrond oor die vak het nie en boonop ook nie regtig belangstel om die vak aan te bied nie, bring die status van Liggaamlike Opvoeding ernstig in gedrang. Gespesialiseerde Liggaamlike Opvoeding-onderwysers is nodig om hierdie uitkoms van Lewensoriëntering korrek en met passie aan te bied.

Item 39 in die vraelys het die gevoel getoets oor verdere opleiding in Liggaamlike Opvoeding, byvoorbeeld 'n Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS). Hier was die oorweldigende reaksie positief. Verdere opleiding in Liggaamlike Opvoeding in die vorm van 'n GOS, kort kursusse wat tot 'n kwalifikasie of selfs 'n BEd in Liggaamlike Opvoeding lei, is aanbeveel met woorde soos "most definitely, an absolute must, absolutely essential and imperative".

Opsommend oor Fase 2, wat gehandel het oor die vraelys aan die dosente wat as fasiliteerders by die werksinkels opgetree het, is dat dit 'n oorwegend ouer groep was, met meer dames as mans. Die grootste groep is van stedelike afkoms, redelik goed gekwalifiseerd in Liggaamlike Opvoeding en het baie onderrig-ervaring in die vak. Die dosente beklemtoon die opleiding in Liggaamlike Opvoeding baie sterk, veral opleiding in beplanning en praktiese lesaanbieding in Liggaamlike Opvoeding.



## 5.4 Resultate van Fase 3: Mening van 277 vakadviseurs wat deelgeneem het aan die weeklange werkswinkel

Die gekose groep Lewensoriëntering-vakadviseurs uit al nege provinsies ( $n = 172$ ), wat deel was van die weeklange werkswinkel vir Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering se beskrywende statistiek, word aangetoon in Tabelle 5.21 tot 5.59. Die totale aantal vakadviseurs wat deelgeneem het aan die werksinkels was 277 ( $n = 277$ ), waarvan 172 vraelyste terug ontvang is ( $n = 172$ ). Dit verteenwoordig 'n terugvoer-persentasie van 62,1%, wat weereens in vergelyking met pos-vraelyste volgens Maree en Pietersen (2007:157) en Williams (2003:94), 'n baie goeie terugvoer-persentasie is, aangesien hierdie vraelyste ook as 'n eenheid tesame met die vraelyste van die fasiliteerders van die onderskeie werksinkels van die verskeie betrokke universiteite terug-versend moes word.

**Tabel 5.21: Geslag van vakadviseurs ( $n = 172$ )**

Geslag	Aantal	Persentasie
Manlik	48	28.07
Vroulik	123	71.93
Nie beantw	1	

Uit Tabel 5.21 blyk dit dat die meerderheid vakadviseurs (71.93%) betrokke by die studie, vroulik is. Die tendens van te min manspersoneel betrokke in die onderwys is ook hier duidelik, net soos by Tabel 5.1 (63.64%) in Fase 2, wat handel oor die dosente wat as fasiliteerders by die werksinkels opgetree het.

**Tabel 5.22: Ouderdomsverspreiding van vakadviseurs (n = 172)**

Ouderdom (Jare)	Aantal	Persentasie
30 – 39	36	21.06
40 – 49	86	50.29
50 – 59	44	25.73
Bo 60	5	2.92
Nie beantwoord	1	

Tabel 5.22 toon aan dat 78.94% van die vakadviseurs ouer as 40 jaar is. Hierdie ouer groep vakadviseurs was ook heel moontlik deel van 'n tydperk toe Liggaamlike Opvoeding uit 'n vorige bedeling 'n verpligte skoolvak was. Gedurende hierdie vorige bedeling het die vak om verskeie redes 'n baie lae status geniet. Dit was 'n nie-eksamenvak wat aanleiding gegee het daartoe dat die Liggaamlike Opvoeding-periodes gereeld vir ander aktiwiteite misbruik is, byvoorbeeld voorbereiding vir sportgeleenthede, gereedmaak van lokale vir eksamens en besoeke van kultuurgroepe en nog vele meer (kyk Hoofstuk 2). Hierdie kan heel waarskynlik een van die redes wees waarom Liggaamlike Opvoeding nog steeds 'n lae status het en nie tot sy volle reg kom nie, al is dit 'n verpligte uitkoms van Lewensoriëntering en al moet die vak formeel geassesseer word.

**Tabel 5.23: Geografiese verspreiding van vakadviseurs (n = 172)**

Omgewing	Aantal	Persentasie
Stedelik	67	44.37
Platteland	76	50.33
Onseker	8	5.30
Nie beantw	21	

'n Groep van 76 (50,33%) uit die 172 vakadviseurs betrokke in die studie is afkomstig uit 'n plattelandse omgewing. Dit is juis in hierdie landelike omgewings waar daar groot uitdagings heers rondom die aanbod van Liggaamlike Opvoeding. Landelike gemeenskappe in Suid-Afrika is dikwels arm, werkseleenthede is min, wat veroorsaak dat ouers nie skoolfonds kan betaal nie, borgskappe is skaars en daarom het skole nie altyd die nodige toerusting, apparaat en fasiliteite om 'n vak soos Liggaamlike Opvoeding aan te

bied nie. Dit is egter nie genoegsame verskoning om nie Liggaamlike Opvoeding en sport aan te bied nie. Een van die landelike skole waar die navorser 'n onderhoud gevoer het met een van die Lewensoriëntering-onderwysers oor Liggaamlike Opvoeding, beskik oor feitlik geen fasiliteite en toerusting nie. Ten spyte hiervan, word Liggaamlike Opvoeding vir alle grade aangebied. Die skool beskik oor net een netbal-doelpaal, maar het onlangs 'n trofee verower op 'n interskole-netbal-kompetisie.

**Tabel 5.24: Onderrig-ervaring van vakadviseurs in Ligg Opv (n = 172)**

Onderrig-ervaring van vakadviseurs in Ligg Opv	Aantal	Persentasie
1 – 5 jaar	80	58.82
6 – 10 jaar	28	20.59
11 – 15 jaar	11	8.09
16 – 20 jaar	9	6.62
21 jaar plus	8	5.88
Nie beantwoord	36	

Tabel 5.24 se data toon aan dat die meerderheid vakadviseurs (58.82%) oor baie min onderrig-ervaring in Liggaamlike Opvoeding beskik. Alhoewel Tabel 5.22 aandui dat die vakadviseurs ouer persone is en uit 'n vorige bedeling kom waar die vak verpligtend was, was hulle heel waarskynlik by ander vakke betrokke en het eers die laaste vyf jaar of minder by Lewensoriëntering, wat Liggaamlike Opvoeding insluit, betrokke geraak. Opleiding en ondersteuning in die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms is baie belangrik om hierdie vakadviseurs die nodige kennis en selfvertroue te gee om die onderwysers in hul onderskeie streke te kan ondersteun en te motiveer, en om verder te verseker dat Liggaamlike Opvoeding tot sy volle reg kom binne die skoolkurrikulum.

**Tabel 5.25: Hoogste akademiese kwalifikasie van vakadviseurs in Ligg Opv (n = 172)**

Hoogste akademiese kwalifikasie in Liggaamlike Opvoeding	Aantal	Persentasie
Gr 11 en laer	11	7.01
Gr 12	13	8.28
Ligg Opv I	16	10.19
Ligg Opv II	9	5.73
Ligg Opv III	26	16.56
Ligg Opv Hons	3	1.91
M-graad in Ligg Opv	3	1.91
PhD in Ligg Opv	0	
Geen Ligg Opv Opl	76	48.41

Uit Tabel 5.25 blyk dit dat die meerderheid vakadviseurs (48.41%) oor geen opleiding in Liggaamlike Opvoeding beskik nie. Tesame met die data in Tabel 5.24 is dit voorwaar kommerwekkend, aangesien hierdie vakadviseurs rigting en leiding aan die Lewensoriëntering-onderwysers in die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van die vak moet gee. Opleiding is 'n aspek wat dus deurlopend aangespreek moet word. Dit was juis ook die doel van die weeklange opleiding gedurende 2008 vir die vakadviseurs gewees. Die waarde van hierdie opleiding sal met die terugvoer uit die vraelyste ná 'n twee jaar implementeringstydperk bepaal word

**Tabel 5.26: Aantal leerders in Ligg Opv-klasse in streek (n = 172)**

Aantal leerders in Liggaamlike Opvoeding-klasse in streek	Aantal	Persentasie
0 – 15	12	8.63
16 – 30	6	4.32
31– 45	22	15.83
46+	99	71.22
Onseker	33	

Tabel 5.26 toon aan dat 71.22% van die vakadviseurs wat met sekerheid op die vraag kon reageer, aangedui het dat daar meer as 46 leerders per Liggaamlike Opvoeding-klas in skole in hul streek is. Die groot klasse is een van die groot uitdagings met die aanbod van Liggaamlike Opvoeding, veral as daar nie voldoende apparaat, toerusting en fasiliteite by die skole beskikbaar is nie.

Die data in Tabelle 5.27 tot 5.45 rapporteer oor Kurrikulumdokumente, opleiding in Liggaamlike Opvoeding, die vak in die algemeen, moontlike probleme in die vak, asook assessering. Hierdie data is ook met behulp van dieselfde vraelyste ingesamel.

**Tabel 5.27: Beskikbaarheid van Nasionale Kurrikulumdokumente aan alle onderwysers in streek (n = 172)**

<b>Nasionale Kurrikulumdokumente beskikbaar aan alle onderwysers in streek</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Ja</b>	<b>122</b>	<b>72.62</b>
<b>Nee</b>	<b>46</b>	<b>27.38</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>4</b>	

Volgens Tabel 5.27 blyk dit dat 72.62% van die vakadviseurs aantoon dat alle onderwysers in hul streek toegang het tot die Nasionale Kurrikulumdokumente vir Lewensoriëntering, wat Liggaamlike Opvoeding insluit. Hierdie dokumente gee duidelike riglyne oor hoe die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms aangebied, geassesseer en gerapporteer moet word. Daar behoort dus geen verskoning te wees om die vak nie aan te bied nie. Liggaamlike Opvoeding behoort in die meerderheid skole aangebied en geassesseer te word as uitkoms van Lewensoriëntering.

**Tabel 5.28: Nasionale Kurrikulumdokumente is maklik verstaanbaar (n = 172)**

<b>Nasionale Kurrikulumdokumente is maklik verstaanbaar</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Ja</b>	<b>127</b>	<b>85.81</b>
<b>Nee</b>	<b>15</b>	<b>10.14</b>
<b>Onseker</b>	<b>6</b>	<b>4.05</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>24</b>	

Tabel 5.28 ondersteun Tabel 5.27, die NKS-dokumente is maklik verstaanbaar en daar is dus geen verskoning dat die vak nie aangebied en geassesseer word as een van die uitkomst van Lewensoriëntering in skole nie.

**Tabel 5.29: Nasionale Kurrikulumdokumente bevat duidelike instruksies vir implementering (n = 172)**

Nasionale Kurrikulumdokumente bevat duidelike instruksies vir implementering	Aantal	Persentasie
Ja	118	75.84
Nee	20	13.42
Onseker	16	10.74
Nie beantwoord	23	

Tabel 5.29 se data bevestig die positiewe gesindheid van die vakadviseurs in die vorige twee tabelle. In die meerderheid van skole behoort daar geen verskoning te wees waarom Liggaamlike Opvoeding nie aangebied word nie. Dit is nogtans kommerwekkend dat byna 'n kwart (24.16%) van die vakadviseurs onseker is of voel dat die dokumente nie duidelike instruksies verskaf vir die implementering van die vak nie. Heel waarskynlik is hierdie nog 'n verdere rede waarom Liggaamlike Opvoeding nie tot sy volle reg kom in die skole nie.

**Tabel 5.30: Enige opleiding ontvang in Ligg Opv vanaf 2005 - 2007 (n = 172)**

Enige opleiding ontvang in Ligg Opv vanaf 2005 - 2007	Aantal	Persentasie
Ja	62	36.05
Nee	109	63.37
Onseker	1	0.58

Tabel 5.30 toon duidelik aan dat die meerderheid vakadviseurs (63.37%) geen opleiding vanaf 2005 – 2007 ontvang het in Liggaamlike Opvoeding nie. Die implikasie hiervan is dat die vakadviseurs wat oor geen of baie min aanvanklike opleiding beskik, geen opleiding of ondersteuning kry nie en dus op eie inisiatief moet voortsukkel of selfs die aanbieding van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering totaal ignoreer – net nog 'n

verdere waarskynlike rede vir die lae status van die vak en waarom dit nie tot sy reg kom in die skole nie.

**Tabel 5.31: Vorige opleiding in Ligg Opv het die vakadviseurs beter toegerus (n = 172)**

Die opleiding in Ligg Opv het die vakadviseurs beter toegerus	Aantal	Persentasie
Ja	38	34.86
Nee	24	22.02
Onseker	11	10.09
Nie van toepassing	36	33.03
Nie beantwoord	63	

Tabel 5.31 se data toon aan dat die meerderheid vakadviseurs (32.11%) (Nee en Onseker) voel dat vorige opleiding wat hulle ontvang het van geen of min waarde was. Hierdie data verwys na vorige opleiding in Liggaamlike Opvoeding en nie na die betrokke werkwinkel wat gedurende 2008 aangebied is nie. Die data oor die inhoud en sessies van die 2008-werkswinkel word in Tabelle 5.46 tot 5.59 weergegee. Die afleiding kan egter uit Tabel 5.31 gemaak word dat die beplanning en aanbieding van werkwinkels in Liggaamlike Opvoeding baie noukeurig en in ooreenstemming met die NKS-dokumente sowel as die behoeftes van die deelnemers, saamgestel moet word.

**Tabel 5.32: Stel belang in verdere opleiding in Ligg Opv (n = 172)**

Stel belang in verdere opleiding in Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Ja	151	92.64
Nee	8	4.91
Onseker	4	2.45
Nie beantwoord	9	

Tabel 5.32 rapporteer dat 92.64% van die vakadviseurs belang stel in verdere opleiding in Liggaamlike Opvoeding binne Lewensoriëntering. Verdere opleiding in Liggaamlike

Opvoeding vir vakadviseurs asook Lewensoriëntering-onderwysers behoort dus 'n prioriteit te wees by die Nasionale Departement van Onderwys, die Provinsiale Departemente van Onderwys sowel as Hoër Onderwysinstellings wat onderwysers oplei. Die afleiding kan veral uit Tabel 5.30 maar ook uit Tabel 5.31 gemaak word dat dit op die oomblik nie die geval is ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika nie.

**Tabel 5.33: Ligg Opv is 'n nuwe konsep (n = 172)**

Ligg Opv is 'n nuwe konsep	Aantal	Persentasie
Ja	31	18.34
Nee	135	79.88
Onseker	3	1.78
Nie beantwoord	3	

Uit Tabel 5.33 blyk dit duidelik dat Liggaamlike Opvoeding nie 'n nuwe konsep is nie (79.88%); almal behoort dit te ken en die belangrikheid daarvan te besef. Volgens Tabelle 5.27 tot 5.29 is die meerderheid vakadviseurs positief dat die NKS-dokumente rakende Liggaamlike Opvoeding beskikbaar is aan onderwysers, asook maklik verstaanbaar is met duidelike instruksies oor die aanbied van die vak. Dit is dus nie baie duidelik waarom Liggaamlike Opvoeding nie in alle skole in Suid-Afrika tot sy volle reg aangebied word nie. Lê die probleem moontlik by die onderwysers se (gebrek aan) ondervinding in die aanbied van die vak, geen of swak opleiding, geen of onvoldoende apparaat, toerusting en fasiliteite? Volgens die data wil dit so voorkom.

**Tabel 5.34: Ligg Opv se doel is massa-deelname eerder as fisieke fiksheid (n = 172)**

Ligg Opv se doel is massa-deelname eerder as fisieke fiksheid	Aantal	Persentasie
Ja	88	53.99
Nee	66	40.49
Onseker	9	5.52
Nie beantwoord	9	

Die meerderheid vakadviseurs (53.99%) stem saam dat die doel van Liggaamlike Opvoeding massa-deelname is eerder as fisieke fiksheid. Nogtans is amper die helfte van



die vakadviseurs (46.01%) nie heeltemal seker wat die doel is nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat 'n groot groep vakadviseurs, wat die onderwysers wat die vak in die skole moet aanbied, moet ondersteun, asook van raad en leiding moet bedien, onseker is oor wat presies die doel van Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering is. Dit verklaar waarom die onderwysers onseker is en geen selfvertroue het om die vak tot sy volle reg in die skole aan te bied nie.

**Tabel 5.35: Die belangrikste uitkomst van Ligg Opv is deelname en vaardigheidsontwikkeling (n = 172)**

Die belangrikste uitkomst van Ligg Opv is deelname en vaardigheidsontwikkeling	Aantal	Persentasie
Ja	120	75.47
Nee	33	20.75
Onseker	6	3.78
Nie beantwoord	13	

Tabel 5.35 wys duidelik dat 75.47% van die vakadviseurs voel dat die uitkomst van Liggaamlike Opvoeding oor deelname en vaardigheidsontwikkeling gaan. Die afleiding kan hieruit gemaak word dat die vakadviseurs redelik eenstemmig is dat die uitkomst van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering gepas is, aangesien dit alle kinders en jongmense wil betrek in die ontwikkeling van hul bewegingsvaardighede. Die uitkomst is met ander woorde nie slegs gerig op die ontwikkeling van sportvaardighede van slegs 'n elite-groepie sportpresteerders nie, soos wat wel die gevoel teenoor Liggaamlike Opvoeding in Ghana is nie (Ammah & Kwaw, 2005:320) (kyk Hoofstuk 2).

**Tabel 5.36: Die keuse van leeruitkomst in Ligg Opv is te beperk (n = 172)**

Die keuse van leeruitkomst in Ligg Opv is te beperk	Aantal	Persentasie
Geensins problematies	106	65.84
Effens problematies	48	29.81
Redelik problematies	4	2.49
Erg problematies	3	1.86
Nie beantwoord	11	

Tabel 5.36 verklaar dat 65.84% van die vakadviseurs voel dat die keuse van leeruitkomste in Liggaamlike Opvoeding voldoende is. Die meerderheid vakadviseurs voel dat die leeruitkomste wel die behoefte van Liggaamlike Opvoeding aanspreek. Dit is egter kommerwekkend dat meer as 'n derde (34.16%) van die vakadviseurs die keuse van leeruitkomste as problematies beskou. Indien hierdie data saamgelees word met die data in Tabel 5.25 waar byna die helfte (48.41%) van hierdie vakadviseurs geen formele opleiding in Liggaamlike Opvoeding het nie, kan die afleiding gemaak word dat hierdie vakadviseurs nie noodwendig kennis dra van wat geskikte leeruitkomste vir Liggaamlike Opvoeding behoort te wees nie.

**Tabel 5.37: Die keuse van aktiwiteite in Ligg Opv is te wyd en oop (n = 172)**

Die keuse van aktiwiteite in Ligg Opv is te wyd en oop	Aantal	Persentasie
<b>Geensins problematies</b>	<b>91</b>	<b>55.49</b>
<b>Effens problematies</b>	<b>42</b>	<b>25.61</b>
<b>Redelik problematies</b>	<b>21</b>	<b>12.80</b>
<b>Erg problematies</b>	<b>10</b>	<b>6.10</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>8</b>	

Tabel 5.37 korreleer met die data in Tabel 5.36. Na aanleiding van die vlak van opleiding (kyk Tabel 5.25) kan hier ook afgelei word dat die vakadviseurs nie noodwendig 'n oordeel kan uitspreek oor die werklike inhoud en aktiwiteite van Liggaamlike Opvoeding as vak nie. Deurgaans in die literatuur (kyk Hoofstuk 2 en 3) asook in die responsdata in alle fases, word die belangrikheid van gespesialiseerde opleiding vir Liggaamlike Opvoeding-onderwysers beklemtoon.

**Tabel 5.38: Assessering-standaarde in Ligg Opv is te wyd en oop (n = 172)**

Assessering-standaarde in Ligg Opv is te wyd en oop	Aantal	Persentasie
<b>Geensins problematies</b>	<b>82</b>	<b>48.81</b>
<b>Effens problematies</b>	<b>52</b>	<b>30.95</b>
<b>Redelik problematies</b>	<b>22</b>	<b>13.10</b>
<b>Erg problematies</b>	<b>12</b>	<b>7.14</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>4</b>	

Tabel 5.38 se data korreleer met die data van Tabele 5.36 en 5.37. Assessering is een van die aspekte van onderrig en leer waar opleiding en kennis uiters noodsaaklik is om dit effektief in 'n spesifieke vakgebied toe te pas. Liggaamlike Opvoeding is 'n praktiese vak en die assessering is ook deurgaans prakties van aard; die afleiding kan ook hier gemaak word dat meer as die helfte (51.19%) van die vakadviseurs die assesseringstandaarde in Liggaamlike Opvoeding as problematies beskou. Dit is nie moontlik vir swak of onopgeleide onderwysers om 'n sinvolle oordeel oor assesseringstandaarde in so 'n praktiese vak uit te spreek nie.

**Tabel 5.39: Besikbaarheid van apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv (n = 172)**

Beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Geensins problematies	7	4.19
Effens problematies	23	13.77
Redelik problematies	36	21.56
Erg problematies	101	60.48
Nie beantwoord	5	

Volgens Tabel 5.39 ervaar 60.48% van die vakadviseurs in die studie apparaat en fasiliteite as erg problematies. Aangesien die vakadviseurs uit al nege provinsies kom, kan die afleiding gemaak word dat hierdie 'n landswye probleem is in stedelike sowel as landelike gebiede. Tabel 5.39 toon aan dat slegs 4.19% van die vakadviseurs meen dat apparaat en fasiliteite geensins 'n probleem is nie.

**Tabel 5.40: Onvoldoende opgeleide Ligg Opv-personeel (n = 172)**

Onvoldoende opgeleide Ligg Opv-personeel	Aantal	Persentasie
Geensins problematies	5	3.01
Effens problematies	5	3.01
Redelik problematies	25	15.06
Erg problematies	131	78.92
Nie beantwoord	6	

Uit Tabel 5.40 blyk dit duidelik (78.92%) dat onvoldoende opgeleide Liggaamlike Opvoeding-personeel 'n ernstige probleem vir die vakadviseurs is. Hierdie data ondersteun die data in Tabel 5.25 waar dit blyk dat 48.41% van die vakadviseurs oor geen Liggaamlike Opvoeding-opleiding beskik nie, en 'n verdere 15.29% slegs Graad 12 of laer opleiding in die vak het. Die vakadviseurs werk direk met Lewensoriëntering- onderwysers in die praktyk. Dus dra hulle kennis van die vlak van opleiding van hierdie personeel. Vandaar die gevolgtrekking dat 'n soortgelyke negatiewe tendens ten opsigte van opgeleide Liggaamlike Opvoeding-onderwysers in al die provinsies aan die orde van die dag is. Soos reeds gemeld in die kommentaar by Tabel 5.37, is die opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers baie belangrik en behoort daar dringend aandag hieraan gegee te word deur die DoE.

**Tabel 5.41: Onvoldoende ondersteuning vir die implementering van Ligg Opv binne Lewensoriëntering (n = 172)**

<b>Onvoldoende ondersteuning vir die implementering van Ligg Opv binne Lewensoriëntering</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Geensins problematies</b>	<b>14</b>	<b>8.54</b>
<b>Effens problematies</b>	<b>34</b>	<b>20.73</b>
<b>Redelik problematies</b>	<b>52</b>	<b>31.71</b>
<b>Erg problematies</b>	<b>64</b>	<b>39.02</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>8</b>	

Die data in Tabel 5.41 toon dat daar onvoldoende steun vir die implementering van Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering is. Hierdie data word ondersteun deur die data in Tabel 5.30 sowel as Tabel 5.39. Volgens Tabel 5.30 het 63.37% van die vakadviseurs geen ondersteunende opleiding in Liggaamlike Opvoeding ontvang tussen 2005 en 2007 – die implementeringstydperk van die NKS – nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat dit uiters moeilik is vir hierdie swak of onopgeleide Lewensoriëntering-vakadviseurs om die Lewensoriëntering-onderwysers in hulle streke voldoende te kan ondersteun ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding. In Tabel 5.39 ervaar 60.48% van die vakadviseurs die beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite as erg problematies. Indien enige vak nie voldoende ondersteuning kry ten opsigte van hulpmiddels nie, bly dit 'n uitdaging om dit suksesvol aan te bied – des te meer nog 'n praktiese vak soos Liggaamlike Opvoeding.

**Tabel 5.42: Getal leerders in Ligg Opv-klasse (n = 172)**

<b>Getal leerders in Ligg Opv-klasse</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Geensins problematies</b>	<b>4</b>	<b>2.44</b>
<b>Effens problematies</b>	<b>13</b>	<b>7.93</b>
<b>Redelik problematies</b>	<b>32</b>	<b>19.51</b>
<b>Erg problematies</b>	<b>115</b>	<b>70.12</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>8</b>	

Tabel 5.42 se data toon duidelik dat 70.12% van die vakadviseurs groot getalle leerders in Liggaamlike Opvoeding-klasse as erg problematies sien. Groot getalle leerders in enige vak skep groot uitdagings ten opsigte van dissipline, fasiliteite, toerusting, effektiewe groepwerk en leer. In 'n vak soos Liggaamlike Opvoeding is dit geensins anders nie. Om Liggaamlike Opvoeding effektief aan te bied is voldoende dissipline, fasiliteite en toerusting nodig. Liggaamlike Opvoeding leen homself tot uiters effektiewe groepwerk en hantering van groter groepe, maar dan is voldoende fasiliteite (genoeg spasie) en apparaat en toerusting 'n vereiste. Veiligheidsrisiko's ten opsigte van moontlike beserings in Liggaamlike Opvoeding is ook aan die orde van die dag indien fasiliteite en apparaat onvoldoende is en nie aan die nodige vereistes en standarde voldoen nie. Tabel 5.39 het reeds die beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite as erg problematies uitgewys; dus is die ernstige probleem van groot getalle in die Liggaamlike Opvoeding-klasse geensins vreemd nie. 'n Aspek wat hierdie probleem verder vererger, is dat dit gemengde seuns-en-dogters-klasse is wat in Liggaamlike Opvoeding hanteer moet word.

**Tabel 5.43: Asseseringsverslae aan leerders (n = 172)**

<b>Asseseringsverslae aan leerders</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Geensins</b>	<b>20</b>	<b>12.26</b>
<b>Tot 'n mindere mate</b>	<b>33</b>	<b>20.25</b>
<b>Tot 'n redelike mate</b>	<b>42</b>	<b>25.77</b>
<b>Tot 'n groot mate</b>	<b>68</b>	<b>41.72</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>9</b>	

Uit Tabel 5.43 blyk dit dat 87.74% van die vakadviseurs dink assessering is belangrik, alhoewel 20.25% dit tot 'n mindere mate aandui en voel dat punte of simbole aan leerders

gegee moet word. Slegs 12.26% dink dit is geensins belangrik nie. Tabel 5.22 het aangetoon dat 78.94% van die vakadviseurs ouer as 40 is, wat beteken dat hulle bewus is van die probleem dat Liggaamlike Opvoeding in die vorige bedeling nie formeel geassesseer is nie en geen punte en simbole aan leerders toegeken is nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat hierdie vakadviseurs assessering asook die verskaf van punte en simbole aan leerders baie belangrik ag in die proses om die status van Liggaamlike Opvoeding as vak te bevorder. Hierdie spesifieke probleem word ook in ander lande van die wêreld ervaar waar Liggaamlike Opvoeding as minder belangrik geag word dan die sogenaamd belangriker eksamenvakke soos Wiskunde en Wetenskap (kyk Hoofstuk 2).

**Tabel 5.44: Ontwikkeling en opdateer van leerders se vorderingsverslae (n = 172)**

<b>Ontwikkeling en opdateer van leerders se vorderingsverslae</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Geensins</b>	<b>12</b>	<b>7.36</b>
<b>Tot 'n mindere mate</b>	<b>20</b>	<b>12.27</b>
<b>Tot 'n redelike mate</b>	<b>46</b>	<b>28.22</b>
<b>Tot 'n groot mate</b>	<b>85</b>	<b>52.15</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>9</b>	

Die meerderheid (92.64%) van die vakadviseurs, volgens die data in Tabel 5.44, voel assessering in Liggaamlike Opvoeding is belangrik tot 'n mindere, redelike of groot mate vir die opstel en opdatering van leerders se vorderingsverslae. Die afleiding kan gemaak word dat die vakadviseurs 'n deeglik beplande assesseringsplan vir Liggaamlike Opvoeding as noodsaaklik beskou. Dit is belangrik dat alle leeruitkomsteregdeur die jaar geassesseer word en 'n vorderingsverslag bygehou word oor elke leerder se vordering in Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering.

**Tabel 5.45: Voorsien ouers van assesseringsverslae (n = 172)**

<b>Voorsien ouers van verslae</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Geensins</b>	<b>13</b>	<b>7.88</b>
<b>Tot 'n mindere mate</b>	<b>25</b>	<b>15.15</b>
<b>Tot 'n redelike mate</b>	<b>41</b>	<b>24.85</b>
<b>Tot 'n groot mate</b>	<b>86</b>	<b>52.12</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>7</b>	

Tabel 5.45 korreleer baie goed met Tabele 5.43 en 5.44 en toon aan dat 92.12% van die vakadviseurs voel dat assessering in Liggaamlike Opvoeding tot 'n mindere, redelike of groot mate belangrik is om ouers van inligting te voorsien rakende die fisieke toestand van hul kinders. In die literatuurstudie (kyk Hoofstuk 2, paragraaf 2.3) word die waarde van Liggaamlike Opvoeding vir kinders en jongmense kortliks bespreek. Voordele soos verbeterde vaardighede en voorkoming van obesiteit en ander mediese toestande word onder andere genoem. Die afleiding kan uit Tabel 5.45 gemaak word dat die meerderheid vakadviseurs dink dit is belangrik dat ouers ingelig moet word oor wat die fisieke toestand van hul kinders is, en dat dit kan help met belangrike besluite ten opsigte van die ontwikkeling asook gesondheidstoestand van hul kinders.

Die data wat vervolgens bespreek word in Tabele 5.46 tot 5.59 handel oor hoe belangrik en noodsaaklik die vakadviseurs die verskillende opleidingsessies van die werkswinkel beoordeel as deel van die opleiding in Liggaamlike Opvoeding binne Lewensoriëntering. Tabele 5.7 tot 5.20 in Fase 2 van hierdie hoofstuk bevat ooreenstemmende data van die dosente se menings oor hierdie verskillende opleidingsessies van die werkswinkel.

**Tabel 5.46: Oorsig oor verskillende bewegings-fases binne Ligg Opv (n = 172)**

Oorsig oor verskillende bewegings-fases binne Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	29	17.58
Belangrik	65	39.39
Uiters belangrik	71	43.03
Onseker	7	

Volgens Tabel 5.46 beskou 'n beduidende groep vakadviseurs (43.03%) 'n oorsig oor die verskillende bewegingsfases binne Liggaamlike Opvoeding as uiters noodsaaklik vir opleiding in die vak. Dit is opvallend dat 'n aansienlike groter groep van die dosente (77.78%) in Tabel 5.7 in Fase 2, 'n oorsig oor die Grondslagfase, Intermediêre en Senior fase asook Verdere Onderwys en Opleidingsfase binne Liggaamlike Opvoeding as noodsaaklik beskou vir opleiding in die vak. Die afleiding kan gemaak word dat die dosente verantwoordelik is vir die oplei van onderwysers in al hierdie fases, terwyl die vakadviseurs grootliks verantwoordelik is vir die ondersteuning, hulp en leiding van onderwysers in slegs een fase.

**Tabel 5.47: Teoretiese agtergrond oor Ligg Opv (n = 172)**

Teoretiese agtergrond oor Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	39	23.63
Belangrik	64	38.79
Uiters belangrik	62	37.58
Onseker	7	

Tabel 5.47 toon aan dat 37.58% van die vakadviseurs teoretiese agtergrond in die vak as uiters belangrik beskou tydens opleiding. Dieselfde verskynsel kom hier voor as in die vorige tabel. 'n Aansienlike groter groep van die dosente (87.50%) in Tabel 5.8 in Fase 2, beskou teoretiese agtergrond van Liggaamlike Opvoeding as uiters belangrik. Hierdie teoretiese agtergrond sluit onder andere aspekte in soos die gesondheidsvoordele van gereelde fisieke aktiwiteit asook die effek van fisieke aktiwiteit en fiksheid op kinders en



jongmense. Nog aspekte onder teoretiese agtergrond handel onder meer oor onaktiwiteit wat vinnige verlies van fiksheid veroorsaak, die hoeveelheid oefening wat nodig is vir die verbetering van fiksheid en gesondheid, motoriese en sportvaardighede asook die bydrae van Liggaamlike Opvoeding tot fiksheid en gesondheid.

'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die dosente baie meer onderrig-ervaring in Liggaamlike Opvoeding (45.45% van die dosente het meer as 21 jaar onderrig-ervaring in Liggaamlike Opvoeding – kyk Tabel 5.4 in Fase 2) teenoor 58.82% vakadviseurs wat maar oor 1 tot 5 jaar onderrig-ervaring in Liggaamlike Opvoeding beskik (Tabel 5.24 in afdeling 5.4). Die vakadviseurs is voorts verantwoordelik vir al die uitkomst van Lewensoriëntering, nie net vir die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms nie, so heel waarskynlik is praktiese implementering vir hulle belangriker as teoretiese agtergrond.

**Tabel 5.48: Apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv (n = 172)**

<b>Apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>1</b>	<b>0.61</b>
<b>Relevant</b>	<b>33</b>	<b>20.12</b>
<b>Belangrik</b>	<b>46</b>	<b>28.05</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>84</b>	<b>51.22</b>
<b>Onseker</b>	<b>8</b>	

Beduidend in Tabel 5.48 is dat die meerderheid vakadviseurs (51.22%) apparaat en fasiliteite as uiters belangrik aantoon vir opleiding in Liggaamlike Opvoeding. In vergelyking met die dosente (44.44% in Tabel 5.9 Fase 2), beskou heelwat meer van die vakadviseurs hierdie aspek as uiters belangrik. Die afleiding kan heel moontlik gemaak word dat skole groot probleme ervaar met apparaat en fasiliteite (60.48% erg problematies met beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite, Tabel 5.39 in Fase 3), en dat hulle moet leer hoe om te improviseer, anders kan Liggaamlike Opvoeding nie effektief aangebied word nie. Daarteenoor beskik die meerderheid van die dosente se instellings heel waarskynlik oor voldoende apparaat en fasiliteite.

**Tabel 5.49: Organisasie en Administrasie van Ligg Opv (n = 172)**

Organisasie en Administrasie van Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	24	14.81
Belangrik	63	38.89
Uiters belangrik	75	46.30
Onseker	10	

Uit Tabel 5.49 blyk dit dat 46.30% van die vakadviseurs wat die vraag beantwoord het, die organisasie en administrasie van Liggaamlike Opvoeding as uiters belangrik beskou, en 'n verdere 38.89% beskou dit as belangrike deel van opleiding in die vak. Opvallend dat al die dosente wat hierdie vraag beantwoord het (100% in Tabel 5.10, Fase 2), klaskamerpraktyk as uiters belangrik beskou. Klaskamerpraktyk sluit onder andere aspekte in soos direkte of indirekte aanbiedingsmetodes, klasorganisasie aan die begin van en gedurende die Liggaamlike Opvoeding-les, die aktiwiteitspeil van leerders, groepwerk, differensiasie, dissipline asook inkom en verlaat van die Liggaamlike Opvoeding-klas. Ander administratiewe take sluit onder andere in vrystelling van deelname, mediese sertifikate, voorraadbeheer asook onderhoud van aparate, toerusting en fasiliteite. Die mees waarskynlike verklaring vir hierdie verskil is die groot gaping in onderwys-ervaring in Liggaamlike Opvoeding, soos verduidelik by Tabel 5.47 hierbo. Bykans die helfte van die vakadviseurs (48.41%, Tabel 5.25 in Fase 3) het geen formele opleiding in Liggaamlike Opvoeding gehad nie, wat ook waarskynlik bogenoemde verskil verklaar.

**Tabel 5.50: Veiligheidsaspekte binne Ligg Opv (n = 172)**

Veiligheidsaspekte binne Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	19	10.97
Belangrik	46	28.05
Uiters belangrik	100	60.98
Onseker	8	

Tabel 5.50 toon aan dat 60.98% van die vakadviseurs veiligheidsaspekte binne Liggaamlike Opvoeding as uiters belangrik beskou vir opleiding. Weereens is dit opvallend dat al die dosente wat hierdie vraag beantwoord het (100% in Tabel 5.11, Fase 2), oortuig daarvan is dat die hantering van leerders met mediese probleme, leerders met fisieke hindernisse tot leer, vrywaringsvorms asook prosedures tydens ongelukke en beserings binne die Liggaamlike Opvoeding-klas uiters belangrik is. Verdere veiligheidsaspekte sluit onder andere in die korrekte en veilige hantering van apparaat, toerusting en fasiliteite, klasopstelling met die oog op veiligheid asook hulpverlening tydens aktiwiteite. Kinders en jongmense hardloop rond, neem deel aan spring-, skop-, gooi- en slaanaktiwiteite in die Liggaamlike Opvoeding-klas. Die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser moet dus deeglik bewus wees en opgelei wees ten opsigte van veiligheidsaspekte, aangesien agterlosgheid ten opsigte hiervan tot hofsake kan lei indien leerders beserings opdoen. Onderwyservaring asook opleiding speel baie beslis 'n rol in bogenoemde verskil in siening.

**Tabel 5.51: Teorie van sport en spele binne Ligg Opv (n = 172)**

<b>Teorie van sport en spele binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>28</b>	<b>17.08</b>
<b>Belangrik</b>	<b>70</b>	<b>42.68</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>66</b>	<b>40.24</b>
<b>Onseker</b>	<b>8</b>	

Heelwat van die vakadviseurs (42.68%) beskou die opleiding in die teorie van sport en spele binne Liggaamlike Opvoeding as belangrik maar nie uiters belangrik nie. Slegs 12.50% (Tabel 5.12 in Fase 2) van die dosente voel die komponent is uiters belangrik, teenoor 40.24% van die vakadviseurs. 'n Moontlike verklaring is dat die goed opgeleide en ervare dosente in Liggaamlike Opvoeding voel hulle is meer vertrouwd met hierdie teorie as die swak opgeleide en onervare Lewensoriëntering-vakadviseurs op die terrein van Liggaamlike Opvoeding. Aangesien 'n groot persentasie van onderwysers in die praktyk na-ure betrokke is by sport en buitekurrikulêre aktiwiteite by hul onderskeie skole, kan die vakadviseurs waarskynlik ook van mening wees dat hierdie onderwysers as gevolg van hul betrokkenheid reeds oor 'n breë algemene kennis en agtergrond van sport en spele beskik.

**Tabel 5.52: Praktiese opleiding in sport en spele binne Ligg Opv (n = 172)**

<b>Praktiese opleiding in sport en spele binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>19</b>	<b>11.72</b>
<b>Belangrik</b>	<b>57</b>	<b>35.19</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>86</b>	<b>53.09</b>
<b>Onseker</b>	<b>10</b>	

Die meerderheid vakadviseurs (53.09%) het volgens Tabel 5.52 praktiese opleiding in sport en spele as uiters belangrik vir opleiding in die vak beskou. 'n Groter groep dosente (71.43%, Tabel 5.13 in Fase 2) beskou hierdie faset as uiters belangrik. Heel moontlik is dit omdat die dosente met aanvanklike opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers werk; hierdie studente doen slegs tydens Praktiese Onderwys-ervaring op in hierdie aspek tydens betrokkenheid by buitekurrikulêre sport. Daarteenoor werk die vakadviseurs met onderwysers wat in die onderwys-praktyk staan en voldoende blootstelling kry aan sport en spele tydens hul betrokkenheid by buitekurrikulêre aktiwiteite.

**Tabel 5.53: Teorie van rekreasie-aktiwiteite binne Ligg Opv (n = 172)**

<b>Teorie van rekreasie-aktiwiteite binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>1</b>	<b>0.62</b>
<b>Relevant</b>	<b>27</b>	<b>16.77</b>
<b>Belangrik</b>	<b>74</b>	<b>45.96</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>59</b>	<b>36.65</b>
<b>Onseker</b>	<b>11</b>	

Tabel 5.53 toon aan dat 45.96% van die vakadviseurs teorie van rekreasie-aktiwiteite as 'n belangrike komponent beskou tydens die opleiding in Liggaamlike Opvoeding. Slegs 36.65% vakadviseurs beskou hierdie komponent as uiters belangrik, teenoor 66.67% van die dosente (Tabel 5.14 in Fase 2). Aangesien rekreasie-aktiwiteite soos byvoorbeeld oriëntering, staptogte ("hiking"), stroomversnellingsritte ("river rafting") ensovoorts, 'n relatief nuwe toevoeging is tot Liggaamlike Opvoeding, kan die verskil in die mening oor belangrikheid van hierdie komponent heel waarskynlik aan die vakadviseurs toegeskryf

word wat voel dat daar baie agentskappe en organisasies in die onderwyspraktik is wat hierdie tipe aktiwiteite aan kinders en jongmense kan kom bekend stel, en dit nie vir die Lewensoriëntering-onderwyser nodig is om 'n kundige op hierdie gebied te wees nie. Daarteenoor voel die dosente heel waarskynlik dat die Lewensoriëntering-onderwyser verantwoordelik is vir hierdie komponent van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms en dus beter opgelei moet word.

**Tabel 5.54: Opvoedkundige dans binne Ligg Opv (n = 172)**

Opvoedkundige dans binne Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	32	20.38
Belangrik	58	36.94
Uiters belangrik	67	42.68
Onseker	15	

Slegs 42.68% van die vakadviseurs toon aan in Tabel 5.54 dat Opvoedkundige dans uiters belangrik is vir opleiding in Liggaamlike Opvoeding. Slegs 33.33% van die dosente (Tabel 5.15 in Fase 2) beskou bogenoemde komponent as belangrik binne Liggaamlike Opvoeding. Soos reeds by Tabel 5.15 in Fase 2 verduidelik, kan dit heel moontlik wees omdat die dosente ouer persone is met ervaring van Liggaamlike Opvoeding uit 'n vorige bedeling waar hierdie komponent slegs in die dogters se sillabus gefigureer het, en daar nie gemengde seuns-en-dogters-klasse was nie. Daarteenoor kan die vakadviseurs heel moontlik redeneer dat die huidige onderwysers in die onderwyspraktik meer blootgestel is aan gemengde klasse binne Liggaamlike Opvoeding en ook meer ondervinding het van dansaktiwiteite as gevolg van hul buitekurrikulêre betrokkenheid by skoolsokkies, balletklasse en revue-optredes van die leerders.

**Tabel 5.55: Opvoedkundige gimnastiek binne Ligg Opv (n = 172)**

Opvoedkundige gimnastiek binne Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	1	0.61
Relevant	25	15.34
Belangrik	71	43.56
Uiters belangrik	66	40.49
Onseker	9	

Tabel 5.55 toon aan dat 'n groot aantal vakadviseurs (43.56%) voel dat Opvoedkundige gimnastiek belangrik is vir die opleiding in Liggaamlike Opvoeding. Heelwat meer dosente (66.67%, Tabel 5.16 in Fase 2) voel dat hierdie komponent uiters belangrik is. Hierdie verskynsel is heel waarskynlik te wyte aan die ouderdom en Liggaamlike Opvoedingonderrig-ervaring van die dosente. In die vorige bedeling waar hulle betrokke was by Liggaamlike Opvoeding het gimnastiek 'n prominente rol in die sillabus gespeel, maar faktore soos onvoldoende apparaat en fasiliteite, of kinders en jongmense se vrees vir apparaat-gimnastiek, het aanleiding gegee tot die negatiewe ingesteldheid teenoor die vak. Die dosente voel heel waarskynlik dat dit uiters belangrik is dat Lewensoriëntering-onderwysers goed onderlê word in die nuwe Opvoedkundige gimnastiek, wat basies bewegings insluit en byna geen apparaat vereis nie om 'n soortgelyke negatiewe reaksie te voorkom.

**Tabel 5.56: Fisieke fiksheid binne Ligg Opv (n = 172)**

<b>Fisieke fiksheid binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>15</b>	<b>9.14</b>
<b>Belangrik</b>	<b>48</b>	<b>29.27</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>101</b>	<b>61.59</b>
<b>Onseker</b>		

Uit Tabel 5.56 blyk dit duidelik (61.59%) dat fisieke fiksheid 'n uiters belangrike komponent binne die opleiding van Liggaamlike Opvoeding moet wees, volgens die vakadviseurs. Die meerderheid dosente (87.50%, Tabel 5.17 in Fase 2) voel ook dat fisieke fiksheid 'n uiters belangrike aspek in die opleiding van Liggaamlike Opvoeding moet wees. Kinders en jongmense voer wêreldwyd sedentêre lewenswyses, en obesiteit en ander siektetoestande soos diabetes mellitus (Du Toit *et al.*, 2007; Van Deventer, 2004) is aan die orde van die dag. Die afleiding kan dus gemaak word dat kinders en jongmense fisiek aktief gestimuleer moet word in 'n vak soos Liggaamlike Opvoeding. Die professionalisering en kompeterende aard van sport oor 'n breë spektrum wêreldwyd speel heel waarskynlik ook 'n rol in bogenoemde verskynsel.

**Tabel 5.57: Assessering binne Ligg Opv (n = 172)**

Assessering binne Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	3	1.83
Relevant	19	11.66
Belangrik	59	36.20
Uiters belangrik	82	50.31
Onseker	9	

Die meerderheid vakadviseurs (50.31%) volgens Tabel 5.57, beskou assessering as 'n uiters belangrike afdeling in die opleiding van Liggaamlike Opvoeding. Heelwat meer dosente (88.89%, Tabel 5.18 in Fase 2) beskou hierdie aspek as uiters belangrik. Soos reeds aangedui by Tabel 5.18 is assessering verpligtend en moet daar 'n omvattende assesseringsplan vir Liggaamlike Opvoeding binne Lewensoriëntering opgestel word. Die vakadviseurs voel heel waarskynlik dat die Lewensoriëntering-onderwysers heelwat meer ervare is in assessering. Daarteenoor redeneer die dosente weer vanuit hulle agtergrond met die oplei van onervare studente, wat assessering aanbetref, dat hierdie komponent belangriker is in Liggaamlike Opvoeding-opleiding. Onderrig-ervaring in Liggaamlike Opvoeding speel heel moontlik ook 'n rol in die dosente se standpunt.

**Tabel 5.58: Beplanning vir Ligg Opv (n = 172)**

Beplanning vir Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	17	10.37
Belangrik	44	26.83
Uiters belangrik	103	62.80
Onseker	8	

Tabel 5.58 toon aan dat 62.80% van die vakadviseurs beplanning as 'n uiters belangrike aspek in die opleiding van Liggaamlike Opvoeding beskou, en 'n verdere 26.83% sien dit as belangrik. Al die dosente (100%, Tabel 5.19 in Fase 2) wat hierdie vraag beantwoord het, beskou hierdie aspek as uiters belangrik. Die onderrig-ervaring in Liggaamlike

Opvoeding van die dosente speel gewis 'n rol in hierdie mening. Liggaamlike Opvoeding is 'n volledige vak wat binne die voorgeskrewe 50% van die toegekende tydstoedeling van Lewensoriëntering aangebied moet word. Volledige assessering met 'n 25% puntetoekenning vir Liggaamlike Opvoeding uit die 100% van Lewensoriëntering moet regdeur die jaar oor alle leeruitkomste en assesseringstandaarde gedoen word. Die vakadviseurs, wat nie soveel praktiese ervaring in die vak het nie, kan heel moontlik voel dat die Lewensoriëntering-onderwysers in die praktyk voldoende ervaring en ondervinding het in die beplanning van die vak, maar besef heel waarskynlik as gevolg van hul gebrek aan ervaring in Liggaamlike Opvoeding nie watter reuse taak dit is om hierdie aspek effektief in die praktyk toe te pas nie. Gebrek aan beplanning is waarskynlik een van die groot bydraende faktore waarom Liggaamlike Opvoeding nie in alle Suid-Afrikaanse skole tot sy verpligte reg kom binne Lewensoriëntering nie.

**Tabel 5.59: Lesaanbieding binne Ligg Opv (n = 172)**

<b>Lesaanbieding binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>2</b>	<b>1.23</b>
<b>Relevant</b>	<b>20</b>	<b>12.35</b>
<b>Belangrik</b>	<b>58</b>	<b>35.80</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>82</b>	<b>50.62</b>
<b>Onseker</b>		

Tabel 5.59 toon aan dat 50.62% van die vakadviseurs lesaanbieding as 'n uiters belangrike afdeling beskou. Almal (100%, Tabel 5.20 in Fase 2) van die dosente wat hierdie vraag beantwoord het, beskou ook hierdie komponent as uiters belangrik. 'n Soortgelyke gevolgtrekking as by die vorige tabel is hier van toepassing. Die vakadviseurs voel waarskynlik dat die Lewensoriëntering-onderwysers in die praktyk staan en goed vertrouwd is met lesaanbieding. Die dosente daarenteen, met baie ondervinding in Liggaamlike Opvoeding-onderrig, is deeglik bewus daarvan dat hierdie 'n praktiese vak is waar verskeie faktore soos aktiwiteitspeil, klasopstelling, hulpverlening, veiligheidsaspekte en nog vele meer 'n uiters belangrike rol speel in suksesvolle lesaanbieding. Die kinders en jongmense sit nie passief agter 'n lessenaar nie; hulle neem aktief deel aan fisieke aktiwiteit. Ongelukke en beserings is dus 'n realiteit, daarom is dit uiters noodsaaklik dat praktiese lesaanbieding 'n kernaspek van opleiding in Liggaamlike Opvoeding uitmaak.



#### **5.4.1 Kwalitatiewe data ten opsigte van die Aanvanklike vraelys aan 277 vakadviseurs wat die werksinkels bygewoon het**

Vervolgens word die kwantitatiewe data van Fase 3 op 'n beperkte skaal ondersteun deur enkele oop vrae wat ingesluit is in die vraelys. Die oop vraag aan die einde van item 36 bevat kommentaar oor die werksinkel gedurende 2008. Die algemene gevoel van omtrent al die vakadviseurs was baie positief teenoor die werksinkels. Die meerderheid vakadviseurs het die gevoel uitgespreek dat opvolg-werksinkels gehou moet word, veral vir die totaal onervare vakadviseurs ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding. Meer tyd moet bestee word aan die praktiese toepassing van verskillende aspekte soos byvoorbeeld spesifiek assessering in Liggaamlike Opvoeding. Die meerderheid vakadviseurs voel baie sterk daarvoor dat soortgelyke werksinkels ook vir Lewensoriëntering-onderwysers aangebied moet word. Daar was ook negatiewe kommentaar: sekere van die vakadviseurs was van mening dat die program tydens die werksinkel baie vol was en dat ná so 'n vol en besige week, die sessies teen Vrydagmiddag-etenstyd afgesluit kon word. Enkele kommentaar is ook gelewer dat te veel aandag aan dansaktiwiteite gegee is, wat eintlik 'n komponent van Kuns en Kultuur behoort te wees.

By item 37 moes die vakadviseurs hul mening uitspreek oor aspekte wat 'n betekenisvolle bydrae kan lewer in die implementering van Liggaamlike Opvoeding. Die mening dat Liggaamlike Opvoeding-onderwysers opgelei moet word, het onder die meerderheid vakadviseurs baie sterk na vore gekom by hierdie vraag. Die kwessie van onvoldoende apparaat en fasiliteite vir Liggaamlike Opvoeding by skole is deur die meerderheid vakadviseurs genoem, asook die feit dat daar meer tyd toegeken moet word vir Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering of dat dit weer 'n afsonderlike vak moet word. Die kwessie van meer tyd het 'n werklikheid geword in die nuwe beleidsdokument wat deur die Minister van Basiese Onderwys aan die einde van 2009 aangekondig is (DoE, 2009). Dit is opvallend dat die vakadviseurs net soos die fasiliteerders ook die mening uitgespreek het dat die sukses van die implementering van Liggaamlike Opvoeding baie nou saamhang met die mate waartoe skoolbeheerliggame op die belangrikheid van die vak attent gemaak word. Nog 'n ooreenstemming met die kwalitatiewe data van Fase 2 is dat enkele menings uitgespreek is dat kennis van Noodhulp 'n belangrike komponent behoort te wees in die opleiding van Liggaamlike Opvoeding. Enkele van die vakadviseurs was ook van mening dat sport en spele baie

belangrik is en dat plaaslike owerhede 'n groot bydrae kan lewer in die aanbied van rekreasie-aktiwiteite.

Enige positiewe of negatiewe kommentaar ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering, is by item 38 gevra. Die meerderheid vakadviseurs is uiters positief oor die bydrae wat Liggaamlike Opvoeding kan hê op die holistiese, lewenslange gesonde leefstyle van kinders en jongmense. Opmerkings soos “Very much needed” is gemaak ten opsigte van die bydrae wat Liggaamlike Opvoeding kan maak betreffende aspekte soos 'n beter selfbeeld, gesondheid, dissipline, gesonde liggaam en gees, asook selfs die verbetering van akademiese prestasies van kinders en jongmense. Die mening is ook uitgespreek dat Liggaamlike Opvoeding risikogedrag en seksuele aktiwiteite kan help voorkom en daarteenoor spanwerk en individuele prestasies kan help bevorder, wat 'n belangrike aspek vorm van uithouvermoë, aanvaarding deur maats asook 'n gevoel van om te behoort.

Die meerderheid vakadviseurs se negatiewe kommentaar by item 38 is onder andere swak en onopgeleide Liggaamlike Opvoeding-onderwysers, geen apparaat en fasiliteite vir Liggaamlike Opvoeding nie, asook 'n ontoereikende tydstoedeling vir die vak. Hierdie menings vergelyk baie goed met die kwalitatiewe data van die fasiliteerders in Fase 2. Heelwat vakadviseurs het die mening uitgespreek dat Liggaamlike Opvoeding-periodes misbruik word vir ander aktiwiteite.

Item 39 het die gevoel van die vakadviseurs getoets oor verdere opleiding in Liggaamlike Opvoeding, byvoorbeeld 'n Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS) in Bewegingsonderwys. Bykans al die vakadviseurs het JA geantwoord op hierdie vraag. Uitdrukkings soos “Absolutely, Definitely, Crucial and Urgent” het deurgaans voorgekom en groot klem is geplaas op praktiese sessies in die opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers. Die feit dat die Noordwes-Universiteit, die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding, Potchefstroomkampus, in 2009 begin het om 'n GOS in Bewegingsonderwys te implementeer, blyk uiters relevant te wees.

Samevattend oor Fase 3 is dat die vakadviseurs wat die werksinkels bygewoon het in 2008, net soos die fasiliteerders in Fase 2, 'n oorwegend ouer groep persone was met meer dames as mans in die groep. Die grootste groep vakadviseurs is afkomstig vanuit die platteland, is nie goed gekwalifiseer in Liggaamlike Opvoeding nie, en het baie min onderrig-ervaring in die vak. Die vakadviseurs identifiseer enkele probleem-areas binne Liggaamlike Opvoeding soos byvoorbeeld swak opgeleide personeel, en onvoldoende apparaat, fasiliteite en ondersteuning vir die implementering van die vak. Die vakadviseurs is, weereens net soos die fasiliteerders in Fase 2, baie positief oor die werksinkels en

oortuig dat die sukses van die aanbied van Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering afhanklik is van voortdurende kwaliteit opleiding en ondersteuning vir alle betrokkenes.

## 5.5 Resultate van Fase 4: Opvolg-vraelys aan 172 vakadviseurs wat deelgeneem het aan die weeklange werkswinkel

Beskrywende statistiek van die opvolg-data van die gekose groep Lewensoriëntering-vakadviseurs uit al nege provinsies ( $n = 172$ ), wat deel was van die weeklange werkswinkel vir Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering gedurende 2008, word aangetoon in Tabele 5.60 tot 5.90. Die totale aantal vakadviseurs wat in 2008 aan die werksinkels deelgeneem het, was 277, waarvan 172 vraelyste terug ontvang is. Twee jaar later, gedurende 2010, is opvolg-vraelyste per pos uitgestuur aan 172 vakadviseurs in al nege provinsies, waarvan 3 vraelyste terug ontvang is met adres onbekend. Dit beteken dat slegs 169 opvolg-vraelyste werklik uitgestuur is. Nege vakadviseurs het die navorser gekontak en aangetoon dat hulle na ander poste verskuif het en nie meer Lewensoriëntering-vakadviseurs is nie, en dus nie die vraelyste gaan voltooi nie. Dit beteken dat slegs 160 opvolg-vraelyste werklik uitgestuur is. Van hierdie 160 opvolg-vraelyste is 49 terug ontvang ( $n = 49$ ). Dit verteenwoordig 'n terugvoer-persentasie van 30.6%, wat volgens Maree en Pietersen (2007:157) en Williams (2003:94), 'n redelik normale terugvoer-persentasie is vir pos-vraelyste. 'n Ander faktor wat heel waarskynlik die terugvoer-persentasie kon beïnvloed het, is dat enkele van die vakadviseurs moontlik uit diens getree het; 8.20% van die vakadviseurs in Tabel 5.61 is ouer as 60. Die verandering in die Suid-Afrikaanse skoolkalender vir 2010 as gevolg van die FIFA Wêreldbekersokker-eindtoernooi kon baie moontlik ook die terugvoer-persentasie beïnvloed het, aangesien van die vakadviseurs heel waarskynlik met verlof was tydens die vraelysopname.

**Tabel 5.60: Geslag van vakadviseurs ( $n = 49$ )**

Geslag	Aantal	Persentasie
Manlik	14	28.60
Vroulik	35	71.40
Nie beantw	0	

In Tabel 5.60 is die meerderheid vakadviseurs (71.40%), betrokke by die opvolg-vraelyste weer vroulik. In Tabel 5.21 in Fase 3 (aanvanklike vraelys aan vakadviseurs) was 71.93% deelnemers vroulik, en in Tabel 5.1 in Fase 2 (vraelys aan dosente as fasiliteerders by die werksinkels) was 63.64% vroulik. Hierdie tendens kan 'n invloed op die onderrig-leer-situasie hê, veral in Liggaamlike Opvoeding waar gemengde seuns-en-dogters-groepe aan fisiese aktiwiteite deelneem en seuns somtyds geneig is om kanse te vat teenoor dames. 'n Verdere uitdaging wat die gemengde groepe leerders vir mans- en damespersoneel kan veroorsaak is wanneer die leerders onder toesig van kleedkamergeriewe gebruik moet maak, manspersoneel nie by die dogters kan toesig hou nie, en damespersoneel weer op hul beurt nie by die seuns toesig kan hou nie. Hierdie situasie kan aanleiding gee tot dissiplinêre probleme.

**Tabel 5.61: Ouderdomsverspreiding van vakadviseurs (n = 49)**

Ouderdom (Jare)	Aantal	Persentasie
30 – 39	2	4.00
40 – 49	26	53.10
50 – 59	17	34.70
Bo 60	4	8.20
Nie beantwoord		

Tabel 5.61 toon aan dat 96.00% van die vakadviseurs wat die opvolg-vraelyste voltooi het ouer as 40 jaar is. In Tabel 22 in Fase 3 (aanvanklike vraelys aan vakadviseurs) was 78.94% deelnemers ouer as 40, en in Tabel 5.2 in Fase 2 (vraelys aan dosente as fasiliteerders by die werksinkels) was 72.72% ouer as 40. Heelwat meer van die vakadviseurs wat die opvolg-vraelyste voltooi het, is ouer as 40 en beskik oor kennis van Liggaamlike Opvoeding uit die vorige bedeling. Dit kan meebring dat hierdie groep vakadviseurs meer realisties en objektief staan teenoor die status en implementering van Liggaamlike Opvoeding, omdat hulle deel was van die uitdaging, maar ook van die suksesse van die vorige bedeling.

**Tabel 5.62: Geografiese verspreiding van vakadviseurs (n = 49)**

Omgewing	Aantal	Persentasie
Stedelik	20	40.80
Platteland	20	40.80
Onseker	9	18.40
Nie beantw		

Tabel 5.62 toon aan dat daar presies ewe veel vakadviseurs (40.80%) uit die stedelike en die plattelandse omgewings by die opvolg-vraelyste betrokke was. Dit is opvallend dat 18.40% onseker is oor die ligging van hul areas. Transformasie en verstedeliking kan moontlik 'n rol in hierdie onsekerheid speel. Dit is 'n soortgelyke tendens as wat voorgekom het in Fase 3 (aanvanklike vraelys aan vakadviseurs), waar die meerderheid (50,33%) vakadviseurs uit 'n plattelandse omgewing afkomstig was. In Tabel 5.3 in Fase 2 (vraelys aan dosente as fasiliteerders by die werksinkels) was 87.50% afkomstig uit stedelike omgewings. Verteenwoordigende menings vanuit stedelike sowel as plattelandse omgewings, oor aspekte rakende Liggaamlike Opvoeding, is dus verseker in hierdie studie.

**Tabel 5.63: Onderrigervaring van vakadviseurs in Ligg Opv (n = 49)**

Onderrigervaring van vakadviseurs in Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Geen	14	29.80
1 – 2 jaar	1	2.00
3 – 5 jaar	14	29.80
6 – 10 jaar	10	21.30
11 – 15 jaar	2	4.30
16 – 20 jaar	2	4.30
21 jaar plus	4	8.50
Nie beantwoord	2	

Dit is opvallend uit Tabel 5.63 dat 29.80% van die vakadviseurs wat die opvolg-vraelyste voltooi het, geen onderrig-ervaring in Liggaamlike Opvoeding het nie. Tabel 5.24 in Fase 3 (aanvanklike vraelys aan vakadviseurs) se data toon aan dat die meerderheid vakadviseurs (58.82%) oor baie min onderrig-ervaring in Liggaamlike Opvoeding beskik; 'n soortgelyke beeld kom voor by die opvolg-vraelyste (61.60%). Volgens die vakadviseurs se hoër ouderdom (Tabel 5.22) kan die afleiding gemaak word dat hulle by ander vakke betrokke was voordat Liggaamlike Opvoeding een van die uitkomstes van Lewensoriëntering geword het in die NKS (kyk Hoofstuk 2). Dit is beslis 'n groot bron van kommer dat so baie van die Lewensoriëntering-vakadviseurs wat aan die onderwysers raad en leiding moet gee rakende Liggaamlike Opvoeding, baie min of geen onderrig-ervaring in die vak het nie.

**Tabel 5.64: Hoogste akademiese kwalifikasie van vakadviseurs in Ligg Opv (n = 49)**

Hoogste akademiese kwalifikasie in Liggaamlike Opvoeding	Aantal	Persentasie
Gr 11 en laer	1	2.50
Gr 12	10	24.40
Ligg Opv I	1	2.40
Ligg Opv II	1	2.40
Ligg Opv III	4	9.80
Ligg Opv Hons	1	2.40
M-graad in Ligg Opv	2	4.90
PhD in Ligg Opv	2	4.90
Geen Ligg Opv-Opl	19	46.30

Daar is 'n baie groot ooreenkoms tussen Tabel 5.64 (46.30%) en Tabel 5.25 in Fase 3 (aanvanklike vraelys aan vakadviseurs) (48.41%), wat aantoon dat heelwat vakadviseurs oor geen opleiding in Liggaamlike Opvoeding beskik nie. Daar het dus geen verandering in hierdie kommerwekkende omstandigheid plaasgevind oor die afgelope twee jaar nie. Dit is kommerwekkend, aangesien hierdie vakadviseurs verantwoordelik is om toe te sien dat Liggaamlike Opvoeding korrek en ten volle in die skole deur die Lewensoriëntering-onderwysers geïmplementeer en aangebied moet word.

**Tabel 5.65: Grootste getal leerders in Ligg Opv-klasse in streek (n = 49)**

<b>Grootste getal leerders in Liggaamlike Opvoeding-klasse in streek</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>0 – 15</b>	<b>3</b>	<b>7.10</b>
<b>16 – 30</b>	<b>1</b>	<b>2.40</b>
<b>31– 45</b>	<b>7</b>	<b>16.70</b>
<b>46+</b>	<b>31</b>	<b>73.80</b>
<b>Onseker</b>	<b>7</b>	

Die data in Tabel 5.65 toon aan dat 73.80% skole in hul streek 46+ leerders in Liggaamlike Opvoeding-klasse akkommodeer. Dit is 'n vermeerdering teenoor twee jaar gelede, waar Tabel 5.26 in Fase 3 (aanvanklike vraelys aan vakadviseurs) aangetoon het dat 71.22% skole meer as 46 leerders per Liggaamlike Opvoeding-klas in skole in hul streek akkommodeer het. Groot gemengde klasse seuns en dogters in Liggaamlike Opvoeding bly 'n uitdaging ten opsigte van fasiliteite en apparaat.

Die data in Tabelle 5.66 tot 5.77 rapporteer oor Kurrikulumdokumente, opleiding in Liggaamlike Opvoeding, die vak in die algemeen, moontlike probleme in die vak asook assessering. Hierdie data is ook ingesamel met behulp van dieselfde opvolg-vraelyste wat voltooi is na 'n tweejaar-implementeringstydperk sedert die weeklange werkswinkel in 2008, wat in al nege provinsies bygewoon is.

**Tabel 5.66: Beskikbaarheid van Nasionale Kurrikulumdokumente aan alle onderwysers in streek (n = 49)**

<b>Nasionale Kurrikulumdokumente beskikbaar aan alle onderwysers in streek</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Ja</b>	<b>37</b>	<b>78.70</b>
<b>Nee</b>	<b>10</b>	<b>21.30</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>2</b>	

Tabel 5.66 toon ook 'n merkbare verbetering (78.70%) ten opsigte van die beskikbaarheid van kurrikulumdokumente aan alle onderwysers in hul streek, teenoor die 72.62% van Tabel 5.27 Fase 3 (aanvanklike vraelys aan vakadviseurs). Dit is 'n positiewe faktor aangesien hierdie NKS-dokumente die basis is waarvolgens Lewensoriëntering, maar ook spesifiek Liggaamlike Opvoeding, in die skool geïmplementeer en aangebied moet word. Hierdie verbetering kan moontlik 'n positiewe gevolg wees van die opleiding wat die vakadviseurs deurloop het. Hulle het gaan kontroleer of die dokumente wel beskikbaar is.

**Tabel 5.67: Nasionale Kurrikulumdokumente word gebruik (n = 49)**

Nasionale Kurrikulumdokumente word gebruik in Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Ja	31	67.40
Nee	15	32.60
Onseker	3	
Nie beantwoord		

Tabel 5.67 se data toon dat 67.40% van die vakadviseurs die NKS-dokumente in die skole in hul streek gebruik om Liggaamlike Opvoeding aan te bied. In vergelyking met 85.81% in Tabel 5.28 in Fase 3 (aanvanklike vraelys aan vakadviseurs): “dokumente is maklik verstaanbaar” asook 75.84% in Tabel 5.29 in Fase 3 (aanvanklike vraelys aan vakadviseurs): “dokumente bevat duidelike instruksies”, kan afgelei word dat die dokumente nou minder geredelik gebruik word. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat, ná die opleiding in 2008, die vakadviseurs nou met beter kennis en begrip van hierdie dokumente tydens besoeke aan die skole in hul streke besef het dat die swak en selfs onopgeleide onderwysers in Liggaamlike Opvoeding uitdagings ervaar met die NKS-dokumente.

**Tabel 5.68: Enige opleiding ontvang in Ligg Opv vanaf 2008 – 2010 (n = 49)**

Enige opleiding ontvang in Ligg Opv vanaf 2008 – 2010	Aantal	Persentasie
Ja	36	76.60
Nee	11	23.40
Onseker	2	



Wanneer Tabel 5.68 van die opvolg-vraelyste met Tabel 5.30 in Fase 3 (aanvanklike vraelys aan vakadviseurs) vergelyk word, word daar weereens 'n kommerwekkende tendens waargeneem. By verre die meerderheid, 76.60% vakadviseurs teenoor 63.37%, toon aan dat hulle geen opleiding vanaf 2008 tot 2010 ontvang het in Liggaamlike Opvoeding nie. Die afleiding wat gemaak word, is dat die vakadviseurs slegs aangewese moes wees op die opleiding wat hulle tydens die werkswinkels aan die begin van 2008 ontvang het, en geen verdere opleiding en ondersteuning gekry het nie. Hierdie is 'n aspek wat dringend aandag sal moet kry. 'n Week se opleiding in enige vak kan geen persoon bemagtig om voldoende ondersteuning aan ander te verleen nie, veral nie in 'n praktiese vak soos Liggaamlike Opvoeding nie.

**Tabel 5.69: Die opleiding in Ligg Opv het die vakadviseurs beter toegerus (n = 49)**

Die opleiding in Ligg Opv het die vakadviseurs beter toegerus	Aantal	Persentasie
Ja	23	50.00
Nee	11	23.90
Onseker	7	15.20
Nie van toepassing	5	10.90
Nie beantwoord	3	

Die helfte (50.00%) van die vakadviseurs in die opvolg-vraelyste, wat wel opleiding ontvang het, voel dat die opleiding hulle wel beter toegerus het om leiding te gee in Liggaamlike Opvoeding. Dit is 'n aansienlike verbetering teenoor Tabel 5.31 in Fase 3 (aanvanklike vraelys aan vakadviseurs) se data waar 34.86% positief was. Die 50.00% (Tabel 5.69 hierbo) deelnemers aan die opvolg-vraelys wat "nee", "onseker" of "nie van toepassing" geantwoord het oor die waarde van die opleiding, kan heel waarskynlik toegeskryf word aan die baie kort en selfs geen of ongereeelde opleiding en ondersteuning wat hulle in Liggaamlike Opvoeding ontvang.

**Tabel 5.70: Stel belang in verdere opleiding in Ligg Opv (n = 49)**

<b>Stel belang in verdere opleiding in Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Ja</b>	<b>43</b>	<b>87.80</b>
<b>Nee</b>	<b>5</b>	<b>10.20</b>
<b>Onseker</b>	<b>1</b>	<b>2.00</b>
<b>Nie beantwoord</b>		

'n Groot meerderheid, naamlik 87.80% van die vakadviseurs in Tabel 5.70 van die opvolg-vraelyste, rapporteer dat hulle belangstel in verdere opleiding in Liggaamlike Opvoeding binne Lewensoriëntering, teenoor 92.64% in Tabel 5.32 in Fase 3 (aanvanklike vraelys aan vakadviseurs). Die afleiding kan gemaak word dat die werkswinkels in 2008 wel 'n positiewe bydrae gelewer het ten opsigte van die agtergrond, kennis, inhoud, aanbieding en assessering van Liggaamlike Opvoeding van die vakadviseurs, maar dat hierdie aspek 'n prioriteit moet wees op alle vlakke indien die vak suksesvol aangebied gaan word in die toekoms.

Die volgende tabelle bevat data oor moontlike probleme en uitdagings wat ervaar word met die implementering en aanbieding van Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering.

**Tabel 5.71: Die keuse van leeruitkomst in Ligg Opv is te beperk (n = 49)**

<b>Die keuse van leeruitkomst in Ligg Opv is te beperk</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Geensins problematies</b>	<b>19</b>	<b>43.20</b>
<b>Effens problematies</b>	<b>11</b>	<b>25.00</b>
<b>Redelik problematies</b>	<b>8</b>	<b>18.20</b>
<b>Erg problematies</b>	<b>6</b>	<b>13.60</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>5</b>	

Tabel 5.71 toon dat 43.20% van die vakadviseurs in die opvolg-vraelys aangedui het dat die keuse van leeruitkomst in Liggaamlike Opvoeding nie te beperk is nie, teenoor 65.84% in Tabel 5.36 in Fase 3 (aanvanklike vraelys aan vakadviseurs). Die afleiding kan

dus gemaak word dat heelwat meer (56.80%) van die vakadviseurs in die opvolg-vraelyste teenoor 34.16% in Fase 3 (aanvanklike vraelys aan vakadviseurs) hierdie aspek as problematies ervaar. Die 2008-werkswinkels en meer ingeligte ondersteuning wat die vakadviseurs die afgelope twee jaar in Liggaamlike Opvoeding kon bied, het heel waarskynlik 'n rol in hierdie meningsverandering teweeggebring.

**Tabel 5.72: Die keuse van aktiwiteite in Ligg Opv is te wyd en oop (n = 49)**

Die keuse van aktiwiteite in Ligg Opv is te wyd en oop	Aantal	Persentasie
Geensins problematies	14	29.20
Effens problematies	11	22.90
Redelik problematies	11	22.90
Erg problematies	12	25.00
Nie beantwoord	1	

Daar is 'n duidelike korrelasie tussen die data in Tabel 5.72 en die data in Tabel 5.71. Die afleiding kan gemaak word dat heelwat meer van die vakadviseurs ná die werkswinkels met meer selfvertroue na hierdie aspek kon kyk, en tot die gevolgtrekking kon kom dat die Lewensoriëntering-onderwysers in hul streke ook beperkte opleiding en ervaring in Liggaamlike Opvoeding het en dus probleme hiermee ervaar.

**Tabel 5.73: Assessering-standaarde in Ligg Opv is te wyd en oop (n = 49)**

Assessering-standaarde in Ligg Opv is te wyd en oop	Aantal	Persentasie
Geensins problematies	9	18.40
Effens problematies	15	30.60
Redelik problematies	13	26.50
Erg problematies	12	24.50
Nie beantwoord	0	

Die data van die opvolg-vraelyste in Tabel 5.73 ondersteun die data en afleidings wat in Tabelle 5.72 en 5.73 aangetoon word. Die meerderheid, naamlik 81.60% van die

vakadviseurs ervaar nou probleme met assesseringstandaarde, teenoor 51.19% in Tabel 5.38 in Fase 3 (aanvanklike vraelys aan vakadviseurs). Die enigste moontlike verklaring is 'n beter insig ten opsigte van hierdie aspek ná die opleiding in 2008.

**Tabel 5.74: Beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv (n = 49)**

Beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Geensins problematies	2	4.00
Effens problematies	4	8.20
Redelik problematies	5	10.20
Erg problematies	38	77.60
Nie beantwoord	0	

Heelwat meer van die vakadviseurs in die opvolg-vraelyste (77.60% in Tabel 5.74) ervaar apparaat en fasiliteite as erg problematies, teenoor 60.48% in Tabel 5.39 in Fase 3. Aangesien daar presies dieselfde aantal vakadviseurs vanuit stedelike sowel as plattelandse omgewings in die opvolg-vraelyste terugvoer gegee het, volgens Tabel 5.62, kan afgelei word dat dit 'n algemene probleem is ongeag van die ligging van die streek.

**Tabel 5.75: Onvoldoende opgeleide Ligg Opv-personeel (n = 49)**

Onvoldoende opgeleide Ligg Opv-personeel	Aantal	Persentasie
Geensins problematies	1	2.10
Effens problematies	1	2.00
Redelik problematies	5	10.20
Erg problematies	42	85.70
Nie beantwoord	0	

In Tabel 5.75 ervaar 85.70% van die vakadviseurs onvoldoende opgeleide Liggaamlike Opvoeding-personeel as erg problematies, teenoor 78.92% in Tabel 5.40 in Fase 3. Daar is 'n direkte verband met Tabel 5.64 van die opvolg-vraelyste, waar 46.30% van die vakadviseurs geen formele opleiding in Liggaamlike Opvoeding het nie. Die DoE sal op

alle vlakke dringend aandag hieraan moet gee, anders gaan Liggaamlike Opvoeding nie suksesvol aangebied word nie.

**Tabel 5.76: Onvoldoende ondersteuning vir die implementering van Ligg Opv binne Lewensoriëntering (n = 49)**

Onvoldoende ondersteuning vir die implementering van Ligg Opv binne Lewensoriëntering	Aantal	Persentasie
Geensins problematies	4	8.10
Effens problematies	2	4.10
Redelik problematies	16	32.70
Erg problematies	27	55.10
Nie beantwoord	0	

Die tendens van die data in die vorige tabelle (Tabel 5.74 en Tabel 5.75) word ook in Tabel 5.76 weerspieël. 55.10% van die vakadviseurs wat die opvolg-vraelyste voltooi het, voel daar is onvoldoende ondersteuning vir die implementering van Liggaamlike Opvoeding binne Lewensoriëntering, teenoor 39.02% in Tabel 5.41 in Fase 3. Die afleiding kan gemaak word dat die vakadviseurs ná die opleiding in 2008 meer bewus geword het van die ontoereikende ondersteuning vir die implementering van Liggaamlike Opvoeding. Aan hierdie aspek sal ook dringende aandag gegee moet word indien Liggaamlike Opvoeding suksesvol as deel van Lewensoriëntering aangebied gaan word.

**Tabel 5.77: Getal leerders in Ligg Opv-klasse (n = 49)**

Getal leerders in Ligg Opv-klasse	Aantal	Persentasie
Geensins problematies	4	8.30
Effens problematies	5	10.40
Redelik problematies	6	12.50
Erg problematies	33	68.80
Nie beantwoord	1	

'n Groot aantal, naamlik 68.80% van die vakadviseurs in die opvolg-vraelyste in Tabel 5.77 het aangetoon dat groot getalle leerders in Liggaamlike Opvoeding-klasse erg problematies is, teenoor 70.12% in Tabel 5.42 in Fase 3. Hierdie positiewe verlaging

korreleer met die data in Tabel 5.65 waar heelwat minder (8%) van die vakadviseurs wat die opvolg-vraelyste voltooi het, aangedui het dat die grootste klasse in Liggaamlike Opvoeding in skole in hul streek 46 en meer leerders akkommodeer. Hierdie aspek sal verder aangespreek moet word, aangesien groot getalle leerders in enige leer- en onderrig-situasie groot uitdagings aan die leerkrag stel – veral ten opsigte van fasiliteite, apparaat en toerusting.

Die data wat bespreek word in Tabelle 5.78 tot 5.90 handel oor hoe belangrik en noodsaaklik die vakadviseurs die verskillende opleidingsterreine beoordeel as deel van die opleiding in Liggaamlike Opvoeding binne Lewensoriëntering. Die data van die aanvanklike vraelyste oor die vakadviseurs se menings omtrent hierdie opleidingsterreine, en waarmee die opvolg-ondersoek se verskille vergelyk sal word, verskyn in Tabelle 5.46 tot 5.59 in Fase 3 van hierdie hoofstuk. Die data van die dosente wat as fasiliteerders by die werksinkels opgetree het, verskyn in Tabelle 5.7 tot 5.20 in Fase 2 van hierdie hoofstuk, en sal ook as vergelyking gebruik word.

**Tabel 5.78: Teoretiese agtergrond oor Ligg Opv (n = 49)**

<b>Teoretiese agtergrond oor Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>2</b>	<b>4.00</b>
<b>Relevant</b>	<b>10</b>	<b>20.40</b>
<b>Belangrik</b>	<b>16</b>	<b>32.70</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>21</b>	<b>42.90</b>
<b>Onseker</b>	<b>0</b>	

Slegs 5.32% meer vakadviseurs in Tabel 5.78 van die opvolg-vraelyste het aangetoon dat die teoretiese agtergrond in die vak (kyk verduideliking by Tabel 5.47, 37.58% in Fase 3) as uiters belangrik beskou word tydens opleiding in Liggaamlike Opvoeding. Dit is nog steeds aansienlik minder as die dosente (87.50% in Tabel 5.8 in Fase 2). Heel waarskynlik het die vakadviseurs in die afgelope twee jaar ná die werksinkels in 2008 besef die teoretiese agtergrond is tog belangrik.

**Tabel 5.79: Apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv (n = 49)**

Apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	5	10.20
Belangrik	17	34.70
Uiters belangrik	27	55.10
Onseker	0	

Tabel 5.79 toon dat 55.10% – net 3.88% meer as in Tabel 5.48 – van die vakadviseurs wat die opvolg-vraelyste voltooi het, aangedui het dat apparaat en fasiliteite uiters belangrik is vir opleiding in Liggaamlike Opvoeding (kyk verduideliking by Tabel 5.48, 51.22% in Fase 3). Hierdie syfer is aansienlik meer as die dosente (44.44% in Tabel 5.9 Fase 2). Daar is beslis 'n ongelykheid wat hierdie aspek aanbetref tussen skole en universiteite waar die dosente werk, en die vakadviseurs is gedurende die afgelope twee jaar ná die werksinkels opnuut daaraan blootgestel (kyk Tabel 5.74 in hierdie afdeling wat handel oor die opvolg-vraelyste).

**Tabel 5.80: Organisasie en Administrasie van Ligg Opv (n = 49)**

Organisasie en Administrasie van Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	2	4.10
Belangrik	28	57.10
Uiters belangrik	19	38.80
Onseker	0	

Minder vakadviseurs (38.80%) as in die eerste vraelys, het die opvolg-vraelyste voltooi. Tabel 5.80 toon aan dat organisasie en administrasie van Liggaamlike Opvoeding uiters belangrik is as deel van opleiding in die vak (kyk verduideliking by Tabel 5.49, 46.30% in Fase 3). Dit verskil aansienlik van die dosente wat hierdie vraag beantwoord het (100% in Tabel 5.10, Fase 2). Hierdie verskil kan heel waarskynlik toegeskryf word aan die jare

onderrig-ervaring en opleiding van die vakadviseurs (kyk Tabele 5.63 en 5.64 in hierdie afdeling wat handel oor die opvolg-vraelyste).

**Tabel 5.81: Veiligheidsaspekte binne Ligg Opv (n = 49)**

Veiligheidsaspekte binne Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	1	2.10
Belangrik	10	20.80
Uiters belangrik	37	77.10
Onseker	1	

Aansienlik meer van die opvolg-vraelyste se resultate in Tabel 5.81 (77.10%) toon aan dat die vakadviseurs veiligheidsaspekte binne Liggaamlike Opvoeding as uiters belangrik beskou vir opleiding (kyk verduideliking by Tabel 5.50, 60.98% in Fase 3). Hierdie syfer is nie naastenby so hoog soos die dosente wat hierdie vraag beantwoord het nie (100% in Tabel 5.11, Fase 2). Onvoldoende opleiding en onderwys-ervaring (kyk Tabele 5.63 en 5.64 in hierdie afdeling wat handel oor die opvolg-vraelyste), asook moontlike regstappe as gevolg van nalatigheid speel sekerlik 'n rol in hierdie mening. Die opleiding in 2008 asook die praktiese tweejaar-implementeringstydperk kon beslis 'n rol gespeel het in die verhoogde frekwensie in Tabel 5.81.

**Tabel 5.82: Teorie van sport en spele binne Ligg Opv (n = 49)**

Teorie van sport en spele binne Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	12	25.00
Belangrik	18	37.50
Uiters belangrik	18	37.50
Onseker	1	

Slegs 2.74% (Tabel 5.82, 37.50%) minder van die vakadviseurs in Tabel 5.51 by die opvolg-vraelyste toon aan dat die "opleiding in die teorie van sport en spele" binne Liggaamlike Opvoeding as uiters belangrik beskou word (kyk verduideliking by Tabel 5.51,



40.24% in Fase 3). Dit is egter nog steeds aansienlik meer (12.50%, Tabel 5.12 in Fase 2) as die dosente. Die vakadviseurs se praktiese ervaring van die onderwysers se buitekurrikulêre betrokkenheid by sport gedurende die twee jaar implementeringstydperk ná die werkwinkel in 2008, kon hierdie data in Tabel 5.82 beïnvloed het.

**Tabel 5.83: Praktiese opleiding in sport en spele binne Ligg Opv (n = 49)**

<b>Praktiese opleiding in sport en spele binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>1</b>	<b>2.10</b>
<b>Belangrik</b>	<b>23</b>	<b>46.90</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>25</b>	<b>51.00</b>
<b>Onseker</b>	<b>0</b>	

In Tabel 5.83 beskou 2.09% minder vakadviseurs (kyk verduideliking by Tabel 5.52, 53.09% in Fase 3) praktiese opleiding in sport en spele as uiters belangrik vir opleiding in die vak, terwyl 11.71% meer vakadviseurs (kyk verduideliking by Tabel 5.52, 35.19% in Fase 3) hierdie aspek as belangrik beskou. Heelwat meer dosente (kyk verduideliking, 71.43%, Tabel 5.13 in Fase 2) beskou hierdie faset as uiters belangrik. Die onderwysers se praktiese ervaring met buitekurrikulêre skoolsport kon die vakadviseurs se mening help vorm het.

**Tabel 5.84: Teorie van rekreasie-aktiwiteite binne Ligg Opv (n = 49)**

<b>Teorie van rekreasie-aktiwiteite binne Ligg. Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>1</b>	<b>2.00</b>
<b>Relevant</b>	<b>8</b>	<b>16.30</b>
<b>Belangrik</b>	<b>19</b>	<b>38.80</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>21</b>	<b>42.90</b>
<b>Onseker</b>	<b>0</b>	

Tabel 5.84 toon aan dat 6.25% meer (kyk verduideliking by Tabel 5.53, 36.65% in Fase 3) van die vakadviseurs wat die vraag in die opvolg-vraelyste beantwoord het, die teorie van

rekreasie-aktiwiteite as 'n uiters belangrike komponent tydens die opleiding in Liggaamlike Opvoeding beskou. Twee derdes (66.67%) van die dosente (Tabel 5.14 in Fase 2) beskou hierdie komponent as uiters belangrik. Rekreasie-aktiwiteite is 'n relatief nuwe toevoeging tot Liggaamlike Opvoeding – 'n faktor wat kon bydra tot die verskillende menings.

**Tabel 5.85: Opvoedkundige dans binne Ligg Opv (n = 49)**

Opvoedkundige dans binne Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	8	16.40
Belangrik	23	46.90
Uiters belangrik	18	36.70
Onseker	0	

Die data in Tabel 5.85 toon aan dat 5.98% minder (kyk verduideliking by Tabel 5.54, 42.68% in Fase 3) van die vakadviseurs wat die opvolg-vraelyste voltooi het, Opvoedkundige dans as uiters belangrik beskou vir opleiding in Liggaamlike Opvoeding, maar 9.96% meer vakadviseurs (kyk verduideliking by Tabel 5.54, 36.94% in Fase 3) beskou hierdie aspek as belangrik. Minder (33.33%) van die dosente (kyk Tabel 5.15 in Fase 2) beskou bogenoemde komponent as belangrik binne Liggaamlike Opvoeding. Die vakadviseurs se praktiese ervaring van die onderwysers se blootstelling aan buitekurrikulêre aktiwiteite (kyk Tabel 5.15 in Fase 2) kon moontlik 'n rol gespeel het in hierdie menings.

**Tabel 5.86: Opvoedkundige gimnastiek binne Ligg Opv (n = 49)**

Opvoedkundige gimnastiek binne Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	1	2.00
Relevant	12	24.50
Belangrik	21	42.90
Uiters belangrik	15	30.60
Onseker	0	

Tabel 5.86 toon aan dat die 9.89% minder (kyk verduideliking by Tabel 5.55, 40.49% in Fase 3) vakadviseurs wat die opvolg-vraelyste voltooi het, voel dat Opvoedkundige gimnastiek uiters belangrik is vir die opleiding in Liggaamlike Opvoeding. Aansienlik meer dosente (66.67%, Tabel 5.16 in Fase 2) voel dat hierdie komponent uiters belangrik is. Onderrig-ervaring en onvoldoende opleiding in Liggaamlike Opvoeding (kyk Tabelle 5.63 en 5.64 in hierdie afdeling wat handel oor die opvolg-vraelyste) het heel moontlik 'n invloed op hierdie standpunt gehad. Onderwysers wat nie ervaring het of opgelei is om kinders en jongmense leiding te gee tydens opvoedkundige gimnastiek nie en boonop regstappe in die gesig staar, bly heel moontlik eerder weg van hierdie leeruitkoms en konsentreer eerder op die ander leeruitkomste.

**Tabel 5.87: Fisieke fiksheid binne Ligg Opv (n = 49)**

<b>Fisieke fiksheid binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>2</b>	<b>4.10</b>
<b>Belangrik</b>	<b>23</b>	<b>46.90</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>24</b>	<b>49.00</b>
<b>Onseker</b>	<b>0</b>	

Tabel 5.87 toon aan dat 12.59% minder vakadviseurs (kyk verduideliking by Tabel 5.56, 61.59% in Fase 3) fisieke fiksheid as 'n uiters belangrike komponent binne die opleiding van Liggaamlike Opvoeding beskou, maar dat 17.63% meer vakadviseurs (kyk verduideliking by Tabel 5.56, 29.27% in Fase 3) die komponent as belangrik beskou. Baie meer dosente (87.50%, Tabel 5.17 in Fase 2) voel dat fisieke fiksheid 'n uiters belangrike aspek in die opleiding van Liggaamlike Opvoeding moet wees. Fisieke fiksheid is 'n belangrike komponent en alle betrokke partye voel heel waarskynlik dat Liggaamlike Opvoeding die mees geskikte platform is om dit aan alle kinders en jongmense bekend te stel.

**Tabel 5.88: Assessering binne Ligg Opv (n = 49)**

Assessering binne Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	6	12.20
Belangrik	16	32.70
Uiters belangrik	27	55.10
Onseker	0	

In Tabel 5.88 beskou 4.79% meer vakadviseurs (kyk verduideliking by Tabel 5.57, 50.31% in Fase 3) assessering as 'n uiters belangrike afdeling in die opleiding van Liggaamlike Opvoeding. Aansienlik meer dosente (88.89%, Tabel 5.18 in Fase 2) beskou hierdie aspek as uiters belangrik. Assessering is verpligtend vir Liggaamlike Opvoeding binne Lewensoriëntering – so die praktiese ervaring van die vakadviseurs van hoe die Lewensoriëntering-onderwysers hierdie komponent as 'n uitdaging ervaar, kon heel waarskynlik hier 'n impak gehad het.

**Tabel 5.89: Beplanning vir Ligg Opv (n = 49)**

Beplanning vir Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	3	6.20
Belangrik	11	22.40
Uiters belangrik	35	71.40
Onseker	0	

Tabel 5.89 toon aan dat 71.40% van die vakadviseurs wat die opvolg-vraag beantwoord het, beplanning as 'n uiters belangrike aspek in die opleiding van Liggaamlike Opvoeding beskou – dit is 8.6% meer vakadviseurs (kyk verduideliking by Tabel 5.58, 62.80% in Fase 3). Al die dosente (100%, kyk Tabel 5.19 in Fase 2) wat hierdie vraag beantwoord het, beskou hierdie aspek as uiters belangrik. Onderrig-ervaring en opleiding in Liggaamlike Opvoeding (kyk verduideliking by Tabel 5.58) speel gewis 'n rol in hierdie mening. Die vakadviseurs se opleiding in 2008 en die praktiese ervaring van hoe belangrik hierdie

komponent is tydens die tweejaar-implementeringstydperk kon heel moontlik 'n invloed op hierdie mening gehad het.

**Tabel 5.90: Lesaanbieding binne Ligg Opv (n = 49)**

<b>Lesaanbieding binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>3</b>	<b>6.10</b>
<b>Belangrik</b>	<b>14</b>	<b>28.60</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>32</b>	<b>65.30</b>
<b>Onseker</b>	<b>0</b>	

Tabel 5.90 toon aan dat 14.68% meer vakadviseurs (kyk verduideliking by Tabel 5.59 50.62% in Fase 3) wat die opvolg-vraelyste voltooi het, lesaanbieding as 'n uiters belangrike afdeling beskou. 100% (Tabel 5.20 in Fase 2) van die dosente wat hierdie vraag beantwoord het, beskou ook hierdie komponent as uiters belangrik. Hier is 'n groot ooreenkoms met die vorige tabel en daarom kan 'n soortgelyke gevolgtrekking gemaak word. Hoe meer die vakadviseurs in die praktyk ervaar hoe belangrik hierdie aspek vir die onderwysers is, hoe meer beskou hulle hierdie aspek as uiters belangrik in die opleiding van Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering (kyk verduideliking by Tabel 5.59 in Fase 3).

### **5.5.1 Betekenisvolle verskille tussen die Aanvanklike vraelys en die Opvolg-vraelys aan vakadviseurs**

Tabel 5.91 toon die statistiese analise van die vergelyking tussen die Aanvanklike Vraelys aan die Vakadviseurs direk ná die werksinkels in 2008 en die Opvolg-vraelys aan die Vakadviseurs in 2010. Om die effekgroottes van praktiese betekenisvolle verskille aan te toon word van d-waardes gebruik gemaak (Cohen, 1988; Steyn, 2005:15).

**Tabel 5.91: Betekenisvolle verskille (d-waardes) tussen die Aanvanklike vraelys en die Opvolg-vraelys aan Vakadviseurs**

Stelling	Aanvanklike vraelys (n = 172)		Opvolg-vraelys (n = 49)		Effek-grote
	$\bar{x}$	S	$\bar{x}$	S	d
Keuse van leeruitkomste te beperk	1.40	0.64	2.02	1.09	0.57*
Keuse van aktiwiteite vir LO te wyd	1.69	0.92	2.44	1.17	0.64*
Assessering-std te wyd en oop	1.79	0.93	2.57	1.06	0.74*
Beskikbaarheid van app en fasiliteite	3.38	0.88	3.61	0.81	0.26*
Onvoldoende opgeleide personeel	3.69	0.67	3.80	0.58	0.14
Onvoldoende ondersteuning vir LO	3.01	0.97	3.35	0.90	0.34*
Aantal leerders in LO-klasse	3.57	0.74	3.42	0.99	0.16
Teoretiese agtergrond van LO	3.14	0.77	3.14	0.89	0.00
Apparaat en fasiliteite vir LO	3.29	0.81	3.45	0.68	0.19
Organisasie en admin van LO	3.31	0.72	3.35	0.56	0.04
Veiligheidsaspekte binne LO	3.50	0.69	3.75	0.48	0.36*
Teorie van Sport en Spele	3.23	0.72	3.13	0.79	0.14
Prakties van Sport en Spele	3.41	0.69	3.49	0.55	0.11
Teorie van Rekreasie-Aktiwiteite	3.19	0.73	3.22	0.79	0.05
Opvoedkundige dans in LO	3.22	0.76	3.20	0.71	0.02
Opvoedkundige gimnastiek in LO	3.24	0.73	3.02	0.80	0.27*
Fisieke fiksheid in LO	3.52	0.66	3.45	0.58	0.11
Assessering in LO	3.35	0.76	3.43	0.71	0.10
Beplanning in LO	3.52	0.68	3.65	0.59	0.19
Praktiese lesaanbieding in LO	3.36	0.74	3.59	0.61	0.31*

Nota:  $\bar{x}$  = gemiddelde, S = standaardafwyking, d = effekgroottes

Effekgroottes:  $d \approx 0.2$  = klein praktiese betekenisvolheid

$d \approx 0.5$  = medium praktiese betekenisvolheid

$d \geq 0.8$  = groot praktiese betekenisvolheid (Cohen, 1988)

In Tabel 5.91 is items 1 tot 7 getoets op 'n Likert-skaal van 1 – 4, waar 1 geensins problematies in die aanbieding van Liggaamlike Opvoeding aandui en 4 uiters problematies aandui. Items 8 tot 20 is op 'n soortgelyke Likert-skaal getoets, waar 1 irrelevant ten opsigte van opleiding in Liggaamlike Opvoeding en 4 uiters noodsaaklik aandui (kyk Vraelys, Addendum A).

In die data in Tabel 5.91 word groot, medium en klein praktiese betekenisvolle verskille gerapporteer. As gekyk word na praktiese betekenisvolheid tussen die data van die Aanvanklike vraelys en die Opvolg-vraelys (Tabel 5.91), kan die volgende gerapporteer word. Groot praktiese betekenisvolheid kom voor by een item, naamlik “Asseseringstandaarde te wyd en te oop” ( $d = 0.74$ ). Medium praktiese betekenisvolheid het by “Keuse van aktiwiteite vir Liggaamlike Opvoeding te wyd” ( $d = 0.64$ ) en “Keuse van Leeruitkomste te beperk” ( $d = 0.57$ ) voorgekom. In al hierdie gevalle het die opvolg-studie 'n groter gemiddelde waarde as die aanvanklike studie getoon, wat dui op 'n meningswaaier wat meer neig tot matig problematies. Die afleiding kan uit hierdie praktiese betekenisvolheid gemaak word dat die vakadviseurs ná die weeklange werkswinkel in 2008 en ná 'n verloop van twee jaar praktiese ervaring ten opsigte van ondersteuning van Lewensoriëntering-onderwysers in die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms, nou van mening is dat die Asseseringstandaarde, die Keuse van aktiwiteite vir Liggaamlike Opvoeding die beperkte Keuse van Leeruitkomste beslis 'n groter probleem is. Die verklaring hiervoor is heel waarskynlik dat die vakadviseurs oor meer kennis rakende hierdie aspekte van Liggaamlike Opvoeding beskik het ná die werksinkels in 2008, en beter toegerus is om die Lewensoriëntering-onderwysers in hierdie uitkoms te ondersteun – en dus ook beter in staat was om te oordeel oor die meriete van bogenoemde stellings.

Klein praktiese betekenisvolheid het by die volgende items voorgekom, “Veiligheidsaspekte binne Liggaamlike Opvoeding” ( $d = 0.36$ ), “Onvoldoende ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding” ( $d = 0.34$ ) en “Praktiese lesaanbieding in Liggaamlike Opvoeding” ( $d = 0.31$ ). Die effekgroottes by hierdie drie stellings toon dat daar in die opvolg-ondersoek sterker gevoel is oor die belangrikheid van hierdie aspekte as tydens die eerste ondersoek. Aan die “Veiligheidsaspekte” en “Praktiese Lesaanbieding in Liggaamlike Opvoeding”, moet ernstige aandag gegee word om die vak in alle skole op die regte standaard aan te bied. Die vakadviseurs beskik oor meer kennis en ervaring en

beseef dat daar 'n groot behoefte bestaan vir opleiding ten opsigte van veiligheid en lesaanbieding.

Verdere klein praktiese betekenisvolheid kom ook voor by “Opvoedkundige gimnastiek in Liggaamlike Opvoeding” ( $d = 0.27$ ) en “Beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite vir Liggaamlike Opvoeding” ( $d = 0.26$ ). Die “Beskikbaarheid van Apparaat en fasiliteite vir Liggaamlike Opvoeding” is as 'n groter probleem tydens die opvolg beskou as wat aanvanklik aangedui is in die aanvanklike vraelys; hierdie aspek kort beslis aandag om dieselfde standaard konsekwent in alle skole te handhaaf. Die bekommernis oor die aanbod van Opvoedkundige Gimnastiek in Liggaamlike Opvoeding het afgeneem – heel waarskynlik namate dit prakties aangebied en ervaar is, is daar beseef dat die NKV slegs basiese gimnastiekbewegings insluit soos byvoorbeeld die handstand, die kopstand, die wawiel en piramides. Gespesialiseerde apparaat en opleiding is nie 'n vereiste om hierdie komponent suksesvol aan te bied nie.

Tabel 5.91 toon aan dat daar geen praktiese betekenisvolheid by “Onvoldoende opgeleide personeel” ( $d = 0.14$ ) is nie. Liggaamlike Opvoeding as uitkoms van Lewensoriëntering kan eenvoudig nie suksesvol aangebied word indien Suid-Afrika nie oor goed opgeleide Liggaamlike Opvoeding-onderwysers beskik nie.

## **5.5.2 Kwalitatiewe data ten opsigte van die Opvolg-vraelys aan vakadviseurs wat die werkwinkels bygewoon het**

Die volgende kwalitatiewe data is ter ondersteuning van die kwalitatiewe data van Fase 4 (Opvolg-vraelyste aan vakadviseurs) en is verkry uit enkele oop vrae wat in die vraelys verskyn het. Item 20 was 'n oop vraag wat wou vasstel, indien die vakadviseurs verdere opleiding in Liggaamlike Opvoeding sou wou ontvang, in watter spesifieke aspekte die opleiding sou moes geskied. Heelwat van die vakadviseurs het aangedui dat hulle verdere opleiding in assessering van Liggaamlike Opvoeding asook in die aanwending van Assesseringsrubrieke (“Assessment rubrics”) wil ontvang. Ander aspekte wat uitgewys is vir verdere opleiding is Rekreasie en spesifiek Oriëntering, Lesbeplanning en aanbieding, die “Physical Education tasks”, apparaat-improvisasie, hantering van groot klasse asook gemengde seuns-en-dogters-klasse, hantering van Liggaamlike Opvoeding-klasse met beperkte of geen fasiliteite nie, en ook Noodhulp tydens die aanbod van Liggaamlike Opvoeding. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat daar 'n dringende behoefte by die vakadviseurs is aan verdere spesifieke opleiding in Liggaamlike Opvoeding.



Item 22 is 'n oop vraag oor of daar enige verbetering voorgekom het in probleem-areas na die verloop van twee jaar ná die afhandeling van die werkswinkels. 'n Hele aantal van die vakadviseurs het aangedui dat hulle ervaar dat heelwat onderwysers met hulle hulp en ondersteuning beslis in staat is om beter beplanning en assessering binne Liggaamlike Opvoeding te doen, meer suksesvol is met die improvisasie van apparaat, die vaardighede en aktiwiteite binne die assesseringstandaarde beter aanspreek en toepas, asook beter programkeuses kan uitoefen. Volgens 'n aansienlike aantal van die vakadviseurs is 'n groot verbetering die feit dat Liggaamlike Opvoeding deel van die skoolrooster uitmaak en dat die aanbied van die vak 'n verbetering in algemene dissipline by die skole tot gevolg het. 'n Goeie samevatting vir hierdie verbetering in probleem-areas is "Overall more enthusiasm for Physical Education"

Item 23 is 'n vraag oor hoe die 2008-werkswinkels die vakadviseurs se ondersteuning aan die onderwysers in hulle streek beïnvloed het. Met opmerkings soos "It was revolutionary" en "It changed my mindset on Physical Education", is dit duidelik dat die opleiding gedurende die werkswinkels beslis 'n invloed gehad het op 'n aansienlike aantal van die vakadviseurs se siening van asook hul ondersteuning aan die Lewensoriëntering-onderwysers in hul onderskeie streke. Enkele van die 49 vakadviseurs wat die opvolgvraelys voltooi het, het aangedui dat die werkswinkels "geen" invloed gehad het nie. Heel waarskynlik is hierdie persone baie goed opgelei en gekwalifiseerd in Liggaamlike Opvoeding en voel hulle kan nie veel meer leer oor die onderwerp nie of andersins persone wat absoluut geen belangstelling in die vak het nie. Dit is opvallend dat 'n groot aantal van die vakadviseurs aangedui het dat hulle groot waarde geput het uit die werkswinkels en dat hulle bemagtig is om die onderwysers baie beter te kon ondersteun ten opsigte van onder andere beplanning, assessering, dans-aktiwiteite en veiligheidsaspekte binne Liggaamlike Opvoeding. Ander is van mening dat die opleiding hulle beter toegerus het, gemotiveer het en meer selfvertroue gegee het om veral onervare Lewensoriëntering-onderwysers in die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms te ondersteun. Nieteenstaande hierdie positiewe reaksie was daar 'n sterk gevoel dat die vakadviseurs baie graag ook self verdere opleiding in Liggaamlike Opvoeding wil ontvang.

Die vraag by Item 24 handel oor enige ander aspekte wat 'n betekenisvolle rol kan speel met die implementering van Liggaamlike Opvoeding. Beter opgeleide personeel, meer klastyd vir Liggaamlike Opvoeding, instelling van GOS-opleidingsprogramme, spesialis-Liggaamlike Opvoeding-onderwysers, aparte klasse vir seuns en dogters, klem op gesondheidsbevordering en genot, en laaste maar beslis nie die minste nie, die ondersteuning van skoolbeheerliggame en bestuurstrukture by skole vir Lewensoriëntering en dus ook Liggaamlike Opvoeding is van die aspekte wat baie sterk na vore gekom het

by enkele van die vakadviseurs in hierdie kwalitatiewe data. Die kwessie oor beter opleiding stem baie sterk ooreen met die kwalitatiewe data by Item 37 in Fase 3.

Item 25 is 'n vraag wat handel oor enige positiewe of negatiewe kommentaar ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering. Die kwalitatiewe data oor positiewe kommentaar ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding toon opvallende ooreenkomste met die data van die ooreenstemmende oop vraag by Item 38 in Fase 3. Die meerderheid vakadviseurs beklemtoon weereens die positiewe bydrae van Liggaamlike Opvoeding tot 'n gebalanseerde, gesonde leefstyl vir kinders en jongmense. Opmerkings soos "Physical Education is a MUST", en "Learners love and enjoy Physical Education" word gemaak ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding se bydrae tot dissipline, sosialisering tussen groepe, spanwerk en die ontwikkeling van selfvertroue. Liggaamlike Opvoeding kan bydra tot talent-identifisering in sport, help met die aanleer van hoe om te wen en te verloor, asook kinders en jongmense voorberei vir sportverwante beroepe.

Die negatiewe kommentaar by Item 25 in die opvolg-vraelys stem ooreen met die menings van die fasiliteerders by Item 38 in Fase 2, asook met die menings van die vakadviseurs by die ooreenstemmende item in die aanvanklike vraelys by Fase 3. Die meerderheid vakadviseurs toon opnuut aan dat swak en onopgeleide onderwysers, 'n gebrek aan apparaat en fasiliteite sowel as 'n swak gesindheid teenoor Liggaamlike Opvoeding struikelblokke in die effektiewe implementering van die vak is. Verdere negatiewe aspekte wat uitgelig word, is dat die DoE nie Lewensoriëntering en Liggaamlike Opvoeding as belangrik beskou nie, Hoër Onderwysinstellings Liggaamlike Opvoeding ignoreer as toelatingsvak, die vak 'n lae status het omdat dit nie aan eksterne eksaminering onderworpe is nie, daar 'n gebrek is aan ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding en as gevolg van onvoldoende of geen opleiding, talle onderwysers sukkel met beplanning en assessering en net sekere afdelings van Liggaamlike Opvoeding aanbied. Verdere enkele negatiewe aantygings is dat Liggaamlike Opvoeding nie suksesvol is nie omdat onderwysers wat geensins daarin belangstel nie geforseer word om die vak aan te bied, en baie onderwysers bloot lui is en net die minimum doen, of niks. Stellings soos "Not every Life Orientation teacher can be a Physical Education teacher" en "Overweight teachers do not want to get involved" ondersteun hierdie negatiewe kommentaar.

As daar opsommend na Fase 4 gekyk word, is daar opvallende ooreenkomste met Fase 2 sowel as Fase 3. Die vakadviseurs wat die opvolg-vraelyste voltooi het, is redelik oud, is meer dames as mans, heelwat van die vakadviseurs het geen opleiding in Liggaamlike Opvoeding nie, en 'n groot groep het baie min of selfs geen onderrig-ervaring in die vak nie. Die vakadviseurs voel nog steeds dat die NKS-dokumente wel beskikbaar is aan

onderwysers in hul streke en dat dit gebruik word in die aanbod van Liggaamlike Opvoeding. Onopgeleide personeel, gebrek aan apparaat en fasiliteite en swak ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding is volgens die mening van die vakadviseurs nog steeds 'n probleem. Die vakadviseurs se standpunt het wel verander ten opsigte van die keuse van aktiwiteite vir Liggaamlike Opvoeding, naamlik dat dit te wyd en oop is, asook dat assesseringstandaarde te wyd en oop is.

Na 'n tweejaar-verloop sedert die afhandeling van die werkwinkels en die vakadviseurs se betrokkenheid by die ondersteuning van Lewensoriëntering in Liggaamlike Opvoeding, het hul siening by die volgende items verander: die probleem met te wye en oop keuse vir aktiwiteite, die keuse van assesseringstandaarde wat te wyd en oop is, die gebrek aan opgeleide personeel asook die beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite, blyk minder ernstig te wees in die opvolg-vraelys as wat hulle in die aanvanklike vraelys aangetoon het. 'n Moontlike verklaring is dat die vakadviseurs met hulle besoeke aan die skole ervaar het dat bogenoemde probleme nie so erg is soos wat aanvanklik die geval was nie.

## **5.6 Resultate van Fase 5: Gevorderde Onderwyssertifikaat Bewegingsonderwys-studente van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus**

Beskrywende statistiek van alle Gevorderde Onderwyssertifikaat (GOS) Bewegingsonderwysstudente van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus ( $n = 30$ ), word aangetoon in Tabelle 5.91 – 5.122. Hierdie GOS-studente is tans praktiserende onderwysers regoor Suid-Afrika en doen hul studies deur middel van afstandsonderrig. Die totale aantal studente wat in 2008/2009 ingeskryf het vir die GOS in Bewegingsonderwys was 30, en hierdie studente behoort teen Junie 2010 hierdie GOS te voltooi. Van hierdie 30 vraelyste wat per pos uitgestuur is, is 18 terug ontvang ( $n = 18$ ). Dit verteenwoordig 'n terugvoer-persentasie van 60%, wat volgens Maree en Pietersen (2007:157) en Williams (2003:94), 'n baie goeie terugvoer-persentasie vir pos-vraelyste is.

Die GOS-studente het 'n soortgelyke vraelys (kyk Addendum A) as die vakadviseurs voltooi. Die vraelys het geslote sowel as oop vrae ingesluit. Twee afdelings het presies dieselfde vrae bevat: die afdeling wat handel oor moontlike probleme wat onderwysers ervaar met die implementering van Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering, en die afdeling wat handel oor die belangrikheid van spesifieke

opleidingsterreine vir die opleiding van onderwysers in Liggaamlike Opvoeding. Vraag 1 van laasgenoemde afdeling het verskil; die vakadviseurs moes hul mening gee oor die belangrikheid van 'n oorsig oor die verskillende bewegingsfases vir opleiding, en die studente moes by Vraag 1 hul mening gee oor die belangrikheid van afrigting as deel van opleiding in Liggaamlike Opleiding. Die GOS Bewegingsonderwys-kursus beklemtoon die belangrike verskille en ooreenkomste tussen Liggaamlike Opvoeding en afrigting, en berei ook terselfdertyd die Bewegingsonderwys-studente voor vir hul betrokkenheid by buitekurrikulêre sportaktiwiteite.

Die data in hierdie fase word aangebied as beskrywende statistiek, kwantitatiewe data, en is ondersteun deur beperkte kwalitatiewe data verkry vanuit die oop vrae. Praktiese betekenisvolheid word ook gerapporteer tussen die data van die GOS-studente en die aanvanklike vraelys van die vakadviseurs.

**Tabel 5.92: Geslag van GOS-studente (n = 18)**

Geslag	Aantal	Persentasie
Manlik	10	55.60
Vroulik	8	44.40
Nie beantw	0	

Tabel 5.92 toon 'n omgekeerde tendens van die data in die vorige twee fases wat die dosent-fasiliteerders en die aanvanklike vraelys aan die vakadviseurs insluit, naamlik dat die meerderheid GOS Bewegingsonderwys-studente (55.60%) betrokke by die studie, manlik is. Hierdie is 'n baie klein geselekteerde groepie deelnemers wat vrywilliglik ingeskryf het vir 'n kursus in Liggaamlike Opvoeding. Die afleiding kan gemaak word dat hierdie data nie verteenwoordigend is van die verspreiding van mans- en damespersoneel in die onderwys nie, veral as dit vergelyk word met die data in Tabel 5.1 in Fase 2 (data rakende dosente wat as fasiliteerders by die werksinkels opgetree het in 2008), Tabel 5.21 in Fase 3 (data rakende vakadviseurs wat die werksinkels bygewoon het in al nege provinsies gedurende 2008), asook Tabel 5.60 in Fase 4 (opvolg-vraelys aan vakadviseurs in 2010) nie. Indien hierdie data wel 'n aanduiding is van 'n veranderende tendens dat meer mans-onderwysers by Liggaamlike Opvoeding betrokke wil raak, is dit 'n positiewe en welkome verandering.

**Tabel 5.93: Ouderdomsverspreiding van GOS-studente (n = 18)**

Ouderdom (Jare)	Aantal	Persentasie
30 – 39	6	33.30
40 – 49	12	66.70
50 – 59	0	
Bo 60	0	
Nie beantwoord	0	

Tabel 5.93 toon aan dat 66.70% van die GOS Bewegingsonderwys-studente ouer as 40 jaar, maar jonger as 50 is. Dit is aansienlik minder as die deelnemers wat ouer is as 40 in Tabel 5.1 in Fase 2 rakende dosente, Tabel 5.1 in Fase 3 rakende vakadviseurs asook Tabel 5.1 in Fase 4 in die opvolg-vraelys aan vakadviseurs in 2010. Tabel 5.93 toon ook aan dat 100% van die GOS Bewegingsonderwys-studente ouer as 30 is. Hierdie deelnemers moet baie beslis ook kennis dra van Liggaamlike Opvoeding in die vorige bedeling, 'n verpligte, nie-eksamenvak wat 'n lae status gehad het en misbruik is vir enige ander aktiwiteite behalwe fisieke aktiwiteit. Dit kan 'n ernstige impak hê op die gesindheid van die GOS Bewegingsonderwys-studente en dus ook op die korrekte aanbieding van die vak as deel van Lewensoriëntering.

**Tabel 5.94: Geografiese verspreiding van GOS-studente (n = 18)**

Omgewing	Aantal	Persentasie
Stedelik	9	52.90
Platteland	8	47.10
Onseker	1	
Nie beantw		

Tabel 5.94 toon ook 'n ander tendens as die vorige twee fases, soortgelyk aan Tabel 5.92. Die meerderheid (52,90%) GOS Bewegingsonderwys-studente betrokke in die studie is afkomstig uit 'n stedelike omgewing, terwyl in die vorige twee fases die meerderheid deelnemers afkomstig was uit plattelandse omgewings. Die skole in stedelike omgewings is gewoonlik beter toegerus as die plattelandse skole, aangesien daar in die stede meer

werksgeleentheid is en die ouers dus in 'n hoër inkomstegroep ressorteer, wat hulle in staat stel om skoolfonds te kan betaal. Die afleiding kan gemaak word dat hierdie GOS Bewegingsonderwys-studente as onderwysers in hul skole beter fasiliteite en apparaat tot hul beskikking behoort te hê om Liggaamlike Opvoeding aan te bied. 47.10% van die GOS Bewegingsonderwys-studente kom egter uit die platteland waar heel dikwels die teenoorgestelde waar is.

**Tabel 5.95: Onderrig-ervaring van GOS-studente in Ligg Opv (n = 18)**

Onderrig-ervaring van GOS-studente in Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Geen	8	44.40
1 – 2 jaar	8	44.40
3 – 5 jaar	0	
6 – 10 jaar	1	5.60
11 – 15 jaar	1	5.60
16 – 20 jaar	0	
21 jaar plus	0	
Nie beantwoord	0	

Tabel 5.95 se data toon aan dat 44.40% van die GOS Bewegingsonderwys-studente oor geen onderrig-ervaring in Liggaamlike Opvoeding beskik nie, en 'n verdere 44.40% oor slegs 1 tot 2 jaar onderrig-ervaring in die vak. Hierdie data korreleer met die ooreenstemmende data in die vorige twee fases. Alhoewel die GOS Bewegingsonderwys-studente in 'n hoër ouderdomskategorie val, was hulle heel waarskynlik voorheen by ander vakke of leerareas betrokke. Dit is 'n positiewe verskynsel dat hierdie onervare Liggaamlike Opvoeding-onderwysers graag hulself beter wil kwalifiseer in die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering. Die afleiding kan gemaak word dat daar 'n behoefte onder praktiserende Lewensoriëntering-onderwysers bestaan om verder opgelei te word in Liggaamlike Opvoeding – iets waarvan die DoE maar ook die Hoër Onderwysinstellings wat studente oplei, kennis moet neem. Die opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers is 'n aspek wat ook op internasionale vlak as uiters belangrik beskou word vir die verbetering van die status en voortbestaan van die vak.

**Tabel 5.96: Hoogste akademiese kwalifikasie van GOS-studente in Ligg Opv (n = 18)**

Hoogste akademiese kwalifikasie in Liggaamlike Opvoeding	Aantal	Persentasie
Gr 11 en laer	0	
Gr 12	1	12.50
Ligg Opv I	0	
Ligg Opv II	0	
Ligg Opv III	0	
Ligg Opv Hons	1	12.50
M-graad in Ligg Opv	0	
PhD in Ligg Opv	0	
Geen Ligg Opv-Opl	6	75.00
Nie beantwoord	10	

Tabel 5.96 toon aan dat 75.00% van die GOS Bewegingsonderwys-studente wat hierdie vraag beantwoord het, oor geen opleiding in Liggaamlike Opvoeding beskik nie. Meer as die helfte (10 uit 18) van die studente het nie die vraag beantwoord nie. Hierdie data is aan die een kant kommerwekkend, maar aan die ander kant ook verblydend. Die studente beskik oor geen formele opleiding in Liggaamlike Opvoeding nie, of is onseker of hulle wel enige opleiding in die vak deurloop het. Nogtans het hulle ingeskryf vir 'n GOS in Bewegingsonderwys om hulself beter te kwalifiseer in Liggaamlike Opvoeding. Die afleiding hieruit is baie duidelik: daar moet baie meer aandag gegee word aan die opleiding van Lewensoriëntering-onderwysers in Liggaamlike Opvoeding op alle vlakke, sowel van die DoE as die Hoër Onderwysinstellings wat onderwysers oplei, se kant af.

**Tabel 5.97: Aantal leerders in Ligg Opv-klasse in streek (n = 18)**

Aantal leerders in Liggaamlike Opvoeding-klasse in streek	Aantal	Persentasie
0 – 15	3	17.60
16 – 30	2	11.80
31– 45	8	47.10
46+	4	23.50
Onseker	1	

Tabel 5.97 toon aan dat 47.10% van die GOS Bewegingsonderwys-studente aangedui het dat daar tussen 31 en 45 leerders per Liggaamlike Opvoeding-klas in hul skole is. Slegs 23.50% het aangedui dat 46+ leerders in Liggaamlike opvoeding-klas in hul skole is. Dit is 'n aansienlike vermindering teenoor die data in die vorige twee afdelings, waar meer as 70.00% van die vakadviseurs aangedui het dat daar meer as 46 leerders per Liggaamlike Opvoeding-klas in skole in hul streek is in feitlik alle fases. Hierdie aspek bly maar 'n uitdaging aangesien groot klasse moeilik hanteer word veral in 'n praktiese vak soos Liggaamlike Opvoeding met 'n gebrek aan fasiliteite en apparaat. Baie groot klasse, boonop gemengde seuns-en-dogters-groepe, kan die aanbod van effektiewe fisieke aktiwiteite bemoeilik, beseringsrisiko's en moontlike dissiplinêre probleme aanhelp.

Die data in Tabelle 5.98 tot 5.109 rapporteer oor Kurrikulumdokumente, opleiding in Liggaamlike Opvoeding, die vak in die algemeen, moontlike probleme in die vak, asook assessering. Slegs betekenisvolle verskille en enkele merkbare betekenisvolle ooreenkomste tussen ooreenstemmende data in die verskillende fases word ook hier gerapporteer.

**Tabel 5.98: Besikbaarheid van Nasionale Kurrikulumdokumente aan GOS-studente as onderwysers (n = 18)**

Nasionale Kurrikulumdokumente beskikbaar aan GOS-studente as onderwysers	Aantal	Persentasie
Ja	16	88.90
Nee	2	11.10
Nie beantwoord	0	



Die oorgrote meerderheid GOS Bewegingsonderwys-studente (88.90%) in Tabel 5.98, toon aan dat die Nasionale Kurrikulumdokumente vir Lewensoriëntering, wat Liggaamlike Opvoeding insluit, by hulle skole beskikbaar is. Die afleiding kan dus gemaak word dat hierdie studente, ook praktiserende onderwysers, toegang het tot hierdie NKS-dokumente en dat hulle wel oor al die inligting beskik om die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering by hul onderskeie skole aan te bied. Die grootste enkele uitdaging bly egter dat hierdie studente nog nie opgelei is om hierdie dokumente volledig en effektief te kan aanwend in hul aanbieding van die vak nie.

**Tabel 5.99: Nasionale Kurrikulumdokumente word gebruik (n = 18)**

Nasionale Kurrikulumdokumente word gebruik in Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Ja	11	61.10
Nee	7	38.90
Onseker	0	
Nie beantwoord	0	

Daar is 'n duidelike ooreenstemming tussen die data in Tabel 5.99 asook die data in Tabel 5.98. 'n Groot aantal, 61.10% van die GOS Bewegingsonderwys-studente toon aan dat hulle wel die NKS-dokumente gebruik in die aanbieding van Liggaamlike Opvoeding. Die dokumente is dus beskikbaar en word gebruik. Liggaamlike Opvoeding behoort dus korrek en effektief in hierdie skole aangebied te word – wat helaas nie altyd gebeur nie. Die nodige opleiding en onderrig-ervaring is egter uiters belangrik om wel hierdie NKS-dokumente effektief aan te wend; albei hierdie aspekte is egter 'n ernstige tekortkoming by die GOS Bewegingsonderwys-studente wat ook praktiserende onderwysers is.

**Tabel 5.100: Enige opleiding ontvang in Ligg Opv vanaf 2008 – 2010 (n = 18)**

Enige opleiding ontvang in Ligg Opv vanaf 2008 – 2010	Aantal	Persentasie
Ja	7	38.90
Nee	10	55.60
Onseker	1	5.50

Tabel 5.100 toon aan dat die meerderheid GOS Bewegingsonderwys-studente (55.60%) geen addisionele indiensopleiding (behalwe hulle GOS-opleiding) tussen 2008 en 2010 ontvang het in Liggaamlike Opvoeding nie. Die afleiding wat hier gemaak kan word, is dat die GOS Bewegingsonderwys-studente wat tans reeds praktiserende onderwysers is, baie min of selfs geen opleiding in Liggaamlike Opvoeding het nie (Tabel 5.95 in hierdie fase). Verder beskik hierdie studente oor baie min onderrig-ervaring in Liggaamlike Opvoeding (Tabel 5.96 in hierdie fase). Hierdie studente het tussen 2008 en 2010 baie swak of selfs geen ondersteuning ten opsigte van opleiding in die vak ontvang nie. Liggaamlike Opvoeding sal baie moeilik tot sy reg kom indien hierdie situasie onbepaald voortduur en daar nie dringend aandag gegee word aan die opleiding van onderwysers nie.

**Tabel 5.101: Die opleiding in Ligg Opv het die GOS-studente beter toegerus (n = 18)**

<b>Die opleiding in Ligg Opv het die GOS-studente beter toegerus</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Ja</b>	<b>5</b>	<b>31.30</b>
<b>Nee</b>	<b>1</b>	<b>6.20</b>
<b>Onseker</b>	<b>2</b>	<b>12.50</b>
<b>Nie van toepassing</b>	<b>8</b>	<b>50.00</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>2</b>	

Tabel 5.101 toon aan dat die meerderheid GOS Bewegingsonderwys-studente (62.50%) óf “onseker” is, óf dat die vraag “nie van toepassing” is nie ten opsigte van die vraag of die Liggaamlike Opvoeding-opleiding hulle beter toegerus het al dan nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat hier onsekerheid heers oor hierdie vraag; die GOS Bewegingsonderwys-studente is tans besig met hul GOS-opleiding in Bewegingskunde en daarom voel die meerderheid heel moontlik onseker of dat die vraag nog nie van toepassing kan wees nie. Uit die groep wat wel op hierdie vraag gereageer het, het ’n groot meerderheid (31.30%) gevoel die opleiding het hulle wel beter toegerus, teenoor slegs 6.30% wat “Nee” geantwoord het. Merkbaar meer vakadviseurs (50.00%) in Tabel 5.69 in Fase 4, wat dieselfde vraag beantwoord het, het aangetoon dat die opleiding wat hulle ontvang het, hulle beter toegerus het. Die afleiding by Tabel 5.69 is dat 50.00% van die vakadviseurs wat die vraelys voltooi het nogtans “nee”, “onseker” of “nie van toepassing” geantwoord het op grond van baie kort, ongereelde of geen opleiding wat aangebied word nie.

**Tabel 5.102: Stel belang in verdere opleiding in Ligg Opv (n = 18)**

<b>Stel belang in verdere opleiding in Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Ja</b>	<b>16</b>	<b>88.90</b>
<b>Nee</b>	<b>2</b>	<b>11.10</b>
<b>Onseker</b>	<b>0</b>	
<b>Nie beantwoord</b>	<b>0</b>	

Die data in Tabel 5.102 rapporteer dat 88.90% van die GOS Bewegingsonderwys-studente belangstel in verdere opleiding in Liggaamlike Opvoeding binne Lewensoriëntering. Hierdie GOS Bewegingsonderwys-studente is tans besig met opleiding in Liggaamlike Opvoeding en hulle toon steeds aan dat hulle belangstel in verdere opleiding in hierdie spesifieke uitkoms van Lewensoriëntering. Die afleiding uit hierdie data behoort 'n duidelike weskroep vir die owerhede te wees dat daar erns gemaak moet word met die opleiding van Liggaamlike Opvoeding as uitkoms van Lewensoriëntering. Dit is onmoontlik om te verwag dat swak of onopgeleide onderwysers hierdie uitkoms suksesvol moet implementeer sonder die nodige opleiding en kwalifikasies.

Die data in die vorige afdeling toon dus dat daar 'n groot behoefte is aan opleiding en ondersteuning vir onderwysers in die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering. Data oor enkele probleemareas rakende Liggaamlike Opvoeding word in Tabelle 5.103 tot 5.109 aangedui.

**Tabel 5.103: Die keuse van leeruitkomst in Ligg Opv is te beperk (n = 18)**

<b>Die keuse van leeruitkomst in Ligg Opv is te beperk</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Geensins problematies</b>	<b>7</b>	<b>38.90</b>
<b>Effens problematies</b>	<b>7</b>	<b>38.90</b>
<b>Redelik problematies</b>	<b>1</b>	<b>5.50</b>
<b>Erg problematies</b>	<b>3</b>	<b>16.70</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>0</b>	

Tabel 5.103 verklaar dat slegs 22.30% van die GOS Bewegingsonderwys-studente dink die keuse van leeruitkomste in Liggaamlike Opvoeding is redelik tot erg problematies. Die vraag kan met reg gevra word of onderwysers wat swak opgelei is in Liggaamlike Opleiding of selfs geen opleiding in die vak het nie, en boonop weinig onderrig-ervaring in die vak het, werklik 'n mening sal kan uitspreek oor die beperkte keuse van leeruitkomste in die vak al dan nie. Opleiding en onderrig-ervaring is weereens twee van die sleutelaspekte ter sprake rakende Liggaamlike Opvoeding as vak. 'n Opvallende verskil by die aanvanklike vraelys aan vakadviseurs (Tabel 5.36, 4.35% in Fase 3), het aangetoon dat die keuse van leeruitkomste redelik tot erg problematies is, teenoor 31.80% in Tabel 5.71 in Fase 4. Die opleiding in 2008 en praktiese ervaring in die ondersteuning van Lewensoriëntering-onderwysers in die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms het moontlik tot hierdie verandering bygedra. Daar is 'n redelike ooreenstemming tussen Tabel 5.71 in Fase 4 en Tabel 5.103 hierbo.

**Tabel 5.104: Die keuse van aktiwiteite in Ligg Opv is te wyd en oop (n = 18)**

<b>Die keuse van aktiwiteite in Ligg Opv is te wyd en oop</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Geensins problematies</b>	<b>8</b>	<b>44.40</b>
<b>Effens problematies</b>	<b>7</b>	<b>38.90</b>
<b>Redelik problematies</b>	<b>1</b>	<b>5.60</b>
<b>Erg problematies</b>	<b>2</b>	<b>11.10</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>0</b>	

Daar is 'n merkbare ooreenkoms tussen die data van Tabel 5.103 en Tabel 5.104. Slegs 16.70% van die GOS Bewegingsonderwys-studente sien die keuse van aktiwiteite in Liggaamlike Opvoeding as te wyd en te oop. Onopgeleide en onervare onderwysers in hierdie veld kan beswaarlik 'n opinie uitspreek oor die keuse en inhoud van die vak waarvan hulle baie min kennis dra. Die afleiding kan gemaak word dat hierdie praktiserende onderwysers vol selfvertroue is en glo dat hulle, op grond van hul onderrig-ervaring in ander vakke, met gemak 'n opinie kan uitspreek oor die leeruitkomste en inhoude van 'n praktiese vak soos Liggaamlike Opvoeding, sonder die nodige kennis en agtergrond. 'n Soortgelyke merkbare ooreenkoms soos aangetoon by die vorige tabel, Tabel 5.103, is ook waarneembaar tussen Fase 3, Tabel 5.37 en Fase 4 Tabel 5.72.

Opleiding en praktiese ervaring in Liggaamlike Opvoeding het heel waarskynlik die vakadviseurs se siening oor die keuse van aktiwiteite vir Liggaamlike Opvoeding verander.

**Tabel 5.105: Assessering-standaarde in Ligg Opv is te wyd en oop (n = 18)**

<b>Assessering-standaarde in Ligg Opv is te wyd en oop</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Geensins problematies</b>	<b>7</b>	<b>38.90</b>
<b>Effens problematies</b>	<b>6</b>	<b>33.30</b>
<b>Redelik problematies</b>	<b>4</b>	<b>22.20</b>
<b>Erg problematies</b>	<b>1</b>	<b>5.60</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>0</b>	

Tabel 5.105 se data sluit baie nou aan by die data van Tabele 5.102 en 5.104. Die onderwyser moet goed onderlê wees ten opsigte van leeruitkomste en -inhoud van 'n praktiese vak soos Liggaamlike Opvoeding, en ervaring is 'n uitstekende leermeester indien assessering suksesvol toegepas kan word. Slegs 27.80% van die respondente toon aan dat assesseringstandaarde in Liggaamlike Opvoeding te wyd en te oop is. 'n Groot groep, 72.20% van die GOS Bewegingsonderwys-studente, dink hierdie aspek is minder of selfs geensins problematies nie. Selfs goed gekwalifiseerde en ervare Liggaamlike Opvoeding-onderwysers beskou die opstel van 'n goedbeplande, werkbare, volledige jaar-assesseringsplan vir Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering, as 'n redelik strawwe uitdaging. Die ooreenkoms tussen Fase 3 en Fase 4 waarna verwys word by Tabele 5.103 en 5.104, is ook hier by assesseringstandaarde in Tabel 5.105 van toepassing.

**Tabel 5.106: Besikbaarheid van apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv (n = 18)**

<b>Beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Geensins problematies</b>	<b>4</b>	<b>23.50</b>
<b>Effens problematies</b>	<b>2</b>	<b>11.80</b>
<b>Redelik problematies</b>	<b>2</b>	<b>11.80</b>
<b>Erg problematies</b>	<b>9</b>	<b>52.90</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>1</b>	

Heelwat meer as die helfte (64.70%) van die GOS Bewegingsonderwys-studente wat die vraag beantwoord het, ervaar apparaat en fasiliteite as redelik tot erg problematies. Aangesien hierdie GOS Bewegingsonderwys-studente tans praktiserende onderwysers is en oor eerstehandse kennis rakende onderwyspraktyk behoort te beskik, kan die afleiding met 'n groot mate van sekerheid gemaak word dat hierdie aspek tans 'n werklike probleem en uitdaging in die aanbod van Liggaamlike Opvoeding in skole uit verskeie streke in Suid-Afrika is. Hierdie groep GOS Bewegingsonderwys-studente is afkomstig uit alle dele van die land. Die opvolg-vraelys aan die vakadiseurs toon 'n merkbare verhoging (77.60%, Tabel 5.74 in Fase 4) aan by die beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite. Die afleiding kan gemaak word dat die vakadiseurs se opleiding in 2008 en hulle praktiese ondersteuning aan die Lewensoriëntering-onderwysers hulle tot ander insig gebring het.

**Tabel 5.107: Onvoldoende opgeleide Ligg Opv-personeel (n = 18)**

Onvoldoende opgeleide Ligg Opv-personeel	Aantal	Persentasie
Geensins problematies	0	
Effens problematies	3	16.70
Redelik problematies	4	22.20
Erg problematies	11	61.10
Nie beantwoord	0	

In Tabel 5.107 toon 61.10% van die GOS Bewegingsonderwys-studente aan dat onvoldoende opgeleide Liggaamlike Opvoeding-personeel erg problematies is. Daar is 'n merkbare verband tussen hierdie data en die data in Tabelle 5.100 tot 5.102 in hierdie afdeling, waar die waarde van opleiding in Liggaamlike Opvoeding en die beskikbaarheid van opleiding in die vak ook uitgewys is as redelik tot erg problematies. In Fase 3, Tabel 5.40 (78.92%) asook in Fase 4, Tabel 5.75 (85.70%) word hierdie probleem van onvoldoende opgeleide Liggaamlike Opvoeding-personeel ook duidelik aangetoon. Daar is dus 'n duidelik waarneembare ooreenstemming tussen Fase 3, Fase 4 en Fase 5 ten opsigte van hierdie aspek. Die kwessie van onvoldoende of nie-beskikbare opleiding in die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering toon aan dat die owerhede asook opleidingsinstansies hul plig versuim ten opsigte van hierdie belangrike aspek en dit dus beslis 'n struikelblok in die status, suksesvolle aanbieding en voortbestaan van Liggaamlike Opvoeding as skoolvak in die Nasionale Kurrikulum is.

**Tabel 5.108: Onvoldoende ondersteuning vir die implementering van Ligg Opv binne Lewensoriëntering (n = 18)**

<b>Onvoldoende ondersteuning vir die implementering van Ligg Opv binne Lewensoriëntering</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Geensins problematies</b>	<b>3</b>	<b>16.60</b>
<b>Effens problematies</b>	<b>5</b>	<b>27.80</b>
<b>Redelik problematies</b>	<b>3</b>	<b>16.70</b>
<b>Erg problematies</b>	<b>7</b>	<b>38.90</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>0</b>	

Tabel 5.108 se data toon dat 55.60% van die GOS Bewegingsonderwys-studente voel dat daar onvoldoende steun is vir die implementering van Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering. Tabel 5.15 verwys na die probleem van onvoldoende fasiliteite en apparaat, en Tabel 5.16 bevat data oor die problematiek van onvoldoende opgeleide Liggaamlike Opvoeding-personeel, wat 'n sterk ondersteuning is van die data in Tabel 5.17. Soortgelyke tendense is te bespeur in die data van al die vorige afdelings, wat tot 'n slotsom lei dat ondersteuning ten opsigte van opleiding, fasiliteite en apparaat werklik groot struikelblokke is in die suksesvolle implementering van Liggaamlike Opvoeding as uitkoms van Lewensoriëntering in skole in Suid-Afrika.

**Tabel 5.109: Getal leerders in Ligg Opv-klasse (n = 18)**

<b>Getal leerders in Ligg Opv-klasse</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Geensins problematies</b>	<b>4</b>	<b>22.20</b>
<b>Effens problematies</b>	<b>2</b>	<b>11.20</b>
<b>Redelik problematies</b>	<b>4</b>	<b>22.20</b>
<b>Erg problematies</b>	<b>8</b>	<b>44.40</b>
<b>Nie beantwoord</b>	<b>0</b>	

Tabel 5.109 se data toon dat 66.60% van die GOS Bewegingsonderwys-studente groot getalle leerders in Liggaamlike Opvoeding-klasse as erg problematies ervaar. Daar is

weereens 'n merkbare ooreenkoms tussen hierdie data en die data in al die vorige afdelings, wat 'n definitiewe bewys is dat dit 'n algemene probleem in skole regoor Suid-Afrika is. Soos reeds in die vorige afdelings bespreek, veroorsaak hierdie uitdaging groot probleme sowel as risiko's vir die onderwyser en leerders in die Liggaamlike Opvoeding-klas. Daar sal dringend aan hierdie probleem aandag gegee moet word indien die beleidmakers wil verseker dat Liggaamlike Opvoeding suksesvol en volhoubaar as uitkoms van Lewensoriëntering in alle skole in Suid-Afrika aangebied word.

Die data wat bespreek word in Tabelle 5.110 tot 5.122 handel oor hoe belangrik en noodsaaklik die GOS Bewegingsonderwys-studente die verskillende opleidingsterreine beoordeel as deel van die opleiding in Liggaamlike Opvoeding binne Lewensoriëntering.

**Tabel 5.110: Afrigting as deel van Ligg Opv (n = 18)**

<b>Afrigting as deel van Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>1</b>	<b>5.50</b>
<b>Belangrik</b>	<b>7</b>	<b>38.90</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>10</b>	<b>55.60</b>
<b>Onseker</b>	<b>0</b>	

Die data in Tabel 5.110 toon aan dat 55.60% van die GOS Bewegingsonderwys-studente afrigting as uiters belangrik beskou tydens Liggaamlike Opvoeding-opleiding. Hierdie vraag is slegs aan die studente gevra en nie aan die dosente wat as fasiliteerders opgetree het nie, en ook nie aan die vakadviseurs nie, omdat dit 'n fokus in hul opleiding is en nie deel van die 2008-werkwinkels was nie. Die afleiding kan gemaak word dat hierdie GOS Bewegingsonderwys-studente wat reeds praktiserende onderwysers is, gekonfronteer word met die uitdaging om betrokke te wees by buitekurrikulêre sportafrigting by hul onderskeie skole. Afrigting as deel van opleiding in Liggaamlike Opvoeding kan hulle baie beslis net bevoordeel. 'n Verdere voordeel is, omdat ander kollegas wat ook verplig word om by afrigting betrokke te wees en nie veel kennis daarvan het nie, tradisioneel by die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser kom hulp en raad vra, kan hierdie aspek hulle net beter bemagtig om wel raad en hulp te kan verleen.



**Tabel 5.111: Apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv (n = 18)**

Apparaat en fasiliteite vir Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	2	11.70
Belangrik	8	47.10
Uiters belangrik	7	41.20
Onseker	1	

Tabel 5.111 dui aan dat 88.30% van die GOS Bewegingsonderwys-studente apparaat en fasiliteite as belangrik beskou vir opleiding in Liggaamlike Opvoeding. Hierdie studente wat reeds tans in die onderwysberoep staan, besef deeglik uit praktiese ervaring en ondervinding dat dit uiters moeilik is om enige vak, soveel te meer nog 'n praktiese vak soos Liggaamlike Opvoeding, geslaagd aan te bied sonder die nodige apparaat en fasiliteite. 'n Moontlike verklaring waarom net 41.20% hierdie aspek as uiters belangrik beskou, kan heel moontlik wees omdat daar 'n spesifieke gedeelte in hul studies gewy word aan die improvisering van apparaat. Hulle voel dus heel waarskynlik dat hulle wel in staat sal wees om hul eie apparaat te vervaardig en dat opleiding hierin nie so belangrik is nie.

**Tabel 5.112: Organisasie en Administrasie van Ligg Opv (n = 18)**

Organisasie en Administrasie van Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant		
Relevant	3	16.70
Belangrik	4	22.20
Uiters belangrik	11	61.10
Onseker		

Tabel 5.112 toon aan dat 61.10 % van die GOS Bewegingsonderwys-studente wat die vraag beantwoord het, organisasie en administrasie van Liggaamlike Opvoeding as deel

van opleiding in die vak as uiters belangrik beskou. Soos reeds verskeie kere genoem, is hierdie studente praktiserende onderwysers. Hulle is deeglik bewus van hoe belangrik aspekte soos dissipline, differensiasie, groepwerk, apparaat- en fasiliteitebeheer asook ander organisatoriese en administratiewe pligte is vir die suksesvolle aanbied van enige vak. Hierdie take is net so belangrik indien nie nog meer belangrik nie in 'n praktiese vak soos Liggaamlike Opvoeding. In hierdie klasse hardloop en speel groot groepe jongmense en kinders, en die organisasie en administrasie moet baie goed wees om hierdie klasse suksesvol te bestuur en beheer.

**Tabel 5.113: Veiligheidsaspekte binne Ligg Opv (n = 18)**

<b>Veiligheidsaspekte binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>0</b>	
<b>Belangrik</b>	<b>6</b>	<b>33.30</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>12</b>	<b>66.70</b>
<b>Onseker</b>	<b>0</b>	

'n Soortgelyke tendens as in Tabel 5.112 kom in Tabel 5.113 voor, waar 66.70% van die GOS Bewegingsonderwys-studente aantoon dat veiligheidsaspekte binne Liggaamlike Opvoeding uiters belangrik is vir opleiding. Daar is beslis 'n verband tussen goeie organisasie en administrasie en veiligheidsaspekte binne 'n praktiese vak soos Liggaamlike Opvoeding. Klasopstelling, korrekte hantering van apparaat en toerusting, en korrekte ondersteuning is ook uiters noodsaaklik vir veiligheid in die Liggaamlike Opvoeding-klas; indien dinge hier skeefloop kan dit tot moontlike regsgedinge lei teen die onderwyser. Hierdie GOS Bewegingsonderwys-studente met baie min opleiding en onderrig-ervaring in Liggaamlike Opvoeding, beskou dus hierdie aspek as uiters belangrik binne die opleiding van Liggaamlike Opvoeding.

**Tabel 5.114: Teorie van sport en spele binne Ligg Opv (n = 18)**

<b>Teorie van sport en spele binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>2</b>	<b>11.10</b>
<b>Belangrik</b>	<b>11</b>	<b>61.10</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>5</b>	<b>27.80</b>
<b>Onseker</b>	<b>0</b>	

Tabel 5.114 se data toon aan dat 61.10% van die GOS Bewegingsonderwys-studente die opleiding in die teorie van sport en spele binne Liggaamlike Opvoeding as belangrik beskou, maar nie as uiters belangrik nie. Hierdie standpunt sluit baie nou aan by die ooreenstemmende data van die vakadviseurs in die vorige afdelings. Hierdie GOS Bewegingsonderwys-studente wat tans praktiserende onderwysers is en besig is met die verbetering van hul kwalifikasies, is betrokke by buitekurrikulêre sport-en-spele-aktiwiteite van hul onderskeie skole. Hierdie studente voel heel moontlik dat hulle by hierdie geleenthede baie goeie praktiese ervaring opdoen ten opsigte van die teorie van sport en spele oor die algemeen, en dat dit nie uiters belangrik is in die opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers nie, maar tog wel belangrik is.

**Tabel 5.115: Praktiese opleiding in sport en spele binne Ligg Opv (n = 18)**

<b>Praktiese opleiding in sport en spele binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>0</b>	
<b>Belangrik</b>	<b>11</b>	<b>61.10</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>7</b>	<b>38.90</b>
<b>Onseker</b>	<b>0</b>	

Daar is 'n opvallende korrelasie tussen die data in Tabel 5.114 en die data in Tabel 5.115. Tabel 5.115 toon dat praktiese opleiding in sport en spele as uiters belangrik beskou word

vir opleiding in die vak. 'n Groot aantal (61.10%) van die GOS Bewegingsonderwys-studente beskou praktiese opleiding in sport en spele as 'n belangrike komponent in die opleiding van Liggaamlike Opvoeding, maar nie as uiters belangrik nie. Die afleiding kan heel moontlik ook hier gemaak word, dat hierdie praktiserende onderwysers voel dat die blootstelling wat hulle tydens hul buitekurrikulêre betrokkenheid by sport en spele kry, hulle redelik goed toerus vir hierdie komponent. Die studente se mening is dus dat dit nie so belangrik is as deel van die opleiding in Liggaamlike Opvoeding nie.

**Tabel 5.116: Teorie van rekreasie-aktiwiteite binne Ligg Opv (n = 18)**

<b>Teorie van rekreasie-aktiwiteite binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>1</b>	<b>5.50</b>
<b>Belangrik</b>	<b>10</b>	<b>55.60</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>7</b>	<b>38.90</b>
<b>Onseker</b>	<b>0</b>	

Tabel 5.116 toon aan dat 55.60% van die GOS Bewegingsonderwys-studente wat die vraag beantwoord het, die teorie van rekreasie-aktiwiteite as 'n belangrike komponent tydens die opleiding in Liggaamlike Opvoeding beskou, en 'n verdere 38.90% beskou dit as uiters belangrik. Hierdie GOS Bewegingsonderwys-studente is reeds onderwysers in die onderwyspraktyk en ervaar heel waarskynlik dat hierdie betreklik nuwe toevoeging tot Liggaamlike Opvoeding nog nie groot aftrek kry nie, en dat hulle gebruik kan maak van buite-instansies en kundiges om hierdie aspekte aan die kinders en jongmense bekend te stel. Hierdie instansies werf nuwe lede op hierdie manier en die onderwysers hoef nie kenners op die gebied van hierdie verskillende rekreasie-aktiwiteite te wees nie.

**Tabel 5.117: Opvoedkundige dans binne Ligg Opv (n = 18)**

Opvoedkundige dans binne Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	3	16.60
Belangrik	12	66.70
Uiters belangrik	3	16.70
Onseker	0	

Twee derdes (66.70%) van die GOS Bewegingsonderwys-studente toon aan in Tabel 5.117 dat Opvoedkundige dans belangrik is vir opleiding in Liggaamlike Opvoeding. Volgens Tabel 5.92 in hierdie afdeling is die meerderheid van hierdie studente mans. Opvoedkundige dans is 'n vreemde aspek vir manspersoneel en die afleiding kan gemaak word dat hulle voel Opvoedkundige dans is belangrik vir die opleiding in Liggaamlike Opvoeding sodat hulle meer vertrouwd kan raak hoe om hierdie aspek sinvol in die gemengde seuns-en-dogters-klasse aan te bied. Dames-onderwysers kan heel moontlik voel dit is 'n belangrike aspek van opleiding sodat hulle beter toegerus is om Opvoedkundige dans, wat vroeër net in die dogters se sillabus aangebied is, in die gemengde seuns-en-dogters-klasse te kan aanbied.

**Tabel 5.118: Opvoedkundige gimnastiek binne Ligg Opv (n = 18)**

Opvoedkundige gimnastiek binne Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	3	16.60
Belangrik	10	55.60
Uiters belangrik	5	27.80
Onseker	0	

Tabel 5.118 toon aan dat die meerderheid GOS Bewegingsonderwys-studente (55.60%) voel dat Opvoedkundige gimnastiek belangrik is vir die opleiding in Liggaamlike

Opvoeding. Opvoedkundige gimnastiek in die NKV sluit slegs basiese gimnastiese bewegings soos kopstand, handstand ens. in, en geen duur gimnastiekapparaat word benodig nie. Die GOS Bewegingsonderwys-studente voel dit is 'n belangrike deel van die opleiding in Liggaamlike Opvoeding, heel waarskynlik omdat die korrekte ondersteuning nodig is om beserings te voorkom, en dat hulle onnodige risiko's wil voorkom deur goed opgelei te word in hierdie komponent.

**Tabel 5.119: Fisieke fiksheid binne Ligg Opv (n = 18)**

<b>Fisieke fiksheid binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>1</b>	<b>5.60</b>
<b>Belangrik</b>	<b>8</b>	<b>44.40</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>9</b>	<b>50.00</b>
<b>Onseker</b>	<b>0</b>	

Tabel 5.119 toon aan dat die helfte (50.00%) van die GOS Bewegingsonderwys-studente fisieke fiksheid as 'n uiters belangrike komponent binne die opleiding van Liggaamlike Opvoeding beskou, en 'n verdere 44.40% beskou dit as belangrik. Die klem van die NKV val op massa-deelname en lewenslange fisieke aktiwiteit met die oog op gesondheidsvoordele vir kinders en jongmense. Die afleiding kan dus gemaak word dat hierdie studente voel dat fisieke fiksheid uiters belangrik is in die opleiding vir Liggaamlike Opvoeding, sodat kinders en jongmense op 'n effektiewe manier blootgestel kan word aan 'n fisiek aktiewe en gesonde lewenstyl. Onderwysers moet goed opgelei wees om hierdie komponent effektief prakties in die Liggaamlike Opvoeding-klas aan alle leerders te kan oordra. Die GOS Bewegingsonderwys-studente wat reeds praktiserende onderwysers is, kan ook voel dat fisieke fiksheid belangrik is vir buitekurrikulêre sportaktiwiteite, deurdat kinders en jongmense reeds tydens Liggaamlike Opvoeding die nodige basiese kennis, vaardighede en oefenpatrone kan aanleer met die oog op hul persoonlike sportprogramme.

**Tabel 5.120: Assessering binne Ligg Opv (n = 18)**

Assessering binne Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	1	5.60
Relevant	2	11.10
Belangrik	9	50.00
Uiters belangrik	6	33.30
Onseker	0	

Tabel 5.120 toon aan dat die helfte (50.00%) van die GOS Bewegingsonderwys-studente assessering as belangrik beskou in die opleiding vir Liggaamlike Opvoeding. Een derde (33.30%) beskou dit as uiters belangrik. Dit is opvallend in Tabel 5.57, Fase 3 (36.20% Belangrik, 50.31% Uiters belangrik) en in Tabel 5.88, Fase 4 (32.70% Belangrik, 55.10% Uiters belangrik) dat die persentasies net omgekeer is van dié in Tabel 5.120, maar 'n baie groot ooreenstemming tussen die totale persentasie van die twee kategorieë waargeneem kan word: Tabel 5.120 (83.30%), Tabel 5.57 (86.51%) en Tabel 5.88 (87.80%). Onderrig-ervaring in Liggaamlike Opvoeding speel heel moontlik 'n rol in die GOS Bewegingsonderwys-studente se standpunt. Hierdie aspek is vir hulle belangrik, maar hulle voel heel waarskynlik dat hulle goed bekend is met assessering aangesien hulle reeds in die onderwyspraktyk betrokke is. Nogtans beskou hulle dit as belangrik; hulle besef heel moontlik die uitdaging om 'n volledige en effektiewe assesseringsplan vir Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering op te stel. Assessering in Liggaamlike Opvoeding is verpligtend volgens die NKV.

**Tabel 5.121: Beplanning vir Ligg Opv (n = 18)**

Beplanning vir Ligg Opv	Aantal	Persentasie
Irrelevant	0	
Relevant	2	11.10
Belangrik	9	50.00
Uiters belangrik	7	38.90
Onseker	0	

Tabel 5.121 toon 'n opvallende ooreenstemming met Tabel 29. 50.00% van die GOS Bewegingsonderwys-studente beskou beplanning vir Liggaamlike Opvoeding as belangrik, en 38.90% beskou dit as uiters belangrik. Uit hul ervaring as praktiserende onderwysers is hulle deeglik bewus van die belangrikheid van beplanning in enige vak om dit suksesvol te kan aanbied. Beplanning in Liggaamlike Opvoeding as uitkoms van Lewensoriëntering is net soveel meer ingewikkeld, en die afleiding kan gemaak word dat hierdie GOS Bewegingsonderwys-studente voel dat hierdie komponent 'n prominente plek moet inneem tydens opleiding.

**Tabel 5.122: Lesaanbieding binne Ligg Opv (n = 18)**

<b>Lesaanbieding binne Ligg Opv</b>	<b>Aantal</b>	<b>Persentasie</b>
<b>Irrelevant</b>	<b>0</b>	
<b>Relevant</b>	<b>1</b>	<b>5.60</b>
<b>Belangrik</b>	<b>8</b>	<b>44.40</b>
<b>Uiters belangrik</b>	<b>9</b>	<b>50.00</b>
<b>Onseker</b>	<b>0</b>	

Die helfte (50.00%) van die GOS Bewegingsonderwys-studente toon in Tabel 5.122 aan dat lesaanbieding as 'n uiters belangrike afdeling in die opleiding vir Liggaamlike Opvoeding beskou moet word. 'n Verdere 44.40% beskou hierdie aspek as belangrik. Die afleiding kan gemaak word dat hierdie GOS Bewegingsonderwys-studente wat tans reeds in die onderwysberoep staan, beslis voel dat hulle opleiding moet ontvang in die praktiese lesaanbieding van Liggaamlike Opvoeding. Hulle beskik oor praktiese ervaring van lesaanbieding, maar nie in 'n praktiese vak soos Liggaamlike Opvoeding nie, wat beslis verskil van ander vakke en waar die onderwyser te doen het met groot groepe kinders en jongmense wat fisiek aktief deelneem aan 'n wye verskeidenheid aktiwiteite.



## 5.6.1 Betekenisvolle verskille tussen die Aanvanklike vraelys aan die Vakadviseurs en die vraelys aan die GOS Bewegingsonderwys-studente

**Tabel 5.123: Betekenisvolle verskille (d-waardes) tussen die Aanvanklike vraelys aan die Vakadviseurs en die vraelys aan die GOS Bewegingsonderwys-studente**

Stelling	Vakadviseurs (n = 172)		GOS-studente (n = 18)		Effek- grote
	$\bar{x}$	S	$\bar{x}$	S	d
Keuse van leeruitkomste te beperk	2.02	1.09	2.00	1.09	0.02
Keuse van aktiwiteite vir LO te wyd	2.44	1.17	1.83	0.99	0.52*
Assessering-std te wyd en oop	2.57	1.06	1.94	0.94	0.59*
Beskikbaarheid van app en fasiliteite	3.61	0.81	2.94	1.29	0.52*
Onvoldoende opgeleide personeel	3.80	0.58	3.67	0.77	0.17
Onvoldoende ondersteuning vir LO	3.35	0.90	2.78	1.17	0.49*
Aantal leerders in LO-klasse	3.42	0.97	2.89	1.23	0.43*
Teoretiese agtergrond van LO	3.14	0.89	3.50	0.62	0.40*
Apparaat en fasiliteite vir LO	3.45	0.68	3.29	0.69	0.23*
Organisasie en admin van LO	3.35	0.56	3.44	0.78	0.12
Veiligheidsaspekte binne LO	3.75	0.84	3.67	0.49	0.17
Teorie van Sport en Spele	3.13	0.79	3.17	0.62	0.05
Prakties van Sport en Spele	3.49	0.55	3.34	0.50	0.19
Teorie van Rekreasie-Aktiwiteite	3.22	0.79	3.33	0.59	0.14
Opvoedkundige dans in LO	3.20	0.71	3.00	0.59	0.29*
Opvoedkundige gimnastiek in LO	3.02	0.80	3.11	0.68	0.11
Fisieke fiksheid in LO	3.45	0.58	3.44	0.62	0.01
Assessering in LO	3.43	0.71	3.11	0.83	0.38*
Beplanning in LO	3.65	0.59	3.28	0.67	0.56*
Praktiese lesaanbieding in LO	3.59	0.61	3.44	0.62	0.24*

Nota:  $\bar{x}$  = gemiddelde, S = standaardafwyking, d = effekgroottes

Effekgroottes:  $d \approx 0.2$  = klein praktiese betekenisvolheid

$d \approx 0.5$  = medium praktiese betekenisvolheid

$d \geq 0.8$  = groot praktiese betekenisvolheid (Cohen, 1988)

In Tabel 5.123 is Items 1 tot 7 getoets op 'n Likert-skaal van 1 – 4 waar 1 geensins problematies in die aanbieding van Liggaamlike Opvoeding aandui, en 4 uiters problematies aandui. Items 8 tot 20 is op 'n soortgelyke Likert-skaal getoets, met 1 irrelevant ten opsigte van opleiding in Liggaamlike Opvoeding, en 4 uiters noodsaaklik (kyk Vraelys, Addendum A).

Klein tot medium praktiese betekenisvolheid word gerapporteer by Tabel 5.123. Medium praktiese betekenisvolheid kom voor by vyf items, naamlik: “Assesseringstandaarde te wyd en te oop” ( $d = 0.59$ ), “Beplanning in Liggaamlike Opvoeding” ( $d = 0.56$ ), “Keuse van aktiwiteite vir Liggaamlike Opvoeding te wyd” ( $d = 0.52$ ), “Beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite” ( $d = 0.52$ ), en “Onvoldoende ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding” ( $d = 0.49$ ). Die GOS-studente se mening word heel waarskynlik beïnvloed deur die feit dat hulle tans praktiserende onderwysers is, al is dit nie noodwendig in Lewensoriëntering wat die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms insluit nie. Hul praktyk-ervaring stel hulle in staat om beter te oordeel hoe problematies die assesseringstandaarde is omdat hulle dit in die praktyk moet toepas, vandaar die effekgrootte ( $d = 0.59$ ) asook die merkbare verskil in gemiddeldes van die GOS-studente ( $\bar{x} = 1.94$ ) teenoor die gemiddelde van die vakadviseurs ( $\bar{x} = 2.57$ ) by hierdie item. Die GOS-studente beskou hulleself heel waarskynlik vanuit hul ondervinding beter bevoeg om te beplan in Liggaamlike Opvoeding as deel van Lewensoriëntering ( $\bar{x} = 3.28$ ), teenoor die mening van die vakadviseurs ( $\bar{x} = 3.65$ ) wat voel dat beplanning baie belangrik is tydens opleiding in Liggaamlike Opvoeding. Hetsy uit eie ondervinding of uit mededeling van kollegas is die GOS-studente van mening ( $\bar{x} = 2.78$ ), teenoor die vakadviseurs ( $\bar{x} = 3.35$ ), dat daar onvoldoende ondersteuning is vir Liggaamlike Opvoeding en dat die beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite ( $\bar{x} = 3.29$ ) wel problematies is, maar nie so sterk problematies ( $\bar{x} = 3.45$ ) soos wat die vakadviseurs dit ervaar nie. Praktyk-ervaring van die GOS-studente speel heel waarskynlik ook 'n rol in hierdie verskil in mening.

Klein praktiese betekenisvolheid word aangetoon by ses items naamlik, “Aantal leerders in Liggaamlike Opvoeding-klasse” ( $d = 0.43$ ), “Teoretiese agtergrond van Liggaamlike Opvoeding” ( $d = 0.40$ ), “Assessering in Liggaamlike Opvoeding” ( $d = 0.38$ ), “Opvoedkundige dans in Liggaamlike Opvoeding” ( $d = 0.29$ ), “Praktiese Lesaanbieding in

Liggaamlike Opvoeding” ( $d = 0.24$ ) en “Apparaat en Fasiliteite vir Liggaamlike Opvoeding” ( $d = 0.23$ ). Die GOS-studente beleef heel waarskynlik die geweldige groot Liggaamlike Opvoeding-klasse in die praktyk ( $\bar{x} = 2.89$ ), teenoor die vakadviseurs ( $\bar{x} = 3.42$ ), en dat die assessering van Liggaamlike Opvoeding binne Lewensoriëntering problematies is ( $\bar{x} = 3.11$ ), teenoor die vakadviseurs ( $\bar{x} = 3.43$ ). Opvoedkundige dans is baie moontlik 'n vreemde konsep, veral vir die manlike onderwysers en veral in gemengde seuns-en-dogters-klasse ( $\bar{x} = 3.00$ ), teenoor die vakadviseurs ( $\bar{x} = 3.20$ ). “Praktiese lesaanbieding” ( $\bar{x} = 3.44$ ), teenoor vakadviseurs ( $\bar{x} = 3.59$ ), en “Apparaat en fasiliteite is vir Liggaamlike Opvoeding” ( $\bar{x} = 3.29$ ), teenoor vakadviseurs ( $\bar{x} = 3.45$ ), is 'n realiteit vir praktiserende onderwysers. Die GOS-studente beskou egter bogenoemde aspekte nie so problematies as die vakadviseurs nie, soos blyk uit die verskil in gemiddeldes aangetoon, heel waarskynlik omdat hulle tans praktiserende onderwysers is en dit in die praktyk ervaar.

“Teoretiese agtergrond van Liggaamlike Opvoeding” ( $d = 0.40$ ) is die enigste item waar die GOS-studente 'n hoër gemiddeld ( $\bar{x} = 3.50$ ) teenoor die gemiddeld van die vakadviseurs ( $\bar{x} = 3.14$ ) aangeteken het. Die GOS-studente is van mening dat die teoretiese agtergrond van Liggaamlike Opvoeding om die vak effektief aan te bied, merkbaar meer problematies is as wat die vakadviseurs van mening is. Die GOS in Bewegingsonderwys wat hierdie studente tans besig is om te voltooi, het hulle heel waarskynlik tot ander insigte gebring oor die noodsaaklikheid van onder andere die teoretiese kennis en agtergrond van die gesondheidsvoordele van gereelde fisieke aktiwiteit, die effek van fisieke aktiwiteit en fiksheid op jongmense, motoriese en sportvaardighede asook die bydrae van Liggaamlike Opvoeding tot fiksheid en gesondheid – alles belangrike komponente in die mondering van 'n suksesvolle Liggaamlike Opvoeding-onderwyser.

## **5.6.2 Kwalitatiewe data ten opsigte van die vraelys aan GOS-Bewegingsonderwys-studente**

'n Aantal oop vrae in die vraelys aan die GOS Bewegingsonderwys-studente ondersteun die kwantitatiewe data wat in die voorafgaande gedeelte van Fase 5 ontleed en bespreek is.

Die vraag by Item 20 handel oor in watter aspekte van Liggaamlike Opvoeding die GOS-studente verdere opleiding sou wou ontvang. Daar was onsekerheid oor hierdie vraag. Aangesien die GOS-studente nog besig was met hul Gevorderde Onderwysertifikaat-

opleiding in Bewegingsonderwys ten tyde van die voltooiing van die vraelys, was hulle onseker of die vraag na hierdie opleiding verwys of na ander addisionele opleiding in Liggaamlike Opvoeding. Antwoorde soos “Not Applicable” en “Am busy with ACE in Movement Education” by heelwat van die GOS-studente bevestig hierdie verwarring. Enkele ander GOS-studente het aangetoon dat hulle verdere opleiding verlang in Sport en Rekreasie, spesifiek Oriëntering asook Noodhulp. Hierdie is ’n soortgelyke bevinding as met die kwalitatiewe data van Fase 2 en Fase 3. Dit is opvallend dat ’n klein groepie van die studente aangetoon het dat hulle verdere opleiding in Opvoedkundige gimnastiek wil ontvang. Hierdie tendens kan heel waarskynlik gekoppel word aan die ouderdom van die GOS-studente (Tabel 5.93 in Fase 4), wat aantoon dat dit ’n ouer groep onderwysers is wat uit ’n vorige bedeling van Liggaamlike Opvoeding kom waar Apparaatgimnastiek ’n baie prominente rol gespeel het in die vak en talle onderwysers onseker was oor hoe om dit aan te bied. Nog ’n moontlike rede vir hierdie verskynsel kan wees dat die GOS-studente onseker is oor die aanbod van die basiese gimnastiek-bewegings byvoorbeeld handstand, vooroor rol, en piramides wat in die NKV voorgestel word, en dat daar ’n bekommernis is oor moontlike beserings as gevolg van onkunde met ondersteuning en korrekte uitvoering. Ander velde vir verdere opleiding wat genoem is, is afrigting, sport en spele, fisieke fiksheid, swem, asook die terrein van sportbestuur.

By Item 22 is die vraag gestel oor hoe die GOS-opleiding die GOS-studente, wat tans praktiserende onderwysers is en via afstandsonderrig deelyds studeer, se aanbieding van die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering beïnvloed het. ’n Hele aantal stellings soos “Equipped with a lot of new knowledge and skills”, “Improved a lot in assessment, lesson planning” en “learned a lot” is ’n aanduiding dat die GOS-opleiding wel ’n positiewe impak gehad het op die Liggaamlike Opvoeding-kennis en -vaardighede van die GOS Bewegingsonderwys-studente. Enkele ander positiewe opmerkings wat gemaak is, onder andere groter selfvertroue en effektiwiteit, beter insig en entoesiasme in Liggaamlike Opvoeding en verbeterde vaardighede as Liggaamlike Opvoeding-onderwysers, is verdere bevestiging van die positiewe bydrae wat die GOS-opleiding tot gevolg gehad het. Een besondere kontroversiële opmerking stel dit dat hierdie GOS-studente sterk bevoordeel word in hul spesifieke rigtings deur die GOS-opleiding wat hulle ontvang, teenoor hulle sogenaamde “lui” kollegas wat hulself nie verder wil kwalifiseer en bekwaam in hul vakrigtings nie.

Item 23 handel oor enige ander aspekte wat tans ’n betekenisvolle bydrae kan maak in die implementering van Liggaamlike Opvoeding. Uit hierdie kwalitatiewe data is daar opvallende ooreenkomste met die kwalitatiewe data in Fase 3 sowel as Fase 4. Van die GOS-studente toon aan dat Liggaamlike Opvoeding ’n afsonderlike vak moet wees, dat ’n

groter tydstoedeling aan die vak gemaak moet word (’n punt waaraan reeds aandag gegee is met die nuwe NKV, kyk Fase 3), onderwysers opgelei moet word deur die DoE en Hoër Onderwysinstellings, beter apparaat en fasiliteite vir Liggaamlike Opvoeding, die ondersteuning en hulp van buite-skoolse instansies vir Liggaamlike Opvoeding, en Liggaamlike Opvoeding met die oog op sportbevordering soos in ander lande byvoorbeeld Engeland, Australië en Ghana (kyk Hoofstuk 2). Ander GOS-studente was weer van mening dat die vak belangrik is vir gesondheidsbevordering soos in die VSA (kyk Hoofstuk 2), en toon aan dat slegs onderwysers met ’n passie vir Liggaamlike Opvoeding die vak tot sy reg kan laat kom. Hierdie punt word ondersteun deur die stelling: “Develop school clusters” sodat een toegewyde, spesialis- Liggaamlike Opvoeding-onderwyser die vak by ’n groep skole kan aanbied.

Die vraag by Item 24 kyk na enige positiewe of negatiewe kommentaar oor Liggaamlike Opvoeding as uitkoms van Lewensoriëntering. Opvallend baie stellings soos “Forms the heart of developing learners’ skills and healthy living”, “it adds vitality”, “a healthy body normally houses a healthy mind” en “keep mind and body fit” is ’n duidelike aanduiding van die positiewe gesindheid van die GOS-studente teenoor die vak Liggaamlike Opvoeding. Opvallende ooreenkomste tussen die data in Fase 3 en Fase 4 kom voor in enkele stellings soos: gesondheid en welsyn van kinders en jongmense word bevorder, karakterontwikkeling vind plaas by kinders en jongmense, dit ontlaai kinders en jongmense se frustrasies, sosialisering word bevorder, talent-identifisering kan gedoen word, kinders en jongmense leer van veiligheid en Noodhulp, en sommige word voorberei vir sportverwante beroepe.

Negatiewe opmerkings kom sterk ooreen met die kwalitatiewe data sowel as die kwantitatiewe data in Fase 3 en Fase 4. Heelwat ooreenstemmende opmerkings kom voor. Opmerkings soos te min tyd vir Liggaamlike Opvoeding, gebrek aan apparaat en fasiliteite vir die vak, onopgeleide personeel, en swak belangstelling van Lewensoriëntering-onderwysers in die vak, word gemaak. Verdere opmerkings soos sekere skole implementeer nie die vak nie en Liggaamlike Opvoeding moet ’n aparte vak wees om suksesvol te kan wees, kom ook voor. Nog opmerkings word gemaak, soos weersomstandighede beïnvloed die aanbod van die vak indien slegs buite-fasiliteite beskikbaar is, minder talentvolle leerders sukkel met die vak, en Liggaamlike Opvoeding is slegs vir die akademiese swakker kinders en jongmense. Dit is opvallend dat die opmerking “Lack of management support for Physical Education” die negatiewe kommentaar saamvat en in al vyf fases baie sterk na vore kom in die data.

Fase 5 kan saamgevat word met die volgende afleidings: die GOS-studente is net soos by Fase 3 en Fase 4 (aanvanklike en opvolg-vraelyste aan vakadviseurs) 'n ouer groep onderwysers, met meer mans as dames in Fase 5 (GOS-studente); net soos by die fasiliteerders in Fase 2 is die meerderheid van die GOS-studente afkomstig uit stedelike gebiede. 'n Groot ooreenkoms tussen die kwantitatiewe en kwalitatiewe data in Fase 3, Fase 4 en Fase 5 is die min onderrig-ervaring wat die vakadviseurs en GOS-studente het asook albei groepe se swak of geen opleiding in Liggaamlike Opvoeding. Die GOS Bewegingsonderwys-studente poog heel waarskynlik om hulle kwalifikasies in Liggaamlike Opvoeding te verbeter deur middel van die GOS in Bewegingsonderwys waarvoor hulle ingeskryf het. Opvallende ooreenkomste ten opsigte van probleme met apparaat en fasiliteite en ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding kom voor tussen Fase 3, Fase 4 en Fase 5. Die GOS Bewegingsonderwys-studente se menings verskil egter van dié van die vakadviseurs rakende beplanning en praktiese lesaanbieding. Die studente is van mening dat hierdie aspek nie so belangrik is nie. 'n Moontlike verklaring vir hierdie verskil is omdat die GOS-studente onderwysers is wat tans in die onderwyspraktyk staan, al is dit in ander vakke, maar dat hulle voel hulle beter praktykblootstelling het aan beplanning en praktiese lesaanbieding as die vakadviseurs.

## **5.7 Resultate van Fase 6: Kwalitatiewe data verkry uit die Individuele en Fokusgroep-onderhoude met GOS Lewensoriëntering- asook Bewegingsopvoeding-studente**

In die volgende gedeelte word 'n verkorte kwalitatiewe ontleding van die drie individuele onderhoude sowel as die een fokusgroep-onderhoud (4 deelnemers) gedoen, as beperkte ondersteuning vir die kwantitatiewe data in Fase 2, Fase 3, Fase 4 en Fase 5.

Twaalf (12) voorafopgestelde vrae is gebruik vir die individuele sowel as die fokusgroep-onderhoude (kyk Addendum A). Die vrae sluit nou aan by die pos-vraelyste wat uitgestuur is aan die GOS Bewegingsonderwys-studente, en sluit kategorieë in oor die aanbieding, opleiding, kwalifikasies, onderrig-ervaring, klasgrootte, beskikbaarheid van kurrikulumdokumente, probleem-areas asook positiewe of negatiewe kommentaar oor Liggaamlike Opvoeding.

Die individuele onderhoude is gevoer met drie dames wat almal Liggaamlike Opvoeding by hul onderskeie skole aanbied en tans 'n Gevorderde Onderwysertifikaat in

Lewensoriëntering, wat Liggaamlike Opvoeding insluit, aan die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, doen. Twee gee onderwys in stedelike omgewings en een hou skool in die platteland. Slegs een dame het een jaar kollege-opleiding in Liggaamlike Opvoeding; die ander twee het kort werkswinkel-opleiding in die vak ontvang. Die dame met die kollege-opleiding in Liggaamlike Opvoeding het meer as vyf jaar onderrig-ervaring in die vak; die ander twee het onderskeidelik twee jaar en een jaar onderrig-ervaring in die vak.

Klasgroottes ten opsigte van die aantal leerders in Liggaamlike Opvoeding-klasse wissel van 24 tot 42 leerders per klas. By een skool verdeel die hele skool, Graad R tot Graad 10, op in groot groepe wat dan saam Liggaamlike Opvoeding doen. Die groepe kan dus wissel van enigiets van 70 tot 80 leerders per groep, wat saam Liggaamlike Opvoeding doen. Die gebrek aan voldoende fasiliteite is die belangrikste rede vir hierdie reëling. Al drie deelnemers het aangetoon dat die NKS-dokumente vir Liggaamlike Opvoeding beskikbaar is by hulle skole en dat hulle dit gebruik vir die aanbieding van die vak. Die een dame beskryf dit as volg: "When I don't have it, it is like not having an instrument when we are singing, [having to sing] without an instrument."

Twee van die deelnemers het aangedui dat hulle wel indiensopleidings-werksinkels in Lewensoriëntering, wat Liggaamlike Opvoeding insluit, ontvang het die afgelope drie jaar. Die derde deelnemer het geen indiensopleiding die afgelope drie jaar ontvang nie. Die werksinkels wat wel aangebied is, is deur die Lewensoriëntering-vakadviseur van die NWDoE aangebied en het wel die onderwysers bemaagtig om beter kwaliteit Liggaamlike Opvoeding-klasse aan te bied. Een van die deelnemers stel dit as volg: "It assisted me very, very much ...". 'n Ander deelnemer het kort en kragtig bygevoeg, "it was not enough", en op 'n uitgebreide vraag: hoekom nie? weer kort en bondig gereageer met "it was too short". Al die deelnemers het eenparig saamgestem en aangetoon dat hulle beslis verdere opleiding in Liggaamlike Opvoeding sal wil ontvang. Een deelnemer se reaksie was "definitely, definitely I would love to" en 'n ander een: "I'll be very glad to do that, I'll be very glad to take even some of my colleagues to go and train...". Spesifieke terreine van opleiding in Liggaamlike Opvoeding wat uitgelig is waaraan aandag gegee moet word, is fisieke fiksheid, opvoedkundige gimnastiek en dans.

Die vraag oor spesifieke probleem-areas wat onderwysers ervaar in die aanbieding van Liggaamlike Opvoeding het 'n eenstemmige antwoord van gebrekkige fasiliteite opgelewer. Die skole beskik nie oor gepaste buite-areas om Liggaamlike Opvoeding aan te bied nie, en in elk geval ook nie binne-areas om klasse aan te bied vir wanneer dit ongure weersomstandighede is nie. Die probleem van die tyd wat te kort is vir die aanbieding van

Liggaamlike Opvoeding is ook deur twee deelnemers uitgelig. 'n Ander uitdaging wat ervaar word, is die probleem van korrekte kleredrag vir deelname aan Liggaamlike Opvoeding. Die leerders verniel hul skooldrag wanneer hulle daarin moet deelneem aan Liggaamlike Opvoeding-klasse, dit smeer vuil en ná Liggaamlike Opvoeding-klasse is hulle vuil en sweterig en skep dit 'n probleem in ander akademiese klasse. Hierdie situasie noodsaak die Liggaamlike Opvoeding-onderwysers om nog vroeër klaar te maak met klasse sodat die leerders voldoende tyd kry om af te koel, hande en gesig te was en water te drink voordat hulle ander akademiese klasse kan gaan bywoon – dus 'n verdere inkorting van tyd vir Liggaamlike Opvoeding-klasse, wat reeds as 'n probleem uitgelig is gedurende die onderhoude.

By die vraag oor watter aspekte nou 'n verskil kan maak in die implementering van Liggaamlike Opvoeding, het die fasiliteite en apparaat weer pertinent na vore gekom. “It is those facilities”; “The sports grounds, the athletic grounds, everything in that, because, as I say, we really don't have facilities”; “We use that old neighbouring school to have those facilities”; “Now it's strenuous for us, because we need to take, eh, eh, chairs and put them on the van of the tractor to go and transport them to where we are playing”; “...when it comes to dance, we don't have a hall”. Die deelnemer uit die plattelandse omgewing het aangetoon dat die beskikbaarheid van water by hulle skool 'n probleem skep vir die aanbied van Liggaamlike Opvoeding-klasse. Die leerders kan nie hulle hande en gesig was ná die klasse nie, en daar is nie water om te drink nie. Veral in die somer veroorsaak dit groot uitdagings.

Die laaste vraag in die onderhoude het enige positiewe of negatiewe kommentaar gevra oor Liggaamlike Opvoeding as uitkoms van Lewensoriëntering. Positiewe kommentaar was die volgende: “...it develops our children physically, mentally and socially, so that they are mixing with others, they can play with others, they can develop even physically”; “It's a very good thing and I wish it can be [stutters] implemented in all schools”; “I think it's something that should carry on, and I'm afraid, because the Department keeps changing the syllabus, and I'm just afraid, maybe they will take it away...”. Negatiewe kommentaar wat geopper is, het gehandel oor fasiliteite en te min tyd vir Liggaamlike Opvoeding: “...the place where they do this physical education, is not conducive, the environment, is not conducive...”; “time consuming” verwys heel moontlik na die probleme wat hierbo bespreek is rakende die tydsaspek met die aanbieding van Liggaamlik Opvoeding-klasse.

Hierdie data van die individuele onderhoude toon groot ooreenkomste met die kwantitatiewe data sowel as die kwalitatiewe data (oop vrae) in Fase 2, Fase 3, Fase 4 en Fase 5. Spesifieke aspekte soos die groot aantal leerders in Liggaamlike Opvoeding-



klasse, swak opgeleide Liggaamlike Opvoeding-personeel, nie voldoende ondersteuning in die vorm van werkwinkels nie, 'n gebrek aan fasiliteite en apparaat is duidelik waarneembaar in al hierdie fases. Die DoE, die vakadviseurs en ook die Hoër Onderwysinstellings wat verantwoordelik is vir die oplei van Lewensoriëntering-onderwysers wat Liggaamlike Opvoeding insluit, moet kennis neem van al hierdie probleme.

Die fokusgroep-onderhoud is gevoer met vier persone, drie mans en een dame, waarvan slegs die dame Liggaamlike Opvoeding by haar skool aanbied. Die drie mans bied ander vakke soos Engels en Rekeningkunde aan; die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering word deur kollegas by hul skole aangebied. Al vier hierdie deelnemers het vanjaar ingeskryf vir die GOS in Bewegingsonderwys by die skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Al vier deelnemers hou in plattelandse omgewings skool, het geen opleiding in Liggaamlike Opvoeding nie en net die dame het een jaar onderrig-ervaring in die vak; die drie mans het geen onderrig-ervaring in die vak nie.

Die klasgroottes in Liggaamlike Opvoeding wissel van 36 leerders tot 46 en selfs 72 leerders per Liggaamlike Opvoeding-klas. Die NKS-dokumente oor Liggaamlike Opvoeding is wel beskikbaar by hul onderskeie skole en alhoewel hulle dit nie self gebruik nie, omdat drie van die deelnemers nie Liggaamlike Opvoeding aanbied nie, vertrou hulle dat die onderwysers wat verantwoordelik is vir die aanbied van Liggaamlike Opvoeding wel die dokumente gebruik. Die dame wat wel Liggaamlike Opvoeding aanbied by haar skool het wel toegang tot die NKS-dokumente, maar sy gebruik dit nie vir die aanbied van haar klasse nie: "Ja, there are some NCS document even though I don't use them when teaching." Die rede waarom sy dit nie gebruik nie is heel waarskynlik omdat sy geen opleiding gehad het nie, en nie die inhoud van die dokumente verstaan nie.

Drie van die deelnemers het geen opleiding in Liggaamlike Opvoeding ontvang gedurende die afgelope drie jaar nie; deelnemer nommer drie het wel sportafrigtings-klinieke bygewoon, waar hy blootgestel is aan praktiese afrigting asook die aanleer van spesifieke sportvaardighede. Daarom voel deelnemer nommer drie dat hy wel opleiding ontvang het die afgelope drie jaar, alhoewel dit nie spesifiek in Liggaamlike Opvoeding was nie. Al vier die deelnemers wil verdere opleiding in Liggaamlike Opvoeding ontvang – juis daarom dat hulle ingeskryf het vir die Bewegingsonderwys-GOS om hulself beter te kwalifiseer in die vak. Spesifieke areas waarin hulle verder opleiding wil ontvang, is opvoedkundige dans, afrigtingsvaardighede asook die grondslae van Liggaamlike Opvoeding.

By die vraag oor moontlike probleem-areas wat onderwysers kan ervaar in die aanbied van Liggaamlike Opvoeding word aangetoon dat fasiliteite 'n probleem is: "More especially when you're supposed to use the ground and you find out that the ground is not level". Kleredrag is aangetoon as 'n probleem-area, asook die onderwysers wat onopgelei is. Deelnemer nommer drie het aangedui dat die Liggaamlike Opvoeding-onderwyser ook in Noodhulp opgelei moet word om moontlike beserings tydens Liggaamlike Opvoeding-klasse korrek te kan hanteer.

Op die vraag oor watter aspekte op die oomblik 'n betekenisvolle bydrae kan maak tot die implementering van Liggaamlike Opvoeding is daar soos volg geantwoord: "I think a healthy body is a healthy mind, so we work with children, and children, they learn that if they play. So they touch, they see, they feel, they do everything. Physical Education is part of making learners know much more easy with their school, with their school work, so I think it is very important that, to help learners to concentrate and to learn more effectively. Physical education plays more important role, it is very important part." Deelnemer nommer vier het aangedui dat die "2010 FIFA Soccer World Cup ... has made people to be active in sport and sport is part of Physical Education and at schools, ah, children are now going to be doing too much towards this thing, they want to see themselves be part of 2010 in the... I mean, in the soccer week training".

Die laaste vraag in die fokusgroep-onderhoude was ook oor enige positiewe of negatiewe kommentaar ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding as uitkoms van Lewensoriëntering. Die volgende positiewe stellings het uit die transkripsies na vore gekom: "I think it plays a big role in our lives to be healthy and to be strong to be active..."; "I think it is positive because in Life Orientation the learners are told how to balance diet and then the balanced diet goes with the Physical Education, you cannot go and play soccer with a full stomach, you see, while you get the stomach cramp, so I think it is positive, Physical Education going hand in hand with Life Orientation"; "...eh, Physical Education can [help learners to be] healthy and then you can teach us about the healthy legs..."; "I think it could also be brought back, to improve the participation of learners in sport..." en "...it will help them to curb this issue of obesity with our learners...".

Geen direkte negatiewe kommentaar is geopper nie. As slotopmerking het een van die deelnemers melding gemaak van opleiding: "...we are going to [bring] back to our schools because we have at least knowledge about what to do and what not to do..." Hierdie opmerking spruit heel waarskynlik voort uit die gebrekkige opleiding in Liggaamlike Opvoeding wat Lewensoriëntering-onderwysers het dat hierdie deelnemers wat nou 'n

GOS in Bewegingsonderwys doen, kennis en vaardighede in Liggaamlike Opvoeding opdoen wat hulle met hul kollegas by hul onderskeie skole kan gaan deel.

Alhoewel die drie mans-deelnemers aan die fokusgroep-onderhoude nie tans self Liggaamlike Opvoeding by hulle skole aanbied nie, maar die dame wel, is daar nogtans duidelike ooreenkomste met die transkripsies van die individuele onderhoude asook met die kwantitatiewe sowel as die kwalitatiewe data van Fase 2, Fase 3, Fase 4 en Fase 5. Die groot getalle leerders in Liggaamlike Opvoeding-klasse, swak of onopgeleide personeel, geen fasiliteite en die beskikbaarheid van NKS-dokumente is van die aspekte wat baie duidelik ooreenstem met al die vorige fases. Noodhulp-opleiding is deur deelnemer nommer drie uitgelig as 'n belangrike aspek in Liggaamlike Opvoeding-opleiding – 'n aspek wat ook in die kwalitatiewe data van Fase 2, Fase 3, Fase 4 en Fase 5 na vore gekom het. Die kwessie van die 2010 FIFA-Wêreldbekersokker-eindtoernooi en die veranderinge wat dit aan die skoolkalender in Suid-Afrika tot gevolg gehad het, en wat deur die navorser as 'n moontlike rede vir die lae terugvoer-syfer in Fase 3 (Opvolg-vraelys aan vakadviseurs) aangebied is, word in die fokusgroep-onderhoude deur deelnemer nommer vier as 'n positiewe invloed op Liggaamlike Opvoeding gesien: "It has made many people to be active in sport and sport is part of Physical Education and at the schools...".

## 5.8 Samevatting

Samevattend blyk dit duidelik uit Fase 1 van hierdie hoofstuk dat Liggaamlike Opvoeding as uitkoms van Lewensoriëntering sedert 1 Januarie 2008 'n verpligte skoolvak in alle grade in alle skole in Suid-Afrika is. Volgens die nuwe beleidsdokument wat in Oktober 2009 uitgereik is, word die vak nou Liggaamlike Opvoeding genoem vanaf Graad R tot Graad 12 en is die tydstoedeling in die Grondslagfase, die Intermediêre en die Senior fase vanaf 1 uur per week vermeerder tot 2 ure per week. In die Grondslagfase word Liggaamlike Opvoeding voortaan ingesluit by die Algemene studies wat die vorige Lewensvaardighede vervang. In die Intermediêre en Senior fases is die vak ook deel van Algemene studies, wat Lewensoriëntering vervang. Hierdie veranderinge word vanaf 2011 tot en met 2014 in die skole ingefaseer (DoE, 2008; DoE, 2009).

Fase 2 rapporteer die data van die dosente wat as fasiliteerders opgetree het by die Liggaamlike Opvoeding-werkswinkels wat gedurende Januarie en Februarie 2008 vir 277 Lewensoriëntering-vakadviseurs uit al nege provinsies aangebied is. Uit hierdie data kon vasgestel word dat die dosente 'n goed gekwalifiseerde, ouer groep was, met meer dames as mans en met baie onderrig-ervaring in Liggaamlike Opvoeding. Hierdie groep dosente-fasiliteerders lê sterk klem op die opleiding in Liggaamlike Opvoeding, veral ten opsigte

van beplanning en praktiese lesaanbieding – heel waarskynlik omdat hulle vertrouwd is met die opset van Liggaamlike Opvoeding vanuit 'n vorige bedeling toe die vak nie tot sy reg gekom het nie as gevolg van die misbruik van die Liggaamlike Opvoeding-periodes vir ander aktiwiteite.

Die data in Fase 3 rapporteer die inligting verkry uit die aanvanklike vraelyste aan die 277 vakadviseurs wat die werkswinkels in 2008 bygewoon het. Groot ooreenkomste met die data in Fase 2, soos ouer persone en meer dames as mans, kom voor. Opvallende verskille is dat hierdie groep vakadviseurs swak opgelei is en baie min onderrig-ervaring het in Liggaamlike Opvoeding. Hierdie groep toon aan dat die onderwysers in hul onderskeie streke baie swak opgelei is, dat daar onvoldoende apparaat en fasiliteite is vir die aanbieding van die vak en baie groot getalle leerders per Liggaamlike Opvoeding-klas. Hierdie groep was baie positief oor die werkswinkels en het aangetoon dat meer gereelde opleidingsgeleenthede vir alle betrokkenes by die vak aangebied moet word, om die suksesvolle implementering van die vak te verseker.

In Fase 4 is die data van die opvolg-vraelyste van 2010 aan die vakadviseurs gerapporteer. Uit hierdie data is praktiese betekenisvolheid in vergelyking met Fase 3 aangetoon. Opvallende ooreenkomste ten opsigte van ouderdom, geslag, opleiding en onderrig-ervaring blyk duidelik uit die data in Fase 3 en Fase 4. Prakties betekenisvolle verskille kan gerapporteer word ten opsigte van aspekte soos keuse van leeruitkomste vir die vak, onvoldoende ondersteuning vir die vak asook beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite. Die werkswinkels en praktiese ervaring in die veld met die ondersteuning van die Lewensoriëntering-onderwysers in hul onderskeie streke het die vakadviseurs tot ander insigte gebring ten opsigte van hierdie aspekte. Een kommerwekkende aspek is dat die swak opgeleide Liggaamlike Opvoeding-personeel 'n duidelike struikelblok in die suksesvolle implementering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole is en bly. Hierdie punt word sterk ondersteun deur Tinning (2004) asook Morgan en Bourke (2005), naamlik dat swak of onopgeleide personeel 'n vernietigende invloed op die aanbieding van Liggaamlike Opvoeding as skoolvak het (kyk Hoofstuk 1).

Fase 5 rapporteer die kwantitatiewe en kwalitatiewe data van die vraelyste wat aan die GOS Bewegingsonderwys-studente uitgestuur is en Fase 6 die kwalitatiewe data wat uit die transkripsies van die individuele en fokusgroep-onderhoude met GOS Lewensoriëntering- en Bewegingsonderwys-studente gevoer is. Die praktiese betekenisvolheid in vergelyking met Fase 3 is aangetoon. Ooreenkomste ten opsigte van ouderdom, opleiding en onderrig-ervaring is gerapporteer. In hierdie fase het meer mans as dames aan die studie deelgeneem. Prakties betekenisvolle verskille is gerapporteer by

aspekte soos apparaat en fasiliteite, onvoldoende ondersteuning vir Liggaamlike Opvoeding, aantal leerders in Liggaamlike Opvoeding-klasse en assessering in Liggaamlike Opvoeding. Die praktiese onderwys-ervaring van die GOS Bewegingsonderwys-studente in vergelyking met die vakadviseurs is heel waarskynlik die grondslag van hierdie verskille. Die kwalitatiewe data uit die onderhoude toon duidelike ooreenkomste met die prakties betekenisvolle verskille ten opsigte van opleiding, apparaat en fasiliteite asook groot getalle leerders in Liggaamlike Opvoeding-klasse.

Navorsing oor die wêreldwye stand en status van Liggaamlike Opvoeding rapporteer ooreenstemmende uitdagings in talle ander lande (Tinning, 2004; Morgan & Bourke, 2005; Pühse & Gerber, 2005; Hardman, 2006) (kyk Hoofstuk 1).

In die volgende hoofstuk word die resultate van die empiriese ondersoek, tesame met die literatuur-evaluering, aangewend om te bepaal hoe die gestelde doelwitte van hierdie studie bereik is.

---

## **SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

---

### **6.1 Inleiding**

Die samevatting van die literatuur van toepassing op hierdie studie en soos bespreek in Hoofstukke 2 en 3, sal onder die volgende hoofaspekte in hierdie hoofstuk aangebied word. 'n Kort internasionale historiese agtergrond van Liggaamlike Opvoeding sal gedoen word; dan sal daar gekyk word na die waarde van Liggaamlike Opvoeding vir kinders en jongmense, asook na die hedendaagse stand van Liggaamlike Opvoeding. Verder sal daar gekyk word na die bedryf van Liggaamlike Opvoeding in enkele ontwikkelde lande naamlik die Verenigde State van Amerika, Engeland en Australië, enkele ontwikkelende lande naamlik China, Suid-Korea en Brasilië, en enkele Afrika-lande naamlik Ghana, Nigerië en Tunisië. 'n Kort historiese oorsig van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika sal gedoen word, en die bedryf van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika sal bespreek word. Vervolgens sal die uitdagings van Liggaamlike Opvoeding in skole bespreek word aan die hand van die Wêreldberaad oor Liggaamlike Opvoeding in Berlyn in 1999. Hierdie beraad het uitgeloop op die sogenaamde Berlynse Agenda of Verklaring wat aan die einde van 1999 aan die "International Conference of Ministers and Senior Officials Responsible for Physical Education" (MINEPS III) in Punta del Este in Uruguay voorgelê is vir aanvaarding (kyk Hoofstuk 3).

Voorts word gevolgtrekkings uit die literatuur en empiriese ondersoek aan die hand van die gestelde doelwitte van die studie gemaak, en laastens word aanbevelings oor hierdie studie en tekortkominge van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika aan die hand van die literatuur, empiriese ondersoek asook die Berlynse Agenda gedoen. Aanbevelings oor verdere navorsing sal ook gedoen word.

### **6.2 Samevatting van literatuur**

'n Volledige literatuurbespreking is in Hoofstukke 2 en 3 gedoen en slegs die kernaspekte soos van toepassing op hierdie studie word hier uitgelig.

## 6.2.1 Historiese ontwikkeling van Liggaamlike Opvoeding

Die historiese oorsig het gekyk na die tydperk 1750 tot 1850, met 'n sterk Griekse invloed op Liggaamlike Opvoeding (Pangrazi, 2002). Belangrike rolspelers in Liggaamlike Opvoeding gedurende hierdie tydperk asook gedurende 1850 tot 1950 was Friedrich Ludwig Jahn met sy "Turnverein" (Van der Merwe, 1999:280; Postma, 1972:15), Per Henrik Ling, Frantz Nachteggall GuthsMuths, Niels Bukh, Adalbert Slama, Karl Gaulhoffer en Margareta Streicher (Dixon *et al.*, 1957; Postma, 1972:31; De Klerk, 1978). Gedurende hierdie tydperk is gimnasiums in Amerika en Europa opgerig met die oog op fisieke aktiwiteit, en byvoorbeeld in Japan is 'n groot verskeidenheid sportsoorte gevestig met die oog op fisieke voorbereiding (Mitsuru, 2007). Die Sweedse stelsel wat gerig was op houdingsoefeninge en liggaamshouding het na heelwat lande oorgespoel, onder andere ook na Suid-Afrika (Willemse, 1969). Vanaf 1950 tot 2009 het Liggaamlike Opvoeding in verskeie lande van die destydse tradisionele militaristiese gimnastiekaktiwiteite verander na 'n spesialis-area met meerdoelige tipes uitkomst rakende fisieke fiksheid, gesondheid en sport. Die beskikbaarheid van fondse, personeel, fasiliteite, apparaat en toerusting het 'n direkte invloed gehad op die kwaliteit van die Liggaamlike Opvoeding wat aangebied is (Anderson, 1989) (kyk paragraaf 2.2, Hoofstuk 2).

## 6.2.2 Die waarde van Liggaamlike Opvoeding

Die gesondheidsvoordele van Liggaamlike Opvoeding, soos die voorkoming van kardiovaskulêre siektes en obesiteit, word erken deur die mediese beroep en ondersteun deur die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) en die Berlynse Agenda (Willmore & Costill, 2004). Die Verenigde State van Amerika het daadwerklik opgetree ná die Amerikaanse Geneesheer-Generaal se verslag oor onvoldoende aktiwiteitsvlakke van volwassenes en jongmense in 1996 met die publisering van die verslag "Moving into the Future: National Standards for Physical Education: A Guide to Content and Assessment" (NASPE, 2004).

Fisieke aktiwiteit en oefening is belangrik vir kinders en jongmense omdat dit sekere mediese probleme soos insulien-verwante diabetes, obesiteit en verwante komplikasies kan verlig, dit bevorder die groei-funksie in die liggaam, en positiewe vryetydbesteding deur te oefen en fisiek aktief te wees laat minder tyd vir ongewenste praktyke soos dwelmmisbruik en geweld. Lewenslange oefenpatrone word bevorder deur fisieke aktiwiteit en oefening wat langtermyn-gesondheidsvoordele inhou vir kinders en jongmense (Pate & Hohn, 1997; Strydom, 1990).

Liggaamlike Opvoeding is 'n belangrike komponent in die blootstelling van kinders en jongmense aan fisieke aktiwiteit en oefening om ook by die sogenaamde lomp of oorgewig kinders 'n liefde vir fisieke aktiwiteit en oefening te kweek, en sodoende lewenslange oefenpatrone te vestig met die oog op gesondheidsbevordering. Wêreldwyd is dit dus die verantwoordelikheid van regerings en Onderwysdepartemente om toe te sien dat Liggaamlike Opvoeding in alle skole aangebied word, en dat daar genoeg goed opgeleide Liggaamlike Opvoeding-onderwysers asook voldoende apparaat, fasiliteite en toerusting vir die vak beskikbaar is om kwaliteit Liggaamlike Opvoeding aan te bied. Al bogenoemde punte is saamgevat in die Berlynse Agenda (DoE, 2000) en aanvaar deur ministers en senior amptenare verantwoordelik vir Liggaamlike Opvoeding en Sport van die meer as 80 lande wat deelgeneem het aan die MINEPS III-Wêreldberaad oor Liggaamlike Opvoeding in 1999.

Skrywers soos Galluhue en Cleland Donnelly (2003), Willmore *et al.* (2008) en McArdle *et al.* (1991) brei breedvoerig uit oor die gesondheidsvoordele van fisieke aktiwiteit en oefening vir kinders en jongmense tydens Liggaamlike Opvoeding en Sport. Beengroei word bevorder, spiermassa verhoog, die senuweestelsel, kardiovaskulêre stelsel, respiratoriese en metaboliese funksies verbeter. Motoriese vaardighede en vermoëns wat sportprestasie beïnvloed verbeter, die wêreldwye obesiteitsprobleem word aangespreek as gevolg van 'n hoër vetverbranding tydens fisieke aktiwiteit en oefening. Internasionale navorsers sowel as die literatuur ondersteun hierdie feit dat obesiteit deur Liggaamlike Opvoeding en fisieke aktiwiteit aangespreek en beheer kan word (Gleick, 1999; Nash, 2003; Power, 2003) (kyk paragraaf 1.1, Hoofstuk 1). Van Deventer (2004), Armstrong *et al.* (2006) asook Du Toit (2009) rapporteer soortgelyke sieninge in Suid-Afrika (kyk paragraaf 1.1, Hoofstuk 1). Die waarde van fisieke fiksheid word as 'n belangrike komponent van Liggaamlike Opvoeding beskou en as deel van gesondheidsbevordering onder kinders en jongmense (kyk paragraaf 5.3, Tabel 17, Hoofstuk 5).

Spamer (2008) toon aan dat kwaliteit Liggaamlike Opvoeding 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van motoriese vaardighede van kinders en jongmense en dat dit as basis gebruik kan word vir vroeë talent-identifisering van potensieel goeie sportmanne en -vroue. Hierdie siening word internasionaal ondersteun, veral in Australië waar skole genooi word om talent-identifiseringstoetse te gebruik (Spamer, 2008:12) (kyk paragraaf 2.3, Hoofstuk 2). Hierdie aspek het 'n groot invloed op Australië se internasionale sukses op sportgebied, byvoorbeeld die Statebondspele in Delhi, Indië gedurende 2010 waar Australië die medaljetelling oorheers. In Engeland word bande tussen skole en sportklubs verbeter en versterk deur die "Physical Education, School Sport and Club Links Strategy" (DfES & DCMS, 2003) met die oog op talent-identifisering (kyk paragraaf 2.6.2, Hoofstuk 2).



Een van die uitkomstes vir Liggaamlike Opvoeding soos gestel deur die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) is gesondheidsbevordering asook die vermindering van toekomstige gesondheidsprobleme onder kinders en jongmense (ICSSPE, 1999:125). Internasionaal sukkel skole om hierdie uitkomstes te bereik as gevolg van te min kurrikulumtyd asook te min menslike en materiële hulpbronne om die vak behoorlik te kan aanbied. Volgens ICSSPE (1999) is hierdie toestand 'n oorsaak van 'n gebrek aan kennis by alle betrokke partye ten opsigte van die belangrikheid sowel as die waarde en voordele wat Liggaamlike Opvoeding vir kinders en jongmense inhou. Daar is dus wel goeie praktyke van Liggaamlike Opvoeding in sekere lande, maar oor die algemeen trek die vak swaar en gaan dit selfs agteruit as gevolg van 'n gebrek aan fondse, apparaat, fasiliteite en toerusting vir die vak, asook die prioriteit-voorkeur wat aan sogenaamd belangriker akademiese vakke soos Wiskunde, Wetenskap en tale in die skoolkurrikulums gegee word (Hardman, 2005) (kyk paragraaf 2.4, Hoofstuk 2). Geen kwaliteit Liggaamlike Opvoeding kan aangebied word sonder voldoende apparaat, fasiliteite en ondersteuning nie; swak-kwaliteit Liggaamlike Opvoeding is van baie min of selfs geen waarde nie. Bogenoemde probleem ten opsigte van onvoldoende apparaat, fasiliteite en ondersteuning wat die waarde van Liggaamlike Opvoeding beslis benadeel, kom voor in verskeie lande, byvoorbeeld in China is daar 'n probleem met die implementering van Liggaamlike Opvoeding as gevolg van onvoldoende apparaat en fasiliteite (Ma, 2002) (kyk paragraaf 2.7.1, Hoofstuk 2). Die gebrek aan apparaat en fasiliteite in Suid-Korea dwing die Liggaamlike Opvoeding-onderwysers om kreatief te wees en apparaat te improviseer (You, 2002) (kyk paragraaf 2.7.2, Hoofstuk 2). 'n Ernstige tekort aan apparaat en fasiliteite in openbare en privaat skole in Brasilië dwing die skole se Liggaamlike Opvoeding-onderwysers om met sportklubs ooreenkomste aan te gaan vir die gemeenskaplike gebruik van apparaat en fasiliteite (Costa & Tubino, 2005:137) (kyk paragraaf 2.7.3, Hoofstuk 2). Onvoldoende asook onbekostigbare apparaat en fasiliteite benadeel die implementering van Liggaamlike Opvoeding in Ghana, apparaat moet geïmproviseer word (Addo-Adeku *et al.*, 2003) (kyk paragraaf 2.8.1, Hoofstuk 2). 'n Ernstige tekort aan apparaat en fasiliteite vir Liggaamlike Opvoeding benadeel Liggaamlike Opvoeding in Nigerië (Awosika, 1997; Nwachukwu, 1998; Ogundele, 1998; Oyenyi, 1998; Salokun, 2005) (kyk paragraaf 2.8.2, Hoofstuk 2). In Tunisië skep die gebrek aan apparaat en fasiliteite 'n swak beeld van Liggaamlike Opvoeding wat bekend staan as SPE (Zouabi, 2005:631) (kyk paragraaf 2.8.3, Hoofstuk 2). In Suid-Afrika veroorsaak onvoldoende apparaat en fasiliteite groot uitdagings vir die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding; daar word baie aandag gegee aan die improvisering van apparaat in die opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers (DoE, 2000; Du Toit, 2004; Van Deventer, 2004; DoE, 2008) (kyk paragraaf 2.9.1, Hoofstuk 2).

Fisiese aktiwiteit en oefening, wat sentraal staan binne Liggaamlike Opvoeding en sport, hou besliste gesondheidsvoordele in vir kinders en jongmense; voorts ontwikkel dit motoriese vaardighede, dit vorm 'n basis vir vroeë talent-identifisering en ontwikkel sportvaardighede by kinders en jongmense (kyk paragraaf 2.3, Hoofstuk 2).

### **6.2.3 Bedryf van Liggaamlike Opvoeding in enkele ontwikkelde lande, enkele ontwikkelende lande, asook enkele Afrika-lande**

In die volledige literatuurbespreking in Hoofstuk 2 is daar na die bedryf van Liggaamlike Opvoeding in die verskillende lande gekyk onder die volgende opskrifte: Status van Liggaamlike Opvoeding, Onderrigtyd, Befondsing, Assessering, Uitkomst en Inhoude, Ondersteuning, asook na die toekoms van die vak. Vervolgens word 'n opsomming gegee van die belangrikste bevindinge.

#### **6.2.3.1 Ontwikkelde lande**

Liggaamlike Opvoeding in die Verenigde State van Amerika beleef 'n redelik hoë status omdat daar baie sterk klem gelê word op gesondheid asook lewensvaardighede. Die vak word gesien as baie nou verwant aan Gesondheidsopvoeding, wat baie gewild is onder die Amerikaanse publiek en ook 'n belangrike rol speel in die oplos van die groot obesiteitsprobleem wat in die VSA ervaar word (Van Deventer, 2004; Du Toit, 2004; De Ridder, 2010). Liggaamlike Opvoeding is besig om 'n kernvak te word wat sentraal staan in die opvoeding van kinders en jongmense deur hulle kennis te verbreed oor gesondheid, fisiese aktiwiteit en lewensvaardighede. Hoër Onderwysinstellings in die VSA moet toesien dat Liggaamlike Opvoeding-onderwysers goed toegerus is met die nodige kennis, vaardighede en opvoedkundige grondslae om Liggaamlike Opvoeding effektief te implementeer en uit te bou (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005:714) (kyk paragraaf 2.6.1, Hoofstuk 2).

Liggaamlike Opvoeding in Engeland beleef oor die algemeen 'n redelik hoë status en is 'n verpligte vak in die skoolkurrikulum (Fisher, 2005:242). Daar is 'n baie nou verband tussen Liggaamlike Opvoeding en sportstandaarde asook suksesvolle internasionale sportprestasie in Engeland, en juis om hierdie rede het die Engelse regering meer as £450 miljoen in 2000 spandeer (DCMS, 2000) om kwaliteit Liggaamlike Opvoeding in skole te vestig. Ten spyte hiervan is daar is nog te veel kinders en jongmense wat nie produktief genoeg deelneem aan Liggaamlike Opvoeding tydens hul skoolloopbaan nie. Kenners is

dit eens dat die toestand slegs verander kan word wanneer Liggaamlike Opvoeding alle kinders en jongmense sal betrek en nie net konsentreer op sport nie, maar eerder op “Education for Life” (Laventure, 2002). Die fokus op Liggaamlike Opvoeding ervaar egter ook probleme in Engeland: alhoewel ’n verpligte vak, is daar nie volgens wetgewing ’n spesifieke tydstoedeling vir die vak nie. Volgens Fisher (2005:248) het die vak ’n uitstekende toekoms indien daar gekonsentreer word op kern- opvoedkundige waardes van ’n gesonde en aktiewe lewenstyl vir kinders en jongmense (kyk paragraaf 2.6.2, Hoofstuk 2).

In Australië geniet Liggaamlike Opvoeding ’n hoë status, maar nie almal deel hierdie siening nie. Die nasionale obsessie met sport beïnvloed die breë publiek se siening van die vak. Alhoewel die vak altyd ’n hoë status en ondersteuning sal behou as gevolg van die prominente rol van sport, is dit uiters belangrik dat die fokus van die vak sal verskuif van die ou tradisionele Liggaamlike Opvoeding na die nuwe “KLA” (Key Learning Area), “Health and Physical Education” (Rickard, 1988; Kirk, 1999) (kyk paragraaf 2.6.3, Hoofstuk 2).

Liggaamlike Opvoeding beleef beslis uitdagings in ontwikkelde lande, byvoorbeeld onvoldoende tydstoedeling en te min fondse om die vak behoorlik aan te bied. Nogtans kry die vak goeie ondersteuning in hierdie lande en het dit ’n redelik hoë aansien omdat dit fokus op gesondheidsbevordering, vermindering van obesiteit, sportbevordering, die ontwikkeling van sosiale vaardighede en die vestiging van lewenslange oefenpatrone (kyk paragraaf 2.6.3, Hoofstuk 2).

### **6.2.3.2 Ontwikkelende lande**

As opsommend gekyk word na die status en stand van Liggaamlike Opvoeding in ontwikkelende lande soos China, Suid-Korea en Brasilië, is daar redelik goeie ondersteuning vir die vak, veral omdat dit die gesondheid van kinders en jongmense kan verbeter.

In China speel Liggaamlike Opvoeding ’n belangrike rol in die bevordering van mense se totale ontwikkeling. As gevolg van die bedreiging van mense se gesondheid deur onaktiewe lewenswyses het die Chinese regering in 1999 die leuse “Health First” as riglyn in skole ingestel, en dit in 2000 aangepas tot “Sports and Health” (Li, 2002). Die klem val op kinders en jongmense se fisieke en geestelike gesondheid en daarom word daar gekonsentreer op fisieke en verstandelike welstand en sosiale vermoëns. Die Liggaamlike Opvoeding-kurrikulum in China beklemtoon die ontwikkeling van kinders en jongmense eerder as hul prestasie. Kinders en jongmense in China sal deur Liggaamlike Opvoeding

moet leer om lewenslange oefenpatrone en sportdeelname te vestig. Ten spyte van hierdie goeie ondersteuning vir die vak, ervaar Liggaamlike Opvoeding verskeie probleme soos swak gekwalifiseerde onderwysers en ontoereikende vakinhoud, aanbiedingsmetodes en assesseringskriteria (Lei & Jichun, 2005) (kyk paragraaf 2.7.1, Hoofstuk 2).

In Suid-Korea beleef Liggaamlike Opvoeding 'n krisis omdat die belangrikheid van die vak misken word, ten spyte van die tendens dat baie mense fisieke aktiwiteit beoefen vir gesondheidsvoordele (Kang & You, 2005:574). Kinders en jongmense moet tydens Liggaamlike Opvoeding gemotiveer word om 'n gesonde lewenswyse na te volg en deel te neem aan fisieke aktiwiteit en sport. Die Liggaamlike Opvoeding-onderwysers probeer hul bes om die vak genotvol en leersaam aan te bied, maar hulle word nie ondersteun deur die onderwysdepartement om dit te verwesenlik nie. Volgens You (2002) moet die akademiese gemeenskap in Suid-Korea saamwerk om deur middel van navorsing die probleme van Liggaamlike Opvoeding aan te spreek (kyk paragraaf 2.7.2, Hoofstuk 2).

Liggaamlike Opvoeding in Brasilië speel 'n groot rol in die fisieke en vaardigheidsontwikkeling van kinders en jongmense met die oog op voorbereiding vir 'n lewenslange gesonde leefstyl. Daar word sterk klem gelê op die sosiale en persoonlike opvoedkundige beginsels van Liggaamlike Opvoeding en sport (Castro, 2002). Die vak word redelik goed ondersteun deur 'n groot deel van die gemeenskap en politici, omdat dit fiksheid en gesondheid asook sosiale vaardighede onder kinders en jongmense help bevorder. Liggaamlike Opvoeding in Brasilië lê volledig binne die opvoedkundige proses en moet veral konsentreer op skakeling met die gemeenskap, op gemeenskapswaardes, en fokus op die bevordering van 'n lewenslange aktiewe lewenstyl onder kinders en jongmense (Costa & Tubino, 2005:147).

Liggaamlike Opvoeding kry redelike sterk ondersteuning in ontwikkelende lande indien ons China, Brasilië en Suid-Korea as maatstaf gebruik. Die ondersteuning spruit uit die feit dat die vak kinders en jongmense se gesondheid kan bevorder. In China en Brasilië kry die vak veral baie sterk ondersteuning omdat daar in hierdie twee lande groot klem geplaas word op sport en internasionale kompetisie. Redelike groot uitdagings word nogtans ervaar ten opsigte van onderrigtyd en befondsing (Costa & Tubino, 2005:147) (kyk paragraaf 2.7.3, Hoofstuk 2).

### **6.2.3.3 Afrika-lande**

Die status en stand van Liggaamlike Opvoeding in Afrika-lande verskil van land tot land, afhangende van die prioriteite en omstandighede in elke spesifieke land. In lande soos

Ghana, Nigerië en Tunisië beleef die vak 'n redelik hoë status omdat die vak bydra tot gesondheidsbevordering onder kinders en jongmense asook obesiteit kan help beveg.

In Ghana is Liggaamlike Opvoeding 'n belangrike deel van die skoolkurrikulum en onderskryf die regering die UNESCO-manifes, wat aantoon dat elke kind en jongmens 'n basiese reg het tot Liggaamlike Opvoeding, fisieke aktiwiteit en sport wat noodsaaklik is vir die volle ontwikkeling van elke mens se persoonlikheid (UNESCO, 1978). Die vak kry sterk ondersteuning, spesifiek omdat die Ghanese bevolking groot aanhangers van sokker is en die publiek besef dat Liggaamlike Opvoeding en skoolsport 'n groot bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van sportmanne en -vroue vir internasionale deelname. Die swak vertonings en prestasies op internasionale sportgebied die afgelope tyd wek egter groot kommer by die publiek en die politici. Faktore wat hiertoe kon bydra is byvoorbeeld 'n tekort aan Liggaamlike Opvoeding-onderwysers, apparaat en fasiliteite asook die misbruik van Liggaamlike Opvoeding-periodes vir ander skoolaktiwiteite (Ammah & Kwaw, 2005) (kyk paragraaf 2.8.1, Hoofstuk2). Die goeie prestasie van die Ghanese sokkerspan in die 2010 FIFA-Wêreldbekersokkereindtoernooi in Suid-Afrika kan heel moontlik 'n positiewe invloed op Liggaamlike Opvoeding in Ghana meebring.

Liggaamlike Opvoeding in Nigerië ervaar 'n redelik hoë status en daar heers 'n positiewe gesindheid teenoor die vak. Die onderwysbeleid in Nigerië gee erkenning aan die belangrikheid van Liggaamlike Opvoeding ten opsigte van die totale ontwikkeling van kinders en jongmense binne skoolsport en Liggaamlike Opvoeding. Die fokus val op geleentheid vir beweging en die fisieke en sosiale ontwikkeling van kinders en jongmense (Salokun, 2005:504). Die vak word selfs geëksamineer in hoërskole, maar ten spyte hiervan word daar neergesien op die vak omdat dit nie as toelatingsvereiste vir nagraadse studie gebruik word nie. Liggaamlike Opvoeding beleef uitdagings ten opsigte van finansiële ondersteuning van die regering se kant af en daar is dus 'n gebrek aan apparaat en fasiliteite vir die aanbied van die vak. Volgens Annarino *et al.* (1980) is dit noodsaaklik dat Liggaamlike Opvoeding in Nigerië so saamgestel word dat dit in die alledaagse behoeftes van alle betrokkenes voorsien. Verskillende geestelike, fisieke, sosiale en etiese kwaliteite kan aan die hand van hierdie vak by kinders en jongmense ontwikkel word (Pangrazi & Darst, 1985) (kyk paragraaf 2.8.2, Hoofstuk 2).

“Sport and Physical Education” in Tunisië beleef 'n redelik hoë status as integrale deel van die skoolkurrikulum. Die Tunisiese president het hierdie standpunt versterk deur uit te wys dat Liggaamlike Opvoeding, fisieke aktiwiteit en sport 'n belangrike komponent uitmaak van onderwys en kultuur, en dit op dieselfde vlak van belangrikheid te plaas as vakke soos Wiskunde, Wetenskap en tale (Zouabi, 2005). Tog gaan die vak gebuk onder 'n negatiewe

gesindheid van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers, 'n gebrek aan befondsing, asook onvoldoende apparaat en fasiliteite. Die gevoel is dat program-inhoude en die infrastruktuur vir die aanbied van Liggaamlike Opvoeding in Tunisië aangepas moet word dat kinders en jongmense asook volwassenes daaruit kan leer om lewenslange gesonde oefenpatrone te vestig (Zouabi, 2005:684) (kyk paragraaf 2.8.3, Hoofstuk 2).

Liggaamlike Opvoeding in Afrika-lande soos Ghana, Nigerië en Tunisië beleef dus 'n redelik hoë status omdat dit kinders en jongmense se gesondheid kan bevorder en ook obesiteit kan help beveg. Die vak word verder ondersteun omdat dit 'n groot bydrae kan lewer in die ontwikkeling van sportsterre wat nasionaal en internasionaal kan presteer (kyk paragraaf 2.8.3, Hoofstuk 2).

#### **6.2.4 Bedryf van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika voor 1994**

Van der Merwe (1999) beskryf volledig die geskiedenis van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika vanaf die vroeë 1800's tot met die middel-1970's. Daar is groot erns gemaak met Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika, maar ongelukkig net in die destydse Blanke skole (Van der Merwe, 1999:290). Liggaamlike Opvoeding was 'n verpligte vak in alle skole, maar is nie geëksamineer nie. Die politieke landskap en dus ook die onderwysstelsel het gedurende die negentigerjare in Suid-Afrika baie vinnig verander. Met die eerste demokratiese, nie-rassige verkiesing (1994) in Suid-Afrika is onderwys in die land deur die Nasionale Onderwysdepartement (DoE) met 'n Nasionale Interim Kurrikulum (Report 550) beheer (DoE, 2000). Liggaamlike Opvoeding was nog steeds 'n verpligte skoolvak vanaf Graad 1 tot Graad 12, maar baie skole het dit óf nie meer aangebied nie óf begin uitfaseer as gevolg van te min personeel, geen apparaat en fasiliteite of geen tyd op die skoolrooster nie (DoE, 2000; Pote, 2008) (kyk paragraaf 2.9.1, Hoofstuk 2).

#### **6.2.5 Bedryf van hedendaagse Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika**

Met die instelling van die eerste Demokratiese ANC-regering in 1994, is die nuwe Suid-Afrikaanse skolewet ook in 1996 in die land ingestel (DoE, 2000). Die afsonderlike vak Liggaamlike Opvoeding is met hierdie skolewet uitgefaseer en in die plek daarvan is Menslike Beweging as deel van Leerarea nommer 8, Lewensoriëntering, in Kurrikulum 2005 (C2005) in alle skole ingestel. Om die probleme en tekortkominge van C2005 te probeer uitskakel is 'n Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (HKNV) ingestel en vanaf

2002 geïmplementeer (DoE, 2000; Hardman, 2005). Die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Lewensoriëntering is stelselmatig vanaf Graad R tot Graad 11 geïmplementeer vir voltooiing in 2008, toe die uitkoms vir die eerste keer in Graad 12 aangebied is (Pote, 2008) (kyk paragraaf 2.9.1, Hoofstuk 2).

Liggaamlike Opvoeding word sedert 2008 as een van die vyf fokusareas van die leerarea Lewensoriëntering, en as 'n verpligte skoolvak in alle grade in Suid-Afrikaanse skole aangebied. Liggaamlike Opvoeding staan bekend as “Life Skills” in die Grondslagfase (Grade R tot 3), Liggaamlike Ontwikkeling en Beweging in die Algemene Onderwys- en Ontwikkelingsfase (Intermediêre fase Grade 4 tot 6, en Senior fase Grade 7 tot 9), en as Liggaamlike Opvoeding (“Physical Education”) in die Verdere Opleiding en Ontwikkelingsfase Grade 10 tot 12) (DoE, 2008). Die nuwe Kurrikulumdokument (Curriculum Assessment Policy Statements – CAPS) wat in 2010 deur die Minister van Onderwys uitgereik is, het die tydstoedeling vir die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms vermeerder, en die uitkoms staan nou in alle fases as Liggaamlike Opvoeding (“Physical Education”) bekend (DoE, 2010). Liggaamlike Opvoeding beleef dus 'n hoë status in Suid-Afrika as uitkoms van die verpligte skoolvak Lewensoriëntering in alle grade vir alle kinders en jongmense in Suid-Afrikaanse skole (kyk paragraaf 2.9.2, Hoofstuk 2).

Liggaamlike Opvoeding in die Suid-Afrikaanse skole-opset ondervind dieselfde soort probleme van swak opgeleide onderwysers, 'n lae status, nie-eksamenvak, 'n gebrek aan apparaat en fasiliteite as in die res van die wêreld (DoE, 2008). Ander faktore soos die vóór-1994-Apartheidsera toe Liggaamlike Opvoeding slegs in sekere bevoordeelde skole aangebied is (Van Der Merwe, 1999), asook die nuwe ná-1994 se Demokratiese bedeling waar Liggaamlike Opvoeding slegs as een van die uitkomstes van die leerarea Lewensoriëntering ingestel is, het 'n beduidende invloed op die aanbod van die vak binne die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum gehad. Met die veranderinge wat die Liggaamlike Opvoeding-skoolkurrikulum in Suid-Afrika ondergaan het, is dit belangrik dat die programuitkomstes so saamgestel moet word dat die diverse skoolgemeenskappe dit sal kan bereik (Du Toit, 2004). Talle Suid-Afrikaanse skoolgemeenskappe het geen opgeleide Liggaamlike Opvoeding-onderwysers nie, hulle het geen fasiliteite nie, geen apparaat nie en bied geen buite- of ko-kurrikulêre aktiwiteite aan wat fisieke aktiwiteit en oefening by kinders en jongmense aanmoedig nie (kyk paragraaf 2.5, Hoofstuk 2).

Die navorser het in Augustus 2010 die “South African Sport and Recreation Conference” (SASReCon) konferensie met die tema, “Sport, Recreation and Physical Education – An Essential Triad”, in Durban bygewoon. By hierdie kongres het die president van die “International Council of Sport Science & Physical Education” (ICSSPE), Margaret Talbot,

'n beroep gedoen op alle betrokke partye in Suid-Afrika om verantwoordelikheid te aanvaar en toe te sien dat Liggaamlike Opvoeding as vak sy regmatige plek in die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum inneem en behou (Talbot, 2010). Tydens hierdie SASReCon-kongres is 'n "Declaration of Intent" vir Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika opgestel en aan die Nasionale Onderwysdepartement asook die Nasionale Departement van Sport en Rekreasie deurgestuur (SASReCon, 2010).

Die Berlynse "Call for Action" speel 'n belangrike rol in die navorsingsdoelstellings van hierdie studie: eerstens die evaluering van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding as vak in Suid-Afrikaanse skole, en tweedens die ontleding van die verdere implementering van Liggaamlike Opvoeding as vak in Suid-Afrikaanse skole volgens die Berlynse Agenda (ICSSPE, 1999).

Gedurende 2005, die jaar wat die Verenigde Nasies (VN) as die jaar vir Liggaamlike Opvoeding en sport verklaar het, het die vorige Suid-Afrikaanse Minister van Onderwys tydens die opening van die Nasionale Skole-Aletiek Kampioenskapsbyeenkoms 'n samewerkingsooreenkoms tussen die Nasionale Departemente van Onderwys en Sport aangekondig vir die koördinerende van skoolsport in alle openbare skole (Pandor, 2005). Sy verklaar voorts dat sport vir almal is, ook vir kinders met leerhindernisse en ook vir meisies. Fisieke aktiwiteit en sport kan obesiteit help beveg. Sy toon verder aan dat dit die regering en Nasionale Departement van Onderwys se verantwoordelikheid is om genoeg fasiliteite, toerusting en goed opgeleide onderwysers te voorsien vir die implementering van skoolsport en Liggaamlike Opvoeding (kyk paragraaf 3.8, Hoofstuk 3). Hierdie verklaring sluit baie nou aan by die Berlynse "Call for Action" (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999) en word sterk ondersteun met die uitreik van die "Durban Declaration of Intent" oor Liggaamlike Opvoeding, Sportwetenskap en Rekreasie, wat in Augustus 2010 uitgereik is ná die SASReCon-kongres in Durban, Suid-Afrika (SASReCon, 2010).

## **6.2.6 Berlynse Verklaring**

Talle wêreldwye inisiatiewe soos onder andere die Wêreldberaad van Liggaamlike Opvoeding in November 1999 in Berlyn (Berlynse Agenda) is en word gereeld gehou om die agteruitgang van die vak te probeer teenwerk (Phüse & Gerber, 2005). Soos voorgedra tydens die Berlynse kongres in 1999, het die wêreldwye ondersoek wat gedoen is na die stand en status van Liggaamlike Opvoeding, dit duidelik laat blyk dat daar 'n groot probleem in talle lande bestaan om die uitdaging van die status en onvoldoende hulpbronne vir die vak die hoof te bied. Regerings en Onderwysdepartemente slaag net nie meer daarin om hul verpligtinge teenoor die vak na te kom nie, as gevolg van groot



ekonomiese druk. Volwaardige Liggaamlike Opvoeding as deel van 'n land se skoolkurrikulum kan positiewe gevolge hê vir enige land en sy inwoners. Navorsingsdoelstelling 2 van hierdie studie is die ontleed van die verdere implementering van Liggaamlike Opvoeding as vak in Suid-Afrikaanse skole, volgens die Berlynse Agenda. Die doel met hierdie ontleding is om vas te stel hoe Suid-Afrika voldoen of tekort skiet vergeleke met hierdie Berlynse "Call for Action" ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding. Vanuit hierdie ontleding van die dokument sal moontlike aanbevelings asook moontlike aanpassings aan die Nasionale Kurrikulumverklaring voorgestel word, om Liggaamlike Opvoeding tot sy volle reg te laat kom binne die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum. Die vyf kernpunte waarop vir Liggaamlike Opvoeding gefokus word, is wetlike vereistes, status van die vak, tydstoekenning, onderwysersopleiding asook infrastruktuur en hulpbronne (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE,1999:118) (kyk paragraaf 3.2, Hoofstuk 3).

Kwaliteit Liggaamlike Opvoeding kan 'n positiewe bydrae lewer tot gesondheid, en sosiale en ekonomiese omstandighede vir 'n land en sy inwoners. Veral op die terrein van gesondheid is die vak 'n groot belegging en daarom het die Berlynse Beraad 'n ernstige beroep op MINEPS III gedoen om die Berlynse Agenda en Aksieplan vir Liggaamlike Opvoeding te aanvaar. Indien die lande van die wêreld positiewe aandag aan Liggaamlike Opvoeding sou gee, kan daar 'n groot verskil gemaak word aan die toekoms van kinders en jongmense, wat immers die leiers van more is. Hierdie internasionale aangeleentheid oor Liggaamlike Opvoeding moet volgens Doll-Tepper (soos aangehaal deur ICSSPE,1999:126) op alle vlakke aangespreek word (kyk paragraaf 3.8, Hoofstuk 3).

Die "Call for Action" wat opgestel is by die Berlynse beraad en gerig is aan die MINEPS III-vergadering, sluit onder andere in dat Liggaamlike Opvoeding die basiese reg van alle kinders en jongmense in alle lande is. Voorts moet daar genoegsame tydstoedeling, voldoende apparaat en fasiliteite, fondse asook goed opgeleide onderwysers vir die aanbod van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding wees. Laastens word daar ook erkenning gevra vir die uiters belangrike rol wat Liggaamlike Opvoeding in gesondheidsbevordering en die totale ontwikkeling van kinders en jongmense speel.

Kwaliteit Liggaamlike Opvoeding kan in 'n breë spektrum behoeftes van alle mense, maar veral aan die behoeftes van kinders en jongmense in alle lande, voorsien (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE,1999:121) (kyk paragraaf 3.4, Hoofstuk 3).

## 6.2.7 Samevatting

Liggaamlike Opvoeding het oor die vorige drie eeue heen ontwikkel van tradisionele militaristiese gimnastiek, na 'n hedendaagse spesialis-area wat op fisieke fiksheid, gesondheid en sport in talle lande wêreldwyd fokus. Fisieke oefening en aktiwiteit, wat die kern uitmaak van Liggaamlike Opvoeding en sport, hou besliste gesondheidsvoordele in vir kinders en jongmense, ontwikkel motoriese en sportvaardighede, en kan dien as basis vir vroeë talent-identifisering. Voorts kan die vak ook 'n positiewe bydrae lewer tot die ekonomiese en sosiale toestande van 'n land en sy inwoners, en juis daarom het die Berlynse Agenda 'n ernstige beroep op MINEPS III gedoen om die Berlynse "Call for Action" in alle lande te aanvaar en te implementeer (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:126) (kyk paragraaf 3.8, Hoofstuk 3). Voldoende fondse, personeel, fasiliteite, apparaat en ondersteuning het histories en hedendaags 'n besliste invloed op die kwaliteit van Liggaamlike Opvoeding wat aangebied word (Anderson, 1989) (kyk paragraaf 2.2, Hoofstuk 2). Die status van die vak ly egter skade in talle lande van die wêreld, juis as gevolg van onvoldoende opgeleide personeel, en onvoldoende fasiliteite, apparaat en ondersteuning vir die aanbied van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding – ten spyte van die Berlynse "Call for Action". Probleme wat verhoed dat Liggaamlike Opvoeding volwaardig as uitkoms van Lewensoriëntering in Suid-Afrikaanse skole aangebied word, stem ooreen hiermee en is onder andere swak of selfs glad nie opgeleide personeel, die gebrek aan voldoende apparaat en fasiliteite asook die gebrek aan eksterne evaluering, spesifiek in Graad 12 (DoE, 2008) (kyk paragraaf 2.10, Hoofstuk 2). Die navorsingsdoelstellings van hierdie studie was eers: die evaluering van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding as vak in Suid-Afrikaanse skole, en tweedens, die ontleed van die verdere implementering van Liggaamlike Opvoeding as vak in Suid-Afrikaanse skole volgens die Berlynse Agenda. Die gevolgtrekkings word vervolgens bepreek.

## 6.3 Gevolgtrekkings

Die gevolgtrekkings van hierdie navorsing gaan aan die hand van die twee navorsingsdoelstellings uiteengesit word. Navorsingsdoelstelling 1 is: Die evaluering van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding as vak in Suid-Afrikaanse skole, en Navorsingsdoelstelling 2 is: Die ontleed van die verdere implementering van Liggaamlike Opvoeding as vak in Suid-Afrikaanse skole volgens die Berlynse Agenda.

Die gevolgtrekkings ten opsigte van Navorsingsdoelstelling 1 gaan aan die hand van die data verkry uit die ses fases van die empiriese ondersoek asook uit die literatuur, bespreek word. Fase 1 is 'n ontleding van die beleidsdokumente en wetgewing ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika. Fase 2 se data is verkry uit vraelyste wat voltooi is deur die dosente wat as fasiliteerders opgetree het tydens die werksinkels in 2008. Die data in Fase 3 is ingesamel uit vraelyste wat al die Lewensoriëntering-vakadviseurs wat in 2008 aan die werksinkels deelgeneem het, direk na afloop van die werksinkels voltooi het. Fase 4 se data is ingesamel met opvolg-vraelyste wat na 'n tweejaar-tydperk ná die afhandeling van die werksinkels in 2010 aan die vakadviseurs gestuur is om te voltooi. Die data in Fase 5 is verkry uit vraelyste wat voltooi is deur al die Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS) Bewegingsonderwys-studente van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus se Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding (SVO). In Fase 6 is drie individuele en een fokusgroep-onderhoud gedoen met enkele GOS Bewegingsonderwys asook Lewensoriëntering-studente van SVO om kwalitatiewe data in te samel ten einde die kwantitatiewe data van die vorige fases aan te vul.

### **6.3.1 Navorsingsdoelstelling 1**

Die evaluering van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding as vak in Suid-Afrikaanse skole.

#### **Gevolgtrekking 1**

Liggaamlike Opvoeding is 'n wetlik verpligte skoolvak in ontwikkelde lande soos die VSA (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005), Engeland (Fisher, 2005), Australië (Tinning, 2004), in ontwikkelende lande soos China (Lei & Jichun, 2005), Suid-Korea (Kang & You, 2005), Brasilië (Costa & Tubino, 2005), asook in Afrika-lande soos Ghana (Ammah & Kwaw, 2005), Nigerië (Salokun, 2005) asook in Tunisië (Zouabi, 2005). Ten spyte van hierdie wetlik verpligte status, beleef die vak groot uitdagings in hierdie lande soos byvoorbeeld swak opgeleide onderwysers, 'n gebrek aan apparaat, fasiliteite, ondersteuning asook te min tydstoedeling vir die aanbied van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding (kyk paragraaf 2.6, Hoofstuk 2).

Die gevolgtrekking wat vanuit die data uit Fase 1, die ontleding van die beleidsdokumente en wetgewing aangaande Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika, van die empiriese ondersoek gemaak kan word, is soos volg. Vanaf 1 Januarie 2008 is Liggaamlike Opvoeding amptelik en wetlik verpligtend terug in die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum, vanaf Graad R tot Graad 12: in die Grondslagfase en Intermediêre fase as 'n uitkoms van

Algemene Studies, en in die Senior en Verdere Onderrig en Opleidingsfase as 'n uitkoms van Lewensoriëntering (DoE, 2008; DoE, 2009; DoE, 2010). In Suid-Afrika ervaar die vak ook uitdagings ten spyte van die wetlike verpligting daarvan; 85.70% van die vakadviseurs in Tabel 75 (Hoofstuk 5) toon swak opgeleide onderwysers aan as 'n groot uitdaging. Volgens wet behoort Liggaamlike Opvoeding vir minstens een periode per week in alle grade en aan leerders in alle Suid-Afrikaanse skole aangebied word (DoE, 2008) (kyk paragraaf 2.9.2, Hoofstuk 2). As gevolg van verskeie faktore, byvoorbeeld swak opgeleide onderwysers, onvoldoende apparaat, fasiliteite en ondersteuning, word Liggaamlike Opvoeding nie volgens wetlike vereistes in alle skole in Suid-Afrika aangebied nie (kyk Tabel 5.39 en Tabel 5.40, Hoofstuk 5).

Die gevolgtrekking wat dus gemaak kan word, is dat daar dringend op alle vlakke aandag gegee moet word aan die opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers. Die tekort aan apparaat en fasiliteite sal aangespreek moet word en daar sal beter ondersteuning van regeringskant sowel as van die Onderwysdepartemente se kant gegee moet word vir die aanbod van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding in alle skole in Suid-Afrika.

## **Gevolgtrekking 2**

Liggaamlike Opvoeding beleef groot uitdagings in ontwikkelde lande soos die VSA (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005), Engeland (Fisher, 2005), Australië (Tinning, 2004), in ontwikkelende lande soos China (Lei & Jichun, 2005), Suid-Korea (Kang & You, 2005), Brasilië (Costa & Tubino, 2005), asook in Afrika-lande soos Ghana (Ammah & Kwaw, 2005), Nigerië (Salokun, 2005) asook in Tunisië (Zouabi, 2005). Uitdagings soos byvoorbeeld swak opgeleide onderwysers, 'n gebrek aan apparaat, fasiliteite, ondersteuning asook te min tydstoedeling verhoed die aanbod van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding (kyk paragraaf 2.6, Hoofstuk 2).

Fase 2 se data is verkry uit die vraelyste wat voltooi is deur die dosente wat opgetree het as fasiliteerders tydens die werksinkels in 2008. Uit hierdie data is tot die gevolgtrekking gekom dat dit 'n ouer groep dosente is (ouer as 40 jaar) (kyk Tabel 2, Hoofstuk 5) wat deel was van 'n tydperk toe Liggaamlike Opvoeding uit 'n vorige bedeling 'n verpligte skoolvak was. Daar is dus relatief min jong dosente (jonger as 30) (kyk Tabel 2, Hoofstuk 5) met kennis van hierdie vorige bedeling wat tans Liggaamlike Opvoeding aan universiteite doseer. Daar is 27.28% (kyk Tabel 1, Hoofstuk 5) meer dames in die groep as mans. 'n Soortgelyke tendens kom in die algemene onderwys voor. Uit persoonlike ervaring van die navorser asook uit gesprekke met verskeie skoolhoofde tydens praktiese onderwys, blyk dit dat daar veral in laerskole baie meer dames as mans in die algemene onderwys is.

Omdat manstudente soms dominerend optree teenoor dames en ook soms meer kans vat in damespersoneel se klasse, kan die gevolgtrekking gemaak word dat hierdie tendens tot moontlike dissiplineprobleme in Liggaamlike Opvoeding-klasse kan lei. Hierdie tendens kan egter ook positiewe gevolge meebring, indien die dosente hul kennis en hantering van hoe damespersoneel effektief dissipline handhaaf in hierdie tipe situasie van gemengde seuns-en-dogters-klasse, aan hul studente oordra, dan behoort die toekomstige Liggaamlike Opvoeding-onderwysers hierdie situasie meer gemaklik in die skoolsituasie te kan hanteer. Hierdie gemengde seuns-en-dogters-klasse in Liggaamlike Opvoeding is 'n algemene verskynsel in lande soos die VSA (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005:709), Engeland (Fisher, 2005:246), China (Lei & Jichun, 2005:184), Brasilië (Costa & Tubino, 2005:145), Suid-Korea (Kang & You, 2005:582), Ghana (Ammah & Kwaw, 2005:322), Nigerië (Salokun, 2005:505) en Tunisië (Zouabi, 2005). Verdere gevolgtrekkings uit hierdie data is dat die grootste groep (87.60% – kyk Tabel 3, Hoofstuk 5) dosente van stedelike afkoms is, redelik goed gekwalifiseerd (81.81% het Honneurs- of hoër kwalifikasies in Liggaamlike Opvoeding; kyk Tabel 5, Hoofstuk 5), Liggaamlike Opvoeding oor baie jare aanbied (meer as 21 jaar, kyk Tabel 4, Hoofstuk 5). 'n Belangrike gevolgtrekking is dat hierdie groep dosente opleiding in Liggaamlike Opvoeding baie sterk beklemtoon, spesifiek die opleiding in beplanning en praktiese lesaanbieding in die vak, wat onder andere die hantering van gemengde seuns-en-dogters-klasse insluit (kyk Tabel 59, Hoofstuk 5). Opleiding in Liggaamlike Opvoeding, byvoorbeeld hoe om te differensieer in fisieke aktiwiteite tydens praktiese lesaanbieding in gemengde seuns-en-dogters-klasse, speel 'n belangrike rol in talle ander lande byvoorbeeld die VSA (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005:714), Australië (Swan, 1997; Glover & MacDonald, 1997), China (You, 2003), Suid-Korea (You, 2003), Ghana (Ammah & Kwaw, 2005:318) en Nigerië (Awosika, 1997; Nwachukwu, 1998; Ogundele, 1998; Oyeniyi, 1998) (kyk paragrawe 2.6, 2.7 en 2.8, Hoofstuk 2).

Hier word tot die gevolgtrekking gekom dat opleiding, in onder andere beplanning en praktiese lesaanbieding (byvoorbeeld differensiasie en dissipline in gemengde seuns-en-dogters-klasse) in Liggaamlike Opvoeding baie belangrik is vir die suksesvolle herimplementering van die vak in Suid-Afrikaanse skole.

### **Gevolgtrekking 3**

Die data in Fase 3 is verkry uit die vraelyste wat deur die vakadviseurs voltooi is aan die einde van die weeklange werkswinkel in 2008. Die gevolgtrekkings uit hierdie data is dat die vakadviseurs 'n oorwegend ouer groep persone is (ouer as 40 jaar, kyk Tabel 5.22, Hoofstuk 5), dat daar 43.86% (kyk Tabel 5.21, Hoofstuk 5) meer dames as mans in die

groep is, en dat (50.33% – kyk Tabel 5.23, Hoofstuk 5) vanuit die platteland kom. Opvallende gevolgtrekkings is dat hierdie groep vakadviseurs nie goed gekwalifiseerd is nie (48.41% het geen opleiding nie, kyk Tabel 5.25, Hoofstuk 5) en baie min onderrig-ervaring (58.82% het 1 tot 5 jaar onderrig-ervaring – kyk Tabel 5.24, Hoofstuk 5) in Liggaamlike Opvoeding het. Hierdie gevolgtrekking kan beslis 'n invloed hê op die aanbied van Liggaamlike Opvoeding in die skole, aangesien hierdie onervare, swak opgeleide vakadviseurs die Lewensoriëntering-onderwysers van praktiese raad en leiding moet bedien met die aanbied van die vak in die skole. Verdere belangrike gevolgtrekkings wat uit hierdie data gemaak word, is die probleem-areas wat die vakadviseurs uitlig, naamlik die probleem van swak opgeleide Liggaamlike Opvoeding-onderwysers (78.92% sien dit as erg problematies – kyk Tabel 5.40, Hoofstuk 5), onvoldoende apparaat, fasiliteite en tydstoekenning vir die vak (60.48% sien dit as erg problematies nie – kyk Tabel 5.39, Hoofstuk 5) en ondersteuning (39.02% sien dit as erg problematies – kyk Tabel 5.41, Hoofstuk 5) vir die implementering van die vak. Soortgelyke probleme in talle lande word in die literatuur uitgewys, byvoorbeeld in die VSA (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005), Engeland (Fisher, 2005), Australië (Tinning, 2004), in ontwikkelende lande soos China (Lei & Jichun, 2005), Suid-Korea (Kang & You, 2005), Brasilië (Costa & Tubino, 2005), asook in Afrika-lande soos Ghana (Ammah & Kwaw, 2005), Nigerië (Salokun, 2005) en in Tunisië (Zouabi, 2005). Hierdie gevolgtrekkings is belangrike aspekte vir die suksesvolle aanbied van Liggaamlike Opvoeding in die skool en veral die herimplementering daarvan (kyk Navorsingsdoelwit 1). 'n Swak opgeleide Liggaamlike Opvoeding-onderwyser met onvoldoende apparaat, fasiliteite en ondersteuning kan moeilik die vak suksesvol in die skool aanbied. Verdere belangrike gevolgtrekkings uit die data in Fase 3 is dat die vakadviseurs baie positief is oor die werkwinkels wat aangebied is, en dat hulle oortuig is dat die suksesvolle aanbieding van Liggaamlike Opvoeding in die skool grootliks afhanklik is van volgehoue kwaliteit opleiding en ondersteuning aan alle betrokkenes (kyk Tabelle 5.46 – 5.49, Hoofstuk 5). Opleiding en ondersteuning is twee van die sleutelareas wat benodig word vir die suksesvolle aanbieding van enige skoolvak, soveel te meer nog 'n vak met so 'n groot praktiese komponent soos Liggaamlike Opvoeding.

Daar word dus tot die gevolgtrekking gekom dat die twee sleutelareas, opleiding en ondersteuning in Liggaamlike Opvoeding, dringende aandag kort in die Suid-Afrikaanse konteks, om te verseker dat die herimplementering van die vak in Suid-Afrikaanse skole suksesvol sal wees.

## Gevolgtrekking 4

Die data uit opvolg-vraelyste wat in 2010 aan die vakadviseurs gestuur is, is gebruik in Fase 4. Die gevolgtrekkings vanuit die data in hierdie fase toon opvallende ooreenkomste met die gevolgtrekkings wat gemaak is uit die data vanuit Fase 2 en Fase 3. Die vakadviseurs wat die vraelyste in hierdie fase voltooi het, is ook 'n ouer groep persone (ouer as 40 jaar – kyk Tabel 5.61, Hoofstuk 5), 42.80% meer dames as mans (kyk Tabel 5.60, Hoofstuk 5), 'n groot groep van hierdie vakadviseurs het geen opleiding in Liggaamlike Opvoeding nie (46.30% – kyk Tabel 5.64, Hoofstuk 5), en baie van hulle het geen onderrig-ervaring in die vak nie (29.80% – kyk Tabel 5.63, Hoofstuk 5). Laasgenoemde twee gevolgtrekkings oor die opleiding en onderrig-ervaring is, soos reeds genoem, sleutelareas in die suksesvolle aanbod van Liggaamlike Opvoeding as uitkoms van Lewensoriëntering. Die gevolgtrekkings wat as probleem-areas uitgewys is in Fase 3, kom ook hier in Fase 4 na vore. Onopgeleide personeel (85.70% erg problematies – kyk Tabel 5.75, Hoofstuk 5), die onvoldoende beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite (77.60% erg problematies – kyk Tabel 5.74, Hoofstuk 5) asook swak ondersteuning (slegs 8.20% geensins problematies – kyk Tabel 5.76, Hoofstuk 5) vir die aanbod van Liggaamlike Opvoeding, is van die gevolgtrekkings wat in Fase 4 weer opgeduik het (kyk vorige paragraaf, gevolgtrekking 3 vir vergelykende statistiek in Fase 3). In die literatuur kom ooreenstemmende probleme in ander lande aan die lig, byvoorbeeld in die VSA (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005), Engeland (Fisher, 2005), Australië (Tinning, 2004), in ontwikkelende lande soos China (Lei & Jichun, 2005), Suid-Korea (Kang & You, 2005), Brasilië (Costa & Tubino, 2005), asook in Afrika-lande soos Ghana (Ammah & Kwaw, 2005), Nigerië (Salokun, 2005) asook in Tunisië (Zouabi, 2005), beleef die Liggaamlike Opvoeding groot uitdagings. Positiewe gevolgtrekkings in Fase 4 is dat die vakadviseurs in die opvolg-vraelyste aangedui het dat die NKS-dokumente vir Liggaamlike Opvoeding wel beskikbaar is (78.70% Ja-mening – kyk Tabel 5.66, Hoofstuk 5) en wel gebruik word (67.40% Ja-mening – kyk Tabel 5.67, Hoofstuk 5) deur die onderwysers in hul onderskeie streke. Verder het die vakadviseurs in die opvolg-vraelyste tot die gevolgtrekking gekom dat die keuse van aktiwiteite vir Liggaamlike Opvoeding te wyd en oop is (70.80% problematies – kyk Tabel 5.72, Hoofstuk 5) en dat die assesseringstandaarde vir Liggaamlike Opvoeding te wyd en oop is (81.60% problematies – kyk Tabel 5.73, Hoofstuk 5). Die gevolgtrekking kan ook uit die data in Fase 4 gemaak word dat die vakadviseurs na 'n tweejaar-verloop sedert die afhandeling van die werkswinkels en die ondervinding wat hulle opgedoen het uit hul ondersteuning aan die onderwysers, tot die gevolgtrekking gekom het dat die keuse van aktiwiteite vir Liggaamlike Opvoeding sowel as die assesseringstandaarde vir die vak nie so wyd en oop is soos wat hulle aanvanklik gedink het nie. 'n Moontlike verklaring vir hierdie gevolgtrekking is die opdoen van praktyk-

ervaring gedurende die werksinkels asook tydens skoolbesoeke deur die vakadviseurs. Hierdie gevolgtrekking sal beslis bevorderlik wees tydens die herimplementeringsproses van Liggaamlike Opvoeding in skole.

Die gevolgtrekking hier stem veral ooreen met gevolgtrekking 3 dat opleiding, ondersteuning, apparaat en fasiliteite belangrike aspekte vir die aanbied van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding is met die herimplementering van die vak.

## **Gevolgtrekking 5**

Fase 5 se data is verkry uit vraelyste wat voltooi is deur al die Gevorderde Onderwysertifikaat Bewegingsonderwys-studente van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Die data in hierdie fase toon merkbare ooreenkomste met die gevolgtrekkings vanuit die data in Fase 3 en Fase 4. Die gevolgtrekking kan ook hier gemaak word dat die GOS-studente 'n ouer groep persone is (ouer as 40 jaar – kyk Tabel 5.93, Hoofstuk 5), oor swak of geen opleiding beskik nie (75.00% – kyk Tabel 5.96, Hoofstuk 5), en baie min onderrig-ervaring (44.40% het geen onderrig-ervaring nie – kyk Tabel 5.95, Hoofstuk 5) in Liggaamlike Opvoeding het. Uit hierdie gevolgtrekking kan heel moontlik afgelei word dat die GOS-studente juis ingeskryf het vir hierdie kwalifikasie om hulleself beter te bekwaam in Liggaamlike Opvoeding. In hierdie fase is 11.20% (kyk Tabel 5.92, Hoofstuk 5) meer mans as dames en, ooreenstemmend met Fase 2, kom die meerderheid van die GOS-studente uit stedelike gebiede (52.90% – kyk Tabel 5.94, Hoofstuk 5). Ander ooreenstemmende gevolgtrekkings wat met ander fases gemaak kan word, is die probleme met onvoldoende opgeleide personeel (61.10% erg problematies – kyk Tabel 5.107, Hoofstuk 5), onvoldoende apparaat en fasiliteite (52.90% erg problematies – kyk Tabel 5.106, Hoofstuk 5) asook ondersteuning (slegs 16.70% geensins problematies – kyk Tabel 5.108, Hoofstuk 5) vir die aanbied van Liggaamlike Opvoeding. Dieselfde tipe probleme in ander lande word in die literatuur uitgewys, byvoorbeeld in die VSA (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005), Engeland (Fisher, 2005), Australië (Tinning, 2004), in ontwikkelende lande soos China (Lei & Jichun, 2005), Suid-Korea (Kang & You, 2005), Brasilië (Costa & Tubino, 2005), en ook in Afrika-lande soos Ghana (Ammah & Kwaw, 2005), Nigerië (Salokun, 2005) asook in Tunisië (Zouabi, 2005). Enkele gevolgtrekkings van die GOS Bewegingsonderwys-studente verskil van dié van die vakadviseurs, naamlik dat die GOS-studente tot die gevolgtrekking kom dat hulle redelik suksesvol beplanning (38.90% uiters belangrik – kyk Tabel 5.121, Hoofstuk 5, heelwat minder as in Fase 3 Tabel 5.58, en Fase 4 Tabel 5.89, in Hoofstuk 5) en praktiese lesaanbieding (50.00% uiters belangrik – kyk Tabel 5.122, Hoofstuk 5, minder as in Fase 3 Tabel 5.59, en Fase 4 Tabel 5.90, in Hoofstuk 5) in Liggaamlike Opvoeding kan doen.



Hierdie gevolgtrekking is heel moontlik 'n gevolg van die feit dat die GOS-studente praktiserende onderwysers is wat deelyds studeer en as gevolg van hul praktyk-ervaring, al is dit in ander vakke, baie meer ervaar is met beplanning en praktiese lesaanbieding as die vakadviseurs wat nie oor dieselfde praktyk-ervaring beskik nie.

Hierdie is 'n positiewe gevolgtrekking vir die herimplementeringsproses van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole. Onderwysers is bereid om hulself beter te bekwaam in Liggaamlike Opvoeding, wat tot voordeel van kinders en jongmense asook die skool strek.

## **Gevolgtrekking 6**

Die kwalitatiewe data in Fase 6 is verkry uit drie individuele asook een fokusgroep-onderhoud (4 deelnemers) wat gevoer is met GOS-Lewensoriëntering en Bewegingsopvoeding-studente van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Uit hierdie data kan merkbare ooreenstemmende gevolgtrekkings gemaak word met die gevolgtrekkings vanuit die kwantitatiewe sowel as die kwalitatiewe data (oop vrae) van Fase 2, Fase 3, Fase 4 en Fase 5.

Die gevolgtrekking word gemaak dat klasgroottes in Liggaamlike Opvoeding 'n groot uitdaging is (46+ leerders per klas, kyk Tabel 5.26, Tabel 5.65 en paragraaf 5.7, Hoofstuk 5), die beskikbaarheid van apparaat en fasiliteite baie belangrik is, kwaliteit aanvanklike opleiding asook indiensopleiding en volgehoue ondersteuning uiters noodsaaklik is vir die suksesvolle aanbied van Liggaamlike Opvoeding – volgens die mening van die GOS-studente (kyk paragraaf 5.7, Hoofstuk 5). Die literatuur verwys na soortgelyke uitdagings in lande soos reeds na verwys by gevolgtrekking 4 in hierdie hoofstuk. Spesifieke gevolgtrekkings vanuit hierdie kwalitatiewe data in Fase 6 is die uitdaging van geskikte kleredrag tydens deelname aan Liggaamlike Opvoeding-periodes, die behoefte aan Noodhulpopleiding vir Lewensoriëntering-onderwysers wat Liggaamlike Opvoeding moet aanbied, en ook die positiewe invloed wat die FIFA-Wêreldbekersokker-eindtoernooi in 2010 op die aanbieding van Liggaamlike Opvoeding en sport in Suid-Afrika gehad het (kyk paragraaf 5.7, Hoofstuk 5).

Die kwalitatiewe data bevestig dus ook ander faktore soos klasgroottes en kleredrag tydens Liggaamlike Opvoeding-klasse wat aangespreek sal moet word vir die suksesvolle herimplementering van die vak.

Samevattend kan die gevolgtrekking gemaak word ten opsigte van Navorsingsdoelstelling 1, as al ses die fases van die empiriese ondersoek in berekening gebring word, naamlik

dat Liggaamlike Opvoeding wetlik verpligtend terug is in alle grade in die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum. Die vak beleef egter groot uitdagings as gevolg van swak of onopgeleide onderwysers, geen of onvoldoende apparaat en fasiliteite, swak of geen ondersteuning vir die aanbied van die vak nie, 'n gebrek aan befondsing, moeilik hanteerbare klasgroottes en probleme met geskikte kleredrag vir deelname aan die vak. Bogenoemde aspekte plaas beslis druk op die suksesvolle herimplementering asook die status en stand van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole. Hierdie uitdagings sal eers aangespreek moet word alvorens die proses van herimplementering suksesvol in Suid-Afrika kan geskied. Met die bespreking van aanbevelings in paragraaf 6.4 van hierdie hoofstuk sal gekyk word hoe dit gedoen moet word. Positiewe gevolgtrekkings van Navorsingsdoelstelling 1 is dat Liggaamlike Opvoeding wel aangebied word in talle skole en dat onderwysers bereid is om verdere opleiding in die vak te ondergaan soos byvoorbeeld die die GOS-studente.

Die gevolgtrekkings ten opsigte van Navorsingsdoelstelling 2 word aan die hand van die vyf kernpunte van die Berlynse Agenda gedoen. Die vyf kernpunte vir Liggaamlike Opvoeding waarop gefokus word, is wetlike vereistes, status van die vak, tydstoekenning, onderwysersopleiding, asook infrastruktuur en hulpbronne (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:118).

### **6.3.2 Navorsingsdoelstelling 2**

Die ontleed van die verdere implementering van Liggaamlike Opvoeding as vak in Suid-Afrikaanse skole volgens die Berlynse Agenda.

#### **Gevolgtrekking 1**

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word ten opsigte van kernpunt 1, wetlike vereistes, is dat daar voldoen word aan kernpunt 1 van die Berlynse Agenda volgens die ontleding van die beleidsdokumente en wetgewing van die empiriese ondersoek. Liggaamlike Opvoeding is wetlik verpligtend in alle grade in die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum, al is dit slegs as uitkoms van die verpligte leerarea Lewensoriëntering (kyk paragraaf 5.2, Hoofstuk 5). Die nuwe kurrikulumdokumente (CAPS) noem hierdie uitkoms "Liggaamlike Opvoeding" in al die verskillende fases, en ken meer tyd toe aan die vak. Leerareas word nou weer vakke genoem en Lewensoriëntering word nou Algemene Studies genoem in die Grondslagfase sowel as in die Intermediêre en Senior fases (DoE, 2008; DoE, 2009; DoE, 2010). Ten spyte van die feit dat daar voldoen word aan die wetlike vereistes van kernpunt 1 van die Berlynse Agenda, beleef Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika wel groot uitdagings ten

opsigte van onopgeleide personeel, onvoldoende apparaat, fasiliteite en ondersteuning vir die suksesvolle aanbied van die vak (kyk paragraaf 2.10, Hoofstuk 2).

Soos in Suid-Afrika, en volgens die Berlynse Agenda, is Liggaamlike Opvoeding wetlik verplig in talle ontwikkelde lande soos die VSA (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005), Engeland (Fisher, 2005), Australië (Tinning, 2004), in ontwikkelende lande soos China (Lei & Jichun, 2005), Suid-Korea (Kang & You, 2005), Brasilië (Costa & Tubino, 2005), asook in Afrika-lande soos Ghana (Ammah & Kwaw, 2005), Nigerië (Salokun, 2005) en in Tunisië (Zouabi, 2005). Die lande beleef egter ook groot uitdagings soos byvoorbeeld swak opgeleide onderwysers, 'n gebrek aan apparaat, fasiliteite, ondersteuning asook te min tydstoedeling (kyk paragraaf 2.6, Hoofstuk 2).

Die gevolgtrekking is dus dat Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika aan die wetlike vereistes van kernpunt 1 van die Berlynse Agenda voldoen. Die vak is verpligtend in alle grade in die skoolkurrikulum, al is dit dan net as een van die uitkomste van Lewensoriëntering. Die ideaal sou wees om 'n afsonderlike, alleenstaande, outonome, volwaardig geassesseerde skoolvak, gelykstaande aan al die ander akademiese vakke in die skoolkurrikulum, te kon hê.

## **Gevolgtrekking 2**

Vanuit kernpunt 2, status van Liggaamlike Opvoeding, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word. Liggaamlike Opvoeding beleef 'n taamlik hoë status in Suid-Afrika, eerstens omdat die vak, soos aangedui by gevolgtrekking 1, wetlik verplig is in alle grade van die skoolkurrikulum, al is dit nie 'n afsonderlike vak nie (kyk paragraaf 5.2, Hoofstuk 5). Voorts moet daar minstens een Liggaamlike Opvoeding-periode op die skoolrooster in alle grade aangebied word (DoE, 2008) (kyk paragraaf 2.9.2, Hoofstuk 2).

Liggaamlike Opvoeding ervaar egter probleme soos byvoorbeeld swak of onopgeleide onderwysers, 'n groot tekort aan apparaat, fasiliteite en fondse vir ondersteuning vir die aanbied van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding (kyk paragraaf 2.6, Hoofstuk 2), wat die status van die vak beslis nie bevoordeel nie. Liggaamlike Opvoeding word nie in die finale eksamen in Graad 12 ekstern geëksamineer nie. Die Graad 12-eindeksamenpunt dien as finale toelating vir studies aan hoër onderwysinstellings in Suid-Afrika (DoE, 2008) (kyk paragraaf 2.9.2, Hoofstuk 2). Hierdie probleme veroorsaak dat die vak in talle skole gebrekkig of selfs glad nie aangebied word nie. Die sogenaamd belangriker akademiese vakke soos Wiskunde, Wetenskap en tale, wat belangrik is vir toelating tot hoër onderwys, dra by tot die laer status van Liggaamlike Opvoeding.

As daar na die status van Liggaamlike Opvoeding gekyk word, beleef die vak 'n redelik hoë status in ontwikkelde lande, ontwikkelende lande asook Afrika-lande. Liggaamlike Opvoeding beleef egter ook in hierdie lande uitdagings, soos byvoorbeeld swak opgeleide onderwysers, 'n gebrek aan apparaat, fasiliteite, ondersteuning asook te min tydstoedeling vir die aanbied van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding (kyk paragraaf 2.6, Hoofstuk 2). In verskeie van hierdie lande is daar boonop pogings om die tydstoedeling vir Liggaamlike Opvoeding te verminder tot voordeel van akademiese vakke. Byvoorbeeld in China (Lei & Jichun, 2005) is die status van die vak in gedrang, aangesien Chinese ouers hul kinders eerder beter akademies gekwalifiseerd wil hê (Ma, 2002) (kyk paragraaf 2.7.1, Hoofstuk 2).

Hier word dus tot die gevolgtrekking gekom dat Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika nie werklik 'n hoë status beleef nie. Ten spyte van die wetlike verpligting as skoolvak, word Liggaamlike Opvoeding in talle Suid-Afrikaanse skole nie aangebied nie. By talle ander skole waar die vak wel aangebied word, geskied dit nie volgens die inhoud van die Nasionale Kurrikulumverklaring nie.

### **Gevolgtrekking 3**

Kernpunt 3 van die Berlynse Agenda verwys na die tydstoekenning vir Liggaamlike Opvoeding. Suid-Afrika voldoen in 'n redelike mate aan hierdie kernpunt. Volgens die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), is dit verpligtend dat daar minstens twee Lewensoriëntering-periodes per week, waarvan een periode verpligtend as Liggaamlike Opvoeding op elke skoolrooster in alle skole in Suid-Afrika moet wees (DoE, 2008) (kyk paragraaf 2.9.2, Hoofstuk 2). Dus word 50% van die toegedeelde tyd aan Liggaamlike Opvoeding toegeken. Die werklike tydstoekenning vir Liggaamlike Opvoeding het gewissel van geen spesifieke tydstoekenning in die Grondslagfase, na 40 minute in die Intermediêre en Senior fase, tot 60 minute per week in die Verdere Onderrig en Opleidingsfase (DoE, 2008) (kyk paragraaf 2.9.2, Hoofstuk 2). Die nuwe "Curriculum Assessment Policy Statements" (CAPS) wat in 2010 deur die Minister van Onderwys uitgereik is, het die tydstoedeling vir die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms vermeerder, en die uitkoms staan nou in alle fases as "Physical Education" of "Liggaamlike Opvoeding" bekend (DoE, 2010).

Die tydstoedeling vir Liggaamlike Opvoeding in ontwikkelde lande soos die VSA, Engeland en Australië (Feingold & Holland-Fiorentino, 2005; Fisher, 2005; Tinning, 2004), in ontwikkelende lande soos China, Suid-Korea en Brasilië (Lei & Jichun, 2005; Kang & You, 2005; Costa & Tubino, 2005), asook in Afrika-lande soos Ghana, Nigerië en Tunisië (Ammah & Kwaw, 2005; Salokun, 2005; Zouabi, 2005) stem baie ooreen met die situasie

in Suid-Afrika. In 'n hele aantal lande is die tydstoedeling vir die vak egter onder druk, aangesien daar gepoog word om die tydstoekenning vir Liggaamlike Opvoeding te verminder tot voordeel van ander sogenaamd belangriker akademiese vakke (kyk paragraaf 2.6, Hoofstuk 2).

Die gevolgtrekking is dus dat Suid-Afrika in 'n redelike mate voldoen aan kernpunt 3 van die Berlynse Agenda rakende tydstoekenning vir die vak. Die ideaal is egter ten opsigte van voortgesette implementering dat daar twee periodes per week, in werklike tyd ongeveer 2 ure per week, aan Liggaamlike Opvoeding toegestaan moet word – iets wat slegs moontlik is indien dit 'n afsonderlike vak is.

#### **Gevolgtrekking 4**

Die Berlynse Agenda verwys by kernpunt 4 na onderwysersopleiding vir Liggaamlike Opvoeding. Die Berlynse “Call for Action” (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999) stel dit duidelik dat kwaliteit Liggaamlike Opvoeding afhanklik is van goed gekwalifiseerde onderwysers. Die gevolgtrekking ten opsigte hiervan is dat Suid-Afrika nie aan hierdie kernpunt voldoen nie. Deurgaans in hierdie studie is die probleem van swak of selfs onopgeleide personeel vir die aanbod van Liggaamlike Opvoeding uitgewys. Slegs die dosente wat as fasiliteerders opgetree het tydens die werksinkels in 2008, is redelik goed gekwalifiseerd in Liggaamlike Opvoeding (kyk Navorsingsdoelstelling 1, gevolgtrekking 3, in hierdie hoofstuk). Die vakadviseurs wat die werksinkels bygewoon het, asook die onderwysers wat aan hierdie studie deelgeneem het, is baie swak of onopgelei in Liggaamlike Opvoeding (kyk Navorsingsdoelstelling 1, gevolgtrekkings 4, 5 en 6, in hierdie hoofstuk).

'n Ander belangrike punt ten opsigte van onderwysersopleiding vir Liggaamlike Opvoeding het tydens die beplanning van die werksinkels in 2008, deur die Noordwes-Universiteit (NWU), Potchefstroomkampus, na vore gekom. Tydens die identifisering van ander hoër onderwysinstellings as vennote in die opleiding, het dit aan die lig gekom dat slegs enkele instellings, voorgraadse kwalifikasies in Bewegingsonderwys aanbied. Die ander instellings bied slegs nagraadse kwalifikasies in Bewegingsonderwys aan.

Volgens kernpunt 4 voldoen talle lande in 'n groot mate aan die vereiste van onderwysersopleiding. Die opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers is in talle ander lande 'n baie belangrike aangeleentheid, byvoorbeeld navorsing oor die oplei van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers (Fisher, 2005:248) is in Engeland 'n prioriteit (kyk paragraaf 2.6.2, Hoofstuk 2). In Australië is daar multidisiplinêre opleidingsprogramme vir Liggaamlike Opvoeding-onderwysers om die “Key Learning Area” (KLA) “Health and

Physical Education” (HPE) te kan aanbied (Glover & McDonald, 1997; Kirk *et al.*, 1997) (kyk paragraaf 2.6.3, Hoofstuk 2). Meer aandag, tyd en geld word bewillig vir opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers in China (Yao, 2004) (kyk paragraaf 2.7.1, Hoofstuk 2). Opleiding van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Korea word as ’n ernstige aangeleentheid gesien al word hierdie onderwysers afgemaak as toesighouers oor sport en spele (You, 2003) (kyk paragraaf 2.7.2, Hoofstuk 2). In Brasilië word nagraadse spesialisering-kursusse asook Meestersgrade en Doktorsgrade in Liggaamlike Opvoeding aangebied (Costa & Tubino, 2005:147) (kyk paragraaf 2.7.3, Hoofstuk 2). Groot uitdagings word ook in Ghana ervaar met die oplei van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers (Placek, 1993) (kyk paragraaf 2.8.1, Hoofstuk 2). Intensiewe opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers word in Nigerië deur die regering ondersteun (Awosika, 1997; Nwachukwu, 1998; Ogundele, 1998; Oyeniyi, 1998) (kyk paragraaf 2.8.2, Hoofstuk 2). Tydens die vorige bedeling in Suid-Afrika was opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers ’n prioriteit in Blanke instellings en net in sekere Kleurling-, Indiër- en Swart opleidingsinstellings (Van der Merwe, 1999) (kyk paragraaf 2.9.1, Hoofstuk 2).

Ten opsigte van kernpunt 4, onderwysersopleiding, voldoen Suid-Afrika dus nie aan die Berlynse Agenda nie, terwyl die meeste ander lande wel daaraan voldoen. Hierdie probleem sal dus dringend in Suid-Afrika aangespreek moet word. Sonder kwaliteit onderwysersopleiding, kan die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika nie suksesvol wees nie. Aanvanklike sowel as indiensopleiding moet dringend aandag kry op alle vlakke. Die Departement van Onderwys asook alle hoër onderwysinstellings wat betrokke is by onderwysersopleiding sal moet aandag gee aan die oplei van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers. Meer hoër onderwysinstellings in Suid-Afrika sal onderwysers in Liggaamlike Opvoeding moet oplei.

## **Gevolgtrekking 5**

Kernpunt 5 van die Berlynse Agenda fokus op hulpbronne vir die aanbied van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding. Die Berlynse “Call for Action” (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999) toon aan dat kwaliteit Liggaamlike Opvoeding wel aangebied kan word sonder voldoende hulpbronne. Menslike hulpbronne, met ander woorde goed gekwalifiseerde onderwysers, en voldoende tydstoekening is egter ’n vereiste. Gevolgtrekking 3 en 4 van Navorsingsdoelstelling 2 in die voorafgaande paragrawe het reeds laasgenoemde twee kernpunte bepreek. Wat kernpunt 5, hulpbronne soos byvoorbeeld apparaat, fasiliteite en befondsing aangaan, skiet Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika heeltemal te kort. Alle deelnemers aan die studie het voortdurend onvoldoende apparaat, fasiliteite en befondsing as een van die groot uitdagings vir die aanbied van

kwaliteit Liggaamlike Opvoeding uitgewys (kyk Navorsingsdoelstelling 1, gevolgtrekkings 3, 4, 5 en 6 in hierdie hoofstuk).

Hierdie gevolgtrekking sluit baie nou aan by die gevolgtrekking by kernpunt 4 in die vorige paragraaf. Slegs goed gekwalifiseerde Liggaamlike Opvoeding-onderwysers sal in staat wees om kwaliteit Liggaamlike Opvoeding aan te bied sonder die nodige hulpbronne.

Hierdie probleem is ook kenmerkend in talle ander lande. Anderson (1989) toon aan dat die kwaliteit van Liggaamlike Opvoeding in lande onder andere afhanklik is van die beskikbare apparaat en fasiliteite (kyk paragraaf 2.2, Hoofstuk 2); in China is daar 'n probleem met die implementering van Liggaamlike Opvoeding as gevolg van onvoldoende apparaat en fasiliteite (Ma, 2002) (kyk paragraaf 2.7.1, Hoofstuk 2); die gebrek aan apparaat en fasiliteite in Suid-Korea dwing die Liggaamlike Opvoeding-onderwysers om kreatief te wees en apparaat te improviseer (You, 2002) (kyk paragraaf 2.7.2, Hoofstuk 2); 'n ernstige tekort aan apparaat en fasiliteite in openbare en privaat skole in Brasilië dwing die skole se Liggaamlike Opvoeding-onderwysers om met sportklubs ooreenkomste aan te gaan oor die gebruik van apparaat en fasiliteite (Costa & Tubino, 2005:137) (kyk paragraaf 2.7.3, Hoofstuk 2); onvoldoende asook onbekostigbare apparaat en fasiliteite benadeel die implementering van Liggaamlike Opvoeding in Ghana, en apparaat moet geïmproviseer word (Addo-Adeku *et al.*, 2003) (kyk paragraaf 2.8.1, Hoofstuk 2); 'n ernstige tekort aan apparaat en fasiliteite vir Liggaamlike Opvoeding benadeel Liggaamlike Opvoeding in Nigerië (Awosika, 1997; Nwachukwu, 1998; Ogundele, 1998; Oyeniyi, 1998; Salokun, 2005) (kyk paragraaf 2.8.2, Hoofstuk 2); in Tunisië skep die gebrek aan apparaat en fasiliteite 'n swak beeld van Liggaamlike Opvoeding, wat bekend staan as SPE ("Sport and Physical Education") (Zouabi, 2005:631) (kyk paragraaf 2.8.3, Hoofstuk 2); in Suid-Afrika veroorsaak onvoldoende apparaat en fasiliteite groot uitdagings vir die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding; daar word baie aandag gegee aan die improvisering van apparaat in die opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers (DoE, 2000; Du Toit, 2004; Van Deventer, 2004; DoE, 2008) (kyk paragraaf 2.9.1, Hoofstuk 2).

Volgehoue voldoende voorsiening van hulpbronne is 'n uiters belangrike faktor vir die suksesvolle herimplementering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word ten opsigte van hierdie kernpunt dat Suid-Afrika soos die meeste wêreldlande, groot tekorte toon. Aanbevelings word in paragraaf 6.4 hieronder gemaak oor hoe om hierdie probleem aan te spreek.

## **Gevolgtrekking 6**

Alhoewel die Berlynse Agenda slegs vyf hoofkernpunte uitwys, is daar egter ook 'n verdere aspek wat sentraal deur die dokument uitgelig word, en dit is die inhoud van die kurrikulum vir Liggaamlike Opvoeding. Hierdie aspek word as gevolgtrekking 6 aangebied. Een van die Berlynse Agenda se vereistes vir kwaliteit Liggaamlike Opvoeding is dat dit die mees effektiewe manier is om kennis, waardes, vaardighede, gesindhede en begrip vir lewenslange deelname aan fisieke aktiwiteit en sport by kinders en jongmense te vestig (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE,1999:121). Die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) in Suid-Afrika stel dit ook baie duidelik dat een van die uitkomstes van Uitkomsgebaseerde Onderrig in alle leerareas die aanleer van kennis, waardes, vaardighede en gesindhede is ("Skills, Knowledge, Attitudes and Values") (SKAVS) (DoE, 2000). Die VSA se "National Standards for Physical Education" (NASPE) stel dit in Standaard 2 ook baie duidelik dat 'n fisiek opgevoede persoon iemand is wat begrip moet kan demonstreeer vir Bewegingskonsepte, Bewegingsbeginsels, Bewegingstrategieë en Bewegingstaktiek, en dit verder ook kan toepas in die aanleer en uitvoer van fisieke aktiwiteite en beweging (NASPE, 2004:11).

Gustav Niebuhr, onderwysstelselspesialis van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU), het gedurende 'n inligtingsessie rakende die CAPS-dokument by die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus in September 2010 gesê dat enige tipe onderwysstelsel, ook Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO), slegs effektief en suksesvol kan wees indien kinders en jongmense nie net bloot kennis bekom oor 'n spesifieke vak nie. Kinders en jongmense moet beslis ook leer waarom hulle die kennis moet hê en hoe hulle die kennis moet kan toepas (Niebuhr, 2010).

Dit is dus uiters noodsaaklik dat kinders en jongmense ook in Liggaamlike Opvoeding kennis, konsepte en vaardighede sal aanleer en weet hoe om hierdie kennis, konsepte en vaardighede te kan toepas. Vervolgens word die inhoud van die Suid-Afrikaanse Nasionale Kurrikulumverklaring vir Liggaamlike Opvoeding met die vereistes vir kwaliteit Liggaamlike Opvoeding in die Berlynse Agenda vergelyk.



**Tabel 6.1: Vereistes vir kwaliteit Liggaamlike Opvoeding**

Berlynse Agenda	Vereistes vir kwaliteit Liggaamlike Opv	NKV/CAPS
✓	Motoriese leer	✓
✓	Sportvaardighede	✓
✓	Sosiale vaardighede	✓
✓	Lewenslange Fisieke Fiksheid	✓
✓	Gesondheidsvoordele van Fisieke Aktiwiteit	✓
	<b>[Kennis, vaardighede, gesindhede &amp; waardes in Liggaamlike Opvoeding]</b>	
✓	Bewegingsvaardighede	✓
✓	Kennis van Bewegingsaktiwiteite	X
✓	Konsepte van Bewegingsaktiwiteite	X
✓	Beginsels van Bewegingsaktiwiteite	X
✓	Strategieë van Bewegingsaktiwiteite	X
✓	Taktiek van Bewegingsaktiwiteite	X
✓	Gesindhede in Bewegingsaktiwiteite	✓
✓	Waardes in Bewegingsaktiwiteite	✓

Uit bostaande Figuur 2 blyk dit duidelik dat kinders en jongmense onvoldoende kennis, konsepte, beginsels, strategieë en taktiek van Bewegingsaktiwiteite in Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika aanleer. Hulle leer dus wel motoriese vaardighede, sportvaardighede, sosiale vaardighede, gesondheidsvoordele van lewenslange aktiwiteit, bewegingsvaardighede, gesindhede en waardes aan binne Liggaamlike Opvoeding. Kinders en jongmense het egter nie die nodige kennis oor Bewegingsaktiwiteite, konsepte, beginsels, strategieë en taktiek binne Liggaamlike Opvoeding nie. Hulle weet dus wel dat hulle aan fisieke aktiwiteit moet deelneem, maar hulle weet nie waarom hulle 'n spesifieke Bewegingsaktiwiteit moet aanleer en hoe om dit korrek toe te pas nie. Byvoorbeeld fisieke fiksheid is bloot strawwe fisieke aktiwiteit, maar hoekom moet kinders en jongmense dit doen en hoe word dit korrek toegepas?

Alle deelnemers aan hierdie studie het deurgaans aangetoon dat die agtergrond van Liggaamlike Opvoeding uiters belangrik is vir opleiding. Die agtergrond van Liggaamlike Opvoeding sluit hierdie kennis en waarde van fisieke aktiwiteit in. Soos reeds beskryf in die vorige paragraaf is hierdie kennis een van die ses standaarde van die “National Standards for Physical Education” in die VSA (NASPE, 2004:11).

Die NKV sal dus dringend aangepas moet word ten opsigte van hierdie kenniskomponent vir die suksesvolle herimplementering van Liggaamlike Opvoeding. Die voordele van hierdie kenniskomponent in Liggaamlike Opvoeding word in paragraaf 6.4, aanbeveling 6, aangespreek.

Wanneer samevattende gevolgtrekkings oor Navorsingsdoelstelling 2 gemaak word, kan daar tot die volgende slotsom geraak word. Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika voldoen aan die Berlynse “Call for Action” ten opsigte van die feit dat die vak wetlik verpligtend is in alle grade van die skoolkurrikulum, al is dit dan ook net as uitkoms van die verpligte vakke Algemene Studies en Lewensoriëntering. Verdere gevolgtrekkings vanuit die data en literatuur ten opsigte van Navorsingsdoelstelling 2 sluit baie nou aan by die vyf kernpunte van die wêreldoudit oor die stand en status van Liggaamlike Opvoeding, wat saamgevat is in die versoek van die Berlynse “Call for Action” (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999) (kyk paragraaf 3.3, Hoofstuk 3). Ernstige probleme word in Suid-Afrika en talle ander lande ondervind met swak of onopgeleide Liggaamlike Opvoeding-onderwysers, onvoldoende apparaat, fasiliteite en ondersteuning vir die aanbied van Liggaamlike Opvoeding asook klasgroottes en kleredrag tydens Liggaamlike Opvoeding-periodes. Kennis van Bewegingsaktiwiteite ontbreek in die NKV. Hierdie probleme is beslis ’n struikelblok vir die verdere implementering van Liggaamlike Opvoeding as uitkoms van Algemene Studies en Lewensoriëntering in alle grade in Suid-Afrikaanse skole.

In die volgende gedeelte word aanbevelings gemaak na aanleiding van die gevolgtrekkings wat gemaak is aangaande die twee Navorsingsdoelstellings van hierdie studie. Moontlike aanpassings en verbeterings aan die Nasionale Kurrikulumverklaring word voorgestel en aanbevelings word vir verdere navorsing gedoen.

## **6.4 Aanbevelings**

As gevolg van die groot ooreenstemming tussen die gevolgtrekkings by Navorsingsdoelstelling 1 (kyk paragraaf 6.3.1 hierbo) en Navorsingsdoelstelling 2 (kyk paragraaf 6.3.2 hierbo) van hierdie studie, word die aanbevelings ten opsigte van hierdie gevolgtrekkings in die volgende gedeelte gesamentlik hanteer.

### **6.4.1 Aanbeveling 1**

Vanuit Gevolgtrekking 1 by Navorsingsdoelstelling 1 sowel as Gevolgtrekking 1 by Navorsingsdoelstelling 2 kan die volgende aanbeveling gemaak word. Ten spyte van die feit dat Liggaamlike Opvoeding wetlik verplig is vanaf Graad 1 tot Graad 12, is die vak slegs een van die uitkomstes van die Leerarea Lewensoriëntering. Indien die Berlynse Agenda en “Call for Action” as grondslag dien en die eerste versoek in hierdie Aksieplan as riglyn dien, moet die aanbeveling vanuit hierdie navorsing aan die regering en Nasionale Onderwysdepartement gemaak word dat Liggaamlike Opvoeding as ’n volwaardige, alleenstaande skoolvak heringestel te word in alle grade in die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum, as deel van die herimplementeringsproses. Die “Call for Action” het ’n versoek aan regeringsleiers gerig om die volgende te onderneem: Liggaamlike Opvoeding-beleid te implementeer as ’n basiese reg van kinders en jongmense (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE,1999:120) (kyk paragraaf 3.3, Hoofstuk 3). Gesondheidsopvoeding kan by Liggaamlike Opvoeding geïnkorporeer word soos in ander lande, byvoorbeeld Australië (Tinning, 2004).

### **6.4.2 Aanbeveling 2**

Gevolgtrekking 2 by Navorsingsdoelstelling 1 en Gevolgtrekking 2 by Navorsingsdoelstelling 2 verwys na die status en stand van Liggaamlike Opvoeding. ’n Aanbeveling vanuit hierdie navorsing ten opsigte van die verbetering van die status van Liggaamlike Opvoeding in die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum is dat daadwerklike stappe gedoen moet word tydens die herimplementeringsproses van regeringskant, die Nasionale Onderwysdepartement sowel as Provinsiale Onderwysdepartemente se kant af, om toe te sien en te verseker dat die inhoud van die vak wel aangebied en toegepas word in alle skole in al nege provinsies in Suid-Afrika. Om hierdie aanbeveling te laat realiseer moet die nodige infrastruktuur vir Liggaamlike Opvoeding in plek gestel word, byvoorbeeld regeringsbeleid ten opsigte van die vak, Nasionale Onderwysdepartementele sowel as Provinsiale Onderwysdepartementele strukture en ondersteuning vir die vak, voldoende opleiding, hulpbronne en ondersteuning vir die aanbod van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding. Voorts sal die vak ook in die finale eksamen in Graad 12 ekstern geassesseer moet word en die Liggaamlike Opvoeding-punt moet gelykwaardig aan vakke soos Wiskunde, Wetenskap en tale bydra vir toelating tot hoër onderwysinstellings. Om die probleem van gemengde seuns en dogters-klasse aan te spreek stel skole aparte mans en dames Liggaamlike Opvoeding-onderwysers aan wat dan afsonderlik verantwoordelikheid

aanvaar vir al die seuns en dogters Liggaamlike Opvoeding-periodes in die skool (Van Rensburg, 2010).

### **6.4.3 Aanbeveling 3**

As daar gekyk word na Gevolgtrekking 3 by Navorsingsdoelstelling 1 en Gevolgtrekking 3 by Navorsingsdoelstelling 2, dan beklemtoon dit tydstoekenning en ondersteuning vir die aanbod van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding. Vanuit hierdie studie word daar aanbeveel dat daar minstens twee ure per week per graad aan Liggaamlike Opvoeding toegeken moet word, met die herimplementering van die vak in Suid-Afrikaanse skole, om te verseker dat kwaliteit Liggaamlike Opvoeding aangebied word. Die aanbeveling beklemtoon nie net kwaliteit nie, maar ook die waarde van Liggaamlike Opvoeding vir kinders en jongmense. Hierdie aanbeveling kan verweselik word indien aanbeveling 1 nagekom word en Liggaamlike Opvoeding as 'n afsonderlike vak herimplementeer word. Sonder die twee sleutelareas van opleiding en ondersteuning is die aanbod van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding in skole bykans onmoontlik.

### **6.4.4 Aanbeveling 4**

Vanuit Gevolgtrekking 4 by Navorsingsdoelstelling 1 en Gevolgtrekking 4 by Navorsingsdoelstelling 2, onderwysersopleiding, kan die volgende aanbeveling gemaak word.

Daar moet dringend aandag gegee word aan kwaliteit opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers om die vak as uitkoms van Algemene Studies en Lewensoriëntering in alle skole in Suid-Afrika te kan aanbied. Hierdie opleiding sluit aanvanklike opleiding sowel as indiensopleiding in. Die aanvanklike opleiding kan 'n vierjaar- BEd-kwalifikasie insluit. Indien 'n driejaar-graad in Menslike Bewegingskunde gedoen word, moet 'n vierde jaar Nagraadse Onderwysertifikaat (NGOS) in Liggaamlike Opvoeding verpligtend wees voordat hierdie studente tot die onderwys mag toetree. Die indiensopleiding kan 'n Gevorderde Bewegingsonderwys Onderwysertifikaat (GOS), byvoorbeeld soos tans aangebied by die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, of 'n NGOS insluit. Kort kursusse kan ook deel uitmaak van die indiensopleiding, maar as gevolg van die praktiese aard van die vak, is langer opleidingsgeleenthede meer van pas om voldoende praktiese ervaring in die aanbod van die vak te kan opdoen.

Volgens Gevolgtrekking 5 by Navorsingsdoelstelling 1 is onderwysers bereid om hulself beter te bekwaam in Liggaamlike Opvoeding; daarom skryf hulle in vir die GOS in Bewegingsonderwys.

Die Berlynse “Call for Action” (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE, 1999:121) stel dit baie duidelik dat kwaliteit Liggaamlike Opvoeding slegs aangebied kan word met goed gekwalifiseerde onderwysers en voldoende tydstoekenning vir die vak. Die herimplementeringsproses van Liggaamlike Opvoeding kan slegs suksesvol wees indien hierdie aanbeveling nagekom word.

### **6.4.5 Aanbeveling 5**

Gevolgtrekking 5 by Navorsingsdoelstelling 1 en Gevolgtrekking 5 by Navorsingsdoelstelling 2 verwys na hulpbronne vir die aanbod van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding. Die aanbeveling is dat die regering, die Nasionale Onderwysdepartement asook die Provinsiale Departemente van Onderwys hulle verantwoordelikheid nakom en toesien dat daar voldoende apparaat, fasiliteite en ondersteuning in alle skole beskikbaar is om die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms van Algemene Studies en Lewensoriëntering effektief aan te bied. Basiese apparaat soos balle, kegels, hoepels en tennisspane is voldoende. Geen duur of gesofistikeerde apparaat is nodig vir die standaard van Liggaamlike Opvoeding wat in die NKV vereis word nie. Dieselfde geld vir fasiliteite; geen duur gimnasiums, sale of swembaddens word vereis nie. Slegs ’n oop, skoon veilige spasie kan benut word vir die aanbod van Liggaamlike Opvoeding. Skottels of emmers met water kan gebruik word om basiese wateraktiwiteite en veiligheidsmaatreëls vir kinders en jongmense aan te leer.

Van Deventer en Van Niekerk (2009) maak ’n baie goeie voorstel vanuit hulle navorsing in die Wes-Kaap dat skole in streke saamgegroepeer (“ge-cluster”) word vir die effektiewe benutting van apparaat en fasiliteite vir die aanbod van Liggaamlike Opvoeding. Tydens die werksinkels in 2008 is daar klem gelê op die improvisering van basiese apparaat vir die aanbod van die vak. Suksesvolle herimplementering hang baie nou saam met die nakoming van hierdie aanbeveling.

### **6.4.6 Aanbeveling 6**

Gevolgtrekking 6 by Navorsingsdoelstelling 1 verwys na klasgroottes, geskikte kleredrag en Noodhulpopleiding vir die aanbod van kwaliteit Liggaamlike Opvoeding.

'n Aanbeveling vanuit hierdie studie is dat daar dringend aandag gegee moet word aan klasgroottes, en kleredrag tydens Liggaamlike Opvoeding-periodes. Die groot getalle leerders asook die feit dat hulle in hulle skooldrag aan die fisieke aktiwiteite gedurende die Liggaamlike Opvoeding-periodes deelneem, is nie bevorderlik vir die suksesvolle aanbied en implementering van die vak nie. Hierdie twee probleem-areas kan baie goed aangespreek word in die opleiding vir Liggaamlike Opvoeding. Die hantering van groot klasse kan aangeleer word, asook innoverende metodes; verder moet die dra van sweetpakke op die dag van Liggaamlike Opvoeding-klasse effektief deur die onderwysers bestuur en beheer word. Gepaste Noodhulpopleiding is ook van groot belang vir Liggaamlike Opvoeding-onderwysers en moet beslis 'n vereiste wees in alle Liggaamlike Opvoeding-opleiding.

### **6.4.7 Aanbeveling 7**

Gevolgtrekking 6 by Navorsingsdoelstelling 2 rakende die inhoud van Liggaamlike Opvoeding in die NKV, in vergelyking met die vereistes vir kwaliteit Liggaamlike Opvoeding soos gestel in die Berlynse Verklaring, is van uiterste belang vir die suksesvolle herimplementering van die vak in Suid-Afrikaanse skole. Die huidige inhoud van Liggaamlike Opvoeding as uitkoms van Algemene Studies en Lewensoriëntering in die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum, dek redelik volledig die gestelde uitkomst van die Berlynse Beraad en Aksieplan of sogenaamde "Call for Action" (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE,1999:123; Brettschneider, 1999, soos aangehaal deur ICSSPE,1999:123) (kyk paragraaf 3.6, Hoofstuk 3). Liggaamlike Opvoeding fokus op massa-deelname, ontwikkeling van motoriese vaardighede, verbetering van fisieke fiksheid asook die verantwoordelikheid van kinders en jongmense om na hul persoonlike fisiek aktiewe lewenstyle en gesondheid om te sien (DoE, 2008) (kyk paragraaf 2.9.2, Uitkomst en inhoude, Hoofstuk 2). Een aspek wat totaal ontbreek is die nodige kennis van fisieke aktiwiteit en beweging. Kinders en jongmense moet baie duidelik weet en verstaan waarom hulle fisiek fiks moet wees en hoe hulle dit kan toepas. Die inhoud van Liggaamlike Opvoeding in die NKV sal dus dringend aangepas moet word sodat kinders en jongmense die nodige kennis, konsepte, beginsels, strategieë en taktiek van bewegingsaktiwiteite kan aanleer. Kennis, konsepte, beginsels, strategieë en taktiek van motoriese en perseptuele vaardighede, sportvaardighede en fisieke fiksheid is van kardinale belang vir die lewenslange fisieke aktiwiteit en gesondheid onder kinders en jongmense. Die NKS-dokumente moet aangepas word om hiervoor voorsiening te maak en dit moet ingesluit word by die opleiding van Liggaamlike Opvoeding-onderwysers.

Voorts kan daar aanbeveel word dat die NKV aangepas word sodat Liggaamlike Opvoeding-onderwysers bemagtig word om 'n breë-basis talent-identifisering te kan toepas. Volgens Spamer (2008) is kwaliteit Liggaamlike Opvoeding belangrik vir die ontwikkeling van motoriese vaardighede en vermoëns van kinders en jongmense, wat weer as basis kan dien vir die vroeë talent-identifisering van potensieel talentvolle jong sportmanne en -vroue. Die NKV behoort talent-identifiseringstoetse in te sluit, soos in Australië, met die doel om hierdie baie groot, landwye talentpoel te kan ontgin met die oog op verteenwoordigende en kompeterende internasionale sportdeelname.

'n Verdere aanbeveling wat vanuit hierdie navorsing gemaak kan word ten opsigte van die inhoud van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika, is dat die afdelings in die onderskeie fases wat handel oor sport en spele aangepas behoort te word sodat dit ook tradisionele, kulturele, inheemse Suid-Afrikaanse speletjies insluit. Hierdie aanbeveling spruit uit die "Durban Declaration of Intent" wat in Augustus 2010 tydens die SASReCon-kongres in Durban opgestel is (SASReCon, 2010; Toriola, 2010).

## **6.5 Aanbevelings vir verdere navorsing**

'n Pluspunt van hierdie studie is die feit dat die empiriese ondersoek uit 'n populasie bestaan het wat dosente van vyf universiteite, vakadviseurs uit al nege provinsies sowel as onderwysers wat tans besig is met hul Gevorderde Onderwysertifikaat in Bewegingsonderwys of Lewensoriëntering vanuit verskeie provinsies, ingesluit het. 'n Beperking van hierdie studie is dat die populasie slegs 'n klein groepie onderwysers en slegs 'n beperkte groep ander rolspelers ingesluit het. Verdere navorsing behoort 'n ander populasie van belangegroepes, byvoorbeeld onderwysers, skoolhoofde, skoolbestuurspanne, skoolbeheerliggame en leerders, wat aktief aan die Liggaamlike Opvoeding-periodes moet deelneem, ook in te sluit. 'n Verdere beperking van hierdie studie is die feit dat die werkswinkel wat aangebied is beslis te kort was. Geen kwaliteit Liggaamlike Opvoeding-opleiding kan binne een week aangebied word nie. Langer werksinkels of kortkursusse sal aangebied moet word wat beter navorsingsresultate tot gevolg sal hê.

Verdere navorsing behoort gedoen te word ten opsigte van die implementering van Liggaamlike Opvoeding as uitkoms van Lewensoriëntering in Suid-Afrikaanse skole, wat Lewensoriëntering-onderwysers insluit wat die Liggaamlike Opvoeding-uitkoms aanbied. Sulke verdere navorsing kan goed aansluit by onlangse navorsing wat deur Van Deventer en Van Niekerk (2009) in enkele Wes-Kaapse skole gedoen is, asook navorsing wat deur

Van Deventer (2009) in 'n beperkte aantal skole in enkele provinsies in Suid-Afrika gedoen is (SASReCon, 2010; Van Deventer, 2010).

Liggaamlike Opvoeding beleef nie 'n baie hoë stand en status in Suid-Afrika nie – indien die Onderwysbeleid en Nasionale Kurrikulumverklaring as maatstaf gebruik word. Indien Onderwysers-opleiding, apparaat, fasiliteite en ondersteuning vir die implementering van die vak in berekening gebring word, daal die stand en status van die vak aansienlik. Indien die regering en Nasionale Onderwysdepartement die Berlynse Verklaring of “Call for Action” (Doll-Tepper, soos aangehaal deur ICSSPE,1999) gestand wil doen, sal die aanbevelings van hierdie navorsing dringend en ernstig in oorweging gebring moet word. Internasionaal is die vak onder druk, maar talle lande soos Australië, Engeland en die VSA maak groot erns met die vak. Suid-Afrika behoort spoedig dieselfde weg as hierdie lande te volg om erns te maak met die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding. As demokratiese land is kwaliteit Liggaamlike Opvoeding die regering, Nasionale sowel as Provinsiale Onderwysdepartemente, skoolbeheerliggame, skoolbestuurspanne, onderwysers en ouers se verantwoordelikheid teenoor ons kinders en jongmense. 'n Gebrek aan kwaliteit Liggaamlike Opvoeding kan lei tot 'n swak fisieke, oorgewig en onkompeterende sportpopulasie van kinders en jongmense in Suid-Afrika. So 'n ongewenste situasie kan ernstige nadelige gevolge inhou vir die gezondheidstoestand, ekonomiese ontwikkeling asook nasionale en internasionale sportprestasies van 'n potensieel opkomende, ontwikkelende land soos Suid-Afrika.



---

## BIBLIOGRAFIE

---

- AAHPERD (American Alliance for Health, Physical Education, Recreation and Dance). 1998. *Physical best*. Champaign, IL: Human Kinetics.
- ADDO-ADEKU, K. OPARE, J.A. & BENINI, D.A. 2003. Quality of basic education in Ghana: an annotated bibliography form 1992-2002. [http://www.rocare.org/adea/ERNWACA-Ghana\\_quality\\_2003.pdf](http://www.rocare.org/adea/ERNWACA-Ghana_quality_2003.pdf) Date of access: 25 Aug. 2009.
- AGBEKO, J.K. 2007. Pre-service teacher training and its challenges. *NUE journal of international educational cooperation*, 2:73-80.
- AMMAH, J.O.A. & KWAW, N.P. 2005. Physical education in Ghana. (In Pühse, U. & Gerber, M., eds. *International comparison of physical education*. Oxford: Meyer & Meyer Sport. p. 310–327.)
- ANDERSON, D. 1989. *The discipline and the profession*. Dubuque, IA: Brown.
- ANNARINO, M., COWELL, C. & HAZELTON, H. 1980. *Curriculum theory and design in physical education*. St. Louis: Mosby.
- ANON. 2009a. Cooper aerobics. <http://www.cooperaerobics.com/About-Cooper/Aerobics.aspx> Date of access: 18 Nov. 2009.
- ANON. 2009b. Play to learn: basic education through sport and play for children in west and Francophone Africa. <http://www.righttoplay.com/canada/our-impact/Pages/Countries/Mali.aspx> Date of access: 25 Aug. 2009.
- ARMSTRONG, M.E.G., LAMBERT, M.I., SHARWOOD, K.A. & LAMBERT, E.V. 2006. Obesity and overweight in South African primary school children – the Health of the Nation Study. *South African medical journal*, 96(5):439-444.
- AUSTRALIAN EDUCATION COUNCIL. 1994. *A statement on health and physical education for Australian schools*. Carlton: Curriculum Corporation.

- AWOSIKA, Y. 1997. The teaching of physical and health education in Oyo state schools. Paper presented at the 1st Oyo Chapters Physical, Health Education and Recreation Conference, College of Physical & Health Education (Special), Oyo, Nigeria.
- BABA, J., AMUI, J.C., BOATENG, T. & TOGBE, ASIAMOA II. 1993. Physical education for senior secondary schools. Bombay: Gangaram & Sons.
- BABBIE, E. & MOUTON, J. 2001. The practice of social research. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa.
- BLAIR, S.N., KAMPERT, J.B., KOHL, H.W., BARLOW, C.E., MACERA, C.A., PAFFENBARGER, R.S., Jr. & GIBBONS, L.W. 1996. Influences of cardiorespiratory fitness and other precursors on cardiovascular disease and all-cause mortality in men and women. *Journal of the American Medical Association*, 276(3):205-210.
- BOONZAAIER, A. 2009. Liggaamlike opvoeding en sport in 'n laerskool in Kimberley. Potchefstroom. (Persoonlike gesprek met die navorser, 21 Jul. 2009.)
- BOTHELHO, P.R.G., DE OLIVEIRA, C. de C. & PERREIRA, L.E. 2009. Virtual communities in physical education and sport in Brazil. *Biblios*, 35:1-18, Mar–Jun. <http://www.scielo.org.pe/pdf/biblios/n35/a06n35.pdf> Date of access: 11 Nov. 2009.
- BRANDL-BREDENBECK, H.P. 2005. Comparitive physical education: why, what and how? (*In* Pühse, U. & Gerber, M., eds. International comparison of physical education. Oxford: Meyer & Meyer Sport. p. 19-31.)
- BRAZIL. 1998. Constitution of Brazil. [www.brazil.com/government/laws/title\\_viii.html](http://www.brazil.com/government/laws/title_viii.html). Date of access: 18 Nov. 2009.
- BRAZILIAN CONSTITUTION. **see** BRAZIL. 1998.
- BUTCHER, C.A. 1979. Foundations of physical education. 8th ed. Missouri: C.V. Mosby.
- CASTRO, L.R.M. 2002. General aspects of Brazilian sports law and its daily applicability. [http://iasl.org/pages/posts/sports\\_law\\_articles/sports\\_law\\_articles167.php](http://iasl.org/pages/posts/sports_law_articles/sports_law_articles167.php) Date of access: 18 Nov. 2009.
- CCPR (Central Council of Physical Recreation). 2002. Charter for physical education and school sport. London: Central Council of Physical Recreation.

CENTRE FOR DISEASE CONTROL. 2000. Promoting better health for young people through physical activity and sports.

[http://usa.usembassy.de/etexts/sport/Promoting\\_better\\_health.pdf](http://usa.usembassy.de/etexts/sport/Promoting_better_health.pdf) Date of access: 11 Nov. 2009.

CHINESE NATIONAL EDUCATION MINISTRY. 2001. The new physical education and health curriculum for basic education system. Beijing.

CHISHOLM, L. 2005. The making of South Africa's National Curriculum Statement. *Journal of curriculum studies*, 37(2):193-208.

CIBULKA, J.G. & DERLIN, R.L. 1996. State educational performance reporting policies in the U.S.: accountabilities many faces. *International journal of educational research*, 23(6):479-492..

CLARK, N. 2006. *World Education, News and Reviews, Tunisia*. 19(2), April 2006.

COHEN, J. 1988. Statistical power analysis for the behavioral sciences. 2nd ed. Hillsdale, NJ: Erlbaum.

COSTA, V. & TUBINO, M. 2005. Physical education in Brazil. (In Pühse, U. & Gerber, M., eds. International comparison of physical education. Oxford: Meyer & Meyer Sport. p. 132-149.)

CRESWELL, J.W. & PLANO CLARK, V.L. 2007. Designing and conducting mixed methods research. Thousand Oaks, CA: Sage.

CURRICULUM CORPORATION AUSTRALIA. 1994. A statement on health and physical education for Australian schools. Carlton, Vic., Australia.

CURRICULUM RESEARCH AND DEVELOPMENT DIVISION. 2001. Teaching syllabus for physical education (primary schools). Accra.

DARLISON, E. 2001. What does globalisation mean for sport science and physical education professions and professionals? *International Council of Sport Science and Physical Education bulletin*, 32:12–16, Jun.

DCMS (Department for Culture, Media and Sport). 2000. A sporting future for all. London: Department for Culture, Media and Sport.

- DE CASTRO, M.L.G. 1999. Education assessment and information systems in Brazil.  
<http://www.inep.gov.br/download/internacional/idioma/Education%20Assessment%20and%20information%20systems%20in%20brazil.pdf> Date of access: 11 Nov. 2009.
- DE KLERK, D.R. 2002. The prevalence of coronary risk factors among children, ages 11 to 13 in selected Western Cape schools. Stellenbosch: Stellenbosch University. (Thesis - M in Sport Science.)
- DE KLERK, R. 1978. Geskiedenis, stelsels strominge in liggaamlike opvoedkunde. Potchefstroom: Pro Rege.
- DE KLERK, R. 1986. Die bydrae van enkele liggaamlike opvoedkundiges tot die ontwikkeling van die vak in Suid-Afrika vanaf die begin van die twintigste eeu. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Ph.D.)
- DE RIDDER, J.H. 2010. Childhood obesity: are we sitting on a time bomb? Paper presented at SASReCon 2010, Durban, 11–13 Aug.
- DfEE **see** UK. Department for Education and Employment.
- DfES **see** UK. Department for Education and Skills.
- DIXON, J.G., MCINTOSH, P.C., MUNROW, A.D. & WILLETTS, R.F. 1957. Landmarks in the history of physical education. London: Routledge & Kegan Paul.
- DoE **see** SOUTH AFRICA. Department of Education.
- DOE, J.W. 2005. Ghana: education, physical activity and development.  
<http://www.ghanaweb.com/GhanaHomePage/NewsArchive/artikel.php?ID=94811> Date of access: 19 Nov. 2009.
- DOLL-TEPPER, G. 2005. Foreword. (*In* Pühse, U. & Gerber, M., eds. International comparison of physical education. Oxford: Meyer & Meyer Sport. p. 228-249.)
- DU TOIT, D. 2004. Evaluering en assessering in oefenkunde: handleiding vir BEd Bewegingsonderwys-studente. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus.
- DU TOIT, D. 2009. Childhood overweight and obesity patterns in South Africa: a review. *African journal for physical education, health education, recreation & dance*, 15(1): 15-31, Mar.

- DU TOIT, D., VAN DER MERWE, N. & ROSSOUW, J.P. 2007. Return of physical education to the curriculum: problem and challenges facing schools in South Africa. *African journal for physical education, health education, recreation & dance*, 13(3):241-253.
- ELLIS, S.M. & STEYN, H.S. 2003. Practical significance (effect sizes) versus or in combination with statistical significance (p-values). *Management dynamics*, 12(4):51-53.
- ENGEL, M. 2002. Land of the fat: obesity is the US's number-one health hazard. *Mail & Guardian*: 19, 23 May.
- FEINGOLD, R.S. 2002. Making a case. *FIEP bulletin*, 72(1-2-3):7-13.
- FEINGOLD, R.S. & HOLLAND-FIORENTINO, L. 2005. Physical education in the United States of America. (In Pühse, U. & Gerber, M., eds. International comparison of physical education. Oxford: Meyer & Meyer Sport. p. 698-717.)
- FISHER, R. 2005. Physical education in England. (In Pühse, U. & Gerber, M., eds. International comparison of physical education. Oxford: Meyer & Meyer Sport. p. 228-249.)
- FREEMAN, M. 2009. Winning lessons for life. *The Herald*: 17, 16 May.
- GALLAHUE, D.L. & CLELAND DONNELLY, F. 2003. Developmental physical education for all children. Champaign, IL: Human Kinetics.
- GARD, M. & WRIGHT, J. 2001. Managing uncertainty: obesity discourses and physical education in a risk society. *Studies in philosophy and education*, 20(6):535-549.
- GETIS, A., GETIS, J. & FELLMANN, J.D. 2008. Introduction to geography. 11th ed. Boston: McGraw-Hill Higher Education.
- GLEICK, E. 1999. Land of the fat: it's time to shape up: Europeans are facing an obesity crisis that may only get worse. *Time*: 50-58, 25 Oct.
- GLOVER, S. & MACDONALD, D. 1997 Working with the health and physical education statement and profile in physical education teacher education: Case studies and implications. *ACHPER Healthy lifestyle journal*, 44(3):21-26.

- GOLIGHTLY, A. 2005. Kriteria en strategieë vir die optimering van kontaktyd in die bereiking van leeruitkomste in die geografie-opleiding van onderwysstudente. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. (Proefskrif – Ph.D.)
- HARDMAN, K. 2001. A comparison of the status of physical education in schools in inter- and intra- continental regional contexts. *International sports studies*, 23(1/2):68–87.
- HARDMAN, K. 2002. Physical education and sport for all: issues and future directions. *International Council of Sport Science and Physical Education bulletin*, 34:26–27, Feb.
- HARDMAN, K. 2005. Global vision of the situations, trends and issues of sport and physical education in schools. Paper presented at the International Conference on Sport and Physical Education, Bangkok, 30 Oct.-2 Nov.
- HARDMAN, K. 2006. Promise or reality?: physical education in Europe. *Compare*, 36(2):163–179.
- HARDMAN, K. & MARSHALL, J.J. 2000. Worldwide survey of the state and status of school physical education: final report. Manchester: University of Manchester.
- HELLISON, D. 1995. Teaching responsibility through physical activity. Champaign, IL: Human Kinetics.
- HILLS, A.P. 2001. Obesity: the prevention, treatment and management of a “global epidemic”. *International Council of Sport Science and Physical Education bulletin*, 31:24–25, Feb.
- ICSSPE (International Council of Sport Science and Physical Education). 1999. Results and recommendations of the World Summit on Physical Education, Berlin, 3 – 5 November 1999. <http://www.icsspe.org/index.php?m=13&n=78&o=41> Date of access: 10 Oct. 2009.
- JENSEN, R.C. & OVERMAN, S.J. 2003 Administration and management of physical education and athletic programmes. Longrove, IL: Waveland Press.
- JI, L. 2001. The expectation of sports education. Shangai, Eastern China: Normal University Publishing Company.
- JOHNSON, I.D. 2006. Report gives poor marks on physical education standards. *Nation's health*, 36(5):6.

JOHNSON, W. 1966. Physical education around the world. Indianapolis, IN: Phi Epsilon Kappa Fraternity.

JOKL, E.F. 1988. South African reminiscences. Lexington: E.F. Jokl.

KAAPLANDSE ONDERWYSDEPARTEMENT. 1988. Leerling-evaluering: Liggaamlike opvoeding (seuns). Tygerpark: KOD Sentrum vir Liggaamlike Opvoeding.

KANG, R. 2000. The retrospection and expectation of P.E. at school. *Sport science research*, 21(1):32-34.

KANG, S. 2003. Reconsidering the status of school physical education. Paper presented at Ewha Womens's University Workshop, Feb.

KANG, S. & YOU, J. 2003. Developing a challenge program in school physical education. *Physical educator*, 60(2):20–27.

KANG, S. & YOU, J. 2005. School physical education in South Korea. (*In* Pühse, U. & Gerber, M., eds. International comparison of physical education. Oxford: Meyer & Meyer Sport. p. 572-587.)

KENWAY, J., BIGUM, C., & FITZCLARENCE, L. 1995. New education in new times. *Journal of education policy*, 9(4):317-333.

KETEKU, N.W. 1999. Educational reform in Ghana, the senior secondary school. [http://www.bibl.u-szeged.hu/oseas\\_adsec/ghana.htm](http://www.bibl.u-szeged.hu/oseas_adsec/ghana.htm) Date of access: 19 Nov. 2009.

KIDD, B. 2001. The economic case for physical education. (*In* Doll-Topper, G. & Scoretz, D., eds. Proceedings: World Summit on Physical Education, Berlin, 3–5 November 1999. Berlin: ICSSPE/CIEPSS. p. 95-103.)

KIDD, B. 2003. The necessity of quality healthand physical education: a brief to the Ontario Education Equality Task Force. *International Council of Sport Science and Physical Education bulletin*, 38:8–10, May.

KIRK, D. 1997. Thinking beyond the square: the challenge to physical educators in new times. *Quest*, 49(2):182-186.

KIRK, D. 1999. Physical culture, physical education and relational analysis. *Sport education & society*, 4(1):63-75.

KIRK, D., MACDONALD, D. & TINNING, R. 1997. The social construction of pedagogic discourse in physical education teacher education. *Curriculum journal*, 8(2):271-298.

KLEIN, G. 2002. Three critical points of PE within the the international contexts. *Bulletin of sport science and physical education*, 34:8-9, Feb.

KLOPPERS, W.A. 2001. Democracy and the physical education curriculum: a contribution towards achieving a humane society via the physical education curriculum in sub-Saharan Africa. *International sports studies*, 23(1/2):96–102.

KOD **kyk** KAAPLANDSE ONDERWYSDEPARTEMENT

LANGFORD, G.A. & CARTER, L. 2003. Academic excellence must include physical education. *Physical educator*, 60(1):28-33.

LAVENTURE, R. 2002. Active lifestyles: from the cradle to the grave. In Physical Education Association of UK. (Ed), *The fellows lecture*. London.

LEI, Y. & JICHUN, J. 2005. Physical education in China. (In Pühse, U. & Gerber, M., eds. International comparison of physical education. Oxford: Meyer & Meyer Sport. p. 174-187.)

LI, L. 2002. The exploration of modern P.E. as a school function. *Journal of the Capital Institute of Physical Education*, 20(2):17-18.

LION-CACHET, S. 1997. Physical education and school sport within the post-apartheid educational dispensation of South Africa. Pretoria: UNISA. (Thesis – Ph.D.)

LUND, J.L. & KIRK, M.F. 2002. Performance-based assessment for mid-high school physical education. Champaign, IL: Human Kinetics.

MA, H. 2002. The overview and expectation of the history about Chinese P.E. at school. *Sport science*, 6:133.

MACDONALD, D. & BROOKER, P. 1997. Assessment issues in a performance based subject: a case study of physical education. *Studies in educational evaluation*, 23(1):83-102.

MALAN, D.J.J. & STRYDOM, G.L. 2007. The evolution of physical education at the North West University – a multi faceted historical development. *African journal for physical education, health education, recreation & dance*, Special edition:241-253 Sep.



- MAREE, K. & PIETERSEN, J. 2007. Surveys and the use of questionnaires. (*In* Maree, K., ed. *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik. p. 155-170.)
- MARSHALL, S.J., LEVY, S.J. & TUDOR, S.S. 2009. Dropping the ball and picking up the fat: youth physical activity, body fatness and the conundrum of causality. *Medicine and science in sports and exercise*, 30(6):910-916.
- MCARDLE, W.D., KATCH, F.I. & KATCH, V.L. 1991. *Exercise physiology, energy, nutrition and human performance*. 3rd ed. Malvern, PA: Lea & Tebiger.
- MCMAHON, J. 1990. Psychological benefits of exercise and the treatment of delinquent adolescents. *Sports medicine*, 9, 344-351.
- MINISTRY OF EDUCATION. **see** SOUTH KOREA. Ministry of Education.
- MITSURU, K. 2007. A re-examination of physical education and sports in Japan. <http://www.kyoto-seika.ac.jp/event/kiyo/pdf-data/sa21/kurusu.pdf> Date of access: 25 Aug. 2009.
- MORGAN, P. & BOURKE, S. 2005. An investigation of pre-service and primary school teachers' perspectives of physical education teaching confidence and physical education teacher education. *ACHPER healthy lifestyles journal*, 52(1):7-13.
- MURRAY, J.C. Sports education in Jamaica: the new way to go. [http://EzineArticles.com/?expert=Juliet\\_Christie\\_Murray](http://EzineArticles.com/?expert=Juliet_Christie_Murray). Date of access: 28 Jul. 2009.
- NASH, M.J. 2003. Obesity goes global. *Time*: 55, 7 Jul.
- NASPE (National Association for Sport and Physical Education). 2004. *Moving into the future: national standards for physical education*. 2nd ed. Reston, VA.
- NEILL, J. 2005. John Dewey, the modern father of experiential education. <http://wilderdom.com/experiential/ExperientialDewey.html> Date of access: 9 Nov. 2009.
- NIEBUHR, G. 2010. The curriculum for pre-higher education in 2010: a teacher education perspective. (Presentation delivered at North West University, Sept) [CD]
- NWACHUKWU, E. 1998. The teaching of physical education in Nigerian secondary schools: Issues and problems. Paper presented at the 32nd Conference of the National Association of Physical, Health Education, Recreation and Dance. 1-3 April 1998.

- OFSTED. 2003. Handbook for inspecting secondary schools. London: Office for Standards in Education.
- OGI, A. 2005. Foreword. (In Pühse, U. & Gerber, M., eds. International comparison of physical education. Oxford: Meyer & Meyer Sport. p. 7-8.)
- OGUNDELE, B. 1998. The teaching of physical and health education in Nigerian schools: Issues, problems and solutions. Paper presented at the 32nd Conference of the National Association of Physical, Health Education, Recreation and Dance.
- OLADUNDOYE, F. 1979. Changing perspectives in physical education in Nigeria. *Journal of physical, health education and recreation*, 2(2):22-37.
- OLDS, T., TOMKINSON, G. & BAKER, S. 2003. Fitness differentials amongst schools: how are they related to school sector? *Journal of science and medicine in sport / Sports Medicine Australia*, 6(3):313-327.
- OYENIYI, P. 1998. Improving the teaching of physical education in senior secondary school classes. Paper presented at the 32nd Conference of the National Association of Physical, Health Education, Recreation and Dance.
- PANDOR, N. 2005. Address by the Minister of Education, Naledi Pandor MP, at the 2005 National Schools Athletics Championships, at Dal Josafat Stadium, Paarl.  
<http://www.education.gov.za/dynamic/dynamic.aspx?pageid=306&id=679> Date of access: 3 Nov. 2009.
- PANGRAZI, R.P. 2002. Dynamic physical education curriculum and instruction for secondary school students. Minneapolis: Burgess.
- PANGRAZI, R. & DARST, P. 1985. Dynamic physical education curriculum and instruction for secondary school students. Minneapolis: Burgess.
- PATE, R.R. & HOHN, R.C. 1994. A contemporary mission for physical education. (In Pate, R.R. & Hohn, R.C., eds. Health and fitness through physical education. Champaign, IL: Human Kinetics. p. 1-6.)
- PENNEY, D. & KIRK, D. 1996. National curriculum developments in physical education in Australia and Britain: a comparative analysis. *Journal of comparative physical education*, 1:30-38.

- PLACEK, J. 1993. Concepts of success in teaching: Busy, happy and good? *Teaching in physical education*, 17:52-71.
- POSTMA, J.W. 1972. Inleiding tot die liggaamlike opvoedkunde. Kaapstad: A.A. Balkema.
- POTE, N. 2008. Liggaamlike opvoeding as uitkoms van lewensoriëntering. Pretoria. (Persoonlike gesprek met die navorser, 21 Sep. 2008.)
- POWER, C. 2003. Lifestyle change is sparing an epidemic of global obesity. *Newsweek*: 40–45, 11 Aug.
- PÜHSE, U. & GERBER, M., eds. 2005. International comparison of physical education. Oxford: Meyer & Meyer Sport.
- QSCC (Queensland School Curriculum Council). 1999. Health & physical education year 1 to 10 syllabus. Brisbane: Education Queensland.
- RAITAKAN, O.T., PORKKA, K.V.K., TAIMELA, S., TELAMA, R., RASANEN, L. & VLLKARI, J.S., 1994. Effects of persistent physical activity and inactivity on coronary risk factors in children and adults. *American journal of epidemiology*, 140(3):195-205.
- RAVEN, P.B., GETTMAN, L.R., POLLOCK, M.L. & COOPER, K.H. 1976. A physiological evaluation of professional soccer players. *British journal of sports medicine*, 10(4): 209-216.
- RICKARD, J. 1988. Australia: a cultural history. London: Longman.
- ROSSOUW, J.P. 2004. An introduction to sport law for South African schools. Potchefstroom: Festien Leit Publishers.
- SALLIS, J.F. & MCKENZIE, T.L. 1991. Physical education's role in public health. *Research quarterly for exercise and sport*, 62(2):124-137.
- SALLIS, J.F. & MCKENZIE, T.L. 1999. Physical activity and academic performance. *Research quarterly for exercise and sport*, 70(2):127-134.
- SALOKUN, S.O. 2005. Physical education in Nigeria. (In Pühse, U. & Gerber, M., eds. International comparison of physical education. Oxford: Meyer & Meyer Sport. p. 407-511.)

- SASRECON. 2010. National Sport Science Conference of Sport & Recreation. South Africa. Theme: Sport, Recreation & Physical Education “ An Essential Triad”. Durban. 11–13 August 2010.
- SHEPHARD, R. 1997. Curricular physical activity and academic performance. *Pediatric exercise science*, 9(2):113-126.
- SHEPHARD, R. & LAVELLE, R. 1994. Academic skills and required physical education. *Canadian Association of Health and Physical Education Recreation and Dance*, 1(1, Research suppl.):1-12.
- SIEDENTOP, D. 1987. High school physical education: still an endangered species. *Journal of physical education, recreation and dance*, 69(4):18–20.
- SOUTH AFRICA. Department of Education. 2000. Draft ministerial briefing on guidelines for Policy on Human Movement Education and School Sport. Pretoria.
- SOUTH AFRICA. Department of Education. 2003. National curriculum statement, grades 10–12 (General): Life Orientation. Pretoria.
- SOUTH AFRICA. Department of Education. 2007. National curriculum statement, grades 10–12 (General): subject assessment guidelines: Life Orientation. Pretoria.
- SOUTH AFRICA. Department of Education. 2008. National curriculum statement, grades 10–12: Life Orientation, Physical Education. Pretoria.
- SOUTH AFRICA. Department of Education. 2009. Report of the Task team for the Review of the Implementation of the NCS, Sep. Pretoria.
- SOUTH KOREA. Ministry of Education. 1997. The 7<sup>th</sup> national curriculum in physical education. Seoul.
- SPAMER, E.J. 2008. Talent identification in youth sport, with special reference to rugby: manual for BEd Hons students. Potchefstroom: North-West University, Potchefstroom Campus.
- STATSOFT. 1997. Statistica for windows, release 7.0: general conversions and statistics. Tulsa, UK: Statsoft.
- STEPTOE, A. & BUTLER, N. 1996. Sports participation and emotional well being in adolescents. *Lancet*, 347, 1789-1792.

STEYN, H.S., Jr. 2005. Handleiding vir die bepaling van effekgrootte-indekse en praktiese betekenisvolheid. Potchefstroom: NWU, Potchefstroomkampus.  
<http://www.puk.ac.za/fakulteite/natuur/skd/index.html> Datum van toegang: 20 Jul. 2010

STRYDOM, G.L. 1990. Biokinetika: 'n handleiding vir studente in Menslike Bewegingskunde. Potchefstroom: PU vir CHO.

SWAN, P. 1997. Could gymnastics as activity and as teaching be the litmus test of a changing profession? *ACHPER healthy lifestyle journal*, 44(2):14–18.

TALBOT, M. 2010. Key note address: International research, advocacy and action for physical education: SASReCon 2010, Durban, 11–13 Aug. 2010.

TINNING, R. 2004. Australia. (In Pühse, U. & Gerber, M., eds. International comparison of physical education. Oxford: Meyer & Meyer Sport. p. 50-65.)

TINNING, R., MACDONALD, D., WRIGHT, J. & HICKEY, C. 2001. Becoming a physical education teacher: contemporary and enduring issues. Sydney: Prentice-Hall.

TORIOLA, A. 2010. The changing phases of physical education and sport in Africa: can a uniquely African model emerge. Paper presented at SASReCon 2010, Durban, 11–13 Aug. 2010.

UK. Department for Education and Employment. 1999. Physical education: the national curriculum for England. London.

UK. Department for Education and Skills. 2003. Learning through P.E. and sport, physical education, school sport and club links. London.

UNESCO. 1978. Charter for Physical Education and Sport. Paris.

UNITED STATES. Department of Health and Human Services. 1991. Healthy people 2000: national health promotion and disease prevention objectives. Washington, DC: U.S. Government Printing Office.

VAN DER MERWE, F.J.G. 1999. Sportgeskiedenis: 'n handleiding vir Suid-Afrikaanse student. Stellenbosch: FJG Publikasies.

VAN DER MERWE, N. 2007. Die effek van 'n motoriese ontwikkelingsprogram op die grootspiervaardighede en selfbeeld van 4 tot 6-jarige direk geaffekteerde MIV/VIGS-

- leerders. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. (Verhandeling – M.Ed.)
- VAN DER WALT, T.S.P. 1990. Meting en evauleuring van bLanke seuns in liggaamlike opvoeding in die sekondêre skool. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Ph.D.)
- VAN DEVENTER, K.J. 2004. A case for physical education/life orientation: the health of a nation. *South African journal for research in sport, physical education and recreation*, 26(1):107–121.
- VAN DEVENTER, K.J. 2009. Perspectives of teachers on the implementation of life orientation in grades R-11 from selected Western Cape schools. *South African journal of education*, 29(1):127–145.
- VAN DEVENTER, K.J. 2010. Physical education, recreation and sport: a triad for community development. Paper presented at SASReCon 2010, Durban, 11–13 Aug. 2010.
- VAN DEVENTER, K.J. & VAN NIEKERK, E. 2009. Life Orientation in the foundation phase (Grades R -3): a survey in selected Western Cape primary schools. *South African journal for research in sport, physical education and recreation*, 3(2):147–162.
- VAN RENSBURG, D. 2010. Liggaamlike opvoeding in 'n hoërskool in Ermelo. Ermelo. (Persoonlike gesprek met die navorser, 10 Nov. 2010.)
- VAN ROSSUM, J.H.A. & GAGNÉ, F. 2006. Talent development in sport. (In Dixon, F.A. & Moon, S.M., eds. *The handbook of secondary gifted education: a service publication of the National Association for Gifted Children*. Prufrock Press.)
- VAN VUUREN, H. 2008. A strategy to manage diversity in secondary schools. Potchefstroom: North-West University, Potchefstroom Campus. (Thesis – Ph.D.).
- WARNICH, P.G. 2008. Uitkomsgebaseerde assessering van geskiedenis in graad 10. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Proefskrif – Ph.D.).
- WÊRELDBERAAD VIR LIGGAAMLIGE OPVOEDING **kyk** ICCSPE.
- WHELAN, J. 1999. An insider's view of primary physical education in England. *Teaching elementary physical education*, 10(6):22-24.

- WILKINS, J.L.M., GRAHAM, G., PARKER, S., WESTFALL, S., FRASER, R.E., & TEMBO, M. 2003. Time in the arts and physical education and school achievement, *Journal of curriculum studies*, 35(6):721-734.
- WILLIAMS, M. 2003. Making sense of social research. London: Sage.
- WILLEMSE, J.W. 1969. Die invloed van die Sweedse stelsel van formele oefening op die ontwikkeling van liggaamlike opvoeding in Suid-Afrika. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – M.Ed.).
- WILMORE, J.H., & COSTILL, D.L.. 2004. Physiology of sport and exercise. 3rd ed. Champaign, IL: Human Kinetics.
- WILMORE, J.H., COSTILL, D.L. & KENNEY, W.L. 2008. Physiology of sport and exercise. 4th ed. Champaign, IL: Human Kinetics.
- YANG, G. 2000. The development assumption of P.E. school work in our country. *Sport science*, 20(3):13–14.
- YAO, L. 2004. The retrospection and expectation of P.E. didactical objective, content and evaluation since liberation. Seoul: Rainbow Publication.
- YOO, S.S. & KIM, H.A. 2005. Standards and practice in Asian physical education. Seoul: Rainbow Publication.
- YOU, J. 2002. A qualitative case study of good teaching in secondary school teaching. *Korea journal of sport pedagogy*, 9(2):124-154.
- YOU, J. 2003. Issues on teaching physical education in Korea. Seoul: Rainbow Publication.
- YOU, S. 2001. Realities and directions of school physical education. [South Korea, Seoul]: Korea Sport Science Institute. (Research Report 2001 -01)
- YOU, S. 2003. Strangling physical education. Seoul: Rainbow Publication.
- ZHAO, Z. 2002. The retrospection and expectation of P.E. in China. *Sport science*, 6:133-135.
- ZOUABI, M. 2005. Sport and physical education in Tunisia. (In Pühse, U. & Gerber, M., eds. International comparison of physical education. Oxford: Meyer & Meyer Sport. p. 672-685.)

# TOESTEMMING EN VRAELYSTE [INGESLUIT OP CD]

---



**WERKSWINKEL – DAGPROGRAM & FASILITEERDER-  
HANDLEIDING [INGESLUIT OP CD]**

---

**INDIVIDUELE EN FOKUSGROEP-ONDERHOUDE  
(TRANSKRIPSIES) [INGESLUIT OP CD]**

---

**INDIVIDUELE EN FOKUSGROEP-ONDERHOUDE  
(OPNAMES) [INGESLUIT OP CD]**

---

# ETIEKSERTIFIKAAT



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Private Bag X6001, Potchefstroom  
South Africa 2520

Tel: (018) 299-4900  
Faks: (018) 299-4910  
Web: <http://www.nwu.ac.za>

**Ethics Committee**

Tel +27 18 299 4850  
Fax +27 18 293 5329  
Email [Ethics@nwu.ac.za](mailto:Ethics@nwu.ac.za)

Prof EJ Spamer

## Ethics Approval of Project

The North-West University Ethics Committee (NWU-EC) hereby approves your project as indicated below. This implies that the NWU-EC grants its permission that provided the special conditions specified below are met and pending any other authorisation that may be necessary, the project may be initiated, using the ethics number below.

<b>Project title:</b> Evaluering van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole.	
<b>Student working on project:</b> N van der Merwe	
<b>Ethics number:</b>	N   W   U   -   0   0   0   2   2   -   1   0   -   A   2
<b>Approval date:</b> 2010-03-18	<b>Expiry date:</b> 2015-03-17

Special conditions of the approval (if any): None

**General conditions:**

While this ethics approval is subject to all declarations, undertakings and agreements incorporated and signed in the application form, please note the following:

- The project leader (principle investigator) must report in the prescribed format to the NWU-EC:
  - annually (or as otherwise requested) on the progress of the project,
  - without any delay in case of any adverse event (or any matter that interrupts sound ethical principles) during the course of the project.
- The approval applies strictly to the protocol as stipulated in the application form. Would any changes to the protocol be deemed necessary during the course of the project, the project leader must apply for approval of these changes at the NWU-EC. Would there be deviated from the project protocol without the necessary approval of such changes, the ethics approval is immediately and automatically forfeited.
- The date of approval indicates the first date that the project may be started. Would the project have to continue after the expiry date, a new application must be made to the NWU-EC and new approval received before or on the expiry date.
- In the interest of ethical responsibility the NWU-EC retains the right to:
  - request access to any information or data at any time during the course or after completion of the project;
  - withdraw or postpone approval if:
    - any unethical principles or practices of the project are revealed or suspected,
    - it becomes apparent that any relevant information was withheld from the NWU-EC or that information has been false or misrepresented,
    - the required annual report and reporting of adverse events was not done timely and accurately,
    - new institutional rules, national legislation or international conventions deem it necessary.

The Ethics Committee would like to remain at your service as scientist and researcher, and wishes you well with your project. Please do not hesitate to contact the Ethics Committee for any further enquiries or requests for assistance.

Yours sincerely

Prof MMJ Lowes  
(chair NWU Ethics Committee)

## VERKLARING – STATISTIESE KONSULTASIEDIENSTE

---



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Privaatsak X6001 Potchefstroom 2520  
Tel (018) 299 1111 Faks (018) 299 2799  
<http://www.puk.ac.za>

**Statistiese Konsultasiediens**

Tel: (018) 299 2016

Faks: (018) 299 2557

4 November 2010

**Re: Proefskrif Mnr. N. Van der Merwe, studentenommer 12923028**

Hiermee word bevestig dat Statistiese Konsultasiediens die data verwerk het en ook betrokke was by die interpretasie van die resultate.

Vriendelike groete

**Dr. S.M. Ellis (Pr. Sci. Nat.)  
Hoof Statistiese Konsultasiediens**

---

## VERKLARING – TAALVERSORGER

---

VERTAAL • SKRYF • REDIGEER • PROEFLEES

*Anna-Mart Bonthuys\* (D Litt et Phil – SA)*

*Onafhanklike Kontrakteur*

TEL: (012) 997- 6373 / 082 214 5934

annamart@xsinet.co.za

*Always in excellence mode*

---

# VERKLARING: TAALVERSORGING

### AAN WIE DIT MAG AANGAAN

Hiermee verklaar ek dat ek 'n gekwalifiseerde en ervare taalpraktisyn is, en dat ek die doktorsale proefskrif van Niekie van der Merwe, getitel “*Evaluering van die herimplementering van Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrikaanse skole*” na die beste van my vermoë geredigeer en geproeflees het.

*Dr Anna-Mart Bonthuys*

*Datum: 13 November 2010*

---

*\* Geregistreer by die SA Vertalersinstituut: Registrasienommer: 1001848*

# VERKLARING – TEGNIESEVERSORGING - BIBLIOGRAFIE

---

Me. AGS COETZEE

Posbus 5333

KOCKSPARK

2523

Sel: 073 157 0502

11 November 2010.

TEGNIесе VERSORGING VAN BIBLIOGRAFIE: PhD proefskrif.

Hiermee verklaar ek dat ek die bibliografie van die PhD manuskrip van Mnr. N. van der Merwe tegnies versorg het.



AGS Coetsee

**INGELIGTE TOESTEMMING -  
FOKUSGROEPONDERHOUDE**

---





NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
POTCHEFSTROOM CAMPUS

Private Bag X6001, Potchefstroom  
South Africa 2520

School for Continuing Teacher  
Education (SCTE)  
Tel: (018) 299-4545  
Web: <http://www.nwu.ac.za>  
niekie.vandernerwe@nwu.ac.za

Dear Participant

I am currently busy with my PhD studies, specializing in Teaching and Learning, Physical Education, and need your professional input.

The purpose of my study is to evaluate the re-implementation of Physical Education as outcome of Life Orientation. I will conduct a short interview with a small group of four ACE Life Orientation students in the School for Continuing Teacher Education (SCTE) as well as a focus group interview with four different ACE Life Orientation students in SCTE.

My supervisor, Prof. EJ Spamer, Director of SCTE, has granted me permission to do the interviews at contact sessions during May 2010. The Ethics Committee of the North-West University also approved my ethics application for the research (Ethics number: NWU-00022-10-A2).

Thank you in advance for spending time to participate in the interview. I am fully aware that you have a tight time schedule and thus appreciate your co-operation all the more. It will, however, not require more than 30 minutes to complete the interview. Your participation in the interview is entirely voluntary and you can withdraw from the interview at any stage.

The interview deals with Physical Education as part of Life Orientation. A pilot study as well as informal conversations with colleagues in the teaching profession, points to the fact that, to a great extent, Physical Education as part of Life Orientation is still experienced as being problematic for various reasons. The interview aims to determine your experience concerning the Physical Education outcome of Life Orientation as well as specific needs for future training. Your professional input in conducting this interview will definitely contribute to a better understanding of this specific matter. Such input could also eventually lead to results by which Physical Education as part of Life Orientation can be successfully implemented in all schools across South Africa.

Before conducting the interview, please take note of the following:

- You participate in the interview on a voluntary basis.
- You will not be disadvantaged in any way as respondent.
- All information will be treated as confidential.
- Your identity will not be revealed, every respondent and school will remain anonymous.
- If you participate in the interview we accept that your participation in this research is voluntary.

The information you provide will be treated as strictly confidential and will be utilised for research purposes only.


Your co-operation and professional input will be highly appreciated.


Venue: The committee room in building B06 will be used for the interviews.

Should you have any problems/ questions/suggestions, please contact me.

My sincere thanks for your support and cooperation.

Niekie van der Merwe  
North-West University (Potchefstroom Campus)  
018-2994545

  
Name of participant

  
Signature

14.05.2010  
Date

POTCHEFSTROOM  
Place Signed



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
POTCHEFSTROOM CAMPUS

Private Bag X6001, Potchefstroom  
South Africa 2520

School for Continuing Teacher  
Education (SCTE)  
Tel: (018) 299-4545  
Web: <http://www.nwu.ac.za>  
niekie.vandermerwe@nwu.ac.za

Dear Participant

I am currently busy with my PhD studies, specializing in Teaching and Learning, Physical Education, and need your professional input.

The purpose of my study is to evaluate the re-implementation of Physical Education as outcome of Life Orientation. I will conduct a short interview with a small group of four ACE Life Orientation students in the School for Continuing Teacher Education (SCTE) as well as a focus group interview with four different ACE Life Orientation students in SCTE.

My supervisor, Prof. EJ Spamer, Director of SCTE, has granted me permission to do the interviews at contact sessions during May 2010. The Ethics Committee of the North-West University also approved my ethics application for the research (Ethics number: NWU-00022-10-A2).

Thank you in advance for spending time to participate in the interview. I am fully aware that you have a tight time schedule and thus appreciate your co-operation all the more. It will, however, not require more than 30 minutes to complete the interview. Your participation in the interview is entirely voluntary and you can withdraw from the interview at any stage.

The interview deals with Physical Education as part of Life Orientation. A pilot study as well as informal conversations with colleagues in the teaching profession, points to the fact that, to a great extent, Physical Education as part of Life Orientation is still experienced as being problematic for various reasons. The interview aims to determine your experience concerning the Physical Education outcome of Life Orientation as well as specific needs for future training. Your professional input in conducting this interview will definitely contribute to a better understanding of this specific matter. Such input could also eventually lead to results by which Physical Education as part of Life Orientation can be successfully implemented in all schools across South Africa.

Before conducting the interview, please take note of the following:

- You participate in the interview on a voluntary basis.
- You will not be disadvantaged in any way as respondent.
- All information will be treated as confidential.
- Your identity will not be revealed, every respondent and school will remain anonymous.
- If you participate in the interview we accept that your participation in this research is voluntary.

The information you provide will be treated as strictly confidential and will be utilised for research purposes only.

Your co-operation and professional input will be highly appreciated.

Venue: The committee room in building B06 will be used for the interviews.

Should you have any problems/ questions/suggestions, please contact me.

My sincere thanks for your support and cooperation.

Niekie van der Merwe  
North-West University (Potchefstroom Campus)  
018-2994545

MAMASITA A. KALANE  
Name of participant

  
Signature

14 MAY 2010  
Date

POTCHEFSTROOM UNIVERSITY  
Place Signed



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
POTCHEFSTROOM CAMPUS

Private Bag X6001, Potchefstroom  
South Africa 2520

School for Continuing Teacher  
Education (SCTE)  
Tel: (018) 299-4545  
Web: <http://www.nwu.ac.za>  
niekie.vandermerwe@nwu.ac.za

Dear Participant

I am currently busy with my PhD studies, specializing in Teaching and Learning, Physical Education, and need your professional input.

The purpose of my study is to evaluate the re-implementation of Physical Education as outcome of Life Orientation. I will conduct a short interview with a small group of four ACE Life Orientation students in the School for Continuing Teacher Education (SCTE) as well as a focus group interview with four different ACE Life Orientation students in SCTE.

My supervisor, Prof. EJ Spamer, Director of SCTE, has granted me permission to do the interviews at contact sessions during May 2010. The Ethics Committee of the North-West University also approved my ethics application for the research (Ethics number: NWU-00022-10-A2).

Thank you in advance for spending time to participate in the interview. I am fully aware that you have a tight time schedule and thus appreciate your co-operation all the more. It will, however, not require more than 30 minutes to complete the interview. Your participation in the interview is entirely voluntary and you can withdraw from the interview at any stage.

The interview deals with Physical Education as part of Life Orientation. A pilot study as well as informal conversations with colleagues in the teaching profession, points to the fact that, to a great extent, Physical Education as part of Life Orientation is still experienced as being problematic for various reasons. The interview aims to determine your experience concerning the Physical Education outcome of Life Orientation as well as specific needs for future training. Your professional input in conducting this interview will definitely contribute to a better understanding of this specific matter. Such input could also eventually lead to results by which Physical Education as part of Life Orientation can be successfully implemented in all schools across South Africa.

Before conducting the interview, please take note of the following:

- You participate in the interview on a voluntary basis.
- You will not be disadvantaged in any way as respondent.
- All information will be treated as confidential.
- Your identity will not be revealed, every respondent and school will remain anonymous.
- If you participate in the interview we accept that your participation in this research is voluntary.

The information you provide will be treated as strictly confidential and will be utilised for research purposes only.

1

Your co-operation and professional input will be highly appreciated.


Venue: The committee room in building B06 will be used for the interviews.

Should you have any problems/ questions/suggestions, please contact me.

My sincere thanks for your support and cooperation.

Niekie van der Merwe  
North-West University (Potchefstroom Campus)  
018-2994545

P.M. SKEETE  
Name of participant

  
Signature

14-05-2010  
Date

NORTH - WEST UNIVERSITY  
Place Signed



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
POTCHEFSTROOM CAMPUS

Private Bag X6001, Potchefstroom  
South Africa 2520

School for Continuing Teacher  
Education (SCTE)  
Tel: (018) 299-4545  
Web: <http://www.nwu.ac.za>  
niekie.vandermerwe@nwu.ac.za

Dear Participant

I am currently busy with my PhD studies, specializing in Teaching and Learning, Physical Education, and need your professional input.

The purpose of my study is to evaluate the re-implementation of Physical Education as outcome of Life Orientation. I will conduct a short interview with a small group of four ACE Life Orientation students in the School for Continuing Teacher Education (SCTE) as well as a focus group interview with four different ACE Life Orientation students in SCTE.

My supervisor, Prof. EJ Spamer, Director of SCTE, has granted me permission to do the interviews at contact sessions during May 2010. The Ethics Committee of the North-West University also approved my ethics application for the research (Ethics number: NWU-00022-10-A2).

Thank you in advance for spending time to participate in the interview. I am fully aware that you have a tight time schedule and thus appreciate your co-operation all the more. It will, however, not require more than 30 minutes to complete the interview. Your participation in the interview is entirely voluntary and you can withdraw from the interview at any stage.

The interview deals with Physical Education as part of Life Orientation. A pilot study as well as informal conversations with colleagues in the teaching profession, points to the fact that, to a great extent, Physical Education as part of Life Orientation is still experienced as being problematic for various reasons. The interview aims to determine your experience concerning the Physical Education outcome of Life Orientation as well as specific needs for future training. Your professional input in conducting this interview will definitely contribute to a better understanding of this specific matter. Such input could also eventually lead to results by which Physical Education as part of Life Orientation can be successfully implemented in all schools across South Africa.

Before conducting the interview, please take note of the following:

- You participate in the interview on a voluntary basis.
- You will not be disadvantaged in any way as respondent.
- All information will be treated as confidential.
- Your identity will not be revealed, every respondent and school will remain anonymous.
- If you participate in the interview we accept that your participation in this research is voluntary.

The information you provide will be treated as strictly confidential and will be utilised for research purposes only.

Your co-operation and professional input will be highly appreciated.


Venue: The committee room in building B06 will be used for the interviews.

Should you have any problems/ questions/suggestions, please contact me.

My sincere thanks for your support and cooperation.

Niekie van der Merwe  
North-West University (Potchefstroom Campus)  
018-2994545

T.J. MAHLATSI  
Name of participant

  
Signature

14/05/10  
Date

NORTH WEST UNIVERSITY  
Place Signed



**INGELIGTE TOESTEMMING – INDIVIDUELE-  
ONDERHOUDE**

---



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
POTCHEFSTROOM CAMPUS

Private Bag X6001, Potchefstroom  
South Africa 2520

School for Continuing Teacher  
Education (SCTE)  
Tel: (018) 299-4545  
Web: <http://www.nwu.ac.za>  
niekie.vandermerwe@nwu.ac.za

Dear Participant

I am currently busy with my PhD studies, specializing in Teaching and Learning, Physical Education, and need your professional input.

The purpose of my study is to evaluate the re-implementation of Physical Education as outcome of Life Orientation. I will conduct a short interview with a small group of four ACE Life Orientation students in the School for Continuing Teacher Education (SCTE) as well as a focus group interview with four different ACE Life Orientation students in SCTE.

My supervisor, Prof. EJ Spamer, Director of SCTE, has granted me permission to do the interviews at contact sessions during May 2010. The Ethics Committee of the North-West University also approved my ethics application for the research (Ethics number: NWU-00022-10-A2).

Thank you in advance for spending time to participate in the interview. I am fully aware that you have a tight time schedule and thus appreciate your co-operation all the more. It will, however, not require more than 30 minutes to complete the interview. Your participation in the interview is entirely voluntary and you can withdraw from the interview at any stage.

The interview deals with Physical Education as part of Life Orientation. A pilot study as well as informal conversations with colleagues in the teaching profession, points to the fact that, to a great extent, Physical Education as part of Life Orientation is still experienced as being problematic for various reasons. The interview aims to determine your experience concerning the Physical Education outcome of Life Orientation as well as specific needs for future training. Your professional input in conducting this interview will definitely contribute to a better understanding of this specific matter. Such input could also eventually lead to results by which Physical Education as part of Life Orientation can be successfully implemented in all schools across South Africa.

Before conducting the interview, please take note of the following:

- You participate in the interview on a voluntary basis.
- You will not be disadvantaged in any way as respondent.
- All information will be treated as confidential.
- Your identity will not be revealed, every respondent and school will remain anonymous.
- If you participate in the interview we accept that your participation in this research is voluntary.

The information you provide will be treated as strictly confidential and will be utilised for research purposes only.

Your co-operation and professional input will be highly appreciated.

Venue: Office G30, in Building B11 will be used for the interview.

Should you have any problems/ questions/suggestions, please contact me.

My sincere thanks for your support and cooperation.

Niekie van der Merwe  
North-West University (Potchefstroom Campus)  
018-2994545

P. S. Moletsane  
Name of participant

  
Signature

29.05.2010  
Date

Lichtenburg  
Place Signed



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
POTCHEFSTROOM CAMPUS

Private Bag X6001, Potchefstroom  
South Africa 2520

School for Continuing Teacher  
Education (SCTE)  
Tel: (018) 299-4545  
Web: <http://www.nwu.ac.za>  
niekie.vandermerwe@nwu.ac.za

Dear Participant

I am currently busy with my PhD studies, specializing in Teaching and Learning, Physical Education, and need your professional input.

The purpose of my study is to evaluate the re-implementation of Physical Education as outcome of Life Orientation. I will conduct a short interview with a small group of four ACE Life Orientation students in the School for Continuing Teacher Education (SCTE) as well as a focus group interview with four different ACE Life Orientation students in SCTE.

My supervisor, Prof. EJ Spamer, Director of SCTE, has granted me permission to do the interviews at contact sessions during May 2010. The Ethics Committee of the North-West University also approved my ethics application for the research (Ethics number: NWU-00022-10-A2).

Thank you in advance for spending time to participate in the interview. I am fully aware that you have a tight time schedule and thus appreciate your co-operation all the more. It will, however, not require more than 30 minutes to complete the interview. Your participation in the interview is entirely voluntary and you can withdraw from the interview at any stage.

The interview deals with Physical Education as part of Life Orientation. A pilot study as well as informal conversations with colleagues in the teaching profession, points to the fact that, to a great extent, Physical Education as part of Life Orientation is still experienced as being problematic for various reasons. The interview aims to determine your experience concerning the Physical Education outcome of Life Orientation as well as specific needs for future training. Your professional input in conducting this interview will definitely contribute to a better understanding of this specific matter. Such input could also eventually lead to results by which Physical Education as part of Life Orientation can be successfully implemented in all schools across South Africa.

Before conducting the interview, please take note of the following:

- You participate in the interview on a voluntary basis.
- You will not be disadvantaged in any way as respondent.
- All information will be treated as confidential.
- Your identity will not be revealed, every respondent and school will remain anonymous.
- If you participate in the interview we accept that your participation in this research is voluntary.

The information you provide will be treated as strictly confidential and will be utilised for research purposes only.

Your co-operation and professional input will be highly appreciated.


Venue: The staff room of Tshepo Primary School will be used for the interview.

Should you have any problems/ questions/suggestions, please contact me.

My sincere thanks for your support and cooperation.

Niekie van der Merwe  
North-West University (Potchefstroom Campus)  
018-2994545

Nomathamba  
Name of participant

  
Signature

27-05-2010  
Date

Itqeng.  
Place Signed



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
POTCHEFSTROOM CAMPUS

Private Bag X6001, Potchefstroom  
South Africa 2520

School for Continuing Teacher  
Education (SCTE)  
Tel: (018) 299-4545  
Web: <http://www.nwu.ac.za>  
niekie.vandermerwe@nwu.ac.za

Dear Participant

I am currently busy with my PhD studies, specializing in Teaching and Learning, Physical Education, and need your professional input.

The purpose of my study is to evaluate the re-implementation of Physical Education as outcome of Life Orientation. I will conduct a short interview with a small group of four ACE Life Orientation students in the School for Continuing Teacher Education (SCTE) as well as a focus group interview with four different ACE Life Orientation students in SCTE.

My supervisor, Prof. EJ Spamer, Director of SCTE, has granted me permission to do the interviews at contact sessions during May 2010. The Ethics Committee of the North-West University also approved my ethics application for the research (Ethics number: NWU-00022-10-A2).

Thank you in advance for spending time to participate in the interview. I am fully aware that you have a tight time schedule and thus appreciate your co-operation all the more. It will, however, not require more than 30 minutes to complete the interview. Your participation in the interview is entirely voluntary and you can withdraw from the interview at any stage.

The interview deals with Physical Education as part of Life Orientation. A pilot study as well as informal conversations with colleagues in the teaching profession, points to the fact that, to a great extent, Physical Education as part of Life Orientation is still experienced as being problematic for various reasons. The interview aims to determine your experience concerning the Physical Education outcome of Life Orientation as well as specific needs for future training. Your professional input in conducting this interview will definitely contribute to a better understanding of this specific matter. Such input could also eventually lead to results by which Physical Education as part of Life Orientation can be successfully implemented in all schools across South Africa.

Before conducting the interview, please take note of the following:

- You participate in the interview on a voluntary basis.
- You will not be disadvantaged in any way as respondent.
- All information will be treated as confidential.
- Your identity will not be revealed, every respondent and school will remain anonymous.
- If you participate in the interview we accept that your participation in this research is voluntary.

The information you provide will be treated as strictly confidential and will be utilised for research purposes only.

Your co-operation and professional input will be highly appreciated.

Venue: The staff room of Buffelsvlei School will be used for the interview.

Should you have any problems/ questions/suggestions, please contact me.

My sincere thanks for your support and cooperation.

Niekie van der Merwe  
North-West University (Potchefstroom Campus)  
018-2994545

K. K. MOMYATSI  
Name of participant

K. K. Momy  
Signature

25 MAY 2010  
Date

BUFFELSVLEI SCH. (POTCHEFSTROOM)  
Place Signed



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
POTCHEFSTROOM CAMPUS

Private Bag X6001, Potchefstroom  
South Africa 2520

School for Continuing Teacher  
Education (SCTE)  
Tel: (018) 299-4545  
Web: <http://www.nwu.ac.za>  
niekie.vandermerwe@nwu.ac.za

Dear Participant

I am currently busy with my PhD studies, specializing in Teaching and Learning, Physical Education, and need your professional input.

The purpose of my study is to evaluate the re-implementation of Physical Education as outcome of Life Orientation. I will conduct a short interview with a small group of four ACE Life Orientation students in the School for Continuing Teacher Education (SCTE) as well as a focus group interview with four different ACE Life Orientation students in SCTE.

My supervisor, Prof. EJ Spamer, Director of SCTE, has granted me permission to do the interviews at contact sessions during May 2010. The Ethics Committee of the North-West University also approved my ethics application for the research (Ethics number: NWU-00022-10-A2).

Thank you in advance for spending time to participate in the interview. I am fully aware that you have a tight time schedule and thus appreciate your co-operation all the more. It will, however, not require more than 30 minutes to complete the interview. Your participation in the interview is entirely voluntary and you can withdraw from the interview at any stage.

The interview deals with Physical Education as part of Life Orientation. A pilot study as well as informal conversations with colleagues in the teaching profession, points to the fact that, to a great extent, Physical Education as part of Life Orientation is still experienced as being problematic for various reasons. The interview aims to determine your experience concerning the Physical Education outcome of Life Orientation as well as specific needs for future training. Your professional input in conducting this interview will definitely contribute to a better understanding of this specific matter. Such input could also eventually lead to results by which Physical Education as part of Life Orientation can be successfully implemented in all schools across South Africa.

Before conducting the interview, please take note of the following:

- You participate in the interview on a voluntary basis.
- You will not be disadvantaged in any way as respondent.
- All information will be treated as confidential.
- Your identity will not be revealed, every respondent and school will remain anonymous.
- If you participate in the interview we accept that your participation in this research is voluntary.

The information you provide will be treated as strictly confidential and will be utilised for research purposes only.



Your co-operation and professional input will be highly appreciated.

Venue: The staff room of Burgersdorp Primary School will be used for the interviews.

Should you have any problems/ questions/suggestions, please contact me.

My sincere thanks for your support and cooperation.

Niekie van der Merwe  
North-West University (Potchefstroom Campus)  
018-2994545

N.J. Keke swa  
Name of participant

keke  
Signature

15 May 2010  
Date

Lichtenburg  
Place Signed

# INGELIGTE TOESTEMMING – PROF EJ SPAMER

---



NORTH-WEST UNIVERSITY<sup>®</sup>  
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Privaatbag X6001, Potchefstroom  
South Africa, 2520

Tel: (018) 299-1111/2222  
Web: <http://www.nwu.ac.za>

Mr Niekie vd Merwe

Faculty of Education  
Tel: (018) 4545  
Faks: (018) 4558  
E-pos: [mspamer@nwu.ac.za](mailto:mspamer@nwu.ac.za)

12 April 2010

Dear Sir/Madam

## **Permission to collect data for PhD at contact sessions**

I have noted the content of your correspondence and hereby grant permission for you to collect data from students at contact sessions in 2010. Permission is granted with the provision that there should be no disruption of the teaching and learning process at the contact sessions.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'EJ Spamer'.

Prof EJ Spamer

Director School of Continuing Teacher Education